# Vooronderstellings by die Beradene

- 'n Pastorale Studie
- deur

**Johan Bosman**

**B.A., B.D., Th.M. (*Cum Laude*)**

**'n Akademiese Proefskrif**
**oor**
**Pastorale Berading**

**voorgelê in die Fakulteit Teologie van die Noordwes-Universiteit ter nakoming van die vereistes vir die graad**

***Philosophiae Doctor***

**Promotor: Prof. dr. G.A. Lotter**
**Potchefstroom: November 2007**

**OPGEDRA AAN**

My Kinders:

Jolani
Franco Hermanus
Lambert Stephanus
Liandi
Anri

"Om Jesus Christus te ken
in die krag van sy opstanding
oortref alles in waarde"

(Filippense 3:7-11)

# 'N WOORD VOORAF

'n Mens hou nie op om nuwe dinge te ontdek nie. Studie is immers 'n lewenslange proses van verryking en diens. Tog bereik jy 'n oomblik van afronding. Dis 'n spreekwoordelike mylpaal. Uit jouself, deur jouself en op jouself vind soiets nie plaas nie. Daarom 'n woord van opregte dank aan:

1. Vader in die hemel. Waarlik u laat alles ten goede meewerk, vir hulle wat na u voorneme geroep is. Dis 'n voorreg om God Drie-enig te ken en te bely. Hoe kan die gelowige hart dan anders as om te jubel: "Ek het u hartlik lief o Heer"? Mag u Kerk deur hierdie stukkie mensediens gebou word.

2. Prof. G.A. Lotter. U is werklik 'n bekwame navorsingsleier. Graag noem ek u in erkentlike dankbaarheid 'n Pastorale Teoloog. Nie alleen getuig die (nou) meer as 60 suksesvolle navorsingsprojekte in u loopbaan van u bekwame leierskap in navorsing nie. Opnuut het ek by u geleer. U lei om brûe te bou, uiteenlopende standpunte in gesprek te laat tree, sonder om u eie standpunt die botoon te laat voer. Die gesprek is belangrik. Die uitkoms is in die hande van die Here. Perspektiewe soos varsheid, 'n breë oriëntasie, deeglike verantwoording en selfs humor is wat u gee. By u is akademie 'n ontdekking van dit wat trialogies kan bou!

3. Die Noordwes-Universiteit en prof. G.A. Lotter wat by wyse van beurstoekennings die nodige fondse beskikbaar gestel het om hierdie navorsing te kon doen.

4. Die raad van die Afrikaanse Protestantse Kerk Lydenburg vir ondersteuning en selfs beskikbaarstelling van navorsingstyd.

5. Laerskool Kempton Park en Hoërskool Jeugland wat die onmisbare basis gelê het waarop ek verder kon bou tydens die universiteitsjare.

6. Mukhanyo Theological College, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Theologische Universiteit Kampen (Broederweg), Universiteit van Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika by wie ek akademiese vorming ondergaan het.

7. Die gemeentelede van die AP Kerk Lydenburg en die Gereformeerde Kerk Lydenburg wat bereid was om deel te neem aan die empiriese ondersoek.

8. Prof. Faan Steyn en sy personeel wat bereid was om die statistiese verwerking van die ingesamelde data te doen.

9. Die personeel van die Jan Lion-Cachet en Ferdinand Postma Biblioteke, in besonder mev. Gerda van Rooyen vir haar professionele hulp. Die personeel van Unisa en UP se biblioteke.

10. My ouers – Johannes en Catharina Bosman en skoonouers – Frans en Irene Myburgh. Deur al die jare het julle nog nooit opgehou om belang te stel in die wel en die weë van julle kinders en kleinkinders nie. Julle deurlopende aansporing word opreg waardeer!

11. Human en Adliana Bosman, Fanie en Engela Bosman, Marius en Cathy Bosman, Madeleen Bosman, Prof. Isak Brink, Ds. Johan en mev. Anamarie Gericke, Mev. Antoinette Moerdyk, Dr. Danny Nel, Ds. Slabbert en mev. Dorothea le Cornu, Ds. Abel en mev. Kobie Steyn, Drs. Alwyn Swanepoel, Mnr. Minnaar van der Merwe, Mej. Sunette van der Merwe wat elkeen op eie manier kosbare hulp gegee het ten tye van hierdie navorsingsprojek.

12. Francina Smuts wat as taalversorger opgetree het.

13. My vrou Stephanie wat luister, aanmoedig en aanspoor sonder om op te hou: 'n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene!

14. My kinders Jolani, Franco, Lambert, Liandi en Anri aan wie ek hierdie projek mag opdra: Leef die Evangelie en getuig daarvan verder – van geslag tot geslag!

# OPSOMMING EN SLEUTELTERME

*Vooronderstellings by die Beradene – 'n Pastorale Studie* is 'n doktorale proefskrif wat die stelling ondersoek en bevind dat begrip oor die identifisering en verrekening van vooronderstellings ("grondoortuigings") by beradenes effektiwiteit van die pastorale beradingsproses verhoog. Die prakties-teologiese model van Heitink word gebruik as metode vir navorsing. Dit hou hermeneutiese, empiriese en strategiese aspekte in:

Hermeneuties

1. Om met die Skrif as basis, perspektiewe op die navorsingsbegrip "vooronderstelling" aan te toon, met die oog op die "beradene".
2. Om met behulp van die Filosofie en die Psigologie as aangrensende wetenskappe metateoretiese perspektiewe m.b.t. die navorsingsbegrip "vooronderstelling" by die beradene aan te toon.

Empiries

3. Om empiries te bepaal of "vooronderstellings" 'n rol speel by die "beradene".

Strategies

4. Om met die oog op effektiewe berading riglyne vir die identifisering en verrekening van "vooronderstellings" by die "beradene" te formuleer.

Gegewe die verstaan van vooronderstelling as *a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another* word op Skrifperspektiewe gewys as verdere toespitsing van die basisbegrippe "mensbeskouing", "waarneming" en lewens- en wêreldbeskouing, wat daarop dui dat vooronderstelling(s) by beradenes verdiskonteer behoort te word.

Jay Edward Adams se woordgebruik betreffende "vooronderstelling" is via Cornelius van Til terug te voer na die invloedryke figuur Immanuel Kant. Van Til se woordgebruik is nie dieselfde as Adams nie, hoewel Adams hom met Van Til geassosieer het. Verrekening van die Idealisme maak van Cornelius Van Til nie 'n Idealis nie. H.G. Stoker vul Van Til se verstaan en gebruik van "vooronderstelling" aan. So tree "dieptelaag" en "samehang" aan die lig met 'n gevolglike "simbiose" t.o.v. berading. Aaron T. Beck se terapeutiese model gee pertinent aandag aan en fokus op die beradene en wel bewuste inligtingsverwerking deur die beradene. Vooronderstellings ("grondoortuigings") is dus klinies ondersoekbaar, asook tydens berading verreken- en hanteerbaar. 'n Empiriese ondersoek te

Lydenburg, Mpumalanga, SA toon dat die beradingsproses beslis beïnvloed word deur vooronderstellings. Daarom is dit nodig dat (kerklike) berading dringende en in-diepte aandag skenk aan vooronderstellings by die beradene. Binne die klassiek gereformeerde raamwerk van teologiebeoefening formuleer *Vooronderstellings by die Beradene – 'n Pastorale Studie* 'n terapeutiese ontwerp t.w. "Referensie Terapie" en voorlopige riglyne vir die identifisering en verrekening van vooronderstellings by die beradene.

Sleutelwoorde: J.E. Adams, A.T. Beck, Beradene, Berading, Grondoortuigings, I. Kant, Narratiewe berading, Pastoraat, Skrifgebonde berading, H.G. Stoker, Referensie Terapie, C. Van Til, Vooronderstellings.

# ABSTRACT AND KEY WORDS

*Vooronderstellings by die Beradene – 'n Pastorale Studie* is a doctoral dissertation which explores the proposition and find that identifying presuppositions ("core beliefs") and taking it into account enhances the effectiveness of the pastoral counselling process. The practical-theological model of Heitink is used as method to do research. It entails hermeneutical, empirical and strategic aspects:

Hermeneutically
1. To show from Scripture some relevant perspectives on the research concept "presupposition", with the counsellee in view.
2. To show from boarder sciences such as Philosophy and Psychology some relevant perspectives on the research concept "presupposition", with the counsellee in view.

Empirically
3. To determine if "presuppositions" play a role with counsellees.

Strategically
4. To formulate guidelines for effective counselling, identifying "presuppositions" of counselees and dealing with those "presuppositions".

Given the understanding of "presupposition" as *a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another* particular perspectives are shown from Scripture which narrow down basic concepts like "view of man", "perception" and "world and life view" pointing out that presuppositions of counsellees should be taken into account.

Jay Edward Adams's use of the word "presupposition" can be traced back via Cornelius van Til to the influential figure Immanuel Kant. Van Til's use of the word is not the same as Adams though Adams associated himself with Van Til. Taking Idealism into account does not make Cornelius Van Til an Idealist. H.G. Stoker supplements Van Til's understanding and use of the word "presupposition". "Depth" and "coherence" come in this way to light with "symbiosis" regarding counselling. Aaron T. Beck's therapeutic model pertinently gives attention to and focuses upon the counsellee, especially information processing by the counsellee. Presuppositions ("core beliefs") can thus be clinically investigated, taken into account and be dealt with during counselling. An empirical investigation at Lydenburg, Mpumalanga, SA shows that the counselling process is definitely influenced by presuppositions of

counsellees. It is therefore needed that counselling (by the Church) gives urgent and in-depth attention to presuppositions of counselees. From the classical reformed paradigm of doing theology *Vooronderstellings by die Beradene – 'n Pastorale Studie* formulates a therapeutic design called "Referential Therapy" and some preliminary guidelines to identify and deal with presuppositions of counsellees.

Key words: J.E. Adams, A.T. Beck, Biblical Counselling, Core Beliefs, Counselee, Counselling, I. Kant, Narrative Counselling, Presuppositions, Referential Therapy, H.G. Stoker, C. Van Til.

# INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 Probleemstelling....2
1.2 Doelstelling en doelwitte....5
1.2.1 Doelstelling....5
1.2.2 Doelwitte....5
1.3 Sentrale teoretiese argument....6
1.4 Metode van navorsing....6
1.5 Hoofstukindeling....8
1.6 Skematiese voorstelling....9

HOOFSTUK 2: SKRIFPERSPEKTIEWE

2.1 Inleiding....11
2.2 Doel....11
2.3 Uitgangspunt....12
2.4 Teologiese raamwerk....13
2.5 Onmisbare perspektiewe....16
2.6 Vooronderstelling(s) – 'n basisteoretiese gegewe? ....31
2.7 Toegespitste perspektiefontwikkeling ....32
2.8 Hoofstuksamevatting....55

Hoofstuk 3: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

3.1 Inleiding....59
3.2 Doel....59
3.3 Begripsverheldering....59
3.4 Bruikbaarheid van die begrip "vooronderstelling" vir berading....109
3.5 Die belang van "vooronderstellings" by die beradene in terme van die huidige tyd....118
3.6 Die leemte insake "vooronderstellings" binne die bestaande skrifgebonde beradingsmodel op voetspoor van Adams ....119
3.7 "Vooronderstellings" binne Skrifgebonde berading na aanleiding van kognitiewe terapie ....122
3.8 Hoofstuksamevatting ....125

HOOFSTUK 4: EMPIRIESE NAVORSING

4.1 Inleiding....128
4.2 Doel....128
4.3 Stand van navorsing....129
4.4 Benadering tot empiriese ondersoek te Lydenburg....134
4.5 Beskrywing van meetinstrument....136
4.6 Toetsing van meetinstrument....141
4.7 Reikwydte van ondersoek....142
4.8 Empiriese ondersoek – Afdeling A....143
4.9 Empiriese ondersoek – Afdeling B....157
4.10 Hoofstuksamevatting....175

Hoofstuk 5: RIGLYNE

5.1 Inleiding....179
5.2 Doel....179
5.3 Referensieterapie – 'n moontlike ontwerp....180
5.4 Voorlopige riglyne vir berading na aanleiding van die voorgestelde ontwerp....184
5.5. Hoofstuksamevatting....197

HOOFSTUK 6: SLOT

6.1 Terugblik....199
6.2 Die eerste hermeneutiese vraag....200
6.3 Die tweede hermeneutiese vraag....203
6.4 Die empiriese vraag....205
6.5 Die strategiese vraag....208
6.6 Finale bevinding....210
6.7 Moontlike gebiede vir verdere navorsing....210

BIBLIOGRAFIE....214
BIOGRAFIESE SAMEVATTING VAN DIE NAVORSER....245

# HOOFSTUK 1



BESPREKINGSOORSIG
Inleiding (1)
REGULATIEWE SIRKEL
Riglyne (5)
HERMENEUTIESE SIRKEL
Metateoretiese perspektiewe (3)
Skrifperspektiewe (2)
EMPIRIESE SIRKEL
Empiriese navorsing (4)
Slot: Samevatting (6)

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Dr. Jay Edward Adams oefen steeds invloed uit (Nanc:2005; Arms:s.a.). Die *Journal of Modern Ministry* het onder sy leiding tot stand gekom in 2004 (Timelesstexts:s.a.). By die Westminster Theological Seminary, Philadelphia, word nog van sy werke gelees met die oog op voorbereiding vir berading (Westminster:2007). Sedert sy aftrede het Adams hom verbind aan die Redeemer Biblical Counseling Training Institute, Moore, South Carolina, VSA (Slattery:2006), waar hy saam met sy skoonseun Bill Slatery missionêre kerkplanting verrig.

Toe Adams sy gerugmakende boek *Competent to Counsel* in 1970 laat verskyn het, wys hy nadruklik daarop (p. xxi): "*My method is presuppositional*". Adams (1973:33-38, 71-99;1979[2]:35-37) omlyn sy benadering in kontras tot benaderings in berading wat opgebou is uit onchristelike en antichristelike "vooronderstellings". Sy benadering tot berading verbind hy (1970:xxi; vgl. ook by Stitzinger, 1995:62) spesifiek aan die intellektuele erfenis van sy kollega dr. Cornelius Van Til (1895-1987), in lewe hoogleraar in Apologetiek aan Westminster Theological Seminary, Philadelphia, VSA; vereer met 'n eredoktorsgraad – Th.D. (*honoris causa*) deur die PU vir CHO (Sigward, 1997:CD-ROM).

Frame (1987:45; vgl. ook 1995:131-139), kollega van Adams en student van Cornelius Van Til, definieer 'n "vooronderstelling" (*presupposition*) in terme van die teologiese nalatingskap van Cornelius Van Til (1967, 1969[1], 1969[2], 1974; vgl. vir kritiek Sproul *et al.*, 1984; asook Frame se reaksie daarop 1994:219-243, ook opgeneem in 1995:401-422; vgl. Veling, 1995 oor die apologetiese motief by Van Til m.b.t. die Gereformeerd-teologiese konteks in Nederland) as *a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another*. In dieselfde trant word gestel dat 'n "beslissende (*ultimate*) vooronderstelling" is 'n "*belief over which no other takes precedence*".

By 'n Christen funksioneer die Skrif te alle tye as gesagsvolle korrektief (2 Tim 3:16, 17). Christene se vooronderstellings word deur die Heilige Gees – deur middel van die Skrif gekorrigeer, relatief tot die onskriftuurlike vooronderstellings wat aanwesig is. Sodanige standpunt is volgens Frame (1987:45) basies 'n uitwerking van God se koningskap (*lordship*) in die gebied van menslike denke. Volgens Bahnsen (1998:2) hou "vooronderstelling" in die teologiese nalatingskap van Cornelius Van Til ook nog verband met persoonlike verbintenis (*commitment*) "*that is held at the most basic level of one's network of beliefs*".

Binne die raamwerk van Skrifgebonde ("Bybelse") berading wat Adams wou bevorder het, is dit nie alleen gepas en relevant om "vooronderstellings" in ag te neem as beradingsuitgangspunt nie, maar moet ook gevra word na die rol en verrekening van "vooronderstellings" by beradenes (Adams, 1981:72). Dit is egter vir die navorser opvallend dat die begrip "vooronderstelling", spesifiek uit gereformeerde standpunt, nie diepgaande nagevors is met betrekking tot **die beradene** nie. Rekenaarsoektogte (2005[1]; 2005[2]; 2005[3]; 2005[4]) by die Ferdinand Postma Biblioteek, Noordwes-Universiteit, PUK Kampus, bevestig hierdie leemte. Yates (2003) se resente navorsingsresultate by die Potshefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, wat handel oor *Rational Emotive Behavioural Therapy and Christian Belief*, gaan ook nie op die voorgestelde navorsingsproblematiek in nie. Joubert (2005) se voorstel met betrekking tot *Trichotomous Therapy: A Proposed Pastoral Paradigm*, raak aan die kognitiewe, maar gee nie 'n diepgaande bespreking van "vooronderstelling" in verhouding tot die beradene nie.

> Vaktegnies is "pastor", pastorant" en "pastoraat" vir die teologie aangewese begrippemateriaal om te gebruik (vgl. Bosman, 2002:18-27). Lotter (2007[1]:2) wys op die benaming "Pastoraal", wat fasette insluit soos psigologie, berading, sorg, terapie en psigoterapie. Ter wille van interdissiplinêre kruisbestuiwing word hier gebruik gemaak van die generiese terminologie, naamlik "berader", "beradene" en "berading". Dit moet wel in gedagte gehou word dat die navorser deelneem aan die interdissiplinêre gesprek uit 'n teologiese perspektief en invalshoek.

Dit kom voor asof in Skrifgebonde berading eensydig klem geplaas word op die berader, spesifiek die metodologiese operasionalisering van beradingsbeginsels gegrond op identifiseerbare "vooronderstellings" wat Skrifeksegeties geldig moet wees (Adams, 1973:33-38; 71-99; 242 e.v.; 259-261; 1979[2]:35-37; 2002:22-30; 59-64; 118-139; Mack, 1994:218-220; 277-281; Peterson, 1994; Scipione, 1996:35).

Gegewe die bydraes van veral Immanuel Kant en Thomas Kuhn, is dit te verstane (vgl. Frame, 1987:28 e.v., 71 e.v., 1994:221 e.v.). Ook die postmoderne tydsgees noodsaak erns in die verband (vgl. Johan Janse van Rensburg, 2000:76-97).

In die literatuur wat Skrifgebonde berading wil bevorder, ontbreek 'n duidelike verband tussen die kernbegrip "vooronderstelling" (*presupposition*) met betrekking tot **die beradene**. Sedert 1970 is heelwat vordering in die veld van Christelike berading gemaak deur diegene met 'n hoë agting vir die Skrif as Woord

van die Lewende en Selfopenbarende God. So wys Anderson *et al.* in die boek *Christ Centered Therapy: The Practical Integration of Theology and Psychology* (2000:27; vgl. ook Clinton & Ohlschlager, 2002:36 e.v.; 87 e.v.; 231 e.v.) in die rigting van die beradene: *Clients come to therapy sessions with preconceived notions about themselves, the world they live in, and God . . .* Powlison (2003:123) praat weer van "preoccupying". Hy gee beradingsadvies om te vra wat die beradene se gedagtes in beslag neem ("preoccupy" dus) sodat die beradene se hart daarop gevestig raak. Hy wys verder op die redegewende verbindingskakel "want" (*because*) as leidraad, om die diepere gedagtes, begeertes, bedoelinge en motiveringe – funksionele gode – van die beradene te ontbloot (Powlison, 2003:125, 129-162).

Spesifieke blootlegging van "vooronderstelling" (*presupposition*) as operasionaliseringsgegewene tydens berading by beradenes ontbreek (vgl. Anderson *et al.*, 2000:172-188; Clinton & Ohlschlager, 2002:297-323; 379-397; asook Louw, 1999:143-147; 212-218; 310-345). Die beradingsbegrip "*preconditioning problems*" van Adams (1970:148 e.v.; 200 e.v.) behoort ook in hierdie verband nader uitgewerk te word.

Metateoreties (vgl. Sadock & Sadock, 2003:956-60; Corsini & Wedding, 2005:238-268) is dit veral die literatuur van die sogenaamde "Kognitiewe Terapie", gegenereer deur A. T. Beck sedert die jare sestig van die vorige eeu, wat belangstelling in beradenes begin toon het vir wat genoem kan word "assumptions", waaronder "core beliefs" (Beck, 1995:15).

Die volgende navorsingsvrae aan die hand van Heitink se prakties-teologiese model (vgl. 4) word aan die orde gestel:

OORKOEPELEND WORD GEVRA

Sentrale navorsingsvraag

Het beradenes se "vooronderstellings" invloed op die beradingsproses en hoe moet die berader dit verreken?

Vrae wat daaruit voortvloei is:

*Hermeneuties*

1. Watter perspektief bied die Skrif as basis op die navorsingsbegrip "vooronderstelling" met die oog op die beradene?
2. Watter metateoretiese perspektiewe word gebied deur die Filosofie en die Psigologie as aangrensende wetenskappe met betrekking tot die navorsingsbegrip "vooronderstelling"?

*Empiries*

3. Speel "vooronderstellings" 'n rol by die "beradene"?

*Strategies*

4. Watter riglyne kan, met die oog op effektiewe berading, geformuleer word vir die identifisering en verrekening van "vooronderstellings" by "beradenes"?

## 1.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.2.1 DOELSTELLING

Hoofdoel van hierdie studie (oorkoepelend geformuleer):

Om aan te toon dat beradenes se "vooronderstellings" invloed het op die beradingsproses en hoe die berader dit moontlik kan verreken.

### 1.2.2 DOELWITTE

Uit die hoofdoel het hierdie studie die volgende doelwitte:

*Hermeneuties*

1. Om met die Skrif as basis, perspektiewe op die navorsingsbegrip "vooronderstelling" aan te toon, met die oog op die beradene.
2. Om met behulp van die Filosofie en die Psigologie as aangrensende wetenskappe metateoretiese perspektiewe met betrekking tot die navorsingsbegrip "vooronderstelling" aan te toon, met die oog op die beradene.

*Empiries*

3. Om empiries te bepaal of "vooronderstellings" 'n rol speel by die "beradene".

*Strategies*

4. Om met die oog op effektiewe berading, moontlike riglyne vir die identifisering en verrekening van "vooronderstellings" by die "beradene" te formuleer.

## 1.3 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Begrip oor die identifisering en verrekening van vooronderstellings by beradenes kan die pastorale beradingsproses se effektiwiteit verhoog.

## 1.4 METODE VAN NAVORSING

In die voorgenome navorsingstuk word gebruik gemaak van Heitink (1993:159-166; 174-230) se integratiewe prakties-teologiese benadering, spesifiek wat betref die kernbegrippe "begryp", "verklaar" en "verander" (Heitink, 1993:106, 114 e.v.). Vergelyk skets hierna:



Die leser word verwys na 'n vroeëre navorsingstuk (Bosman, 2002:9 e.v.; vgl. ook Johan Janse van Rensburg se relevante kritiek op Heitink, 2000:90 e.v.), waar hierdie metodologiese keuse meer uitgebreid verantwoord word.

Lotter (2007[1]:6) verkies eerder die begrippe "Skrifperspektiewe", "Konteks" en "Pastoraal-teologiese model". Die begrip "Skrifperspektief" hou verband met Heitink se "Begryp". Lotter se begrip "Konteks" hou verband met Heitink se begrip "Verklaar". Dit wat Lotter as "Pastoraal-teologiese model" beskou, staan by Heitink bekend as "Verander". Daar is wel 'n verskil op te merk. Lotter maak literatuurstudie deel van die "Konteks". Heitink (1993:187) behou egter verkenning van die hermeneutiese terrein uit teologiese, wysgerige en sosiaal-wetenskaplike gesigspunt as deel van die hermeneutiese perspektief. De Wet (2006[1]:84) is natuurlik korrek deur daarop te wys dat in 'n gereformeerde benadering die teologiese kwaliteit van die Praktiese Teologie ten alle koste beskerm behoort te word. Die huidige navorsingstuk onderverdeel die hermeneutiese perspektief daarom doelbewus in twee onderskeie afdelings, te wete: Skrifperspektiewe (Hoofstuk 2) en Metateoretiese Perspektiewe (Hoofstuk 3). Die gekose navorsingsmetode wil bewus uitdrukking gee aan die volgende elemente soos deur Lotter (2007[1]:3) met betrekking tot "Praktiese Teologie" aangetoon:

- Skrifgebondenheid
- Praktiese Toepassing
- Empiriese navorsing
- Gerig op die kerk en geloofsgemeenskappe
- Kennis van relevante wetenskappe

Uit die Skrif as basis volgens die grammaties-historiese metode (vgl. bv. Coetzee *et al.*, 1980:12-26; Van Bruggen, 1991; Van Bruggen, 2002; De Klerk & Van Rensburg, 2005) asook literatuurstudie deur middel van analise en interpretasie met behulp van rekenaarmatige soektogte is die navorser van voorneme om die navorsingsbegrip "vooronderstelling" vir gebruik in die pastorale teologie bloot te lê. Hierdie hermeneutiese proses van "begryp" sluit natuurlik metateoretiese perspektiewe op die begrip "vooronderstelling" in uit die Filosofie en die aangrensende wetenskap Psigologie.

Binne die empiriese oftewel "verklaar"-sirkel van Heitink (1993:160, 212) word die hermeneuties blootgelegde begrip "vooronderstelling" verbind met die empiriese gegewene, te wete "beradene". Deur middel van 'n selfevalueringsblad, ontwerp vir beradenes, wil bepaal word of "vooronderstellings" by "beradenes" 'n rol speel.

Ten slotte is dit nog volgens die benadering van Heitink nodig om aandag te skenk aan die strategiese perspektief van "verander". Teruggrypende op die dinamiek van "begryp" en "verklaar", is dit die strategiese bedoeling om 'n perspektief te ontwikkel met die oog op praktykverandering in die pastoraat wat betref die blootlegging en verrekening van "vooronderstellings" by die beradene. Daarby word rekening gehou met wat De Wet (2006[1]:80 e.v., 85) 'n "idealistiese veranderingsverwagting" noem na aanleiding van "verbeteringsdenke". Riglyne word hier geformuleer in die geloofsbeskeidenheid dat Christus die handelingspraksis van die kerk deur die Gees moet oopbreek met sy reddende krag.

## 1.5 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1: Inleiding

*Hermeneuties*

Hoofstuk 2: Skrifperspektiewe

Hoofstuk 3: Metateoretiese perspektiewe

*Empiries*

Hoofstuk 4: Empiriese perspektiewe

*Strategies*

Hoofstuk 5: Riglyne

Hoofstuk 6: Slot

## 1.6 SKEMATIESE VOORSTELLING

| PROBLEEM | DOEL | NAVORSINGSMETODE |
|---|---|---|
| | HERMENEUTIES | |
| Watter perspektief bied die Skrif as basis op die navorsingsbegrip "vooronderstelling" met die oog op die beradene? | Om met die Skrif as basis, perspektiewe op die navorsingsbegrip "vooronderstelling" aan te toon met die oog op die beradene. | Literatuurstudie met behulp van rekenaarmatige soektogte en eksegese volgens die grammaties-historiese eksegetiese metode. |
| | EMPIRIES | |
| Speel "vooronderstellings" 'n rol by die "beradene"? | Om te bepaal of "vooronderstellings" 'n rol speel by die "beradene". | Empiriese navorsing deur middel van 'n selfevalueringsblad, ontwerp vir die beradene, asook literatuurstudie met behulp van rekenaarmatige soektogte oor die rol van "vooronderstellings" by die "beradene". |
| | STRATEGIES | |
| Watter riglyne met die oog op effektiewe berading kan geformuleer word vir die identifisering en verrekening van "vooronderstellings" by die beradene? | Om met die oog op effektiewe berading riglyne te formuleer vir die identifisering en verrekening van "vooronderstellings" by die beradene. | Om deur middel van terugkoppeling na die hermeneutiese en empiriese sirkels riglyne te formuleer vir die identifisering en verrekening van "vooronderstellings" by die beradene. |

# HOOFSTUK 2



BESPREKINGSOORSIG
Inleiding (1)
REGULATIEWE SIRKEL
Riglyne (5)
HERMENEUTIESE SIRKEL
Metateoretiese perspektiewe (3)
Skrifperspektiewe (2)
EMPIRIESE SIRKEL
Empiriese navorsing (4)
Slot: Samevatting (6)

## 2.1 INLEIDING

Volgens Heitink (1993:156, 161, 174) se prakties-teologiese model fokus die navorsing nou op die hermeneutiese (teoretiese) sirkel. "Begryp" staan voorop. Twee vrae speel die hoofrol: Wie doen wat? Dit is die eerste vraag. Die tweede vraag wat in hierdie stadium in verband staan met die eerste vraag lui: Waarom/waaroor?

## 2.2 Doel

Basis-teoreties staan in hierdie hoofstuk die "beradene" ('wie') in die kollig. Die beradene klop aan vir berading ('doen wat'). Tydens die beradingsproses is dit raadsaam om "vooronderstellings" by die beradene ('waarom/waaroor') te verreken. Die sentrale vraag vir hierdie hoofstuk lui dus: Watter perspektief bied die Skrif as navorsingsbasis? Binne die prakties-teologiese hermeneuse word gepraat van die basis-teoretiese perspektief. Basisteorie werk teologies en met die eksegetiese proses (vgl. bv. De Klerk & Fika Janse Van Rensburg, 2005; Van Bruggen, 2002; Van Bruggen, 1991). Die konkordansie van Bachmann en Slaby (1987), asook die rekenaarprogramme Bibleworks[7] en Libronix word gebruik. In hierdie hoofstuk word die hele eksegetiese proses nie telkens weer aan die orde gestel nie. 'n Volledige eksegetiese studie, betreffende *alle* relevante gegewens in Ou Testament en Nuwe Testament, vind ook nie plaas nie. Die studie word dus begrens. Die raamwerk van Adams se jare lange vennoot Wayne A. Mack, dien as begrensing vir besinning. Mack (1994:218-20) lewer basis-teoretiese perspektiewe vir die handboek *An Introduction to Biblical Counseling* wat poog om Adams se insigte op te dateer en verder te ontwikkel. Mack onderbou sy basisteorie slegs vanuit die Nuwe Testament. Hieroor kan hy tereg – vanuit gereformeerde gesigspunt – kritiek ontvang. Hy bespreek onder andere dataversameling as beradingsaspek. So spoor hy beraders onder andere aan om aandag te bestee aan die beradene se gedagtes en bedoelinge. Daarvoor bied hy basis-teoretiese perspektiewe. Binne die konteks van hierdie perspektiewe vind die ondersoek van hoofstuk 2 plaas met die oog op die beradene se gedagtes en bedoelinge.

## 2.3 UITGANGSPUNT

Die begrip "vooronderstelling" is op sigself nie in die Skrif te vind nie. Die volgende hoofstuk wil steeds "begryp". Metateoretiese perspektief word dan verkry op die begrip "vooronderstelling", wat Jay Edward Adams gebruik het. In hierdie hoofstuk word gewerk met die betekenis van "vooronderstelling" as:

> "*a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another*" (m.a.w. regulerende, beherende, koersgewende grondoortuiging(s) – hoofstuk 1.1).

Die bedoeling is hier nie om die Skrif as 'n soort resepteboek te myn en derhalwe die Skrif te oorvra nie. Geldige Skrifontsluiting word nagestreef. Die sinshorison van die Skrif wil telkens verreken word (Van Wyk, 1995:247-250; Doubell & Strauss, 2001:309; 2005:180; De Wet, 2006²:624 e.v.). Vakliteratuur word deurlopend gebruik om die sinshorison van die Skrif te ontsluit. Gereformeerde Christene is diep oortuig dat God Homself openbaar as *Deus loquens*: Sprekende God (vgl. Rossouw, 1963:150, 159; Trimp, 1985:13-5; Kamphuis, 2003:15). Uit die Godsopenbaring in Natuur en Heilige Skrif ontwikkel kinders van die Here geloofsvolwassenheid, en wel uit die sentraliteit van God (NGB art. 2). As *Deus revelatus* spreek God besonderlik deur die werking van die Heilige Gees, te midde van tyd, plek, omstandighede, mense, instellinge, beskouinge en nog vele meer deur die Skrif. 'n Ryke verskeidenheid – wat menige eeu omspan, kom tot die Skrifleser van vandag. Die "Heilige Skrif" geld as geskrewe "Woord van God" (vgl. NGB art 3-7) oftewel "Woord op skrif". Hier is dus sprake van skriftelike *geloof*soordrag vanaf een generasie tot 'n volgende (Ps 78:5 e.v.; Jud 1:3), sodat die gelowige in elke generasie mondig mag wees. Niemand hoef in die duister te wees aangaande die wil van die Here nie. Per slot van rekening is die Skrif deur die werking van die Heilige Gees in onderskeid van die fundamentalisme, asook die Skrifkritiek *organies* te beskou as *skriftelike* neerslag (vgl. Van Til se onderskeid tussen fundamentalisme en gereformeerd in die verband – 1974:133, 135, 139, 145; vgl. m.b.t. die Skrifkritiek, 1974:158; vgl. ook Keulen, 2003:168-171, 625 oor die klag van fundamentalisme by Kuyper en Bavinck; vgl. verder ook Combrink se evaluering van Adams – 1986:117-124).

God se openbaringshistoriese verbondsomgang met sy volk in Jesus Christus kom deur die Skrif te midde van die hele menslike geslag aan die lig. "Heilige Skrif" is vir die navorser dus "lewensgids". "*Heilige* Skrif" kan daarom nooit agterhaal, verouderd, oftewel argiefstof raak nie. Deur leiding van die Heilige Gees vind 'n

aktuele wisselgesprek met elke tyd plaas. Heilige Skrif, hoewel kultuur**ver**bonde, is dus nie kultuur**ge**bonde nie, maar duidelik op die tyd gerig, waardevol vir elke gelowige in elke tydvak van die geskiedenis (Combrink, 1986:124; Bosman, 2002:287-290; vgl. ook Van Bruggen, 2002:69-83; Grönum & Van Rensburg, 2004:581-587; De Wet, 2006[1]:81 e.v.). Die gemeente behoort dus te luister wat die Gees sê: "*Wie 'n oor het laat hom hoor*". "Leesvrug" hou verband met die waarheidsleiding van die Heilige Gees (Joh. 14:26). "Leesvrug" kan slegs deur die geloof – as gawe van die Gees van God – verkry word.

## 2.4 TEOLOGIESE RAAMWERK

"*Sielsorg is altyd die weerspieëling van 'n bepaalde dogmatiek*" (Benoit, s.a.:198)

Skrifgebonde berading soos voorgestaan deur Jay Edward Adams, vind sy leerstellige wortels in die konserwatief gereformeerde protestantisme van "Old Princeton" / Westminster Teologiese Seminarium (Powlison, 1996:6, 28). Self verwys Adams (1979[2]:110) na "standard theological textbooks" soos geskryf deur Charles Hodge, A.A. Hodge, L. Berkhof en John Murray. Die handboek van Louis Berkhof gaan hierin voorop (Adams, 1973:9; 1979[2]:14; 1995[1]:69; 1995[2]:39). So kom dan ook op indirekte wyse verwantskap met Abraham Kuyper en Herman Bavinck in Nederland aan die lig (vgl. ook König wat daarop wys, 1990:14 e.v.), terwyl dieselfde verwantskap aan die lig kom, as gevolg van Adams se aansluiting by Cornelius Van Til. Vergelyk 'n mens ook weer Herman Bavinck (1976[1]:177), Louis Berkhof (1988:89) en K. Dijk (sa:43 e.v.), dan sien jy dat diegene deur wie Adams hom dogmaties laat lei het, word as "gereformeerd" gereken. Die Kamper-dogmatikus, A.G. Honig (1938), publiseer selfs sy *Handboek van de Gereformeerde Dogmatiek*, terwyl hy sy handboek opdra aan *Gereformeerde Dogmatici* uit 'n vorige geslag, onder wie die Amerikaanse presbiteriaan, Charles Hodge.

Die era binne gereformeerde kring, soos ingelui deur die Switserse teoloog Karl Barth, word nie deur Adams verreken nie. Trouens, Louis Berkhof (1988:89; vgl. Berkouwer, 1953:20) het al in die vroeë 1930's met betrekking tot Barth se pennevrug opgemerk: *its Reformed character is of a rather dubious nature*. Van Til het nog verder gegaan en nie alleen twyfelagtigheid nie, maar 'n ernstig betwyfelbare karakaterisering ontplooi: *In fact if the main contention of the present investigation has been established, the Theology of Crisis may expect to find its bitterest foes in the adherents of the* ***classical*** *Reformed Faith* (Van Til, 1947:ix; 1954:135-181; Vetgedruk – JB). "Klassiek" gereformeerd

(asook die term "Ortodoks" in onderskeid van "Neo-Ortodoks") hou dus verband met die era van gereformeerde teologisering vóór Barth, asook diegene na Barth wat nie aan Barth verwant wil wees nie. Barth (1954: Persoonlike korrespondensie aan G.C. Berkouwer) het hierdie evaluering van Cornelius Van Til, hoewel as "*schlimmste Exempel!*", dan ook baie sterk emosiebelaai, in grote verdriet afgewys as 'n "*konfessionell-biblizistischen "Gestapo"-Gesinnung*", ja selfs "vervolging". In 1962 sou Cornelius Van Til, na verdere (diepergaande) besinning van Barth se *Kirchliche Dogmatik* verklaar: *a truly monumental work. In reading it one's admiration for Barth knows no bounds* (1962:1 e.v.). Van Til sou hier egter nie stop nie. Hy evalueer tóg verder; *The present writer is of the opinion that, for all its verbal similarity to historic Protestantism, Barth's theology is, in effect, a denial of it* (1962:vii; 1964). Wolfhart Pannenberg (2001:43-48) wys daarop dat Barth nie vry kon raak van die swaai na die antropologiese subjektiwisme wat die 18$^e$ eeu gekenmerk het nie. Ouweneel se gedagte oor teologie wat wérklik Christelik wil wees, is daarom op sy plek: *Eine wahrhaft christliche Theologie ist ja nicht nur eine Theologie bezüglich der Bibel, sondern eine Theologie, die von bibeltreue Ausgangspunkten ausgeht* (Ouweneel, 1996:99).

Die ná-Barthiaanse era van teologiebeoefening binne gereformeerde kring, vrees veral fundamentalisme (Berkouwer, 1966:20-26; Keulen, 2003, 468 e.v., 541 e.v.; Trimp, 2003:21-45; vgl. bv. vir 'n resente kerklike diskussies in SA – Vorster, 2004:27-29; 2005$^1$:29 e.v.; 2005$^2$:34-36; Du Plooy, 2006:17). Die (gereformeerd) teologiese benadering waardeur Jay Edward Adams hom laat lei het, word beskou as "so ná aan fundamentalisme" dat dit, binne "gereformeerde" kring in Suid-Afrika vandag, nie "sonder meer" aanvaar word nie (König, 1997:79; Lotter, 2001:323 e.v.; Van Wyk, 2002:602-606; vgl. Berkouwer wat aanvanklik 'n soortgelyke aanklag moes verduur, 1953:56 e.v.). Maar, dan moet daarby die problematisering van "gereformeerd"-wees op die Suid-Afrikaanse bodem, wel in ag geneem word (Deist, 1986; Bosman, 1993; Deist, 1994; Doubell & Strauss, 2001). Die teenswoordige "gereformeerde" denke aan van Suid-Afrika se vernaamste universiteite weerspieël volgens Deist (1994:312 e.v., 322, 331; vgl. bv. ook De Klerk, 1998; Nicol, 2000; *Kerkbode* 25 Mei, 2007:1 oor hoe gereformeerd-wees daardeur geraak word), na 'n volledige sirkelgang, noue verwantskap met die etiese teologie van die 19$^e$ eeu. Dan is daar nog binne hierdie verband die meer "kritiese" stroming, wat selferkend, noue verwantskap wil toon met die gnostiek van die vroeg-Christelike tydperk (Van der Merwe, 2007:DVD; www.nuwe-hervorming.org.za; Van Wyk, 2003:345-373). Hoe graag betoog wil word vir 'n "Gereformeerd Katolieke Dogmatiek", oriëntasie ontsnap eenvoudig nie die hedendaagse besinningswerklikheid as "in de ban der hermeneutiek" nie (Polman, 1969:7-92). 'n

Ope oog is daarby natuurlik nodig vir die verhouding "rasionele argumentasie" en "geloof in die Skrifte" (Maris, 1998:33 e.v.; Van Wyk, 2002:612-614). Die sleutel vir 'n gerefomeerde hermeneutiek hou wel verband met 'n Skriftuurlike "ontologie", uitgaande van die werking van die Heilige Gees binne die raamwerk van die werklikheid, as deur God geskape (Maris, 1998:48 e.v.).

### 2.4.1 PASTORAAL TOEGESPITS

Lotter (2001:323; vgl. Van Wyk, 1995:245 e.v.) dui die kernaspekte van 'n Skrifgebonde raamwerk vir berading, in "klassiek" gereformeerde sin, aan as:

- Godgerigtheid
- Sonde staan in 'n oorsaaklikheidsverhouding tot probleme
- Slegs Christus bring standhoudende genesing
- Die mens is verdorwe en het dus nood aan die vergewende genade van God
- Die belangrikheid van die werk van die Heilige Gees
- Die genoegsaamheid van die Skrif
- Die noodsaak van "werklike, egte verandering"

David Powlison (1994:56-9) verduidelik soortgelyk die kernaspekte van die Jay Edward Adams-beradingstradisie. Elk van die genoemde kernaspekte word hier in terme van die beradene geformuleer: 1) Teosentries – God het met betrekking tot elke basiese aangeleentheid van die menslike natuur en lewensprobleme werklik gespreek. 2) Epistemologie – Elke bron van kennis behoort aan die Skrif onderwerp te word. Daar bestaan immers konflik sedert die tuin van Eden. Alle berading is nie noodwendig Godverheerlikend nie. 3) Sonde – Die basiese lewensprobleem vir gelowiges, hou verband met die multidimensionele oorblyfsels van sonde, hetsy wat betref die erfsonde of persoonlike sonde. By ongelowiges is sprake van 'n volstrekte uitgelewerdheid aan die sonde. 4) Evangelie – Die ortodokse Evangelie van Jesus Christus is die antwoord op die grootste behoeftes van beradenes. 5) Volhardende Heiliging – Verandering by beradenes is niks minder nie as 'n lewenslange proses van transformasie volgens die beeld van Jesus Christus, te midde van die op en af van die daaglikse bestaan. 6) Oorsaak – Alle lewensprobleme vind plaas binne die Soewereine Raad van God en is per slot van rekening nie toe te skryf aan willekeurige situasionele oorsake nie. Hoewel van groot betekenis en invloed, kan die uiteindelike

oorsaak van sonde nie toegeskryf word aan aspekte soos oorerflikheid, temperament, persoonlikheid, kultuur, onderdrukking, die bose, rousmart, gestremdheid, ouderdom, Satan en liggaamlike siekte nie. 7) Kerkverbonde herderskap – Beradenes aanvaar en onderwerp hulle aan die bediening van God se Woord met betrekking tot hulle spesifiek. God bepaal die manier van bediening deur die bedieningsvorme van die kerk.

Psigiater Gary Almy (2000:32-67) formuleer hierdie raamwerk in terme van ses beradingsvrae, wat deur alle beradenes (ongeag volksagtergrond, nasionale verband en religieuse oriëntasie) gevra word. Sy antwoorde weerspieël telkens die klassiek gereformeerde benadering, te wete: 1) Hoekom is ek ongelukkig? Antw.: Let op die sonde 2) Wat is verkeerd met my innerlike geestesgesteldheid ("mind")? Antw.: Let op die Bybelse terminologie – "siel", "gees", en "hart" in verhouding tot die "liggaam". Die Heilige Gees werk in verhouding tot die menslike innerlike. Na aanleiding van die Skrif word erken dat die mens se innerlike slegs deur God volkome geken en verstaan word. 3) Hoe kan ek sin maak van ("insig" verkry in) my probleme? Antw.: Deur sondebesef. Deur te let op die dade van die Here. Deur jou te fokus op redding. Deur 'n suiwer gewete. 4) Wie kan my met my probleme help? Antw.: Die Woord van God; die Kerk as werkruimte van die Heiliges Gees, en Christene. 5) Hoe kan ek gelukkiger wees? Antw.: Deur die deurlopende (voortdurende) proses van heiligmaking. 6) Wat is my doel in die lewe? Antw.: Eer en verheerliking van God.

## 2.5 ONMISBARE PERSPEKTIEWE

Lotter (2001:326; 2007[1]:8; vgl. Adams se aansporings, 1979[2]:94 e.v.) oordeel dat daar nog heelwat meer geskryf kan word oor die antropologiese perspektiewe wat die Skrif bied. Trouens, Smith (1994:274) skryf: *The whole field of Biblical psychology is so vast, that it has not yet been adequately dealt with.* In 'n tydperk van groot veranderinge en verskuiwing bly Trimp (1981:24 e.v.) se koersgewing egter steeds van krag: Wie in die bane van die reformatoriese poimeniek wil bly, sal sekerlik by die leer van die Skrif bly. Anders word hierdie onmisbare grondslag stilweg ingeruil vir teenswoordige filosofiese denkrigtings. Binne die teenswoordige pastorale teologie tree daar wel ingrypende verskille aan die lig (Louw, 2000:160-174). Hierdie verskille hou verband met "'n spesifieke siening oor die mens", aldus D.J. Louw (2000:160). Die gevaar van reduksies en eensydighede het invloed in die proses van interaksie tussen God en mens. Velema se standpunt het in hierdie verband beslis betrekking: *Het gaat de theologie er niet om een collega of concurrent te zijn van de psychologie of van de sociologie . . . Het gaat in de theologie*

*erom wat we vanuit de Bijbel als Gods openbaring over de mens kunnen en moeten zeggen . . . in de overtuiging dat deze gegevens door andere wetenschappen – als zij naar de Bijbel willen luisteren – niet genegeerd kunnen worden* (Velema, 1992:293 e.v.).

Basisteoreties kan wel voortgebou word op navorsing wat reeds verrig is. Hier word dus bewustelik aansluiting gesoek by die basisteoretiese werk deur reeds afgehandelde navorsing. Vervolgens word fokus en skerpte gebied in verband met die huidige navorsingstema.

### 2.5.1 MENSBESKOUING

Om oor die ***beradene se vooronderstelling(s)*** te werk, beteken om jou met 'n ***mens*** besig te hou en wel in terme van "de imago creata of ectypa" (Bavinck, 1976²:493). Bavinck (vgl. ook Berkouwer, 1957:211-258; Wentsel, 1987:596) formuleer in hierdie verband omvattend: . . . *de mensch is imago Dei. En hij is dat geheel en al, in ziel en lichaam, in alle vermogens en krachten, in alle toestanden en verhoudingen. De mensch is beeld Gods, omdat hij en in zoover hij waarachtig mensch is, en hij is mensch, waarachtig, wezenlijk mensch, omdat en in diezelfde mate als hij beeld Gods is* (Bavinck, 1976²:516). Ingevolge hierdie vertrekpunt, steun die navorsing waarderend-krities op G.C. Verhoef (2000; vgl. Lotter, 2007¹:8): *Die noodsaak van 'n Bybelse mensbeskouing in berading: enkele snitte uit die Skrif en die praktiese implikasies daarvan.* Verhoef wys op die volgende:

- Die mens in berading – in besonder die *Christen*mens, figureer nie outonoom nie, maar <u>**as**</u> beeld van God (Verhoef, 2000:9-42; 119 e.v.; Combrink, 1986:74). Wentsel (1987:588) wys daarop dat die aanduiding "beeld van God" nie 'n randopmerking van 'n enkele outeur is nie. Ook is hier nie sprake van 'n ondergeskikte gedagtelyn in die Skrif nie. "Beeld van God" is 'n sleutelwoord.

- Die perspektief van skepping, sondeval, herstel oftewel verlossing/herskepping (ingeslote die vernuwende werk van die Heilige Gees) is vir die beradingsgesprek onontbeerlik (Verhoef, 2000:95-110; 122; vgl. Van Wyk, 1992:7 e.v.; 1993:94; Wolters, 2005:13-87).

### 2.5.1.1 BEHOUD VAN REFORMATORIESE INSIGTE IS BELANGRIK

Louw (2000:173) waarsku daarteen dat binne die pastorale teologie, die Christologie vereng tot Soteriologie en Antropologie tot Hamartologie. Hy waarsku pertinent teen Jay Edward Adams in die verband vir sodanige gevaar (Louw, 2000:46-50; vgl. ook Brunsdon se resente proefskrif in die verband, 2006:11 e.v.). Louw bespreek egter nie Combrink (1986:81-92, 98 e.v.) se evaluering nie. Trimp (1981:24-40) weer, is minder bang vir sulke eensydigheid in die klassiek gereformeerde poimeniek, omdat hy aantoon dat die Skrif self binne die konteks van die *moderne* sielsorg verlore geraak, en dus 'n fundamentele vervreemding van die reformatoriese sielsorg tot gevolg gehad het: *In de theologie van het anthropologisch gefundeerde pastoraat ontken men over heel de linie de chronologische* ***volgorde van schepping en zondeval****. Men leest de bijbel wel, maar men leest Genesis 1 tot 3 niet als een beschrijving van gebeurtenisse, die in een historisch verloop hebben plaatsgevonden* (Trimp, 1981:27; vgl. ook Cornelius Van Til, 1962).

<u>Reformatories</u> blyk dit 'n risiko vir besinning in die pastoraat, as Louw (2000:181 e.v.) insake die protologie en soortgelyke Skrifgegewens wil wegbeweeg van pertinente <u>*Skrif*</u>uitspraak (*locus classicus*), om eerder te vertrek uit 'n "hipotese" in verband met die skepselmatige bestaan van die mens in die teologiese antropologie. Die vraag ontstaan of die Skrif daardeur nie in sy "hermeneutiese kommentaar" en wel sy "fundamentele betekenis" prysgegee word nie (vgl. Wentsel, 1987:588, 617; Van Pelt, 1999:226). Die veelsydigheid van die protologiese (Gen 1:26-8) en soortgelyke Skrifgegewens gee, volgens Velema (1992:298), egter wel aanleiding om die sleutelwoord "beeld van God" na sy ontiese aspek op te vat: "We bedoelen ermee dat het mens-zijn naar lichaam en geest (in onderscheid van welk ander schepselmatig zijn ook) behoort tot het beeld van God". Van Pelt (1999:229; vgl. Velema, 1992:326-330; 211-258; Combrink, 1986:79; Adams, 1979:108-113; Berkouwer, 1957:62 e.v., 77 e.v., Brillenburg Wurth, 1955:131 e.v.) wys egter in hierdie verband op die belangrikheid daarvan om die begrip "mens" in sy "totaliteit" op te vat, juis in terme van 'n spraakgebruik wat die "ganse mens" benadruk. Joubert (2005:25) noem so 'n mensbeskouing egter monisties en wys die sogenaamde "monisme" as onskriftuurlik af (Joubert, 2005:29). Om trichotomies in terapie te werk, het Joubert nodig om trichotomie (opkomend uit die Griekse wysbegeerte – Berkouwer, 1957:228) as <u>die Skrif</u> se leer aan te toon. Hy gaan egter nie in op die verskeie nuanseringe nie en weerlê byvoorbeeld nie Berkouwer (1957:218-227) se Skrifberoep wat hy as "monisties" afwys nie. Dogma-histories (Berkouwer, 1957:230 e.v.; vgl. ook Adams, 1979:111-118) gaan Joubert ook

nie daarop in hoekom Skrifgedeeltes soos Heb. 4:12 en 1 Thes. 5:23 se woordgebruik vir die kerk nie dwingende rigtingwysers was nie. Filosofies (Berkouwer, 1957:231 e.v.) konfronteer Joubert hom nie met die opkoms van die trialisme sedert Immanuel Kant nie. Konfessioneel konfronteer Joubert hom nie met die spraakgebruik van die gereformeerde belydenisgeskrifte nie (HK vr. 1, 11, 26, 37, 57, 125; NGB art. 18 – vgl. ook Velema, 1992:327). Joubert se trichotomiese terapie dien as voorbeeld van die gevaar waarteen Louw waarsku, naamlik om 'n persoonlikheidsteorie of 'n bepaalde psigologiese perspektief tydens Skrifverstaan van buite die Skrif "in te dra".

'n Ouer geslag gereformeerdes het met betrekking tot Skrifuitspraak nie soseer 'n volle oftewel uitvoerige "leer oor die menslike wese" as antropologiese bousteen "ingelees" nie. Voortdurend is net gevra na "die lig wat deur die Skrifopenbaring gewerp word" insake die mens (Van der Walt, 1942:119). Uiteraard is dit ook nie moontlik om vanuit die herstelde beeld van God (m.a.w. die beeld in sy verlossing en vernuwing ná die sondeval) 'n poging te onderneem tot rekonstruksie van die oorspronklike beeld van God nie (Van Pelt, 1999:227). Tog kan gestel word; reeds as *nèfèsj* (Gen. 2:7 – vgl. Velema, 1992:301) behels die Skrif se opvatting van die mens méér as dié van 'n persoonlikheidsteorie. Godgerigtheid is van meet af aan ter sprake betreffende die "ganse mens". Hier hoef nie noodwendig die "gevaar" te resulteer, om 'n bepaalde psigologiese perspektief tydens interpretasie "in te dra" nie (vgl. Louw se vrese in die verband, 2000:182, 205). Terwyl Berkouwer tereg (1957:236; Van Pelt, 1999:229) substansieformules afwys, laat hy steeds ruimte vir behoud van Gen. 2:7 as *locus classicus*. Die mens se "volstrekte kreatuurlikheid en afhanklikheid in sy ganse bestaan" is ter sprake. Hoewel *nèfèsj* in die O.T. nie die spesifieke antropologiese lading geniet in terme van gees, intellek, of denke nie, is die setel van begeerte en emosie, die sentrum van religieuse uitdrukking en selfs 'persoon' wel ter sprake (Seebass, 1998:503). *Nèfèsj* verteenwoordig Ou Testamenties die ganse persoon (*total person*) (Westermann, 1984:88 e.v.), sowel in sy fisiese as sy nie-fisiese samestelling (Fredericks, 1997:133). Verder tree *nèfèsj* as antropologiese grondwoord nie atomisties op nie, maar wel binne die konteks van die *Historia Revelationis*. Nieu-Testamenties beteken dit dat ψυχή (en as wisselterm πνευμα – Louw, 2000:203) daarby kan aansluit en selfs méér, voller openbaring oor die mens deurgee. *Historia Revelationis* bestee immers aandag aan "die geleidelike ontvouing" van God se openbaring, omdat werklike geskiedenisverloop ter sprake is: Ondersoek van betekenisontwikkeling by sentrale woorde is hierby inbegrepe (vgl. Ohmann, 1987:31 e.v.; Kwakkel, 2004:39 e.v.; Van der Walt, 2006:21-24).

Gaan 'n mens dan terug in die gereformeerde teologiegeskiedenis met die vraag waarop *nèfèsj* dui, antwoord die Dordtse kerkvaders by Gen. 2:7 onbekommerd: *Dat is een schepsel, dat met leven begaafd is, bestaande uit een lichaam en een redelijke onsterflijke ziel, tezamen den mench uitmakende* (Staten Bijbel, 1980:24). Die Leydse hoogleraar en deur die Dordtse Sinode aangewys as "revisor" van die vertaling van die Ou Testament, Antonius Thysius (1964:114), bied insiggewende toeligting: Die "gehele" mens is in die beeld van God en na sy gelykenis geskape. Dit sluit al sy uitnemende gawes, uitwerkinge en goddelike vermoëns in, waaronder sy denkvermoë. Hierdie toeligting word gegee, en wel "verbygaande die al te subtiele uiteensettinge van die filosowe". Calvyn (1989:112; vgl. ook by Van Wyk, 1993:10) meen dit is alombekend dat die verstandsvermoë uitgebreid en velerlei is; daarom is niks absurd daarin om te dink dat Moses aan die totale omvang van geestesvermoëns sou dink, maar hier slegs sinspeel op 'n enkele aspek soos in die ou Antieke wêreld die gewoonte was, as hy beskryf dat God » וַיִּפַּח בְּאַפָּיו נִשְׁמַת «. Hier is sprake van duiding deur middel van *syndoche* volgens Calvyn (1989:94 e.v.). By die ou vaders is daar dus nie dieselfde soort angsvalligheid te merk, in terme van 'n subjektiwistiese en ongeldige Skrifuitleg nie. In die ouer gereformeerde teologie val dit ook op dat die "geheelsperspektief" reeds onbekommerd funksioneer. Dooyeweerd (vgl. Ouweneel, 1986:324) meen egter dat hy Bavinck betrap met 'n "skolastiese bril" betreffende die Skrif se woordgebruik "hart". Uitsuiwering van onder andere die Skolastiek oor die afgelope jare, het egter nie aan die geheelsperspektief met betrekking tot *nèfèsj* verandering gebring nie. Ouweneel verduidelik by Gen. 2:7, dat onder andere *nèfèsj doelen blijkens het bijbels spraakgebruik allereerst – net als het hart – op het menselijk Ik, de persoonlikheid, d.i. mens in zijn volheid, eenheid en totaliteit . . . de adem; in feite is dit de grondbetekenis van zowel* נֶפֶשׁ *en* רוּחַ *als ψυχή en πνεῦμα* (Ouweneel, 1986:330 e.v.).

Gesien die "geheelsperspektief" van *nèfèsj*, kan Louw (2000:182; vgl. Adams, 1979:109) gerusgestel word: die "trans-psigofisiese dimensie" van die skepselmatige struktuur van die mens, asook die uniekheid en persoonsmatigheid van die mens, hoef nie "hipotese"-afhanklik gemaak te word uit vrees vir 'n ongeldige Skrifgebruik nie. Verder, kan met Verhoef (2000:10 e.v.) saamgestem word dat die Skrif nie 'n "volledige leer oor die mens" bied nie. 'n "Volledige antropologiese teorie" is uit die Skrif nie te verantwoord nie. Hierby word dan wel saam met Ouweneel (1986:27) met betrekking tot "volledig" bedoel – "logies-teoreties-abstraherend" – in die sin van 'n "analities-abstraherende konstruksie". Dit is egter nodig om te nuanseer. Reformatoriese besinning hou wel deeglik teenoor die rasionalisme rekening met die "Skrif" se beeld as 'n "genoegsame" beeld (Van Til, 1974:136; Combrink, 1986:13-15, 20 e.v.). 'n Voorvereiste is dan wel 'n beeld

wat voldoen aan die openbaringshistoriese karakter van die Skrif en om so volledig moontlik die Skrif in al sy nuanseringe na te spreek wanneer die Skrif oor die mens praat. Immers, soos Ouweneel (1986:26 e.v.) dit uitdruk . . . *de Bijbel bevat wel impliciet in geloofstaal vervatte "informatie", die van essentieel belang is voor het mensenleven, en dus ook – naar haar logisch aspect – voor de beoefening van wijsbegeerte en vakwetenschap.* In hierdie verband word gewys op die doktorale proefskrif van Michael W. Bobick, *From Slavery to Sonship: A Biblical Psychology for Pastoral Counseling*, gelewer by die Westminster Teologiese Seminarium. Bobick (1988:12) formuleer na aanleiding van Cornelius Van Til:

> *God has an absolute, complete system of knowledge. We can only describe the law of gravity; God alone fully comprehends it. While the Bible is not a textbook on physics, it does claim to equip us for every work of ministry (2 Tim 3:16-17). The ministry of counseling is no exception. We can expect to find antropological insights that are not only true but sufficient for our task. No, the Bible does not engage in abstract philosophical questions that "explain" the universe. No, the Bible will not contain every possible observation of man that can be made. For example, an awareness of current sociological trends can be helpful. But when we consider the dynamics of the heart, we have a rich treasurehouse of truth that needs no supplement. Only an antropological model constructed with the tools of exegesis can guide our observation and ministry. Exegesis does not replace observation; it makes it possible. Disciplined observation based on theological insight is certainly necessary. In this sense a "Christian psychology" is essential, for theology must be applied to concrete human existence. We can then accurately describe man. But such a Christian psychology is only an extention of Biblical anthropology. Proper observation will discover the validation of Scriptural truths . . . Our challenge is therefore not to explain man, but to describe him in Biblical terms.*

Bobick bring dus aan die lig hoe binne die klassiek-gereformeerde denke vrymoedig besin kan word. Hier is nie sprake van "druk", soos Verhoef (2000:11) skryf, om 'n volledige antropologiese teorie uit die Bybel te verantwoord nie; dit hoef dus ook nie "geminimaliseer" te word en soseer as "bevrydend" ervaar te word nie. Miskien binne "fundamentalistiese" kringe, maar nie binne klassiek gereformeerde denke nie. 'n Dieperliggende "bevryding" word wel weerspieël: Hier is (vgl. ook De Wet, 2006[1]:77 e.v.; Van Til, 1967:14 e.v.) nie sprake van 'n Cartesiaanse spanning, 'n "bipolariteit" tussen openbaring en ervaring nie, tussen

teologie en empiriese mensekunde, tussen pastoraat en psigoterapie nie. Die vooronderstelling ten grondslag aan beide, is naamlik *Deus Revelatus*. Presies God as Soewerein, Selfopenbarende Skepper en Regeerder wat deur die Heilige Gees in die Skrif *geloofs*oordrag laat plaasvind het, vorm as 't ware die *noutetiese* kruispunt, wat deur Jay Edward Adams op die spits gedryf is (vgl. Lotter, 2001:318 e.v., 321; Bosman, 1998:5 e.v.; Combrink, 1986:1, 15 e.v.). Dit gee 'n apologetiese skerpte, wat van Velema in sy aangehaalde woorde hierbo, nog 'n groter appèl verwag en nie alleen maar net *de overtuiging dat deze gegevens door andere wetenschappen – als zij naar de Bijbel willen luisteren – niet genegeerd kunnen worden.* Skrifgegewens behóórt, ja "móét", na geluister word. Juis, ómdat dit nie gebeur het in die moderne sielsorg en empiriese menswetenskappe nie, het konkurrensie, "bipolariteit" en spanning ingetree.

Om saam te vat: (1) Skepping, sondeval, herstel oftewel verlossing/herskepping is 'n Skriftuurlike gegewe (2) Skrifgebondenheid eis besinning in terme van Skrifuitspraak (3) Skrifgebonde besinning is noodsaaklik vir alle wetenskaplike werk met betrekking tot die mens.

### 2.5.1.2 NUANSERING INSAKE EMPIRIESE MENSEKUNDE IS BELANGRIK

Gereformeerdes leef vandag in die sterk spanning tussen sakralisering/spiritualisering en sekularisering (Trimp, 1981:59), oftewel midde in die "krisis van humaniteit en sin" (Louw, 2000:175). Sekularisering is egter nie die uiteindelike beskermpersoon van die *humanitas* nie. Trouens, sowel die neiging tot sakralisering as spiritualisering bevorder alleen maar sekularisasie, en wel tot ondermyning van die humaniteit *coram Deo*. Die vraag ontstaan of die klag teen die reformatoriese poimeniek werklik grond het, as sou die empiriese mensekunde geen bydrae aan die pastoraat mag lewer nie.

Trimp (1981:59-63) wys daarop dat die reformatoriese poimeniek, sowel die sakralisering/spiritualisering as sekularisasie ontwyk, juis vanweë 'n Skrifgebonde hoogskatting van die volle humaniteit *coram Deo*, waartoe die empiriese mensekunde diensbaar mag wees. Sulke verryking van die skepselmatige sig op die mens deur die empiriese mensekunde, het beslis plek. Die teologie hou daarmee rekening, maar dan altyd met behoud van die betekenis van Christus en die Heilige Gees. In die verband verwys Trimp na Kuyper. Kuyper (s.a.:285-293) het al gewys op die kosbaarheid van die humaniteit toe hy dogmaties besig was met sy dosering van die *Locus de Ecclesia*, en wel betreffende die ampte. Die kosbaarheid en aktualiteit van die

humaniteit tree volgens Kuyper aan die lig teen die agtergrond van die eeue-oue *Filioque*, waar "*de werking des Heilige Geestes is gebonden aan den Zoon*" (Joh 16:13-15). Let daarop wat volgens Kuyper gebeur wanneer die humaniteit nie in terme van die "Woord" funksioneer nie: *Voor de werking van Gods Geest wordt van lieverlede de werking van des menschen geest in de plaats geschoven, ten slotte hecht men slechts aan hetgeen zoo wat uit het gemoed opkomt en zoo ligt de brug gereed voor de meest grove afwijkingen, die het geheele wezen der religie vernietigen* (Kuyper s.a.:285 e.v.). Volgens Kuyper vind die humaniteit teologies-Skriftuurlik 'n waardevolle rol, maar wel op 'n spesifieke manier: . . . *eerst door de concomitans operatio Spiritus Sancti, die van Christus uitgaat* (Kuyper s.a.:288). Dit was ook juis die *pastoraal-teologiese* wins ten behoewe van die klassiek-gereformeerde teologie deur die reformator Martin Bucer, in verband met die *ministerium Ecclesiae*, dat die pneumatologie Christologies bepaald funksioneer (Van't Spijker, 1970:432; Van Pelt, 1999:106 e.v.). Heilshistories is Jesus Christus volgens Bucer sowel draer as sender van die Heilige Gees (Yoon-Bae Choi, 1996:121-169). Trouens, wie deur die Heilige Gees gelei word, leef nie selfstandig, los van Christus nie. Die grondtoon van Bucer se soteriologie het 'n positiewe klank (Van Pelt, 1999:112). Dit spreek juis van oplugting: "Ek kan anders!" Berou word nie minder diep beleef nie, maar die effek teken die vasgeloopte mens wat weer beweeglik word. Vitaliteit word ontvang om konkrete dade te doen en daarin die heiliging te beoefen. Bucer bring die epistemologiese vrae ook in verband met die pneumatologie (Van Pelt, 1999:115 e.v.). Die epistemologie funksioneer binne die konteks van die gebroke orde. Tog triomfeer die genade van Christus nie alleen herstellend nie, maar figueer die treffende belofte van 'n groter heerlikheid as by die skeppingsorde. Die Christologie omspan vir Bucer sowel die skeppingsorde as die heilsorde (vgl. Joh 1:3). Hierdie genuanseerdheid is dus belangrik om raak te sien. Mense word aangespreek, nie bloot op hulle sondaar-wees nie (en dus negatief nie!), maar allereers op hulle skepselmatige identiteit. 'n Ope oog bestaan vir die totale mens, met al sy node en sorge. Bucer hou in sy pastoraat wel rekening met die realiteit van die sonde. Die Heilige Gees werk immers die heil van Christus in die hart. Juis daarom is die nadruk op heiliging in die pastoraat vir die antropologie 'n positiewe en opbouende raamwerk (Van Pelt, 1999:118). Die sterk aanwesige soteriologiese gekleurdheid plaas die humaniteit nie onder druk nie, maar motiveer en stimuleer juis tot egte ('werklike') humaniteit (Van Pelt, 1999:118 e.v.).

Yoon-Bae Choi (1996:29 e.v.) wys daarop dat trinitariese denke by sowel Bucer as Calvyn in berekening gebring moet word. Sielsorg (Trimp, 1981:59 e.v.; Benoit, 1966:83-87, 92-96; s.a.:12 e.v.,17, 197-199; Brillenburg Wurth, 1955:40) is reformatories gesproke die bediening van die Heilige Gees, wat van die

Vader en die Seun uitgaan, en wel op so 'n wyse dat "die oog geskerp moet wees vir die kreatuurlike aspekte van die menslike lewe en die menslike kontaktoefening". 'n Oog vir die kreatuurlike aspekte onderstreep juis die krag van die reformatoriese poimeniek: 'n volle en skerpsinnige oog vir die *humanum* ontbloot juis die mensbeskouing as – *simul iustus ac (*meestal bekend in die swakker vorm *"et") peccator.* Reformatoriese sielsorg waak dus daarteen om die psigologie te oorskat of te minag. Louw (2000:160 e.v.) se reserveringe met betrekking tot die gereformeerde mensbeskouing word dus ontsenu; die sondeval word nie verhef tot 'n selfstandigheid wat die skepping totaal negatief kleur nie: *Een dergelijke tegenwerping zou als zodanig volstrekt irrelevant zijn. Want de Geest van Christus doet ons niet aan de schepping van de Vader van Jezus Christus voorbijzien . . . Het leven mag . . . geleefd worden 'in de Here', maar dat is alleen mogelijk omdat deze Kurios dit leven niet eleveert of elimineert, maar het integendeel op zijn plaats terugzet en het verlost en heiligt voor God* (Trimp, 1981:58; vgl. Combrink, 1986:85). Reeds met die sondeval is nie net sprake van *malam partem* nie, maar óók *bonam partem* (Van Wyk, 1992:7; 1993:16). Van Wyk (1992:11 e.v.; 1993:14) waarsku tereg teen skolastieke dualismes: dit is waar dat die sonde die mens struktureel en funksioneel radikaal aangetas het, maar dit is nie waar dat die mens daarmee opgehou het om méns te wees nie.

Van Pelt (1999:86; vgl. ook Van Wyk, 1993:10-14) wys ook tereg daarop dat die reformatoriese beskouing oor menslike kreatuurlikheid verband hou met hantering van die *corruptio totalis.* Daar is nie sprake van 'n angs vir die moderne menswetenskappe wat die ontwikkeling van die gereformeerde teologie kortwiek in sy deurtrek van die pneumatologiese lyn in die antropologie, ter plekverruiming vir die psigologie nie. Veel eerder funksioneer die oorgeblewe reste (*'residua'*) van die humaniteit en die goeie skepping, oftewel die psigologiese 'vondste' en 'ontdekkings' na die sondeval, by Calvyn en die gereformeerde belydenis, op 'n ander manier: nie as bewys van die deur die sonde onaantasbare heiligheid van die stoflike nie, maar as teken van die goedheid van God in die tempering van die verskriklike gevolge van die *corruptio totalis.* Van Pelt (1999:91-4; vgl. De Wet, 2005:511 e.v.; Combrink, 1986:59) se waarskuwing verdien daarom aandag: Waar die pneumatologie in die pastorale antropologie verselfstandig en die Christologie versmal, dreig die soteriologiese konteks wel om verlore te gaan, wat vir die reformatoriese poimeniek so deurslaggewend is. 'n Groot waardering van die humaniteit mag nie 'n relativering van ***Christelikheid*** beteken nie. Skriftuurlik funksioneer die *humanum* tog in die spanning: "ou" mens en "nuwe" mens, wat slegs in die besliste sterwe en opstanding van ***Christus*** pneumatologiese funksie ontvang.

Om saam te vat: (1) 'n Skrifgebonde hoogskatting van die volle humaniteit *coram Deo* waak daarteen om empiriese mensekunde te oorskat of te minag. (2) Die werk van Jesus Christus en die Heilige Gees plaas die humaniteit nie onder druk nie, maar stimuleer tot egte ('werklike') humaniteit. (3) 'n Skerpe oog vir die *humanum* ontbloot die mens juis as – *simul iustus ac peccator*. (4) 'n Groot waardering van die humaniteit relativeer nie Christelikheid nie.

### 2.5.1.3 BELANGRIKE BEGRIPPE

Verhoef (2000:111-123) wys op die betekenisvolle implikasies van die mens as hart, denke, gees, siel, liggaam, vlees, uiterlike mens en innerlike mens. Hierdie begrippe is belangrik vir berading. Oorkoepelend is belangrik om in gedagte te hou: "die mens as geheelsmens". Die beradene as mens – Skrifperspektiwies beskou – leef nie opgedeel in verskillende dele nie. Per slot van rekening leef beradenes as geheelsmens voor God. Velema (1992:322) kies vir 'n spraakgebruik wat dit het oor 'n "totaliteitsvisie": sowel die eenheid as samehang van die mens as liggaam en siel word so blywend ter sprake gebring. Hoewel die genoemde begrippe waarmee die mens Skriftuurlik beskryf word, volgens Verhoef nie los van mekaar staan nie, bied elk wel 'n eie bruikbare perspektief vir berading. Slegs die volgende word na aanleiding van Verhoef (2000:111-123) hier as ter sake vermeld:

- "Gees", die mens as gees, dui op die sensitiwiteit en gerigtheid van die mens op God (of 'n afgod). Die mens as gees teken die mens wat buite hom-/haarself soek na iets of iemand wat sin en rigting gee aan die lewe. Primêr dui die mens as vlees op die absolute nietigheid, die gebrokenheid en die onmag van die mens. Dit impliseer wel dat die beradingsgesprek aan die lig behoort te bring of die beradene inderdaad geestelik leef – gerig op God en of daar 'n blote leefbenadering op die hier en die nou – die vlees aanwesig is. Wanneer dit gaan oor "vooronderstellings" as regulerende, beherende grondoortuigings, is hier inderdaad van 'n waardevolle perspektief sprake.

- "Hart", dui op die mens as religieuse wese wat met verstand, wil en emosies op God (of 'n afgod) gerig lewe. Dit impliseer onder andere gespreksaspekte soos: Hoe beleef en sien die beradene die Here? Hoe beleef die beradene die Here se teenwoordigheid/versorging in sy/haar lewe? In

terme van "vooronderstellings" kan dus gevra word: Wat weerspieel die betrokke regulerende, koersgewende grondoortuiging(s) in hierdie verband?

- "Denke" (νους), kan dui op die mens in sy/haar denkende en beoordelende antwoord of reaksie op God (of 'n afgod). Dit impliseer dat die mens as denkende wese 'n "poort" is waardeur die berader by die beradene kan uitkom en die beradene in gesprek kan tree met, of kan antwoord op God. Verandering wat God bewerk, vind plaas in verhouding tot denke (Rom. 12:2) en gedagtes (2 Kor. 10:5). Beradenes behoort ook bewus met gedagtes om te gaan (vgl. Fil. 4:8). Met denke as "poort" word die mens in die hart, as mens, aangespreek en rig die mens van die hart uit, sy/haar lewe in. "Vooronderstellings" as 'n νους-aktiwiteit is dus nie net verbind tot die hart nie, en daarmee tot die veranderingsproses indien nodig nie, maar vorm ook deel van die "poort"-gegewenheid in die trialogiese verhouding God-Beradene-Berader.

#### 2.5.1.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT VOORONDERSTELLINGS IN VERHOUDING TOT MENSBESKOUING

Reformatoriese sielsorg waak daarteen om die sielkunde te oorskat of te minag. Die verhouding pneumatologie, Christologie en soteriologie speel in hierdie verband 'n belangrike rol binne die pastorale antropologie. Die beradene se vooronderstellings is 'n gegewene binne die konteks van die mens as totaliteitsmens, waarby onder andere "gees", "hart" en "denke" perspektief bied. Die ganse mens (in geslote vooronderstellings dus) leef voor die aangesig van God, as beeld van God, wat in sy skepselmatige bestaan 'n reddings- en genadenood het vanweë die sondeval.

### 2.5.2 WAARNEMING

F.W. de Wet lewer basisteoreties ook 'n belangrike bydrae wat die navorsing hier kan gebruik. Vooronderstellings vind immers plaas in terme van waarneming. De Wet se navorsingsvrug is nie soseer bedoel vir "berading" nie, maar lewer tog waardevolle resultate. Hier word aangesluit by sy proefskrif (2000): *Geloofswaarneming – 'n teologies-estetiese benadering tot Praktiese Teologie*. Basisteoreties funksioneer "waarneming" as 'n uitdrukkingsvorm van geloof. Waarneming volgens Bohren, so wys De Wet (2000:44-48; vgl. 2005:519) daarop, is 'n pertinent teologiese ('sleutel') begrip met pneumatologiese statuur: *Teologie*

*kan nie net bly by semantiese informasie nie, maar moet deur die geloof voortgaan om die aanskoulik-word van God waar te neem, in sy* Novum *soos dit in die gemeente as nuwe gemeenskap werksaam is* (De Wet, 2000:44). Beraders behoort saam met beradenes dimensioneel dieper deur te dring as bloot tegnieke van suiwer tussenmenslike aard (De Wet, 2005:520 e.v.). Gebeur dit nie, loop berading gevaar om as 't ware met die Gees te begin, maar in eie krag te eindig. Skriftuurlike verandering is immers 'n radikaal ingrypende gebeure. Skrifperspektief word onder andere soos volg opgemerk:

- Jesus oefen – opvallend – kritiek uit met betrekking tot diegene wat nie die nuwe van die komende Gods-heerskappy waarneem nie (vgl. Matt. 15:14).
- Die oë van die geloof funksioneer as waarnemingsintuig en dring verder as die natuurlike sinne (vgl. 2 Kor. 4:18).
- Die Heilige Gees rus toe met waarnemingskerpte, wat menslike sienvermoë oortref (vgl. Rom. 7:6).

De Wet (2000:112-145) bou selfstandig hierdie Skrifperspektief verder uit deur middel van 'n kursoriese woordstudie met betrekking tot "blik", "sien". Hy vind dat "sien" in kontekste gebruik word waar daar duidelik sprake is van 'n geestelike waarneming. Die begrippe "geloof" en "sien" in verhouding tot mekaar ontbloot ook 'n "sien-handeling" van die geloof. Dit impliseer dat as iemand die gawe van die geloof ontvang, so 'n persoon voorsien word van 'n geestelike sintuig, sodat 'n onsigbare werklikheid ontvou – 'n werklikheid waardeur onherroeplike lewensverandering plaasvind. Waar egter van geestelike onvolwassenheid sprake is, kom die nadelige effek op die gelowige se waarneming aan die lig. In kontras met geloofswaarneming, is daar sprake van die waarneming van ongeloof. Veral die Johannes-evangelie verbind die persoon en werk van Jesus Christus met die sigbaarheid van die onsigbare God – waarsonder geen werklike blik op God moontlik is nie. Deur die oë van die eerste ooggetuies wie se getuienis vir ons in die Skrifte deurgegee is, mag gelowiges wat na Jesus se hemelvaart leef, steeds die waarneming van die geloof ondervind (vgl. o.a. Joh. 20:29). Hebreërs bring geloofswaarneming ook nog in verband met hoop, volharding en sekerheid. Verder hou "blik" binne die Pauliniese korpus verband met 'n werklikheidsgetroue oordeel en oordeelsvermoë, tot dit waarop dit werklik aankom in die uitleef van die roeping van die gemeente. "Blik" staan ook nie los van "hart" en "gees" nie. Wie deur kan dring tot die onsigbare, so 'n waarnemer se hart word gevul met verwondering en jou gees met moed om in ongunstige sigbare omstandighede nie moedeloos te word nie. Dit bly egter moontlik om te sien en nie te sien nie en te hoor en nie te hoor nie

(Matt. 13:14; Jes. 6:9-10). Huigelagtigheid is 'n wérklike gevaar (Matt. 23:13-27; vgl. ook. 1 Joh. 3:6). Seënryke waarneming word egter verbind met "die wat rein van hart is" (Matt. 5:8).

#### 2.5.2.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT VOORONDERSTELLINGS IN VERHOUDING TOT WAARNEMING

Vooronderstelling(s) by die beradene, as 'n noodwendige *denk*vrug van die mens, as beeld van God, vind plaas binne die pneumatologiese werklikheid van geloofs*waarneming*. Die mens wat vooronderstelling(s) maak is – pneumatologies gesproke – 'n waarnemende mens. Vooronderstelling(s) by die beradene funksioneer – Christelik gesproke – binne die konteks van die pneumatologie funksioneel of disfunksioneel.

### 2.5.3 LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING

Lewens- en wêreldbeskouing as beradingsbegrip het vir Johan Bosman geïnteresseer. Vooronderstellings figureer binne die groter geheel van iemand se lewens- en wêreldbeskouing. Basisteoretiese perspektiewe soos by die vorige twee navorsers aangedui, vloei in 'n seker sin by die gelewerde navorsingsresultate van Bosman saam. *Pastoraat aan die Afrika-mens* (2002) laat basisteoreties die fokus pertinent val op die beradene se waarnemingsaktiwiteit oftewel "kyk"-aktiwiteit (Bosman, 2002:40-82). So is vasgestel dat God ontvanger-georiënteerd optree. Die kommunikasie van God vind met mense plaas te midde van konteks, terminologie en denkpatrone (waaronder vooronderstellings dus), en wel in terme van verskeie beskoulike tydperke (Loewen, 2000:19-31), Te wete:

- Die Patriargale Tyd
- Die Egiptiese Tyd
- Die Woestyntyd
- Die Tydperk van Landinname (Intog– en Rigtersperiode)
- Die Monargale Tyd
- Die Tyd van Ballingskap en Herstel
- Die Intertestementêre Tyd
- Die Tydperk van die Nuwe Testament

Vooronderstellings kan na verwagting daarom 'n tydshistoriese karakter dra. Die Skrif is nie net lewens- en wêreldbeskoulik van aard nie, maar gee ook duidelike lewens- en wêreldbeskoulike merkers. Lewens- en wêreldbeskouing is immers nie 'n neutrale gebeure nie. Dis 'n aktiwiteit in terme van geloof/ongeloof. Die fundamentele dimensies van Skepping, Sondeval en Herskepping, breek daarin deur. Gegewe hierdie werklikheidsgegewe, is dit wel baie belangrik: die taak en doel van die skepping, in besonder die mens – en 'n mens kan gerus byvoeg, "die waarnemende geheelsmens as beeld van God, met ander woorde geloofsmens", is nie om lewensin te vind in sondeoorwinning nie, maar juis in Godsverheerliking. Dis die Gereformeerde hoofmotief! Per slot van rekening behoort vooronderstellings dus aan Godsverheerliking te voldoen. Herskepping is pneumatologies terug te verbind aan Skepping. Ook belangrik: sonde het nie 'n einde gemaak aan **God** se skeppingswerk nie! Weber (1964:612) se befaamde woord is op sy plek: sonde is 'n tweede, dus ondergeskikte, 'n soort middelwoord. Binne hierdie raamwerk figureer die treffende perspektief deur Lotter, na aanleiding van Paulus se tweede brief aan die Korintiërs (1993:60; vgl. 2005:493, 495 e.v.): Harte van vlees, word harte van die Gees. Die Heilige Gees werk op die mees intieme en innerlike manier in die gelowige. Dit omvat selfs die mens se bewussyn (eksistensie) en gewete (vgl. Ps. 139; Jona 1:5, 13-16). Skepping en Herskepping ontvang in sy eenheidsgestalte sin en betekenis deur die gereformeerde leer van die verbond. Wentsel druk dit gevleueld uit met die woorde: *Als we uitgaan van Gods plan en het panoramisch tot en met die finale van de herschepping van hemel en aarde vóór ons zien, dan vormen schepping, verlossing en voleinding één machtig, consistent oevre* (Wentsel, 1987:511).

Die mens, besonderlik as geloofsmens, het basisteoreties die vermoë om oortuigings te kan vorm van die waargenome werklikheid. Dit vorm gewoon deel van die skepselmatige struktuur van die mens. Moses in die Ou Testament en Paulus in die Nuwe Testament lewer in hierdie verband as 'studiegevalle' duidelik bewys. Hoewel sosiaal-korporatief van aard, is lewens- en wêreldbeskouing ook 'n baie persoonlike aangeleentheid. Lewens- en wêreldbeskouing hou derhalwe verband met vooronderstellings. Sowel by Moses as by Paulus kan gesien word hoe vooronderstellings nie net skepselmatig binne die konteks van beskouing funksioneer nie, maar dat verandering van lewens- en wêreldbeskoulike aspekte soos vooronderstellings, pneumatologies inderdaad 'n moontlikheid is. Bosman (2000:52-78) ondersoek en maak die volgende ter sake gevolgtrekking in verband met:

MOSES

(1) Beskoulike vorming vind plaas, maar is nie 'n neutrale gebeurtenis nie: Moses groei psigo-sosiaal as 'n Egiptiese heiden op. (2) Beskoulike vorming is primêr 'n sosiale verskynsel: Moses is opgevoed as 'n Egiptiese prins, om spesifiek 'Egiptiese' belange te kan bevorder. (3) Optrede van die Lewende God maak gevormde beskouings tot in die kern toe broos: Moses se politeïstiese en Egiptiese magiepraktyke word onderwerp aan openbaringskritiek. (4) 'n Radikale werking van God word vereis om God sentraal te stel in lewens- en wêreldbeskouing: Moses se oortuigings het oor 'n periode van tyd vorm aangeneem sonder om maklik te verander. (5) Op Christelike standpunt kan dit nodig wees om 'n beradene se oortuigings te korrigeer: God tree Moses tegemoet, ondank sy gevormde oortuigings. (6) Die pastorale grondhouding benader die beradene se oortuigings sowel positief as negatief en nie net negatief nie: Hand. 7:22 stel Moses se 'Egiptiese' vorming ook positief. (7) Onderskeiding is nodig om te identifiseer watter aspekte in die beradene se oortuiging bruikbaar is in diens aan suiwere godsdiens en watter openbaringskritiek benodig: kommunikatief is Moses deur sy Egipties-Midianitiese agtergrond – hoewel heidens, toegerus om te kon aansluit by sy (veral Egiptiese) hoorders.

PAULUS

(1) Multi-dimensionele invloede en lojaliteite vorm deel van die psigo-sosiale vorming van 'n mens se oortuigings: Paulus word gevorm deur staatregtelike, kulturele en religieus-ideologiese perspektiewe. (2) In elke persoon se psigo-sosiale gesteldheid het verskillende "wêrelde" 'n plek, funksie en rol: Paulus groei op in verhouding tot die Romeinse, Grieks-hellenistiese, asook Joodse "wêrelde". (3) Psigo-sosiale vorming vind nie oral op dieselfde wyse by mense plaas nie: Paulus was diaspories, as gevolg van sy geboorte te Tarsus. (4) Bybelkennis (en baie daarvan) is nie gelyk aan geloof en geloofsvolwassenheid by pastorale beradenes nie: Paulus se kennis van die O.T. het hom nie gehelp om die Messias te herken en bely nie. (5) Agtergrond speel na bekering nie net 'n negatiewe rol nie, maar bied kommunikatiewe aansluiting: so sluit Paulus byvoorbeeld aan by die Griekse wysheid (Hand. 17:22-32). (6) Ná bekering behoort Christene Christosentries in hulle beskoulike kern te funksioneer: "Wins" en "verlies" vind plaas vanuit die sentrale aanwesigheid van Christus (Fil. 3:7-11).

Met ander woorde, die waarnemende (on/)geloofsmens het basisteoreties die kreatiewe vermoë om in sy diepste wese oortuigings te kan vorm van die waargenome werklikheid. So ontstaan en funksioneer uiteindelik 'n lewens- en wêreldbeskouing. Dit vorm deel van die mens se skepselmatige struktuur en speel ook 'n aktiewe rol in herskepping en heiligmaking.

#### 2.5.3.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT VOORONDERSTELLING(S) IN VERHOUDING TOT LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING

Vooronderstelling(s) by die beradene, as koersbepalende grondoortuigings, is 'n gegewene binne die kompleks wat bekend staan as "lewens- en wêreldbeskouing": Die mens, besonderlik as (on/)geloofsmens, het die vermoë om oortuigings te kan vorm van die waargenome werklikheid. Vooronderstelling(s) is in terme van lewens- en wêreldbeskouing nie 'n neutrale gebeure nie. Dis 'n aktiwiteit in terme van geloof/ongeloof. Die gevolgtrekkings na aanleiding van Moses (OT) en Paulus (NT) as "studiegevalle" in die Skrif, in terme van lewens- en wêreldbeskouing is in hierdie verband ter sake.

### 2.5.4 SAMEVATTENDE VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT PERSPEKTIEWE WAT ONMISBAAR IS

Om oor beradenes se vooronderstelling(s) te werk, is 'n teoretiese toespitsing van basisbegrippe soos "mensbeskouing", "waarneming" en "lewens- en wêredlbeskouing", in terme waarvan beradenes se vooronderstelling(s) as skepselmatige (on/)geloofsaktiwiteit funksioneer.

## 2.6 VOORONDERSTELLING(S) – 'N BASISTEORETIESE GEGEWE?

Tot hier lyk sake wel gunstig vir verdere perspektiefontwikkeling. Ter afleiding kan daar wel op indirekte manier van vooronderstelling(s) gepraat word. Dit is egter nog nie 'n voldwonge en eksplisiete basisteoretiese "bewys" ten behoewe van die huidige navorsingstema nie. Is, spesifiek, vooronderstelling(s) by die beradene, wel 'n basisteoretiese gegewenheid? Om die brug te slaan na spesifieke detailperspektiewe, word teruggegryp na die voorgaande. Maar wel só, dat 'n spesifieke lyn getrek word

tussen waarneming en oortuiging. Louw & Nida (1988:365-379) bring waarneming in verband met die semantiese taalkategorie van "opinie, mening", oftewel gesigspunt. So verklaar Paulus byvoorbeeld in Galasiërs 5:10: *Ek vertrou van julle in die Here dat julle nie anders sal dink nie . . .* (OAV). Die woord »φρονήσετε« wat hier vertaal word met die woordkern "dink" sou ook weergegee kan word met "take a different view". 'n Mens loop ook binne hierdie betekenisdomein "aanneem, vooronderstel" raak. Petrus sou die waarnemende menigte op Pinksterdag teregwys (Hand. 2:15): *Hierdie mense is tog nie dronk soos julle dink nie* . . . (OAV). Die woord »ὑπολαμβάνετε« wat hier vertaal word met die woordkern "dink", sou ook weergegee kan word met die woordkern vooronderstel ("suppose"). Louw & Nida (1988:369) meen met stellige oortuiging dat hierdie semantiese veld van die Nuwe Testament die betekenisskakering insluit: "to regard something as ***presumably*** true" (Vet- en skuinsgedruk: JB). Sekerheid en onsekerheid van wat waar is, hou verband met die konteks waarbinne woordgebruik plaasvind.

### 2.6.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT DIE BASISTEORETIESE GEGEWENHEID VAN *VOORONDERSTELLING(S)*

Eksplisiete Skrifgetuienis oor die verband tussen waarneming en die vorming van oortuigings, dien as aansporing om in terme van die tema: *Vooronderstelling(s) by die Beradenes*, meer spesifieke ondersoek te kan doen.

## 2.7 TOEGESPITSTE PERSPEKTIEFONTWIKKELING

In ag genome hierdie eksplisiete Skrifgetuienis oor die verband tussen waarneming en die vorming van oortuigings, kan daar nou meer spesifieke perspektiewe ontwikkel word ten behoewe van 'n moontlike Skrifbasis. Soos aan die begin van die hoofstuk by 2.2 gestel: dit is nie die bedoeling om hier 'n volledige studie te onderneem nie. Hier word gewerk in terme van die basisteoretiese raamwerk soos reeds deur Wayne A. Mack daargestel. Mack onderbou sy basisteorie slegs uit die Nuwe Testament. Hieroor kan hy tereg – uit gereformeerde gesigspunt – kritiek ontvang. Mack (1994:171-297) as "longstanding associate" van dr. Jay Edward Adams (vgl. Powlison, 1994:55), bied in sy bespreking van die beradingsproses relevante basisteoretiese perspektief. Binne hierdie konteks van Skrifgebonde berading, wil die huidige navorsingstuk 'n bydrae lewer. Die voorgenome bydrae staan in verband met die beradingsaspekte van dataversameling, interpretasie, asook hantering van die beradene op spoor daarvan. Leemte word juis hier

ervaar, soos in hoofstuk 1 aangedui. Hoe die leemte aangevul kan word, sal die navorsing vervolgens basisteoreties en metateoreties aantoon.

### 2.7.1 DENKE/GEDAGTES AS SKRIFGEBONDE BERADINGSKATEGORIE

In terme van Skrifgebonde berading, merk Mack (1994:218) basisteoreties soos volg op: *As important as actions and emotions are, in a sense they are secondary to the conceptual area of life because what we think and desire (our thoughts and intentions) ultimately determines how we act and feel.* Ter substansiëring verwys Mack (1994:218-220) na die volgende Skrifgedeeltes: Heb. 4:12; Matt. 6:24; Mark. 7:18-23; Rom. 12:1-2; Gal. 5:16-21; Ef. 4:22-24. Mack verwys na Hebreërs 4:12 om die basiese uitgangspunt met betrekking tot die konseptuele raamwerk van "*oorlegginge en gedagtes van die hart*" daar te stel. Hy wil daarby inreken: persoonlike oortuigings, gesindheid, verwagtings, begeertes en waardes (vgl. in hierdie verband Ellingworth, 2000:263 e.v. – "the inmost recesses of human existence"; Wolmarans, 2000:1684 "positiewe bedoelings en gedagtes"; asook Lane, 1991:103 – "The word of God is able to reach into the deepest recesses of the human personality"; Bruce, 1990:113 – "brings the subconscious motives to light"; Attridge, 1989:135 e.v. – "the innermost thoughts of the heart"). Die fokus van hierdie basisteoretiese perspektief val egter op die penetrasie- en aktiwiteitsvermoë van die Woord. Mack gebruik Matteus 6:24 om aan te dui dat die konseptuele raamwerk insluit wat en wie vertrou en gevrees, na wie geluister en wie gedien word. Met ander woorde, die wat of wie as funksionele gode kom so ter sprake. Dit gaan daaroor wat die beradene beheer – "calls the shots in their lives". Hiermee is, volgens Mack, die basisteoretiese uitgangspunt reeds genoegsaam aangedui. Die ander Skrifgedeeltes herbevestig volgens Mack alleen maar bogenoemde uitgangspunt. Breedgesproke word daarmee dus plek gegee aan die "inner part of us that influences how we will act" (vgl. Mark. 7:18-23). Rom. 12:1-2 toon, volgens Mack, daarby dat indien beraders beradenes wil sien verander, dit nodig is om te verstaan wat in hulle denke plaasvind. Gal. 5:16 se uitdrukking "begeerlikheid van die vlees" (OAV) gee die agterliggende perspektief vir sigbare gedrag en emosie. Ef. 4:23 se "in die gees van julle gemoed" (OAV) onderstreep dat 'n onbybelse leefpraktyk nie oorwin kan word nie, "until our minds are being renewed". Per voetnota word in hierdie verband ook verwys na 2 Kor. 10:4-5 ('n "often overlooked reference") en Jakobus 4:1-6. Vernuwing van denke word gesien as die mees essensiële waarheid in Skrifgebonde berading. Tydelike verandering oftewel 'n gebrek aan blywende verandering, hou juis hiermee verband. Nadat op bogenoemde basisteoretiese aanduiding van Mack ag geslaan is, bly die vraag steeds leef of hierdie Skrifberoep en

Skrifhantering nie sodanig breed is, dat die spesifieke omlyning en funksionering van "vooronderstelling(s)" nie behoorlik tot sy reg kan kom nie. As jy dus bloot aan die "innerlike" aandag gee, het jy dan "vooronderstelling(s)" basisteoreties aan die orde gestel?

#### 2.7.1.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT MACK SE BASISTEORETIESE BYDRAE

Die vraag bly steeds of hierdie Skrifberoep en Skrifhantering nie sodanig breed is, dat die spesifieke omlyning en funksionering van "vooronderstelling(s)" nie behoorlik tot sy reg kan kom nie.

### 2.7.2 PERSPEKTIEWE NA AANLEIDING VAN JAY EDWARD ADAMS SE BEROEP OP »στοιχεῖα/ον« (GAL. 4:3, 9)

Mack se ouer kollega, Jay Edward Adams, gee "presupposition" aan as 'n duidelike trefwoord by Gal. 4:3 in sy *The Christian Counselor's New Testament*, (1994[1]:583; vgl. ook 2000:620). Soos by 2.3 aangedui, word ter wille van die bespreking in hierdie navorsingshoofstuk die volgende breë omskrywing van "vooronderstelling" hanteer: *a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another.*

Adams (1979[1]:37; vgl. ook 1994[2]:37-41, 147, 152) sluit aan by William Hendriksen se eksegese en beskou die Griekse woord »στοιχεῖα« in Gal 4:3, 9 as duidend op "presuppositions". Op sy beurt verwys Hendriksen by sy kommentaar (1982:146 e.v.) op Galasiërs ook na sy kommentaar op Kolossense (1964:108-10, 130-7, 135-7), waar hy die verstaan van »στοιχεῖα« by Paulus afwegend probeer duidelik maak. Bahnsen (1996:13), as presupposisionele apologeet, meen met verwysing na Kol. 2:20 ook dat gereformeerdes deur middel van hierdie woord Skrifmatig mag verwys na "presuppositions". Zerwick & Grosvenor (1979:571; vgl. ook Elwell, 1988:684 e.v.; DeMaris, 1992:444 e.v.; Cressey, 1996:309; Collins, 2000:391) se *A Grammatical Analysis of the New Testament*, in aansluiting by Gerhard Delling (1971:666-87) se klassieke artikel oor »στοιχεῖον«, merk egter vier verstaansmoontlikhede op, te wete:

- Elemente van fisiese aard ('aarde', 'water', 'lug', 'vuur')

- Elemente van kennis (begeleidende beginsels)
- Hemelliggame (sterre)
- Elemente van geestelike aard ("geeste")

Heelwat verskil van mening (Van Eck, 2007:138-140; Wilson, 2005:196; Garland, 1998:143; Dunn, 1993:212 e.v.) het al plaasgevind met betrekking tot die verstaan van hierdie woord. Angela Standhartinger (1999:19) skryf: *Was mit 'Stoicheia des Kosmos' gemeint ist, gehört zu den umstrittensten Fragen der kolosserforschung.* Kyk 'n mens na die kommentaar van kerkvader Eusebius Hieronymus (1999:54) by Galasiërs 4:3, dan kom die uiteenlopendheid van gedagtes reeds vroeg in die kerkgeskiedenis voor. 'n Finale antwoord sal hier dus nie bereik word nie. Die taak is egter om vas te stel of verantwoorde en geldige Skrifberoep deur Adams plaasvind. Vergelyk 'n mens die betekenisduiding *"presuppositions"* van Adams, met die nuut-verskene *Multivertaling Bybel* (2004:1535 e.v., 1559 e.v.; Van Eck, 2007:140 e.v., 165; asook Collins, 2000:391; DeMaris, 1992:444) in Afrikaans, dan is die gedagte aan "grond – beginsels" oftewel "aardse beginsels" of selfs "aardse grondbeginsels" 'n besliste moontlikheid. Van Bruggen (2004:117 e.v.; vgl. ook Cressey, 1996:309; DeMaris, 1992:445) voer drie redes aan waarom 'n betekenisduiding soos "wêreldgeeste, engelemagte" hier nie volhoubaar is nie:

- Dit gaan in vers 3 ook oor Jode. Hulle is aan die lewende God onderworpe, en nie aan engelemagte of afgode nie.
- Die woord *stoicheia* het 'n nie-persoonlike betekenis ("basisbeginsels, elemente"). Hoewel die woord oordraagbaar aangewend kan word om engelemagte of sterre aan te dui, het die woord nie 'n sodanige selfstandige betekenis nie.
- Wanneer gedink word aan kosmiese magte as betekenisduiding, moet wel onthou word dat hierdie woordgebruik pas na die Nuwe-Testamentiese era voorkom.

Wilson (2005:197) waarsku tereg: *We must beware of reading back ideas from a later period which may not have been present to the mind of our author.* Volgens Wilson is die primêre verwysing tog te soek in basisgegewens van leer of die basisbestanddele van die sogenaamde "Empedoklediese teorie", hoewel dit nie die ander betekenismoontlikhede uitsluit nie. Plümacher (1993:278; vgl. ook Longenecker, 1990:166; asook Van Eck, 2007:141) is van oortuiging dat Paulus hierdie woord op eie inisiatief gebruik. So kry Paulus dit reg om die basisdenke wat beheer uitoefen van sowel (gelowige) Jode, as (heidense) Nie-

Jode, onder dieselfde saambreel tuis te bring. Waaroor glad nie verskil van mening bestaan nie, is naamlik dat hierdie »στοιχεῖα« gedrags- en gedagtebepalend funksioneer (vgl. Gal. 4:9). Immers, die aard daarvan is »δουλεύειν« met ander woorde leefdominant, koersgewend, beheersend oftewel letterlik verknegtend. Dit vorm inderdaad: *a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another.*

## 2.7.2.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING IN DIE LIG VAN ADAMS SE SKRIFBEROEP MET BETREKKING TOT »στοιχεῖα/ον«

Adams kan toegegee word dat met 'n groot mate van geldigheid, in Gal. 4:3, 9 van "vooronderstelling(s)" sprake is.

## VERDERE SPORE VAN »στοιχεῖα/ον«

Hiermee is in terme van »στοιχεῖα/ον« die bespreking van sowel Galasiërs as Kolossense aan die orde gestel. Dit betref dan vier van die sewe keer dat hierdie woord in die Nuwe Testament 'n rol speel. Openbaringshistories droog die gesprek in hierdie verband op, aangesien met »στοιχεῖα« nie van 'n antropologiese sleutelwoord sprake is nie. Die Ou Testament lewer nie noemenswaardige bespreking op nie (vgl. Delling, 1971:666-687; Esser, 1986:451-3). In die Nuwe Testament kom »στοιχεῖα« nog voor in Heb. 5:12. Delling (1971:687; vgl. ook Esser, 1986:452) merk op dat hier duidelik van "eerste beginsels" sprake is. Ellingworth (2000:303; vgl. ook Lane, 1991:137 en Attridge, 1989:158 e.v.) deel dieselfde oortuiging. Veral die kwalifikasie »τῆς ἀρχῆς« gee hierdie sekerheid om »στοιχεῖα« as "beginsels" te verstaan. Die sterk aanwesigheid van ironie, dien as sleutel tot die verstaan van hierdie gedeelte (Lane, 1991:136). Dit gee dan ook aanleiding om die beheersende oftewel koersgewende funksie van "die woorde van God", voor oë stel: "the very ABC of divine revelation" (Bruce, 1990:135). Dit is wat veronderstel is om die gedrag van hierdie "heilige broeders" (Heb. 3:1) te bepaal. Maar, ómdat juis dít nie gebeur nie, dáárom blyk onderrig opnuut nodig. Kontra Wolmarans (2000:1680), is hier nie soseer sprake van stagnasie, mense wat in 'n onvolwasse geloofsfase vassteek, nie. Inteendeel is hier sprake van regressie, bewuste terugval (Attridge, 1989:159; Adams, 1996:42 e.v. en Ellingworth, 2000:304 – "the readers have fallen back"): *The idea of progressive stages, or of development and growth toward maturity, seems **not** to have been in his mind... With biting irony, the writer calls the community to acknowledge its maturity,*

*which has both ethical and theological ramifications for responsible life in the world* (Lane, 1991:137). Die "eerste beginsels" (basisonderwys) funksioneer met ander woorde nie soos wat dit veronderstel is om invloed uit te oefen op die lewe van hierdie Christene nie. Louw & Nida (1988:588) wys dan ook daarop dat »στοιχεῖα« verband hou met "basic principles which underlie the nature of something".

### 2.7.2.2 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT »στοιχεῖα/ον« IN HEB. 5:12

In Heb. 5:12 is sprake van 'n indirekte verwysing na vooronderstelling(s): »στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ« is veronderstel om die nodige koersbepaling, regulering, te laat geld, maar dit gebeur nie. By wyse van 'n bytende ironie blyk dit daarom in Heb. 5:12 dat onderrig opnuut moet plaasvind in die sogenaamde "eerste beginsels van die woorde van God", oftewel basisonderwys van die geloof. Wat natuurlik wel aan die lig tree in Heb. 5:12, is naamlik dat die »στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ« koersgewende, rigtingwysend behoort te wees, en dus te funksioneer as "*a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another*".

### NOG SPORE VAN »στοιχεῖα/ον«

»στοιχεῖα« kom ook nog voor in 2 Petrus (sowel in 3:10 as in 3:12), maar verdien nie hier bespreek te word nie, omdat dit ooglopend nie verband kan hou met "beginsels"/"vooronderstelling(s)" nie (vgl. Delling, 1966:686; Mounce, 1993:424; Friberg *et al.*, 2000:357). Verbrandbare elemente van fisiese aard is ter sprake (Esser, 1986:452; Van Houwelingen, 1993:89 e.v., 95 e.v.; Vergeer, 2000:1743 – "Die ou hemel en aarde sal verbrand en tot niet gaan"). Hoewel die verwante term in verbumformaat, te wete »στοιχεω«, slegs vyf keer in die Nuwe Testament voorkom (nl. In Hand. 21:24; Rom. 4:12; Gal. 5:25, 6:16; Phil. 3:16) en met "wandel" (OAV) vertaal kan word, vertoon die woordgebruik 'n merkwaardige neiging. Moulton & Milligan (2004:591; vgl. ook Friberg *et al.*, 2000:357; Mounce, 1993:424) wys in die klassieke *Vocabulary of The New Testament* daarop: *From meaning "am in row," "walk in line,"* ***στοιχέω*** *came to be used metaphorically, "walk by or in," as a rule of life.* »στοιχεω« tree dus pertinent op, om heen te wys waardeur die lewenswandel beheers, bepaal word (Mounce, 1993:424 "*to frame one's conduct* by a certain rule"), waarvan die afleiding gemaak kan word dat »στοιχεω« funksioneer in terme van "vooronderstelling":

=> dat u self ook wandel as een wat die wet onderhou (OAV – Hand. 21:24; NAV: "dat jyself die wet onderhou")

=> wandel in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham (OAV – Rom. 4:12; NAV: "glo, soos hy geglo het")

=> laat ons ook deur die Gees wandel (OAV – Gal. 5:25; NAV: "laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal").

=> wat sal wandel volgens hierdie reël (OAV – Gal. 6:16; NAV: "volgens hierdie beginsel leef")

=> laat ons volgens dieselfde reël wandel (OAV – Fil. 3:16; NAV: "koers hou")

Louw & Nida (1988:505) illustreer die semantiese domein van gedrag onder andere in terme van Gal. 5:25 en meen hier spesifiek aan te kan dui: "to live in conformity with some ***presumed*** standard or set of customs" (Kursiewe vetgedruk – JB). Floor (1998:153) merk op by Fil. 3:16: *Het punt dat zij door geloof en bekering bereikten is geen rustpunt maar een richtpunt! Het markeert de richting van de verdere weg . . . Dit punt moet hen allen richting geven. Er kan afstand zijn in vordering tussen de gelovigen, maar ze zijn allemaal gezet in dezelfde richting.* Hoewel Floor vanweë variante lesings in die grondteks 'n tweërlei uitleg bied, is daar nie 'n werklik saaklike verskil in geding nie. By die tweede lesing word beide die objektiewe doel en innerlike gesindheid bepaal deur dieselfde riglyn wat dieselfde koers inhou. Bruce meen by Gal. 5:25 soortgelyk op te merk (sien ook Betz, 1988 – "a military term": "march in line following the Spirit as the leader"; Fung, 1988:275 – "the Spirit as the regulative principle of believer's conduct"): *Walking by the Spirit is the outward manifestation, in action and speech, of living by the Spirit. Living by the Spirit is the root; walking by the Spirit is the fruit, and that fruit is nothing less than the practical reproduction of the character (and therefore the conduct) of Christ in the lives of his people* (Bruce, 2002:257). Regering, beheersing, is dus hier ter sprake, maar dan nie uit hoofde van 'n blote proposisie nie, maar deur die persoon van die Heilige Gees. Rienecker/Rogers (1980:518) wys daarop dat die teenwoordige tydsvorm 'n volhoudende gewoonte-aksie wil aandui. Betz (1988:294) wys egter daarop dat die hellenistiese filosowe »στοιχεω« gebruik in die sin van "om jou filosofiese beginsels na te volg". Gedrag moet hier wel ooreenkomstig die werking van die Gees plaasvind. Dit is waar die prioriteit is, maar wel met gelyke aksent op konkrete etiese gedrag (Betz, 1988:294). Paulus se voorliefde vir die "indikatief" – "imperatief" speel in sy woordgebruik hier 'n rol (Bruce, 2002:257). Van Bruggen (2004:157 e.v.) wil nog graag die nuanseverskil aan die lig laat kom en vertaal aldus: "Laten we ook door die Geest één gelid vormen". »στοιχῶμεν« bring so die sosiaal-korporatiewe

aspek sterk ter sprake. Die koersgewende, beheersende lewe ter sprake geld nie net vir 'n individu nie, maar vir die Christelike gemeenskap as geheel: "Wie geraakt zijn door de Geest behoren ook éénparig samen op te trekken" (Van Bruggen, 2004:168). By 6:16 hou "één gelid" (στοιχήσουσιν) verband met die nuwe skepping van God: *Het volk van de Geest heeft een nieuwe* **richt***lijn voor de gelederen. Op allen die zich voegen in dit nieuwe gelid van de Geest daalt Gods vrede en barmhartigheid neer* (Van Bruggen, 2004:168).

#### 2.7.2.3 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT »στοιχεω«

»στοιχεω« funksioneer in terme van "*a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another*". By Gal. 5:25, 6:16 hou »στοιχεω« wel die persoon van die Heilige Gees in, wat koersbepalend optree as "vooronderstelling". Hier is nie sprake van 'n blote proposisie soos by die hellenistiese filosowe nie. »στοιχεω« hou in Galasiërs en Filippense as heenwysing na "vooronderstelling(s)" ook verband met die sosiaal-korporatiewe aspek van Christenwees.

### 2.7.3 PERSPEKTIEWE NA AANLEIDING VAN ROM. 12:2 (μὴ συσχηματίζεσθε ... ἀλλὰ μεταμορφοῦσθε)

Tot sover is gesien dat daar nie alleen by Adams aangesluit kan word wat betref Gal. 4:3,9 nie, maar dat die Skrifgronde ten behoewe van Skrifberoep selfs verbreed kan word. Mack verwys in sy basisteoretiese begronding na Rom. 12:1-2. Die vraag ontstaan of hierdie gedeelte nie dalk méér inhou, wat ten behoewe van die pastoraat ontgin kan word nie. Beginnende by 12:1 raak Paulus in die Romeinebrief konkrete lewensgedrag aan (Van Bruggen, 2006:179). Tog, sulke optredes kan slegs voortspruit uit 'n heel ander lewens*visie* (Van Bruggen, 2006:182). *Christelike* funksionaliteit is daarvan direk afhanklik. Ook hierdie aansporinge is voorsien van 'n bewuste ("heilshistoriese" - Moo, 1996:755) pneumatologiese agtergrond en begronding (Rom. 6-8). »μεταμορφοῦσθε« ontplooi daarom as pneumatologiese woordkategorie (Cranfield, 1998:593 e.v., 607 e.v.; Stuhlmacher, 1998:169), "Neugeburt des Denkens" (Schlier, 1977:361). Moo (1996:745) skryf tereg: *The transition from Rom. 11 to Rom. 12 – which mirrors similar transitions in Ephesians (4:1) and 1 Thessalonians (4:1) – is not, therefore, a transition from "theology" to "practice," but from a focus more on the "indicative" side of the gospel to a focus more on the "imperative" side of the gospel.* »νους« word hier nie dieselfde gebruik as by sekulêre Griekse skrywers, soos die Stoïsyne en die

Hermetika nie (Barret, 1971:233; Dunn, 1988:714). "Denke", oftewel die "praktiese rede" (Moo, 1996:756 voetnoot 68, met verwysing na voetnoot 141, p. 118; Adams, 1995³:98; kyk ook Wilckens, 1982:7), "rasionaliteit" (Dunn, 1988:714) word aangedui, maar is nie noodwendig goed nie. Verandering oftewel vernuwing kan noodsaaklik wees. Van Bruggen (2006:182) benadruk boonop: *Of men het hier gebruikte woord (**nous**) nu weergeeft met "gemoed" (SV) of met "denken" (NBG-1951) of met gesindheid (NBV), in alle gevallen gaat het om een bewuste verandering of vernieuwing waardoor de lezers zelf gaan "ontdekken wat God van u wil".* Schlier (1977:361) wys ook in die verband op die *Nebensinn eines entchiedenen oder auch existentiellen Denkens, das Voraussetzung für eine kritische Entscheiding ist.* "Her-programmering" (Moo, 1996:756) is as 't ware op die oog. Dit hou verband met wat bekend staan as »σχημα«: *Christen sollen sich nicht in das »Schema«, d.h. in das konkrete Wesen dieser Weltzeit einfügen* (Wilckens, 1982:7; vgl. Van Bruggen, 2006:184). Verder, *Während σχῆμα die Form, die Gestaltung bezeichnet, ist μορφή auf die Existenzweise bezogen* (Lohse, 2003:336; vgl. ook Käsemann, 1980:317; Michel, 1978:371). »*Schema(s)*« is 'n sosiale gegewene en werk vormend en bepalend binne 'n spesifieke omgewing en tyd – hier Rome (Van Bruggen, 2006:184). Ook gelowiges kan, Christelik gesproke, disfunksioneel raak vanweë konformering tot sulke »*schema(s)*«. Die goeie nuus is egter dat gelowiges nie langer "the helpless victims of tyrannizing forces" hoef te wees nie, hetsy van buite of van binne: *Instead of going on contentedly and complacently allowing himself to be stamped afresh and moulded by the fashion of this world, he is now to yield himself to a different pressure, to the direction of the Spirit of God* (Cranfield, 1998:608). Hierdie gedagtelyn is werklik opvallend wanneer die huidige postmodernistiese tyd in beeld gebring word. Juis postmodernistiese taalgebruik soos »*diskoers*« attendeer op betekenisvolle taal, gesproke of geskrewe, wat die sosiale, epistemologiese en retoriese praktyke van 'n groep reflekteer (Jolliffe, 2001:101). So wil Michel Foucault (1926-1984), se »*epistémè*« daarna verwys: "to the ensemble of relations and the laws of transformation uniting all discursive practices at a given period of time" (vgl. Magaroni, 2001:112 e.v.). »*Subjektiwiteit*« dui in hierdie verband op die menslike self as 'n entiteit gekonstrueer deur en nie maar net 'n refleksie van 'n bepaalde kultuur se diskoerse, linguïstiese strukture en betekenisgewende praktyke nie (Clewell, 2001:382) nie: nie meer die "ek" as sodanig, geïsoleerd nie, maar die "ek in plurale verhouding" ontvang teenswoordig aandag. »*Schema*« by Paulus, hetsy struktureel in die samelewing of persoonlik-individueel, weerspieël die resultaat van verhoudinge. Hierdie aktualiteitsaanduiding met die oog op hedendaagse filosofiese strominge moet egter nie verwar word, as sou daar tussen Paulus en postmodernistiese skrywers innerlike

verbondenheid en prinsipiële verwantskap bestaan nie. Paulus tree openbaringshistories op. Posmodemistiese relatiwisme is hierby ontoelaatbaar.

»μεταμορφοῦσθε« druk pneumatologies uit wat gelowiges se denkverandering aandui (Wilckens, 1982:7). »*Schemas*« as beheersende en koergewende oortuigings, word dus deurbreek, deur middel van "vernuwing" (OAV) / "verandering". Die manier van dink bly nie dieselfde nie, wil iemand Christelik-normatief funksioneel wees. Hier is sprake van "transformasie", "remoulding", "remade": *Nicht mehr das, was jedermann sagt und denkt, bestimmt das christliche Leben, sodern die Glaubenden prüfen mit Hilfe ihrer an Christus orientierten Vernunft, was an dem von allen Gedachten und Gewollten wirklich gut und was verwerflich ist. Den Guten im Sinne Gotes eifern sie nach* (Stuhlmacher, 1998:170). Oliphint (2003:92) stel in hierdie verband, dat die manier hoe 'n mens dink, baie te doen het met die manier waarop jy lewe. Trouens, Van der Walt (2001:111), in refleksie op Rom. 12:1,2, wys tereg daarop dat 'n lewens*visie* verband hou met wat mense *doen*: Let wel – "beliefs that we *live*"! Paulus verrig sy missionêre taak, volgens Van der Walt, in terme van drie onlosmaaklike stadia. Na 'n aanvanklik "bekering-stadium", het Christene nodig om as kerk in die "kerklike stadium" gevestig te word. Hierdie twee stadia is onontbeerlik, maar dit is nie waar die Christelike lewe in sy sinsbetekenis stop nie. Die Christelike lewe strek verder en hou verband met wat 'n mens dink, oftewel die "beliefs that we *live*". Die twee genoemde stadia is nie te minag nie. Hierdie stadia is onverbreeklik verbind aan die derde fase. In die derde fase word egter die meeste Christelike energie bestee, naamlik die "koninkryksfase". Die koninkryksfase behels lewens- en wêreldbeskouing; die ontwikkeling van ons lewens as Christene. Hierdie proses is lewenslank. Dit hou nooit vir ons in hierdie bedeling op nie: "If we don't reform, we will conform to the deformation of this world" (Van der Walt, 2001:113).

In 'n boek wat 'n bietjie skou op die toekoms van gereformeerde teologie, deur die redakteure David Willis en Michael Welker (1999), te wete: *Toward the Future of Reformed Theology*, gebruik Brian Gerrish (1999:3) 'n treffende uitdrukking, wat hier passend is, naamlik "The Reformed Habit of Mind". Dink 'n mens dus aan die reformatoriese slagspreuk: *ecclesia reformata, semper reformanda*, skryf Gerrish (1999:15), dan figureer dit as 'n "habit of mind", en let wel: "To be Reformed is to *invite* criticism". Daarin lê genormeerde verandering (vgl. ook J.H. Van Wyk, 1995).

## 2.7.3.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING IN DIE LIG VAN ROMEINE 12:2

Paulus se paranetiese appèl in Rom. 12:1,2 behels in terme van lewens*visie,* oftewel "beliefs that we *live*", bewuste verandering (her-programmering). Deur die werking van die Heilige Gees verander »*schema(s)*« (vooronderstelling(s), verweef in die sosiale gedagtenetwerk waarbinne beradenes leef.

(a) **»σχημα«** by Petrus

**»σχημα«** speel ook nog 'n rol in 1 Petrus (1:14). Petrus se woordgebruik toon verwantskap met dié van Paulus (Adams, 1979³:35; Rienecker/Rogers, 1980:747; Kistemaker, 1987:60; Van Houwelingen, 1991:62 e.v.), hoewel hier by Petrus van 'n partisipium met imperatiewe krag sprake is: »μὴ συσχηματιζόμενοι«. Kelly meen dis volgens Rabbynse gebruik (1969:68; maar sien Marshall, 1991:52, se twyfel in die verband). Kelly (1969:68; ook Kistemaker, 1987, 60) argumenteer ook dat Petrus se woordgebruik, hoewel in 'n mate soos Paulus, tog selfstandig hanteer moet word. Die resulaat bly egter saaklik dieselfde, hoewel meer genuanseerd. Om die kommunikasiewaarde aan die lig te bring, sou 'n mens dit so kon uitdruk: "moenie julle »σχημα« nie". Sowel die OAV, as die NAV gee die betekenis weer met "lewe inrig" – "moet julle nie jul lewe inrig". Konformering (Van Houwelingen, 1993:62 e.v.), "to pattern" en in feite "to re-pattern" (Clowney, 2004:66 e.v.; Adams, 1996:241; 1979³:42-44) is ter sprake: *Deze begeerten vormden een schema, een standaardmodel waarnaar men zich onbewust richte. Zonder het zelf te beseffen (Hand. 17,30; Ef. 4,18) kan een mens zich ongemerkt laten beheersen door allerlei begeerten, vooral wanneer een normatief patroon ontbreek* (Van Houwelingen, 1993:62). Ook ouer eksegete het reeds daarop gewys wat hier aan die hand is: *eine Lebenshaltung zu verstehen, durch welche der Mensch sich den in dem gegenwärtigen Weltlauf vorherrschenden Anschauungen und Sitten anpasst . . . Het omvat denkwijze, spreekwijze, handelwijze, leefwijze, maatstaf van beoordeelen . . . enz* (Th. Zahn aangehaal en daarop verder uitgebrei deur Greijdanus, 1929:64). 'n Beheersende krag gaan daarvan uit (Brauman, 1986:709). Petrus skep met gebruik van hierdie segswyse 'n spanningsveld tussen die mens se natuurlike geaardheid enersyds en God andersyds: "Jy kan nie maar net doen waarvoor jy lus het nie . . . ons moet ons hele lewenswandel yk op God se heiligheid; **sý heiligheid is ons model**" (Fika Janse van Rensburg, 2000:1718; asook Michaels, 1988:57-9 met klem op "selfseeking" teenoor "make holiness your trademark once and for all"; en Groenewald, 1977:27 e.v. – "skema van die wêreld", "die skema van God").

Michaels (1988:57) wys daarop, dat anders as by Paulus in Rom. 12:2, kies Petrus nie vir 'n breë sosiale tydsraamwerk (τῷ αἰῶνι τούτῳ) nie, maar meer vir 'n persoonlike raamwerk, wat direk voorheen in sy lesers se lewe aanwesig was (ταῖς πρότερον . . . ὑμῶν ἐπιθυμίαις).

### 2.7.3.2 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT »σχημα« BY PETRUS

»*Schema(s)*« as beherende en koersgewende patroonmatigheid waarvolgens die lewe ingerig word, figureer in 1 Petrus 1:14 meer persoonlik as by Paulus. Die spanningsveld: Selfgesentreerdheid – Heiligheid van God figureer. Vooronderstelling(s) hou hier nie bloot verband met 'n proposisie nie maar met die Lewende God as heiligingsmodel. Daarin ontvou die karakter van vooronderstelling(s).

(b) **»μορφή«** by Paulus

**»μορφή«** so is gesien, vorm deel van die "νους"-aktiwiteit, wat 'n praktiese verskil maak in die daaglikse leefervaring. »μορφή« sluit boonop die "Existenzweise" in (Lohse, 2003:336; vgl. ook Käsemann, 1980:317; Michel, 1978:371). Nie alleen die patroonmatigheid waarvolgens gekonformeer word kom, dus vooronderstellend in beeld nie, maar ook wat dit inhou – "a thorough renewal of the whole man" (Braumann, 1986:708). »μορφή« in die sin van uiterlike-liggaamlike verandering kom voor in byvoorbeeld Matt. 17:2; Mark. 9:2 (16:12). Verhoef (2000:41) meen dat die "μορφή"-betekenis van Fil. 2:6,7 (3:21) onder andere daarin lê dat Christus, wat die beeld van God in absolute sin is – die beeld wat die mens veronderstel is om te wees – kom vertoon het. Die krag van metaforiese en wel pneumatologiese ("μορφή") verandering, tree aan die lig in 'n gedeelte soos Rom. 12:2. Trouens, so merk Braumann (1986:706) op, hoewel karig gebruik in die Nuwe Testament, is die "μορφή"-woordgroep eintlik kenmerkend Pauliniese materiaal. Daarvan is die volgende verwysings vir die huidige ondersoek wel ter sake:

=> word ons van gedaante verander na dieselfde beeld (OAV – 2 Kor. 3:18)
=> totdat Christus in julle 'n gestalte verkry (OAV – Gal. 4:19)
=> mense wat 'n gedaante van godsaligheid het (OAV – 2 Tim. 3:5)

Binne die konteks van Paulus se Christelike Evangelieverkondiging, word daarvan uitgegaan dat Jesus Christus in die daaglikse handel en wandel van gelowiges "μορφή"-bepalend is (Van Bruggen, 2004:126). Nie net jou "νους"-dinamika nie, maar jou Christelikheid in sy geheel, behoort dus "μορφή"-getuigend te wees. Verder wys Bruce (1982:213) daarop: *It is not that Paul sees two stages in Christian experience – being justified by faith and having Christ formed within one – it is rather that the one implies the other*. . . Praktiese en teologiese lewenskeuses weerspieël die vooronderstelde "μορφή"-karakter wat dit inhou. Soos 'n bepalende »μορφή« (as essensiële beeld, nie bloot in schema-patroonmatigheid nie) in jou vorm aangeneem het, as deel van die "νους"-dinamika, sal jy dus lewe: "in submission to him they may reflect his image and glory in their lives" (Fung, 1988:203).

Lotter (1993:72; 2005:495) dui 2 Kor. 3:18 aan as een van die "mees kardinale tekste" rakende die werk van die Heilige Gees in die gelowiges en die verhouding tussen die Heilige Gees en Jesus Christus. Die Heilige Gees getuig nie van Homself nie, maar van Christus. Immers, konkludeer Lotter (1993:75; 2005:495 e.v.) dat; die beeld wat die gelowiges uitstraal, is naamlik die beeld van Christus wat in die gelowige vorm kry en dan na die wêreld vertoon word. Uiteindelik vorm dit 'n "besonder belangrike" werk van die Heilige Gees, wat konkreet verband hou met Gal. 5:22. Wanneer Harris (2005:316; vgl. ook Barnett, 1997:207) 2 Kor. 3:18 eksegeties bespreek, betrek hy die "μορφή"-betekenis van Rom. 12:2. Soos Fung by Galasiërs na vore bring, net so wil »μορφή« hier "the essential person" aandui (Barnett, 1997:207). Garland (1999:201) wys dan ook op die verbintenis tussen Gal. 4:19 en 2 Kor. 3:18, dat hierdie beeldvorming eintlik neerkom op 'n deurlopende proses, wat telkens weer moet plaasvind (Lotter, 1993:74, 130 – vgl. ook p. 80 vir 'n soortgelyke opmerking i.v.m. »ἀνακαινοῦται«).

»μορφή« funksioneer op 'n nog dieper vlak binne die "νους"-dinamika, as wat met »σχημα« die geval is: "We can never encounter God and remain unchanged" (Garland, 1999:200). Nie bloot die uiterlike patroonmatigheid van die "νους"-konformering is aan die orde nie, maar die "werklike wese" ("real being"). 'n Mens sou kon sê die patroonmatigheid in sy konkreet-eksistensiële "νους"-manifestasie, wat van "binne-uit" aan die lig tree, as ontboeseming van die wérklike innerlike. "To change the inward reality" is aan die orde (Rienecker/Rogers, 1980:461). Dit is waaroor hierdie "μορφή" – aktiwiteit handel. In terme van "*a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another*", kan dus geformuleer word; hier is sprake van eienaarskap, sélfonderwerping en –identifikasie met die gekonformeerde "belief". Dit is nie maar net uiterlik oftewel "van buite" nie. Daar sit innerlike dryfkrag agter: "It is a moral axiom that

we become like the gods we serve (see Rom. 1:18-32)" (Garland, 1999:200). Barnett (1997:207) vind dat die kombinasie »εἰκόνα μεταμορφούμεθα« hier en »συμμόρφους τῆς εἰκόνος« in Rom 8:29 spesifieke vermelding vereis. Verhoef (2000:34 e.v.; vgl. ook Lotter, 1993:75; 2005:495 e.v.) wys in hierdie verband op die eskatologiese doelbereiking wat aan die lig tree in verhouding tot die beeld van Christus, deur middel van die "μορφή"-dinamika. »μορφή« verbind dus sodanig met die antropologiese sleutelwoord wat vir die pastoraat kernbelangrik is, naamlik "beeld van God": "Here Paul is drawing upon the language of the early chapters of Genesis, where man is created in the image of God (Gen 1:26-7 . . .)" (Barnett, 1997:207; vgl. ook Garland, 1999:200). Lotter (1993:74; 2005:493) benadruk tereg dat hierdie »μορφή« aktiwiteit slegs deur die Heilige Gees kan plaasvind: *Alhoewel die gelowige passief is by die aanvang en verwerkliking van die heil, is hy tog nie onbetrokke nie. Die mens is aktief by die "uitstraling" of "weerspieëling" van die toegerekende heil in Jesus Christus deur die Heilige Gees.* Lotter formuleer opvallend verder: *Die »μεταμορφούμεθα« is nie doel op sigself nie, maar kom van God om weer terug te keer tot God* (1993:76; 2005:496).

2 Tim. 3:5 maak duidelik dat »μορφή« ook net 'n skynheilige drogbeeld kan wees. Onderskeiding is dus wel van belang, om jou deeglik te vergewis van die werklike dryfveer agter iemand se sogenaamde "Christelikheid".

### 2.7.3.3 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT »μορφή« BY PAULUS

Jesus Christus is "μορφή"-bepalend in die daaglikse handel en wandel van gelowiges, in die lig van Gal. 4:19. In die lig van 2 Kor. 3:18 funksioneer »μορφή« op 'n nog dieper vlak binne die "νους"-dinamika, as wat met »σχημα« die geval is. 'n Mens sou na aanleiding van 2 Kor. 3:18 kon sê, »μορφή« hou verband met die patroonmatigheid in sy konkreet-eksistensiële "νους"-manifestasie, wat van "binne-uit" aan die lig tree, as ontboeseming van die wérklike innerlike. By »μορφή« is sprake van eienaarskap, sélfonderwerping en -identifikasie met die gekonformeerde "belief", maar wel as werk van die Heilige Gees. »μορφή« verbind in terme van Rom. 8:29 met die antropologiese sleutelwoord wat vir die pastoraat kernbelangrik is, naamlik "beeld van God". In die lig van 2 Tim. 3:5 is onderskeiding dus wel van belang, om jou deeglik te vergewis van die werklike dryfveer agter iemand se sogenaamde "beeld van Christelikheid", as weerspieëling van die toegeëiende "oortuigings" (beliefs), waarvoor eienaarskap bestaan.

## 2.7.4 PERSPEKTIEWE IN DIE LIG VAN 2 KOR. 10:4,5 (πᾶν νόημα)

Om nog by Pauliniese materiaal te bly, word nou gekyk na die gedeelte wat Mack (1994:219) per voetnota bestempel as "often overlooked". Joyce Meyer (1995:11, 18, 144,192, 320 e.v.; vgl. ook 2003:67; 2004:26, 237; 2007:3 e.v., 6, 8, 73, 80. 108, 185) het intussen 2 Kor. 10:4,5 gepopulariseer deur haar blitsverkoper *Battlefield of the Mind: Winning the Battle in Your Mind.* Reeds meer as 'n miljoen eksemplare is verkoop. Die boek het sopas (2007) in Afrikaans verskyn as *Wen die Stryd in jou Gedagtes: Behaal jou belangrikste oorwinning ooit.*

Paulus se uitspraak in 2 Kor. 10:4,5 lyk nie met die eerste oogopslag veel met die huidige navorsingstema te doen te hê nie. Dis nie soseer 'n "beradingsituasie" wat hier aan die orde is nie. Dit is meer bewus-polemies. Die situasie is wel pastoraal. Beraders, as bedienaars van die goddelike Woord, is daarom, in terme van hierdie gedeelte "denke/gedagte"-bewus en "denke/gedagte"-gerig. Daaroor gaan die navorsingstema immers wel! Carson (2005:211) spreek wyse woorde as hy in verband met 1 & 2 Korintiërs skryf: *The forms of Paul's arguments in these letters betray a man with outstanding pastoral concern.* Kern van die saak is bloot dat daar 'n stryd om "denke/gedagtes" aan die gang is (Witherington III, 1995:438; Adams, 1994[3]:161). Konflik – disfunksionaliteit in Christelike sin – word binne die konteks van hierdie gedeelte deur "denke/gedagtes" veroorsaak. "Denke/gedagtes" maak dus die kardinale verskil – hetsy in gehoorsaamheid aan Christus of nie. Die gemeente van Christus (korporatief gesproke) en die gemeentelede van Christus (individueel gesproke), raak verlore, of gewen, deur die rol van "denke/gedagtes". Net soos wat Paulus sy militêre beeld hier gebruik om aan te toon dat die bediening en apostelskap daaroor gaan om "denke/gedagtes" gevange te neem, net so kan 'n mens daaruit aflei dat ongehoorsaamheid aan Christus plaasvind deur "denke/gedagtes". Gegewe die teenstander-konteks, dui hierdie »λογισμοί« op "use of reason" (Martin, 1986:306), "forms of argument", "reasonings" (Thrall, 2000:612), in ieder geval "gedagtes" (Barret, 1990:5), hoewel Harris (2005:681) nadruklik wys dat dit nie as neutraal verstaan word nie. Maar, sterker nog: *Wat onder ons religie, ideologie, wereldbeschouwing, levensopvatting heet, is hier in het woord bedenksel samengevat* (Pop, 1971:293). Hier is dus van beheervoerende denke–in–die–diepte sprake, verbind met dieptestrukture van optrede en ervaring (vergelykbaar met "designs and schemes" – Carson, 1984:50): *When he tells us that his weapons demolish **arguments**, therefore, he does not simply mean that he can out-debate any opponent and drive him shamefaced from the stage. He means something far more: his weapons destroy*

*the way people think, demolish their sinful thought patterns, the mental structures by which they live their lives in rebellion against God . . . What Paul has in mind is related to the very fountainhead of sin in our lives* (Carson, 1984:47).

Nie net die denke/gedagtes van die teenstanders is in geding nie, maar duidelik ook die »λογισμοί« van die gemeente vir wie Paulus hier stry (Barnett, 1997:466). Beheersende "denke/gedagtes by beradenes", is as 't ware hier 'n sleutelkwessie. Ten diepste behoort beraders hulleself dus af te vra: Watter – beherende – "denke/gedagtes" weerhou beradenes om Christus deur hulle lewens te verkondig? Dit kom nadruklik uit in die beskrywing »πᾶν νόημα«, "every scheme" – "faulty patterns of thought" (Harris, 2005:683), met ander woorde "as representative of the whole 'intellective centre' of one's being" (Furnish, 1986:458), "the result of the activity of the mind, νοῦς" (Thrall, 2000:613 e.v.; ook Lang, 1994:329). Matera (2003:224; vgl. ook Harris, 2005:683) lê hier ook 'n verband met 2 Kor. 4:4 (vgl. ook 2 Kor. 11:3), waar νόημα as "verblind" figureer, en onder beheersing staan van die duiwel. So, is dan ook weer 'n verdere terugverbinding moontlik met die rol van die duiwel in die Paradysgebeure met Eva. Keuses, emosies en optredes hou verband met beheersende "gedagtes" en "denke" (Hughes, 1962:353): *This we know to be diagnostically sound, in respect of human psychology and physiology as well as of religious life, for man's inner motives are fount of his action; mind and will determine his conduct; and his attitudes are the effect of the presuppositions of his philosophy of life* (Hughes, 1962:351 e.v.). Frame (1987:128) se epistemologiese opmerking het sekerlik eksegeties-verantwoorde betrekking: "All knowing is theologizing!"

### »νοημα« OP ANDER PLEKKE BY PAULUS

»νοημα« (wat deel vorm van die »νους« woordgroep en die resultaat vorm van die werking van die "νους") is natuurlik by uitstek, byna eksklusief, 'n woord van die tweede brief aan die Korintiërs. Vyf van die ses kere wat »νοημα« in die Nuwe Testament gebruik word, is wel in 2 Korintiërs. Al ses keer is dit die apostel Paulus wat die woord inspan. Behalwe vir Fil. 4:7 vertoon die woordgebruik 'n oorwegend negatiewe kleur (Behm, 1967:961; Martin, 1986:306). Barret (1990:120, 273) wys 'n nuanse in betekenis, wat implikasie het vir vertaling, hetsy as "planne" of as "sinne"/"gedagte". Bultmann (1985:50, 86, 186) wys ook nog daarop dat gedagtevorming in terme van »νοημα« innerlike aspirasie oftewel doelbewustheid vertoon. Sowel in 2 Kor. 3 as in Fil. 4 tree »νοημα« in noue verband op met »καρδια« (Barnett, 1997:193; Harris, 2005:305). Trouens, in Fil. 4. vorm »νους« (verstand), »καρδια« (hart) en »νοημα« (gedagtes) selfs 'n drieling (Silva,

1988:225). Martin (1986:69) stel dit selfs so sterk; »καρδια« tree op as ekwivalent van »νοημα« in 2 Kor. 3. Die gebruik in Filippense laat O'Brien (1991:498) egter konkludeer dat dit beter lyk om "καρδία" op te vat as 'n beskrywing van die hele mens uit 'n emosionele en voluntatiewe gesigshoek, terwyl "νόημα" op die verstandelike aspekte fokus. Hoe dit ook al sy, hierdie funksie kan sodanig belemmer word dat die vermoë ontbreek om op te merk hoe dit aan jouself te wyte is dat die gevolge van die sonde 'n verblindende impak op jou waarneming het (Grosheide, 1959:105 i.v.m. 2 Kor. 3:14). Garland (1999:437; vgl. ook Furnish 1986:461, 464) benadruk by 2 Kor. 10:4,5: *Their thoughts need to come under the Lordship of Christ and to be liberated from the captivity of Satan . . . When Paul is certain enough of the basic Christian commitments of the congregation, then his own hand will have been strengthened to deal with every disobedience of the interlopers.* Beradenes kan dus, teologies gesproke, as Christelik funksioneel beskou word, wanneer "gehoorsaamheid aan Christus" bereik is in terme van gedagtes (vgl. Fil. 4:7 – Gräßer, 2005:88).

#### 2.7.4.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT VAN 2 KOR. 10:4,5 (πᾶν νόημα) EN ANDER PLEKKE

Vooronderstelling(s) speel verseker in 2 Kor. 10:4,5 'n rol. Keuses, emosies en optredes te midde van konflik hou in 2 Kor. 10:4,5 verband met beheersende "gedagtes" en "denke". Die intellektuele funksie in verband met beherende gedagtes kan belemmer word, sodat die vermoë by beradenes ontbreek om op te merk dat die gevolge van die sonde 'n verblindende impak het op jou waarneming. Ten diepste behoort beraders hulleself na aanleiding van 2 Kor. 10:4,5 dus af te vra: Watter – beherende – "gedagtes" (vooronderstellings) verhinder beradenes om Christus deur hulle lewens te verkondig?

#### »νοεω« IN MATTEUS EN MARKUS

Op voetspoor van **»νοεω«** word aandag bestee aan die Skrifbasis wat Markus 7 bied (»νοεω« kom o.a. voor in Matteus 15:17; 16:9 en 11, maar word nie bespreek nie vanweë onderstaande bespreking). Markus 7:18-23 ontvang nou aandag, wat Wayne A. Mack (1994:219) gebruik vir sy basisteoretiese fundering. Hoofsaak vir Mack hou hier verband met "sin as inner problem", met ander woorde "the inner part of us that influences how we will act". Die oogmerk is om 'n meer genuanseerde gevolgtrekking te verkry. France

(2002:288 e.v.) wys daarop dat hier nie soseer van 'n "spesifieke regulasie" oftewel "kasuïstiek" sprake is nie, maar van "basiese beginsels". Die leser behoort wel te dink aan "fundamentele gesindhede" (France, 2002:285) binne die breër geheel van Mark. 7:1-23. Die perikoop bring die Messias aan die lig, in sy ***leergesag*** teenoor dié van die Fariseërs as bewakers van die oorleweringe van die vaders (Van Bruggen, 1988:162-166; Van Bruggen, 1990:283-289; Tolmie, 2000:1209 e.v.). In Mark. 7:14-23 gaan dit egter nie meer oor die breë skare nie, en die direkte konfrontasie met die Fariseërs en sommige van die Skrifgeleerdes nie. Die intieme kring van die Messias se leerlinge is hier die gespreksgenote, en wel teen die agtergrond van die konfrontasie met die Fariseërs en sommige van die Skrifgeleerdes. Met die skare het Jesus in 'n gelykenis (tegnies gesproke 'n spreuk) gepraat. Die dissipels wil nou meer weet. Kontra die uitleg van France (2002:277, 290 e.v.; asook Davies & Allison, 2004:517, 539), is hier nie bloot van 'n polemiek sprake oor uiterlike en innerlike reinheid met die bestaande leiding van Israel nie: *Het bijzondere van vers 15 is, dat Jezus de noodzaak van innerlijke reinheid naar voren schuif* ***met loslating van de spijswetten***. *Op* ***dat*** *punt is zijn woord schokkend . . . Door deze goddelijke en nieuwe wetgeving pretendeert Jezus impliciet de volmacht van God zelf te hebben. Hij is goddelijke wetgever in Israël.* (Van Bruggen, 1988:163 – Beklemtoning VB)

Wat maak ten diepste die verskil tussen die leergesag van die Fariseërs en Jesus? Kom dit wérklik neer op die blote kwessie van rein-onrein, uiterlik-innerlik? Van Bruggen (1988:162-166; 1990:286) argumenteer tereg: Nee. 'n Nog diepere saak behoort hier aandag te kry. Die vooronderstelling ter sprake, hou ten diepste verband met Messiasbeskouing. Juis in hierdie verband maak Jesus dan ook sy leerlinge verwyt: "ὑμεῖς ἀσύνετοί ἐστε; οὐ νοεῖτε". Hulle het innerlik self nog nie die tradisie losgelaat nie, al volg hulle vir Jesus, die Gesalfde van God!: *De geweldige messiaanse pretentie die hier aan de dag treedt, is snel door de vijanden met ergernis opgemerkt (Mt. 15,12), maar zij is door de leerlingen slechts langzamerhand met gehoorzaamheid beantwoord* (Van Bruggen, 1988:165; vgl. ook Van Bruggen, 1990:288).

Oor die kwessie van rein-onrein, uiterlik-innerlik is die Fariseërs en Jesus dit trouens met mekaar wel eens. 'n Besinningsgeleentheid oor die dieperliggende en funksionerende vooronderstelling ontstaan. Die wérklike verskil, in terme van *a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another*, tussen Fariseërs en Jesus is per slot van rekening oor die uitgange van die "hart". Die vooronderstelling onthul die identiteit en gesag van DIE VERLOSSENDE GOD. Juis dit maak die merkbaar

praktiese verskil van hoe 'n Christen wil lewe en graag die lewe inrig. En as dit so is, dan val die funksionering van onder andere "οἱ διαλογισμοὶ" ("gedagtes" – v. 21) binne hierdie konteks wel op, na aanleiding van die vooronderstelling in geding; Jesus die Messias, is die goddelike wetgewer in Israel!

### 2.7.4.3 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT »νοεω« IN MATTEUS EN MARKUS

Vooronderstelling is in Markus 7:14-23 ter sprake. Die vooronderstelling in Markus 7:14-23 hou ten diepste verband met Messiasbeskouing: Is Jesus van Nasaret (gebore te Betlehem) die goddelike wetgewer in Israel? Die vooronderstelling in Mark. 7:14-23 onthul die identiteit en gesag van DIE VERLOSSENDE GOD. Juis dit maak die merkbaar praktiese verskil van hoe 'n Christen wil lewe en die lewe inrig, al verskil dit van duidelike voorskrifte in die Ou Testament na aanleiding van die vooronderstelling in Mark. 7:14-23, te wete Jesus as die Gesalfde (Messiaans), gesagvolle wetgewer, val die funksionering van onder andere "οἱ διαλογισμοὶ" ("gedagtes" – v. 21) binne hierdie konteks op.

### BEGRENSING IN TERME VAN DIE »νους«-WOORDGROEP

Harder (1986:124 e.v.; vgl. Behm, 1967:949 e.v. en i.v.m. »διάνοια«, p. 965) wys daarop dat die »νους«-woordgroep verbasend min gebruik word in die LXX. Die rede daarvoor is dat die spesifieke rol van »νους« in die Griekse literatuurwêreld, eers na die afronding van die O.T. as kanoniese eenheid na vore begin kom het: "*nous* did not enter the OT tradition until the post-canonical, apocryphal era" (Harder, 1986:125). Die veel ryker begrip "hart" word ("tipies") deurgaans in die Ou Testament gebruik: *in OT thought the heart is the seat of intellectual processes . . . In the OT the understanding belongs together with the will, and aims less at theoretical contemplation than at right conduct . . . this insight is not regarded as an independent achievement of man using his critical faculty* (Harder, 1986:124 ; vgl. Fretheim, 1996:652). Die bekende samevatting van die wet in onder andere Luk. 10:27 (Mark. 12:30 e.v. en Matt. 22:37), wat teruggaan op Deut. 6:5, illustreer dit waaroor Harder praat (vgl. ook by Bock, 1996:1025). In Deuteronomium is slegs sprake van –

- בְּכָל־לְבָבְךָ (*καρδίας*)
- וּבְכָל־נַפְשְׁךָ (*ψυχῆ*)
- וּבְכָל־מְאֹדֶךָ (*δυνάμεώς*)

»*τῇ διανοίᾳ*« dien as latere byvoeging in die tyd van Jesus, wat rekening hou met die Griekse denkwêreld. Hoewel die funksie daaroor gaan om 'n "omvattende totaalbeeld" te gee (Van Bruggen, 1988:273), maak dit ook duidelik dat die »νους« aspek van die Griekse literatuurwêreld, nie só in die Ou Testament voorgekom het nie. Dit beteken egter nie dat 'n ondersoek na vooronderstelling(s) in die Ou Testament oorbodig of selfs onmoontlik is nie. Byvoorbeeld: Oliphint (2003:6-13) wys in hierdie verband op die jonge Dawid se grondoortuiging, wat in 1 Sam. 17:47 aan die lig tree, te wete: "die stryd behoort aan die HERE". Met ander woorde, »יְהוָה« is lotsbeskikker en sy lotsbeskikking is heilgewend. Hierdie grondoortuiging het per slot van rekening verskil gemaak in terme van emosie, gesindheid en gedrag, tussen Dawid en sy broers, tussen Dawid en Saul, asook tussen Dawid en Goliat. Dit strek tot getuienis van die heil wat daar uit Israel is. Dawid se gesindheid, optrede en die resultate van die geveg, het presies hierdie koersbepalende grondoortuiging, nie net as persoonlike getuienis nie, maar as 'n openbaringshistoriese feit laat triomfeer, met groot pastorale betekenis.

### 2.7.4.4 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT DIE »νους«-WOORDGROEP

Die »νους« aspek van die Griekse literatuurwêreld, het nie so in die Ou Testament voorgekom nie. Begrensing van die ondersoek in hierdie verband is daarom 'n noodsaaklikheid, hoewel dit nie inhou dat 'n ondersoek na vooronderstelling(s) in die Ou Testament oorbodig of selfs onmoontlik is nie (vgl. 1 Sam. 17:47).

Daar is nog een Skrifgedeelte waarop die aandag gevestig wil word. Daarin kom aan die lig dat vooronderstelling(s) beslis verband hou met "hart" as antropologiese sleutelwoord waarin heelwat rykdom opgesluit lê met die oog op pastorale berading.

## 2.7.5 PERSPEKTIEWE IN DIE LIG VAN 1 PET. 3:15 (Ἁγιάσατε ἐν ταῖς καρδίαις ὑμῶν)

Frame (1994:6 e.v.; vgl. ook Oliphint, 2003:15-34) wys daarop dat presupposisionaliteit ten grondslag lê aan 1 Petrus 3:15-6. In die woorde van Martin (1992:286): hier is sprake van "ardent devotion and commitment to Christ, not simply to a moral ideal". Vertalers kry dan ook die riglyn om vir »*κύριον* δὲ τὸν Χριστὸν *ἁγιάσατε*« as naaste ekwivalent "worship Christ" te gebruik (Arichea & Nida, 1980:106). Dit staan in skrille kontras tot die verloop van die geskiedenis. Bolkestein (1972:135) wys daarop dat apologie in die loop van die geskiedenis 'n slegte klank verkry het: *In deze apologetiek gaat men eigenlijk buiten de kerk, buiten het geloof, staan en poogt men op het terrein en met de methoden van de ander, de ongelovige, hem het evangelie als waarheid te bewijzen.* Dit klop nie met Petrus se bedoeling nie. Inteendeel, met verwysing na Blaise Pascal (1623-1662), asook die titelblad van die 1561-teks van die Nederlandse Geloofsbelydenis, moedig Bolkestein (1972:136) Petruslesers aan om "getuigend spreken" hier te lees. Op geen punt tree die gelowige 'n "neutrale" sfeer binne nie (Frame, 1994:4). Maar, hoe kan dit gebeur? John M. Frame (1994:6 e.v.) meen Petrus moedig sy lesers aan om die koningskap van Jesus Christus as "ultimate presupposition" te hanteer: "An ultimate presupposition is a basic heart commitment, an ultimate trust". Let wel (!), dit is nie 'n klinies-neutrale "gedagte/idee" waaraan jy moet vashou nie. Dit is die lewende, opgestane Messias! »*Κύριον* δὲ τὸν Χριστὸν *ἁγιάσατε* ἐν ταῖς καρδίαις« lui die aansporingswoorde. Word saam met Van Houwelingen (1991:34 e.v) aanvaar dat 1 Petrus bedoel is as 'n rondsendbrief (vgl. ook Fika Janse Van Rensburg, 1993:1944; Achtemeier, 1996:62; Elliot, 2000:12; De Klerk & Fika Janse Van Rensburg, 2005:22; Feldmeier, 2005:21-3), word ook saam met Van Houwelingen (1991:36 e.v.) aanvaar dat die hooflyn van die brief bemoediging inhou te midde van lyding (vgl. ook Fika Janse Van Rensburg, 1993:1944 e.v.; Achtemeier, 1996:64 e.v.; Elliot, 2000:103-9; ), verdrukking (vgl. verder Fika Janse van Rensburg, 2003:853; De Klerk & Fika Janse Van Rensburg, 2005:59) – dan is hier wel sprake van 'n pastorale situasie, met beradings*élan*. Petrus bied dan model-pastoraat (Clowney, 2004:15), en wel van presupposisionele aard. Soos Clowney daarop beradene-relevant wys: "*Our deepest needs drive us to our deepest beliefs*". Die uitdrukking »ἐν ταῖς καρδίαις ὑμῶν« val op. Goppelt (1978:236 voetnoot 23 verwys terug na bl. 130) verklaar καρδία as: "der Wurzel des Denkens und Wollens". Elliot (2000:626) meen καρδία dui selfs "the organ of thought, disposition, and intention", oftewel "the internal origin of this commitment" (Elliot, 2000:387). Van Houwelingen (1991:124; Adams, 1996:273) verbind op hierdie spoor ook "hart" met "diepste oortuiging". Bolkestein (1972:65) verwoord nog sterker, te wete:

"centrum van het leven" (vgl. ook Schelke, 1970:100; asook Achtemeier, 1996:232). En, Groenewald (1977:62) stel: *. . . vanwaar alle lewensuitinge hulle oorsprong het . . . Die denke, wil en gevoel – alles kom op uit die hart (vgl. Mark. 7:18-23). Dus as die hart "heilig" is omdat Christus daar erken word as Here, d.i. volstrekte Heerser, sal die uitinge van die hart ook heilig wees (vgl. 1:22).*

Pastoraal gesproke ontvang Petruslesers dus só bemoediging, om "hoop" plek te laat maak vir die emosie van "vrees". Daardie hoop kan getuigend aan ander meegedeel word. Dit kan slegs gebeur omdat »καρδια« ook verband hou met "to originate in, and thus control, the central reality of the person involved" (Achtemeier, 1996:137) – "the core self" (Davids, 1990:131). *»ἁγιάσατε«* maak kliniese "neutraliteit" gewoon 'n onmoontlikheid. Petruslesers word hier (bevelend) aktief ingeskakel en wel pneumatologies (Elliot, 2000:626; ook Fika Janse van Rensburg, 1993:1947). Die handeling om te "heilig" (vgl. OAV) of "eerbiedig"/"toewy" (Multivertaling Bybel) – "acknowledge or declare to be holy", "set apart" (Michaels, 1988:187, vgl. verder ook nog Elliot, 2000:625) funksioneer binne die breë pneumatologiese raamwerk, wat reeds in 1:2 aangekondig is. Van der Walt (1999:24) wys dus tereg daarop dat jou waardeleer begin by God as Normgewer – na aanleiding waarvan die mens normatiwiteit (normes/beginsels) ontwikkel – waarvolgens waardes (die praktiese uitleef/nie uitleef van norme) realiseer. Du Plessis (1999:33) formuleer ook tereg: "Daarom is Christelike waardes nie net kerklike waardes nie. Dis meer. Die koninkryk van God is daar **waar Christus as Koning erken word** in die gesin, in die ekonomie, in ons werk, ons sport, ons kuns, ensovoorts" (Vetgedruk – JB). Fika Janse van Rensburg (2000:1726) se Petrus-verklaring maak gebruik van nadruklike presupposionele woordgebruik: *Eers gee Petrus **'n vertrekpunt** met betrekking tot die houding teenoor en reaksie op verontregting (**3:13–17**) . . . Petrus neem in **3:13** as vertrekpunt die **tipies menslike verskynsel** dat 'n mens jou optrede laat bepaal deur ander mense se optrede teenoor jou . . . Die oomblik wat jy egter begin terug kwaad doen, het jy gewys dat jy **vir mense bang** is en dat jy toelaat dat hulle **jou afskrik** van jou voorneme om jou gedrag deur die Here te laat bepaal (**3:14**).* (Vetgedruk: FJvR). Die woordgebruik "vertrekpunt" en "voorneme" is betekenisvol. Vervolgens tref 'n mens nog duidelik terapeutiese aspekte aan, soos omgewing ("ander mense"), emosie/gemoed ("bang"; "afskrik"), gedrag/optrede ("kwaad doen"; "toelaat"), asook gedagtes ("houding teenoor verontregting"). En, dit voer beslis nie te ver om die aspek van liggaamlike reaksie hierby in te sluit nie, hoewel Fika van Rensburg dit nie eksplisiet noem nie. Die merkwaardigheid van hierdie verklaring sal in hoofstuk 3 nog sterker aan die lig kom. In ieder geval word dit eksegeties duidelik dat die hartsgebeure

waaroor Petrus dit het, verband hou met koersgewende ***denke*** wat bysturing (sterker, "vervanging") noodsaak, wil Petruslesers Christelike funksionaliteit behou. Clowney (2004:147) wys ook nog dat hierdie koersgewing van beheersende hartverbintenis ("more than mental assent"), verband hou met geheue. Petrus kan proefondervindelik getuig (vgl. Matt. 8:26, 14:30; Mark. 4,40, 6: 50). Hy herinner basies aan die woorde van sy Leermeester (vgl. Matt. 10:28). In die woorde van Oliphint (2003:30 e.v.) dus: *They are to set **Christ**, not **fear**, apart as Lord of their hearts . . . This is how we should train ourselves to think . . . in a way that causes us to think differently.* Die belangrike afleiding is dus: Wanneer God volstrek in beheer van jou hart is, dan is dit nie negatiewe emosies wat jou onderkry nie. Nee. Jy is selfs in staat om hoop te ervaar en daarvan te kan getuig. Jou positiewe getuienis maak deur middel van 'n mens se koersgewende denkprosesse aan ander jou innerlike hoop, jou diepe oortuiging en vertroue op God duidelik. »ἔννοια« van 1 Pet. 4:1 verbind weer terug met die voorafgaande klem op Christus as grondoortuiging oftewel "vooronderstelling": *Persons who are prepared to suffer demonstrate that they have a particular attitude toward certain principles. Jesus was prepared to suffer, and therefore he must have had this attitude. Since you have been called to suffer like Jesus did (3:14-18), you should adopt the same attitude as he had. (It would be foolish merely to suffer without holding the principles which his sufferings demonstrated that he held.)* (Marshall, 1991:133 e.v.; vgl. Michaels, 1988:224; Groenewald, 1977:72 e.v.). Christus as grondoortuiging oftewel "vooronderstelling" dien selfs die doelwit om as "wapen" te mag dien: as 'n gewaarskude mens, met die geheime wapen van 'n skerpe insig, kan die Christen bewus die weg van die meeste weestand gaan (Van Houwelingen, 1991:145).

### 2.7.5.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING IN DIE LIG VAN 1 PET. 3:15

Frame is reg. Vooronderstelling(s) is ter sprake by 1 Pet. 3:15. Vooronderstelling(s) is nie maar net 'n klinies-neutrale "gedagte/idee" waaraan jy moet vashou nie. Dit is die lewende, opgestane Messias! Ingevolge 1 Pet 3:15 kan tereg geformuleer word: jou waardeleer begin dus by God as Normgewer – na aanleiding waarvan die mens normatiwiteit (normes/beginsels) ontwikkel – waarvolgens waardes (die praktiese uitleef/nie uitleef van norme) realiseer. Terapeutiese aspekte soos omgewing, emosie/gemoed, gedrag/optrede, asook gedagtes, tree na aanleiding van 1 Pet. 3:15 duidelik aan die lig. En, dit voer beslis nie te ver om die aspek van liggaamlike reaksie hierby in te sluit nie. Ook "geheue" speel 'n rol. Waar van konflik en lyding sprake is, dien ingevolge 1 Pet. 3:15 en 4:1, die opgestane Messias as grondoortuiging oftewel vooronderstelling van die hart, selfs die doel van "bewapening" vir Christelike funksionaliteit.

## 2.7.6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT DIE TOEGESPITSTE SKRIFPERSPEKTIEWE WAT ONTGIN IS

Gegewe die verstaan van vooronderstelling as *a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another* kan inderdaad, op toegespitsde Skrifperspektiewe gewys word as 'n toespitsing van die basisbegrippe "mensbeskouing", "waarneming" en "lewens- en wêreldbeskouing".

## 2.8 HOOFSTUKSAMEVATTING

Tot sover in die navorsing staan "Begryp" (volgens Heitink se model) voorop. Hierdie hoofstuk het aandag bestee aan "Wie doen wat", "waarom/waaroor". Basis-teoreties het hierdie hoofstuk die "beradene" - ('wie'), wat vir berading aanklop ('doen wat') in die kollig laat staan, by wie "vooronderstellings" ('waarom/waaroor') verreken wil word, uit die perspektief wat die Skrif as navorsingsbasis bied.

Om oor beradenes se vooronderstelling(s) te werk, is 'n teoretiese toespitsing, in terme van basisbegrippe in die poimeniek soos "mensbeskouing", "waarneming" en "lewens- en wêreldbeskouing", waarbinne beradenes se vooronderstelling(s) as skepselmatige (on/)geloofsaktiwiteit funksioneer (2.5.4). Eksplisiete Skrifgetuienis oor die verband tussen waarneming en die vorming van oortuigings spoor daartoe aan om meer toegespitste ondersoek te doen. Daarvoor dien die basisteoretiese raamwerk van Wayne A. Mack as besinningsafbakening. Mack trek in die breë wel geldige lyne (2.7.1.1). Basisteoreties speel die begrip vooronderstelling(s) egter nie 'n rol nie. Vooronderstelling(s) ontvang ook nie pertinente verduideliking nie, hoewel die saak in die bespreking wel implisiet aanwesig is (2.7.1.1). Hier ontstaan dus 'n leemte om aan te vul.

Jay Edward Adams kan wel toegegee word dat met 'n groot mate van geldigheid, in Gal. 4:3,9 sprake is van vooronderstellings (2.7.2.1). In Heb. 5:12 is sprake van 'n indirekte verwysing na vooronderstelling(s): »στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ« is veronderstel om die nodige koersbepaling, regulering te laat geld, maar dit gebeur nie (2.7.2.2). By wyse van 'n bytende ironie blyk dit daarom dat onderrig opnuut moet plaasvind in die sogenaamde "eerste beginsels van die woorde van God", oftewel basisonderwys van die geloof (2.7.2.2). Wat natuurlik wel aan die lig tree, is naamlik dat die »στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ

τοῦ θεοῦ« koersgewend, rigtingwysend behoort te wees en dus te funksioneer as vooronderstelling ( 2.7.2.2.). »στοιχεω« funksioneer in terme van vooronderstelling (2.7.2.3.). By Gal. 5:25, 6:16 hou »στοιχεω« wel die persoon van die Heilige Gees in, wat koersbepalend optree as "vooronderstelling". Hier is nie sprake van 'n blote proposisie soos by die hellenistiese filosowe nie (2.7.2.3.). »στοιχεω« hou in Galasiërs en Filippense as heenwysing na "vooronderstelling(s)" ook verband met die sosiaal-korporatiewe aspek van Christenwees (2.7.2.3.).

Paulus se paranetiese appèl in Rom. 12:1 en 2, in terme van lewens*visie* oftewel "beliefs that we *live*", behels bewuste verandering (her-programmering) deur die werking van die Heilige Gees. »σχημα« en »μορφή« vertolk hier 'n belangrike rol. Die Heilige Gees verander »*schema(s)*« as beheersende en koersgewende oortuigings, verweef in die sosiale gedagte-netwerk, waarbinne beradenes leef, en dus van beradenes se sosiaal-gevormde vooronderstelling(s) (2.7.3.1). »*Schema(s)*« as beherende en koersgewende patroonmatigheid waarvolgens die lewe ingerig word, figureer by Petrus (1 Pet. 1:14) meer persoonlik as by Paulus, en wel in die spanningsveld: Selfgesentreerdheid – Heiligheid van God te midde van aanvegting en lyding (2.7.3.2). Vooronderstelling(s) hou hier nie bloot verband met 'n proposisie nie, maar met die Lewende God as heiligingsmodel. Daarin ontvou die karakter van die vooronderstelling (2.7.3.2). Jesus Christus is "μορφή"-bepalend in die daaglikse handel en wandel van gelowiges in die lig van Gal. 4:19. Soos 'n bepalende »μορφή« in jou vorm aangeneem het, as deel van die "νους"-dinamika, sal jy dus lewe (2.7.3.3) »μορφή« funksioneer in die lig van 2 Kor. 3:18 op 'n nog dieper vlak binne die "νους"-dinamika, as wat met »σχημα« die geval is (2.7.3.3). Verder sou 'n mens na aanleiding van 2 Kor. 3:18 kon sê, »μορφή« hou verband met die patroonmatigheid in sy konkreet-eksistensiële "νους"-manifestasie, wat van "binne-uit" aan die lig tree, as ontboeseming van die wérklike innerlike (2.7.3.3). In terme van vooronderstelling kan dus geformuleer word: by »μορφή« is sprake van eienaarskap, sélfonderwerping en –identifikasie met die gekonformeerde "belief", maar wel as werk van die Heilige Gees (2.7.3.3). In die lig van Rom. 8:29 verbind »μορφή« met die antropologiese sleutelwoord wat vir die pastoraat kernbelangrik is, naamlik "beeld van God" (2.7.3.3). In die lig van 2 Tim. 3:5 is onderskeiding van belang, om jou deeglik te vergewis van die werklike dryfveer agter iemand se sogenaamde "beeld van Christelikheid" as weerspieëling van die toegeëiende "oortuigings" (beliefs), waarvoor eienaarskap bestaan (2.7.3.3). Vooronderstelling(s) kom ook na vore in 2 Kor. 10:4 en 5 (2.7.4.1). Keuses, emosies en optredes te midde van konflik hou verband met beheersende "gedagtes" en "denke" (2.7.4.1). Die intellektuele funksie in verband met beherende gedagtes kan sodanig belemmer word dat die vermoë ontbreek om op te

merk hoe dit aan jouself te wyte is dat die gevolge van die sonde 'n verblindende impak het op jou waarneming (2.7.4.1). Ten diepste behoort beraders hulleself dus af te vra: Watter – beherende – "gedagtes" (vooronderstellings) verhinder beradenes om Christus deur hulle lewe te verkondig? (2.7.4.1.)

Vooronderstelling is ook in Markus 7:14-23 ter sprake (2.7.4.3). Die vooronderstelling ter sprake, hou ten diepste verband met Messiasbeskouing: is Jesus van Nasaret (gebore te Betlehem) die goddelike wetgewer in Israel? (2.7.4.3.) Die vooronderstelling onthul die identiteit en gesag van DIE VERLOSSENDE GOD. Juis dit maak die merkbaar praktiese verskil van hoe jy wil lewe en jou lewe inrig, al verskil dit van duidelike voorskrifte in die Ou Testament (2.7.4.3.) Na aanleiding van die vooronderstelling, Jesus as die Gesalfde (Messiaans), gesagvolle wetgewer, val die funksionering van onder andere "οἱ διαλογισμοὶ" ("gedagtes" – v. 21) binne hierdie konteks op (2.7.4.3). Die »νους« aspek, van die Griekse literatuurwêreld, het egter nie so in die Ou Testament voorgekom nie (2.7.4.4) Begrensing van die ondersoek in hierdie verband, is daarom 'n noodsaaklikheid, maar hou nie in dat 'n ondersoek na vooronderstelling(s) in die Ou Testament oorbodig of selfs onmoontlik is nie, soos wat 1 Sam. 17:47 dan ook aan die lig bring (2.7.4.4).

As laaste Skrifgedeelte word 1 Pet. 3:15 hanteer. Daarin kom aan die lig dat vooronderstelling(s) beslis verband hou met "hart" as antropologiese sleutelwoord, waarin heelwat rykdom opgesluit lê met die oog op pastorale berading. Frame is reg. 1 Pet. 3:15 hou verband met vooronderstelling(s) (2.7.5.1). Vooronderstelling is nie maar net 'n klinies-neutrale "gedagte/idee" waaraan jy moet vashou nie. Dit is die lewende, opgestane Messias! (2.7.5.1). In gevolge 1 Pet. 3:15 kan met reg geformuleer word: Jou waardeleer begin dus by God as Normgewer – na aanleiding waarvan die mens normatiwiteit (normes/beginsels) ontwikkel – waarvolgens waardes (die praktiese uitleef/nie uitleef van norme) realiseer (2.7.5.1). Terapeutiese aspekte soos omgewing, emosie/gemoed, gedrag/optrede, asook gedagtes tree ook nog na aanleiding van 1 Pet. 3:15 duidelik aan die lig. Dit voer beslis ook nie te ver om die aspek van liggaamlike reaksie hierby in te sluit nie. Ook "geheue" speel 'n rol (2.7.5.1.). Waar van konflik en lyding sprake is, dien in gevolge 1 Pet. 3:15 en 4:1 die opgestane Messias as grondoortuiging of te wel vooronderstelling van die hart, selfs die doel van "bewapening" vir Christelike funksionaliteit (2.7.5.1). Gegewe die verstaan van vooronderstelling as *a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another* kan inderdaad op Skrifperspektiewe gewys word as verdere toespitsing van die basisbegrippe "mensbeskouing", "waarneming" en lewens- en wêreldbeskouing, wat daarop dui dat vooronderstelling(s) by beradenes verdiskonteer behoort te word (2.7.6).

# HOOFSTUK 3


BESPREKINGSOORSIG
Inleiding (1)
REGULATIEWE SIRKEL
Riglyne (5)
HERMENEUTIESE SIRKEL
Metateoretiese perspektiewe (3)
Skrifperspektiewe (2)
EMPIRIESE SIRKEL
Empiriese navorsing (4)
Slot: Samevatting (6)

## 3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk arbei, volgens Heitink (1993:156, 161, 174) se model, steeds in die hermeneutiese sirkel. Heitink (1993:187) behou die verkenning van die hermeneutiese terrein uit teologiese, wysgerige en sosiaal-wetenskaplike gesigspunt as deel van die hermeneutiese perspektief. Hierdie hoofstuk spits veral toe op die laasgenoemde twee gesigspunte. Hoofstuk 2 het die teologiese kwaliteit van die studie bevestig (vgl. in hierdie verband De Wet, 2006[1]:84; Johan Janse van Rensburg, 2000:90). Die fokus mag dus nou verskuif. Die basis, naamlik die Heilige Skrif, is in hoofstuk 3 nie meer die brandpunt vir navorsing nie. Die meta-teoretiese aspek van prakties-teologiese *hermeneuse* kom hier aan die orde (Venter, 1996:89). "Begryp" staan dus steeds voorop, maar uit 'n ander gesigshoek – naamlik die aangrense wetenskappe. Die twee vrae van hoofstuk 2 speel steeds die hoofrol: Wie doen wat? en Waarom/waaroor?

## 3.2 DOEL

Hierdie hoofstuk beoog om die woord "vooronderstelling" oftewel "presupposition" wat Jay Edward Adams in verband met pastorale berading gebruik het, nader te verken. Spesifieke ontginning van die woord "vooronderstelling" wil plaasvind met betrekking tot die beradene. Met betrekking tot berading speel nie net die berader nie, maar ook die beradene se vooronderstellings 'n betekenisvolle rol. Daaroor handel die sentraal-teoretiese argument van hierdie navorsingstuk. Vervolgens vind heel eerste 'n taalkundige begripsverheldering plaas. Daarna word die woord "vooronderstelling" belig na aanleiding van die Filosofie en die Psigologie. Nadat dit gedoen is, word aangestip in watter mate Skrifgebonde berading van die woord "vooronderstelling" gebruik kan maak. Die hoofstuk sluit af met 'n samevatting.

## 3.3 BEGRIPSVERHELDERING

### 3.3.1 TAALKUNDIGE BEGRIPSVERHELDERING

Met die oog op die huidige studie kan insig verkry word in die woord "vooronderstelling" deur te kyk na die *Groot Afrikaanse Sinoniemwoordeboek* (1995:453, 455). Die betekenisveld begin ontplooi deur 'n aantal taalverwante op te merk, te wete "aanname", "hipotese", "presupposisie", "(ver)onderstelling" en "voorveronderstelling". Die jongste uitgawe van die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* (2003:536 e.v.)

wys daarop dat die selfstandige naamwoord "vooronderstelling" en die werkwoord "vooronderstel" 'n Europese taalagtergrond het. *The Oxford English Dictionary* (1989:429 e.v.), asook die *Middle English Dictionary* (1981:1265 e.v.), lei eweneens na die Europese vasteland as basiese taaloorsprong van "presupposition" (vgl. in hierdie verband ook *Woordenboek der Nederlandsche Taal,* 1986:1701-1706; 1987:216-218). Die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* (2003:536 e.v.) wys daarop dat Latyn dien as taaloorsprong van "vooronderstelling". Verder word daarop gewys dat Frans, wat ook as oerbron Latyn het, "*supposer*" oftewel "*présupposer*" formuleer in navolging van Middeleeuse Latyn. Op sy beurt, besig Middeleeuse Latyn "*supponere*" = "*sub*" (onder) + "*ponere*" (plaas, stel). Hierdie basisvorm is deur middel van 'n voorvoegsel uitgebou na *prae* + *supponere* (voor + om te onderstel), en deur middel van taalverbuiging tot *praesuppositionem* (vooronderstelling).Taalhistoriese verklaring van "vooronderstelling" lyk onder andere so:

*The Oxford English Dictionary* (1989:429 e.v.):

- Transitively of a person: To suppose, lay down, or postulate beforehand; hence, to assume to start with; to presume [1426].
    - To suppose or assume the existence of (something) as prior to something else. [1697] (Here the pre- does not qualify the supposing, but indicate the order of the things supposed.)
- To suppose beforehand or a priori; to think or believe in advance of actual knowledge or experience. [1530].
- Of a thing: To require as a necessary preceding condition; to involve or imply as antecedent. [1526].
- Passively (from 1 or 3). To be implied or involved as something previously or already present or in existence. Formerly with to. [1526].

*Woordenboek der Nederlandsche Taal* (1986:1701-1706; 1987:216-218):

- Meening, gissing die men als waar(schijnlijk) of juist beschouwt, opgrond van een inwendig gevoelen of van bekende feiten, maar zonder dat men over een defnitief bewijs of over volkomen zekerheid beschikt [1784].

- Denkbeeld, gissing, waarmee de verbeelding op de eigenlijke kennis vooruitloopt om een bep. feit te kunnen verklaren [1857].
- Denkbeeld, dat gissing die men voor een oogenblik als waarheid aanmerkt om van daaruit een redeneering of een wetenschaplijk onderzoek op te zetten; hypotese [1795].

*Die Verklarende Handboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) (2003:1319) en *Etimologiese Woordeboek van Afrikaans* (2003:536 e.v.):

> Vantevore onderstel; die moontlikheid [van iets] aanneem; vooraf aanneem. Inligting word as waar aanvaar en dien dus as basis sodat daar met verdere redenasie daarop voortgebou kan word.

Stadler (1994:840) klassifiseer in sy *Groot Tesourus van Afrikaans* "voor(ver)onderstelling" in die Afrikaanse taal as verbandhoundend met "die verstand" in terme van "geestesarbeid", funksionerend in die betekensveld van "gedagte" en "glo", asook "betekenis" wat ten doel het om "gedagte" tot uitdrukking te bring. 'n Mens kan hieruit aflei dat waar "voor(ver)onderstellings" voorkom, word daar ge-***dink***. Hierdie ***denke*** word geassosieer met ***dit wat as waar aanvaar word***. Sulke aanvaarding vind plaas in die geesteswerking van ***vermoede***. Dit hou verband met ***sinsbetekenis***. Die verbandhoudende begrip "aanname" word ook nog konseptueel geassosieer met "wetenskap" en "redeneer" as geestesarbeid, terwyl "praat" en "redevoering" ten doel het om "gedagte" tot uitdrukking te bring (Stadler, 1994:389). "Presupposisie" word in verband gebring met "glo", "redeneer" en "betekenis". "Hipotese" staan in verband met "gedagte", "wetenskap" en "glo".

### 3.3.1.1 GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT TAALKUNDIGE VERKENNING

Die begrip "vooronderstelling" gaan oor dit wat *vooraf* gebeur. Die begrip druk die taalassosiasie uit in verband met dit *wat as waar aanvaar - aangeneem word – 'n punt waarvan denke/redenering vertrek*. Vooronderstelling vind plaas in die geestesverwerking van *vermoede*. Hier is sprake van *'n denkbeeld wat as basis dien*, op grond waarvan geredeneer, geglo en opgetree word.

### 3.3.1.2 'N VOORLOPIGE VERGELYKING MET BETREKKING TOT GANGBARE TEOLOGIESE OMGANGSTAAL

Met die oog op verdere taalverheldering word bogenoemde bevinding (3.3.1.1) geplaas naas Deist se verklaring in sy *A Concise Dictionary of Theological and Related Terms.* Daar formuleer Deist (1992:200): *Any idea which one has to assume beforehand in order to proceed with a piece of reasoning, any fundamental condition for the existence or truth of something else, e g some theologians hold the doctrine of the divine* *INSPIRATION OF THE BIBLE (Blokletters deur Deist) *to be a presupposition of all theology.* Dit is duidelik dat die begrippe "aanname" (*assume*) en "vooraf" (*beforehand*), asook "fundamentele voorwaarde" oftewel "toestand" (*fundamental condition*) die kern-rigtingwysers uitmaak met die oog op die betekeniswaarde van *vooronderstelling(s)* in die teologie.

### 3.3.2. WYSGERIGE BEGRIPSVERHELDERING

Wanneer Adams (1970:xxi) skryf: "My method is presuppositional" (Onderstreping: JB), maak hy 'n belangrike voetnota wat in hierdie besinning nie verbygegaan kan word nie: *Dr. Cornelius Van Til, of Westminster Theological Seminary, has shown the importance of presuppositional analysis.* Adams steun dus nadruklik volgens eie getuienis op Van Til vir die gebruik van sy begrip "vooronderstelling". Wie dus op hierdie punt agtergrond wil verkry oor die begrip "vooronderstelling", sal nie by Adams nie, maar wel by Van Til speurwerk moet doen. Dit is daarom nodig om nader in te gaan op Cornelius Van Til se hantering van die woord "vooronderstelling(s)" aan wie Adams hom so duidelik meen te verbind – na aanleiding waarvan hy sy eie pastorale metode selfs durf te beskryf. Frame (1995:133; vgl. ook Follis, 2006:62, 80) wys egter daarop dat die taalgebruik "*presupposition*" deur Van Til plaasvind na aanleiding van 'n wysgerige stroming in Duitsland tydens die 18e eeu, genaamd Idealisme, in navolging van Immanuel Kant (1724-1804, lewenslank woonagtig te Königsberg, Oos-Pruise). Voordat Van Til self behandel kan word, word die gedagtewêreld van Immanuel Kant daarom aan die hand van vakliteratuur verken, sodat Van Til se taalgebruik beter beoordeel kan word. Frame (1995:403) wys ook daarop dat "slegs" ná Kant, die logika van vooronderstellings ondersoek kon word. Om teologie te beoefen in die huidige tydsgewrig, sonder om rekenskap te gee van Kant, is derhalwe fataal (Frame, 1995:410).

'n Ondersoek na "vooronderstellings" by die beradene moet gesien word teen die agtergrond van Immanuel Kant. Kant troon in die jongste filosofie- en teologiegeskiedenis uit as 'n briljante, indrukwekkende – "Kopernikaanse" – figuur, met as eretitel onder andere "één van de vaders van het neoprotestantisme" (Wentsel, 1982:467). Hendrikus Berkhof kyk teen die einde van die 20ste eeu terug en doen verslag oor twee honderd jaarse teologie. Met deurwerking van Kant se "Kopernikaanse rewolusie" meen Berkhof (1985:13/1989:xiii) dat, indien teologie enigsins sou voortbestaan, moes dit 'n nuwe weg inslaan wat betref werkswyse en so soek vir 'n geldige plek - indien nie binne die Kantiaanse raamwerk nie, dan ten minste met 'n deeglike verrekening van die Kopernikaanse rewolusie wat Kant in die epistemologie veroorsaak het. Nie net die Christelike teologie word in hierdie opsig gedwing tot herbesinning nie. Peter Ochs (2005:328) herinner hoedat selfs die Joodse intellektueel daardeur uitgedaag is en meestal 'n gesplete lewensbeskouing daarop nagehou het (genaamd "Joodse modernisme").

Die volgehoue relevansie van Kant is só groot, dat Benjamin Wentsel in die laaste band (7 volumes in totaal:1981-1998) van sy Dogmatiek skryf: *In die 70er tot 90er jaren van de 20ste eeuw leek het wel alsof Kant opnieuw de theologie, althans in Nederland, ging beheersen* (Wentsel, 1998:28, voetnoot 18; vgl. ook Oliphint, 2006:63 e.v.; vgl. verder Deist, 1994:308, i.v.m. Kant se invloed op Bybellees in Suid-Afrika). Kelly J. Clark en medewerkers (2004:45) meen "Immanuel Kant" is een van die 101 filosofiese kernbegrippe waarvan teologiese navorsers moet kennis neem. Trouens, die huidige postmoderne stroming in die Filosofie groei juis op uit Kantiaanse wortels. Hoewel byvoorbeeld Lyotard, Derrida en Deleuze Kant se gevolgtrekkings betwyfel, werk hulle breedweg steeds binne die Kantiaanse raamwerk (Taylor & Winquist, 2001:199; Clark *et al.*, 2004:73 e.v.; Ward, 2005:xvii). Postmodernisme radikaliseer bloot Kant se "Kopernikaanse" rewolusie tot sy uiterste konsekwensies (Naugle, 2002:323 e.v.; Ward, 2005:xvii). Postmodernisme kan gesien word as 'n vorm van idealisme, wat eerder op die diversiteit as die eenheid van menslike persone die uitsluitlike fokus laat val (Poythress, 2006:210; Ward, 2005:xii). Soos Carson (2005:95 e.v.; vgl. Johan Janse van Rensburg, 2000:6) uitwys: ook postmodernisme ontkom nie daaraan om die Cartesiaanse "Ek" van die befaamde *cogito ergo sum* as vertrekpunt te neem nie. Hierdie "Ek" vertoon nou maar net 'n soort narsistiese solipsisme (solus + ipse = alleen + self); die self is al wat bestaan of geken kan word, blootgestel aan intense wantroue en agterdog (Louw, 2003:35; Ward, 2005:xix; Du Plessis, 2006:59 e.v.). Postmodernisme is volgens Janet Martin Soskice (2005:75 e.v.) 'n ontnugtering aan 'n kettery met betrekking tot die *imago Dei*, waar modernisme gereken het om nie soseer "soos" nie, maar epistemologies wel God "te wees". McGrath (2005:181 e.v.) wys daarop dat die volgehoue,

opspraakwekkende soeke na die sogenaamde "historiese" Jesus, onder andere juis verband hou met Kant se bydrae in die filosofie. Selfs wat betref die filosofie van die psigologie (Kitcher, 1990) en die filosofie van (psigologiese) berading (Ellis, 2004:100 e.v.), speel Kant eksplisiet 'n aktuele rol.

Dr. Dieter Schönecker (2005) lei tans die *Zentrum für Kommentarische Interpretation zu Kant* by die Universität Siegen. Twee akademiese tydskrifte wy spesifieke aandag aan Kant, t.w. *Kant-Studien* (1897-) en *The Kantian Review* (1997-). Webtuistes hou doelbewus belangstelling in Kant (2007) lewendig. Die resultate van die tiende *Internationaler Kant-Kongress* wat in São Paolo (4-9 September 2005) plaasgevind het, is in ses volumes by die uitgewer Walter de Gruyter gepubliseer. In 2006 publiseer Guyer in samewerking met ander in *The Cambridge Companion to Kant and Modern Philosophy,* 'n bibliografie met literatuur wat in die jongste tyd verskyn het (Guyer, 2006). Graham Bird publiseer ook nog in 2006 as redakteur: *A Companion to Kant: Blackwell Companions to Philosophy.* By die webwerf www.kant.uni-mainz.de/ staan vir die jaar 2007 tot op datum van besoek (12 November 2007) reeds 211 navorsingstukke met betrekking tot Kant se persoon en werk aangeteken. Die Universiteit van Amsterdam het vir 15-17 Mei 2008 'n kongres geskeduleer met die tema: Kant's Transendental Logic and Idealism. Om in die huidige tyd nie aan Immanuel Kant aandag te skenk nie, sal onwys wees.

Vóór Kant, is die kennisvraag (vereenvoudigd) soos volg te stel: Hoe sit die wêreld en alle dinge inmekaar? Maar, dit wou nie meer deug nie. "Kritiese" denke is reeds gestimuleer deur René Descartes (1596-1650) by wyse van sy *cogito ergo sum* (Erickson, 2001:53-59). Dit het as resultaat gekom weens die feit dat Descartes niks as vanselfsprekend – 'op gesag' – durf te aanvaar nie. Dit sou egter die Skotse empiris David Hume (1711-76) wees wat met nog 'n radikaler vorm van skeptisisme vorendag tree. Deur sy bydrae sou vanselfsprekendheid in kennisverwerwing 'n finale nekslag toegedien word.

Na aanleiding van K. Scott Oliphint (2006:65-73; vgl. ook Clark *et al.* 2004:45 e.v.; Pannenberg, 2001:90 e.v.; Erickson, 2001:65-73):

Kant het opgegroei in die (Wolfiaanse) rasionalisme, maar sou deur Hume wakker geskud word vir werklik "kritiese" besinning. Kant het saamgestem: alle menslike kennis begin met ervaring. Nogtans – so meen Kant – volg daaruit nie, dat hoewel alle kennis by ervaring begin, alle kennis vanuit ervaring voortkom nie. Terwyl sekere kardinale en belangrike elemente van kennis in ervaring is, transendeer dit nietemin die ding wat ervaar is, die materie wat gesien, gevoel en gehoor is. Daar kan egter ook gekyk word na dinge wat

buite die ervaring val; immers, Hume was nie eens met die volgende stelling nie: "'n Noodwendige wese bestaan noodwendig". Dit beteken vir Hume nie sonder meer dat daar werklik so 'n wese is nie. Om te sê: "God bestaan", kwalifiseer nie as 'n analitiese stelling nie. Om as sintetiese stelling te kwalifiseer, beteken dat so 'n proposisie gelaai moet wees met sintuiglike data. Op sy beurt begin Kant dus die vraag te stel: Is sintetiese *a priori* oordele moontlik? So wou Kant verder gaan as blote waarneming. Hy wou die voorwaardes vir kennis begryp. Immers, die oorsprong van kennis transendeer ervaring, hoewel dit in ervaring ingebed is. Daar is derhalwe geen kennis wat denk-onafhanklik plaasvind nie! Soos 'n bomontploffing, sou die implikasies van Kant se bydrae die tradisionele, vóór-kritiese metafisika en epistemologie aan flarde ruk! Die netto epistemologiese wins van Kant se bydrae blyk 'n beslissende ontologiese verlies, met moderne agnostisisme en deïsme as noodwendige gevolg (Geisler, 1999:402). Die "tradisionele Godsbewyse" het in die filosofie van Kant alle krag verloor. Kant sou by wyse van spreke geboorte skenk aan Schleiermacher - vader van die moderne teologie (Geisler, 1999: 403; Oliphint, 2006:72), wat 'n proses van teologiese besinning op gang gebring het, weg van die metafisiese, na die fenomenologiese, om teenswoordig uit te mond in die hermeneutiese benadering tot besinning in die teologie (Louw, 2003:39).

Met Kant as "kritiese" filosoof verplaas die kennisvraag weg van "daar buite" in die werklikheid na "hier binne" in my - die soekende, denkende, vraagstellende subjek. Die kennisvraag (vereenvoudigd geformuleer) ondergaan dus 'n radikale ("Kopenikaanse") omkering. Die kennisvraag word nou: Hoe vind (voltrek) menslike kennis van die wêreld plaas? So beskou, kan menslike kennis nie handel oor denk-onafhanklike werklikhede nie (McGrath, 2005:229). Menslike kenne hou verband met "verskynings" of "voorstellings" na aanleiding van sintuiglike werklikheidservaring. Met ander woorde, kennis is verbinding van verstandsvoorstellinge (De Hartog, s.a.:6): *In opposition to the image-based accounts of his predecessors, he argued that we do it through the use of* **schemata** *– not images but* **rules for constructing** *images* (Kitcher, 1990:209. Vetgedruk – K). Mense kan slegs kennis hê van hoe dinge menslik gesproke vir jou voorkom, hoe 'n mens dit sintuiglik ervaar plus denkend inbeeld. Die objekte op sigself – as sodanig – ("Ding an sich") bly buite die reikwydte van suiwere kennisvorming. Daar bestaan nie so iets soos "direkte toegang" tot die naakte werklikheid nie: *Objekte voeg hulle na menslike denke, nie menslike denke na die onafhanklik werklike nie* (Kemp Smith, 1979:18). Kennis is derhalwe saamgestel uit dit wat die subjek uit sintuiglike ervaring ontvang en wat sy kenvermoë produseer (Wentsel, 1982:22). Wat die mens ken, is deur sy kenvermoë gestruktureer en gestempel, soos wat 'n bril die

inkomende lig kleur (Van Peursen, 1964:35). Suiwer kennis oftewel "wete", is begrens. Trouens, ná Kant sou op sy spoor verdere ontwikkeling van hierdie grondoortuiging plaasvind om uit te mond in die hedendaagse postmodernisme, met 'n radikale "perspektivalisme" (vgl. Du Toit, 2000:26 e.v., 52 -61; Erickson, 2001:65, 75; Wells, 2005:85 e.v.): daar is geen 'feite' nie, slegs 'interpretasies', uit jou perspektief en dit wat jy wil (Louw, 2003:35), gegewe jou sosio-kulturele konteks (Du Plessis, 2006:57).

Postulering, aanname, vooronderstelling vind plaas wanneer die grense van suiwere kennis (*Der Reinen Vernunft*) oorskry word (Clark *et al.*, 2004:46). Guyer (2006:20) wys uit: *We must thus postulate, although always as a matter of practical presupposition and never as a theoretical doctrine, that our souls can reach purity in immortality and that there is a God*. . . Aangeleenthede – Idealisties geformuleer – "Idees", soos God, vryheid en onsterflikheid, oorskry die begrensing van die "Suiwere Rede". Geloof begin dus pas daar, waar (- Suiwere - "Wetenskaplike") – kennis ophou. Wat nie waarneembaar is nie, is onkenbaar vir die suiwere Rede. Daarvoor word ruimte gegee in wat genoem word die "Praktiese Rede". Karl Barth (1947: 246/2001:263) formuleer:. . . *die sittliche Tat, ist nicht möglich ohne, sodern sie schließt in sich nicht die Setzung, wohl aber die Voraus-setzung – von < Postulaten > hat Kant hier sprachlich nicht sehr glücklich geredet – der Wahrheit jener alle Erfahrung übersteigenden und doch ihrerseits alle Erfahrungserkenntnis in sich schließenden Ideen.* Kant het gemeen dat die mens nie die wêreld as sodanig, op sigself, soos wat dit wérklik is, kan ken nie. Die mens kan slegs voorstellings ('appearances') van die werklikheid ken en vir die grootste deel, het hoe die werklikheid vir mens voorkom te doen met wat 'n mens self van die werklikheid "maak". In terme van Kant, vervang menslike denke God as intelligente beplanner en Skepper van die ervaarbare heelal, soos tradisioneel deur die Christelike geloof tot uitdrukking gebring. Verder is menslike denke, volgens Kant, verantwoordelik vir elkeen se eie morele kriteria/standaarde. Noodwendig moes hierdie implikasies, die postmodernisme (as voortspruitende besinningsvrug van Kant) die afbraak en ondergang van alle 'metanarratives' laat aankondig (Louw, 2003:35).

Karl Barth (1947:238/2001:253) wys op die radikale betekenis wat die wysbegeerte van Kant vir Kant self ingehou het. Soos wat Barth dit stel: niemand van Peru tot in China het die wérklike teologiese gesigspunt van die Verligting (*Auklärung*) duideliker ingesien en aan die lig gebring, as Kant nie; dus, nie Rousseau, Lessing of selfs later Herder, Schleiermacher en Hegel nie, nie eers Goethe nie. Karl Barth wys verder daarop dat Kant dus nie soos Rousseau deelgeneem het aan die Heilige Nagmaal nie. Kant het ook nie

soos Lessing, van Martin Luther gebruik probeer maak, ter handhawing van homself nie. Wanneer die akademiese prosessie van die Universiteit te Königsberg, plegtig vanaf die "Groot Saal" na die kerkgebou beweeg het, was dit Kant se gebruik om – opsigtelik – uit die prosessie te tree, wanneer die kerkgebou binnegegaan word, om dan buitekant om die kerkgebou te loop en huistoe te gaan. Gegewe Kant se religieuse grondmotief, kon hierdie optrede ook nie anders nie (Du Plessis, 1955:88-92). Nou is die vraag hoe so 'n optrede moontlik is. Dit is waar 'pre-conditions' oftewel vooronderstellings inkom: *He reached his conclusions concerning human autonomy not by providing them by the usual philosophical methods, but by showing our need to presuppose them. Kant's philosophy, therefore, does not merely assert or assume human autonomy, as did many previous philosophies; it explicitly* **presupposes** *human autonomy. It adopts human autonomy as the root idea to which every other idea must conform. That is what makes Kant unique and vastly important . . .* (Frame, 1995:45; Guyer, 2006:20; Longuenesse, 2006:155-161). Palmquist in sy *Kant's Critical Religion*, meen egter so 'n uitspraak sou te kras wees, want God is wel 'n uiters belangrike en singewende realiteit, hoewel nie in terme van die teoretiese nie, maar wel die praktiese rede: "God and immortality are conditions not of moral choosing, but regarding good choice as a rational activity" (Palmquist, 2000:76).

Kitcher (1990) lig in haar studie oor *Kant's Transendental Psychology* boonop die begrip "transcendental" uit. Teenoor sy voorgangers, wat hetsy empiristiese of rasionalistiese sielkunde voorgestaan het, meen Kitcher (1990:230) dat Kant se transendentale filosofiese benadering steeds van groot belang is, en "bring noodsaaklike orde te midde van chaotiese empiriese resultate". Derhalwe moet gevra word wat transendentale sielkunde is: *Transcendental psychology is the psychology of the thinking, or better, knowing self* (Kitcher, 1990:22). Teenoor Strawson (1919 –) en Norman Kemp Smith (1872-1958) meen Kitcher dat hierby, nie aan die sogenaamde "noumenale" en dus onkenbare self gedink moet word nie, maar wel aan die empiriese oftewel fenomenologiese self: *For what besides experience can tell us what the senses can and cannot pick up from the environment?* (Kitcher, 1990:23). Transendentale sielkunde ondersoek immers die vermoëns ("faculties") wat vereis word om basiese kognitiewe take te kan uitvoer. Wat as "empiriese sielkunde" gereken kan word (hoewel nie deur Kant nie; hy praat klaarblyklik in die geval van toegepaste logika), hou verband met "modes of adressing a common subject" (Kitcher, 1990:25; vgl. ook Casullo, 1996:5, 301). Dit gebeur gegewe die "impossibility of a presuppositionless beginning to philosophical inquiry". Daarmee beland die Kantiaanse filosofie van sielkunde selfs post Gottlob Frege (1848-1925), aldus Kitcher (1990:27; asook Tye, 2001:140 e.v.). 'n "Transendentale"

benadering is, volgens Kitcher, juis ontwerp om Cartesiaanse skeptisisme te ontloop. Kant gebruik die begrip "transendentaal" egter op twee verskillende maniere (Kitcher, 1990:184 e.v.). Enersyds word daarmee uitgedruk die maniere om objekte te ken, spesifiek, die nie-empiriese ontstaan van kognisie. Andersyds gaan dit daaroor wanneer die grense van ervaring oorskry word. Gedagtig aan hierdie semantiese onderskeid, stel Kitcher (1990:190 e.v.) na aanleiding van Kant interessant genoeg vas: *To determine what something is made of, its constitution, we need intuition (or observation).* Hierdie Kantiaans-onderboude filosofie van die sielkunde verruim, volgens Kitcher, die plek van die empiriese en dus ervaring, sonder om daardeur die sinteties-a prioriese aard van die menslike kenne prys te gee. So versterk die geldigheid van 'n spesifiek "kognitiewe" benadering in die hedendaagse sielkundenavorsing (Kitcher, 1990:28 e.v.; vgl. vir die opkomende konstruksies van sg. "sentential theories" – Tye, 2001:142-5). Trouens; *Psychologists have realized that they cannot even explain behavior without appealing to cognitive processes that lie behind it – and that such processes can be studied without resorting to introspection* (Kitcher, 1990:10). So word antagonisme hanteer, soos dié van Keith E. Yandell (1993:193 e.v.) in sy belangrike publikasie, *The Epistemology of Religious Experience.* Yandell (1993:196 e.v.; en veral hoofstukke 10-12) se sg. "halfway view" blyk evidensialisties-fenomenologies sterk, met as gevolgtrekking: *There is experiential evidence that God exists* (Yandell, 1993:274.), maar tog transendentaal onvoldoende (vgl. ook Clark *et al.*, 2004:79 e.v., 95 e.v.; Palmquist, 2000:360-7; Van Til, 1969a:112 e.v.). In ieder geval wil Palmquist (2000:11 e.v.) in kontras tot tradisionele navorsing, die Kant-interpretasie so weergee dat voldoen word aan 'n sogenaamde "teosentriese metafisika" by Kant, wat in 1763 reeds duidelik sou blyk: "THERE IS A GOD". Volgens Palmquist (2000:82-85), is Kant dus nie te beskryf as 'n "Deïs" nie maar juis 'n "Teïs": *Kant's moral theism secures a subjective interior approach to our thinking about God and secures a transendent, religiously available God* (Palmquist, 2000:360-7, 502 e.v.). Teïste word sodoende gesien as diegene bereid om 'n morele verbintenis te maak "ten einde God se bestaan te *postuleer*" (Palmquist, 2000:546): *Kant's Critical theology . . . demonstrates how belief in God is theoretically* ***possible*** *. . , judicially* ***actual*** *. . , and practically* ***necessary*** (Palmquist, 2000:113). Geisler (1999:404), hoewel hyself kies om Kant deur middel van die "klassieke apologetiek" (Geisler, 1999:154) af te wys - trek die eerlike konsekwensie vir iemand wat die bydrae van Kant weloorwoë emstig neem; *With this scenario, apologetics can only be . . . presuppositional* (Geisler, 1999:404 – Onderstreping: JB). Gegewe hierdie agtergrond, maak dit 'n mens nuuskierig oor die teologies-apologetiese erflating van Cornelius Van Til – 'n ortodoks-gereformeerde

filosoof (teoloog), oor wie Frame (1995:3) skryf: "in my estimation, the most important Christian thinker of the twentieth century".

### 3.3.2.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT DIE WYSGERIGE BEGRIPSVERHELDERING

Jay Edward Adams se woordgebruik betreffende "vooronderstelling" is via Cornelius van Til terug te voer na die formidabele en invloedryke figuur Immanuel Kant, sonder verrekening van wie daar in die huidige tyd nie geteologiseer kan word nie. Die woordgebruik "vooronderstelling" hou verband met 'n "Kopernikaanse" omkering in die epistemologie: menslike kennis handel nie oor denk-onafhanklike werklikhede nie. Kant se filosofiese keerpunt vind bevestiging deurdat onder andere sielkundiges al meer tot die besef groei dat gedrag nie ondersoek kan word sonder verrekening van die kognitiewe prosesse ten grondslag daaraan nie. Die woordgebruik "vooronderstelling" hou direk verband met onder andere God as 'n transendentale werklikheid.

### 3.3.3 TEOLOGIESE BEGRIPSVERHELDERING

### 3.3.3.1 CORNELIUS VAN TIL VERREKEN DIE IDEALISME

In 1968 skryf Van Til in 'n antwoordbrief (Sigward, 1997:CD-ROM; vgl. Frame 1995:20 e.v.) op navraag deur John VanderStelt 'n terugblik oor sy akademiese loopbaan, onder andere oor sy studiejare te Calvin Theological Seminary (1921) en Princeton (1922-1927): *I thought very highly of Bowman. He was, generally speaking, an idealist in his sympathies. I had studied Idealism already under Jellema at Calvin. Under Bouwman I took a course in Hegel. Under another professor I took a course in Kant, and later on another course by Bouwman on Aristotle ... I wrote my dissertation on* **God and the Absolute** *which dealt with the question whether the God of Hegel, the God of Bradley, of Bosanquet and the God of the Bible are the same God.* Frame (1995:133; vgl. ook 2003[1]:683) het beslis meriete as hy in sy boek ter herdenking aan Van Til se honderdste verjaardag stel: *It was in the idealist literature that* **presupposition** *became a common philosophical term. Van Til ... doubtless, picked up the term from that school of thought, even though he was very critical of idealism in general.*

### 3.3.3.2 DIESELFDE VRAE IS AAN DIE ORDE

Formeel toon Van Til se presupposisionele benadering direkte ooreenkoms met Kant se transendentalisme (Oliphint, 1990:30). Inhoudelik egter, is daar 'n wêreld van verskil. So vra Van Til byvoorbeeld dieselfde vrae, maar in 'n totaal verskillende konteks (Oliphint, 1990:30). Net soos Kant wil Van Til, maar wel as ortodoks-Christelike – gereformeerde – apologeet weet; *wat is die universeel geldige voorwaardes wat ons ervaring moontlik maak*? Transendentale kennis het immers te doen met *a priori* noodsaaklike voorwaardes waardeur kognisie moontlik raak (Walker, 2006:239). By Van Til kom die universeel geldige voorwaardes in navolging van Herman Bavinck neer op eksplisiete en bewuste teïstiese presuposisionalisme (Macleod, 2006:263 e.v.): *All knowledge and all reasoning presuppose God.* Frame (2003[1]:683) verduidelik dat, hoewel nie op die tradisionele manier nie, "vooronderstelling(s)" wel "transendentaal" bewysbaar is, deur aan te toon dat sodanige "vooronderstelling(s)" noodsaaklik is vir alle rasionele denke. Daarsonder is sin en betekenis, asook orde in die huidige leefwêreld, net nie moontlik nie. Bahnsen (1995[1]:Audioband) in sy Basileaanse lesings meen dat as Van Til hierop goed begryp wil word, 'n mens Van Til as apologeet moet sien in verhouding tot die gereformeerde teoloë Abraham Kuyper (1837-1920) en Benjamin B. Warfield (1851-1921). Van Til het diepe respek vir en meen hy is 'n navolger van beide Kuyper en Warfield. Hy moes egter op 'n kritieke punt van beide verskil, juis in dit waar hierdie twee manne klaarblyklik van mekaar verskil. Van Til (1969[2]:229-254; vgl. ook 1967:260-266) verantwoord homself in dié verband in sy boek *A Christian Theory of Knowledge*. Warfield sou met Kuyper daaroor verskil dat Kuyper meen dat daar geen nut vir Christelike apologetiek is nie, juis omdat Kuyper daarvan oortuig is dat die natuurlike mens geestelik blind is. Hoewel Warfield met Kuyper saamstem dat die natuurlike mens dood is in sy sonde en oortredinge (Ef 2:1), wil hy steeds vashou aan die duidelike, begryplike, ojektief-rasionele openbaring van God aan alle mense, en dus die rasionele verdedigbaarheid van die geloof (Rom. 1:20). Volgens Warfield, is daar ideaal gesproke maar net één wetenskap. Immers, hoewel die mens in sonde geval het, vind daarmee nie 'n uitwissing plaas van sy geskape redeneer- en denkvermoë nie (Rom. 1:18-21; vergelyk ook Calvyn i.v.m. '*sensus divinitatis*' en '*semen religionis*'). Van Til (1969[2]:243) gee Warfield hierin gelyk en meen dat Warfield die Kerk van Christus teruggeroep het tot die Skriftuurlike leer, reeds verkondig deur Johannes Calvyn. God het dus die menslike redeneervermoë, sy denke, 'geskape'. Die Christelike geloof stem inderdaad ooreen met die 'feite' en is voluit 'rasioneel'. Gegewe die 'feitlikheid' en 'rasionaliteit' van God se algemene openbaring, behoort alle mense dus sy algemene openbaring (gelowig) tot God se eer te 'interpreteer'. Van Til (1969[2]:244 e.v.) meen egter dat

Warfield te min maak van die eksistensiële noodsaak van die wedergeboorte na aanleiding van die totale verdorwenheid van die mens, en derhalwe die onoorbrugbare, antiteties-prinsipiële kloof tussen wedergebore en onwedergebore interpretasie. Warfield karakteriseer klaarblyklik die "regte rede" oftewel menslike "denke", té positief – in abstrakte neutraliteitsterme, *á la* Van Til. Dit is juis waar Van Til meen dat Kuyper weer tereg korrektief baie sterk staan, met sy klem op die prinsipiële verskil wat die wedergeboorte meebring. Immers, die natuurlike mens is dood en ken nie vir God nie. Hier kan 'n mens dink aan byvoorbeeld Rom. 1:21, wat immers praat van "dwaas geword in hul oorlegginge" (OAV). Vers 28 wys daarop dat "hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie" (OAV). Efesiërs 4:17 praat van "die dwaasheid van hulle gemoed" en vers 18 van "verduisterd in die verstand" (OAV). Die mens se 'geskape' vermoëns is derhalwe totaal deur die sonde verdorwe, sodat die 'feite' nie noodwendig 'reg' – tot God's eer – 'geïnterpreteer' sal word nie. Met ander woorde: Warfield is volgens Van Til reg om daarop te wys dat elke mens in die vermoë is om God se objektief-rasionele openbaring te kan interpreteer. Menslike kenne is nie <u>ontologies</u> dualisties nie. Die objektief-rasionele (wetenskaplike) van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing is bewysbaar. Apologetiek is derhalwe juis onmisbaar nodig. Aan die ander kant is Kuyper volgens Van Til reg om daarop te wys dat die in-sonde-gevalle-mens God se objektief-rasionele openbaring nie reg sál interpreteer nie. Ongelowiges gebruik hulle Godgegewe vermoë tot interpretasie van die feite verkeerd. Die menslike kenresultate verskil dus <u>epistemologies</u> van mekaar. Apologetiek behoort glad nie in terme van neutraliteit sy taak te verrig nie, maar juis antiteties te wys op vooronderstelling(s). Deurbraak-wetenskaplike bydraes kan *á la* Van Til maar nagegaan word; die ryke resultate daarvan klop nie met die ongeloofsvertrekpunte waarvan dit uitgaan nie. In die lig van Kuyper, kan Van Til nie vir Warfield navolg as hy blykbaar aan die onwedergeborene 'n neutrale interpretasievermoë toeken nie. In die lig van Warfield, kan Van Til nie vir Kuyper navolg as hy blykbaar nie teenoor alle mense aan die objektiewe bewysbaarheid van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing wil vashou nie. Van Til wil aan die antitese vashou met betrekking tot 'interpretasie' van die werklikheidsfeite, én aan die objektiewe rasionaliteit – oortuigbaarheid van die feite wat deur die geskape werklikheid aangelewer word. Die vraag kan derhalwe gevra word hoe Cornelius Van Til dit regkry om beide Kuyper en Warfield met hoë agting na te volg en tóg van beide te verskil in dit waarmee hulle klaarblyklik met mekaar verskil. Met verwysing na *sensus divinitatis* toon Donald Macleod nadruklik hoe Bavinck vir Van Til gehelp het om hierdie soort gevolgtrekkings te kon maak. Macleod (2006:267) verduidelik na aanleiding van Bavinck:

*Its Latin root, the verb* ***sentire*** *(whence* ***sensus****), means not "to feel" or "to sense" but "to percieve." Calvin's* ***sensus divinitatis****, therefore, refers not to something in the "senses" (a "sense" or "feeling" of deity), but to an awareness or perception. Yet, any revelation given through creation or nature must be given through our senses, and to this extent our "innate" theism is emperical, and therefore* ***a posteriori****. Only as we see, hear, taste, touch, and smell the universe do we experience it as declaring the glory of God. From this point of view God, the supersensuous, reveals himself through the sensuous, the* ***noumenon*** *reveals himself through the phenomenal, and the invisible gives himself visibility in creation. But if it is true that the creation around us is so structured as to reveal the glory of God, it is no less true that* ***we*** *are so structured that we cannot but perceive the eternal power and glory of God shining through the universe.*

Merkwaardig is dan ook dat dit wil voorkom asof die neurobiologie (en wel genetiese navorsing) in samewerking met die genetiese psigologie so 'n standpunt ("that **we** are so structured") teenwoordig empiries blyk te onderskryf. Dr. Dean Hamer verduidelik in *The God Gene* van die genetiese (DNA) predisposisie by die mens met betrekking tot geloof in God. Hierdie predisposisie het te doen met die sogenaamde monoamien-geen "VMAT2" (Hamer, 2005:72 e.v.). Navorsing by tweelinge staaf na bewering dat spiritualiteit eerder aan genetiese as omgewingsoorsake toegeskryf behoort te word (Hamer, 2004:42-55). Hier dring 'n hele kompleks nuwe data tot verwerking in die gereformeerde teologie.

Macleod (2006:268) wys ook dat Van Til by Bavinck sou leer om erns te maak met byvoorbeeld die Johannesevangelie. In Jesus Christus as die Logos ("Woord") "was lewe, en die lewe was die lig van die mense" (OAV, Joh 1:4). En juis hierdie lig word beskou as die waaragtige lig wat "elke mens verlig". Met ander woorde, so wys Macleod sou Van Til by Bavinck geleer het: "Creation is suffused with Logos". Ons kan dus nie "nie" sien nie, tensy met 'n uitermate poging om God te verwerp, soos Romeine 1:28 leer. Teïsties gesproke, is die openbaring wel duidelik, asook die persepsie daarvan. Maar nou, slegs God kan Homself bekend maak. 'n Mens kan God nie sonder God ken nie. Maar let wel, so wys Macleod (2006:275), *we have no right to make an illigimate totality transfer from the death metaphor, arguing for the total noetic incompetence in the face of the Bible's clear statement that this dead man understands and knows.* Die Skrif leer inderdaad hoe die onwedergeborene wel vir Moses kan lees (2 Kor. 3:15), hoe so iemand sterk aangetrokke kan wees tot die Saligmaker en selfs glo (Joh. 2:23 e.v.).

Onwedergeborenes kan selfs die Woord met blydskap ontvang (Mark. 4:16). Dit is moontlik om soos Ananias en Saffira aanvanklik in die hart getref te kon wees met die vraag: Wat sal ons doen . . .? (Hand. 2:37; 5), om die goeie woord van God te "smaak" (Heb. 4:16). Nietemin is die sondaar 'dood' in sy oortredinge (Ef. 2). Hierdie absolute doodsheid sny so diep, dit skeur die mensheid in twee. Kuyper stel dit onverbiddelik. Warfield voel Kuyper hierin wel reg aan. Daarom besef 'Gereformeerde Apologetiek', en in die besonder Cornelius Van Til, maar al te goed "for all its objective validity, can achieve subjective cogency only through the witness of the Holy Spirit" (Macleod, 2006:278). Hoewel Warfield uitnemend ingesien het dat die getuienis van die Heilige Gees absoluut vir die sondaar noodsaaklik is, was dit waarskynlik 'n haastigheid om verantwoording te doen oor die hart van die Christelike boodskap wat die raaisel laat ontstaan het, van 'n konflik met sy gereformeerde eweknie in Nederland (Macleod, 2006:271 e.v., 278-282).

Filosofies was dit egter Immanuel Kant wat vir Van Til gehelp het om in te sien dat sowel feite-evaring, as interpretasie-rasionaliteit 'n geldige plek in ortodoks-Christelike Teïsme behoort te hê:

> *Any God who wants to make himself known, it is now more clear than ever before, will have to do so by identifying himself exhaustively with his revelation. And any God who is so revealed, it is now more clear than ever before, will then have to be wholly hidden in pure possibility . . . The unconditioned cannot be rationally related to man . . . It was Kant's great service to the Christian church to teach us this . . . But if Kant has done so great a service, his service has of course been wholly negative . . . The very idea of Kant's Copernican revolution was that the autonomous mind itself must assume the responsibility for making all factual differentiation and logical validation . . . If Plato and Aristotle virtually identified the mind of man with that of God, Kant virtually identified the mind of God with that of man. Such a mind describes all facts as it sees them, invariably through colored lenses* (Van Til, 1946:297-299; vgl. Bahnsen, 1998:347 e.v.).

Jammer genoeg, gee kritici soos Sproul *et al.* (1984:276-286) en selfs McGrath (1992:36-41) hierop nie vir Van Til erkenning, dat hy saam met Warfield wél vashou aan ervaringsfeite en dus bewyslewering nie. Volgens hulle doen Van Til werklikheids*ervaring* tekort met sy presupposisionalisme. Maar, soos Frame (1995:219-243) daarop wys, hierdie soort kritiek verreken interessant genoeg, steeds nie die bydraes van Kant, asook Thomas Kuhn nie. Kelly J. Clark met medewerkers meen boonop dat juis uitgangspunte van

die tradisionele kleur, Jean-François Lyotard se kritiek op die modernisme 'n warm aktualiteit gee: *Therefore, the Christian story would only fall prey to Loytards's criticism of metanarratives if one assumes that the biblical narrative is a story grounded by neutral reason. While classical apologists might assume something of this sort, presuppositionalists do not; therefore, Christian theology might in fact* ***share*** *postmodernity's incredulity toward metanarratives* (Clark *et al.*, 2004:74. Onderstreping: JB; ). Indien Hans Küng egter die saak reg verwoord, soos wat D.J. Louw (2003:35; vgl. Johan Janse van Rensburg, 2000:44 e.v.) meen, naamlik dat by die postmodernisme slegs 'n "neutrale" posisiebepaling van "*Einklammerung*" polisentries oorgebly het, dan is die postmodernisme tog nie so nugter as wat Clark meen aan te dui nie. Filosofiese solipsisme en skeptisisme by postmoderniste is dan te verstane, merkwaardig genoeg, in verhouding tot 'n *neutraliteits*waan. Ingevolge Immanuel Kant en Thomas S. Kuhn (om Karl Popper nie te vergeet nie), is juis van 'n "neutrale", "objektiewe" Rede en posisiebepaling net nie sprake nie. Juis daarom is hedendaagse begrippemateriaal soos "paradigma" en "hermeneutiek" immers relevant (Louw, 2003:41-44; Johan Janse Van Rensburg, 2000:58-62). In die lig van die postmodernisme se sg. afwysing van "objektiwiteit" bestaan klaarblyklik vrese vir die relativering en verlies aan die Skrif in pastoraat (vgl. vir sulke vrese Johan Janse van Rensburg, 2000:45). Sulke vrese ontstaan egter slegs vanweë 'n onaanvaarbare vereenselwiging met 'n sodanige "neutrale" of te wel "objektiewe" werklikheidsbeskouing. Fondasionalisme is 'n noodwendige gevolg. Dit val op dat Johan Janse van Rensburg (2000:36 e.v.) fondasionalisme erken in sy benadering tot teologie.

### 3.3.3.3 VERREKENING VAN DIE IDEALISME MAAK CORNELIUS VAN TIL NIE 'N IDEALIS NIE

Kwalifiseer Van Til dan as 'n (Kantiaanse) Idealis? Is Van Til wel 'n betroubare gids vir pastorale berading, en wel om die vooronderstellings van beradenes te verreken? Behalwe vir die teologie, so wys Frame (1995:133 e.v.) daarop, hou ook alle filosofiese strominge tot in die jongste tyd toe steeds rekening met "vooronderstellings". Volgens Deist (1994:324), is dit nou maar pas ongeveer 30 tot 40 jaar dat teoloë in Suid-Afrika *bewustelik* met vooronderstellings omgaan, in besonder wat betref Bybellees. Klaarblyklik sou die boek van Wentzel van Huysteen (1986), met die titel *Teologie as Kritiese Geloofsverantwoording*, die hoofstroom gereformeerde teoloë in Suid-Afrika eers wérklik laat wegbeweeg het vanaf 'n sogenaamde "naïewe" realisme na 'n sg. "kritiese" realisme in die beoefening van teologie en in besonder Bybellees (Deist, 1994:326). "Kritiese" realisme het noodwendig 'n impak daarop gehad hoe Afrikaners oor

'Afrikanerskap' begin dink, asook hoe 'kerklike besluite' aan die hedendaagse kerkpraktyk van Afrikaner-gereformeerdes begin koers gee het (Deist, 1994:299-306; 326, 349-364; vgl. bv. ook *Kerkbode* 25 Mei 2007). Op hierdie punt is dit derhalwe nodig om die vroeëre gedagtegang van Hendrikus Berkhof (1985:13/1989:xiii) weer voor oë te roep: Indien teologie enigsins sou voortbestaan, dan moes dit 'n nuwe weg inslaan wat betref werkswyse en so soek vir 'n geldige plek – indien nie binne die Kantiaanse raamwerk nie, dan ten minste met 'n deeglike verrekening van die Kopernikaanse revolusie wat Kant in die epistemologie veroorsaak het. Laasgenoemde is presies wat Van Til probeer doen het (Oliphint, 1990:34). Self sou Van Til (1947:9) ook aan hierdie perspektief erkenning gee, wanneer hy die dialektiese teologie van Karl Barth en Emil Brunner bespreek teen die agtergrond van Kant se kritisisme. Maar, dat daar tussen 'n Kantiaanse teologie en ortodoks-Christelike standpunt diametraal-teenoorgestelde posisiebepaling bestaan, was vir Van Til ongetwyfeld 'n uitgemaakte saak (Van Til, 1946:300; 1947:9-42; 1955; 1962:240-273). Per slot van rekening: *The thinking of the Reformers may therefore be said to be thinking from above, and the thinking of Kant may be said to be thinking from below* (Van Til, 1962:408). So het Van Til deeglik die Kopernikaanse rewolusie wat Kant in die epistemologie veroorsaak het probeer verreken – hoewel hyself as gereformeerde apologeet buite die Kantiaanse raamwerk staan, en wel binne die kamp van die Ortodoks-Christelike Teïsme. Dit is dan ook hoe Van Til "vooronderstelling(s)" 'n deurslaggewende plek in sy apologetiek kon gee, in aansluiting waarvan Jay Edward Adams as pastorale teoloog, in terme van berading graag meen te werk. Dit was immers die "Kritiese" filosofie van Kant wat bewustheid van vooronderstelling(s) in alle menslike denke te weeg gebring het. Van Til het egter, volgens Oliphint (vgl. 1990:34) met chirurgiese noukeurigheid te werk gegaan. Hy het gepoog om uit die Idealisme nie 'n deelaspek te ontwortel en in die Ortodoks-Christelike Teïsme oor te plant, sonder om die woord "vooronderstellings" eers deur die smeltkroes van openbaringskritiek te laat gaan nie. Hendrik G. Stoker (1899-1993) merk dan ook in sy (1971:55) bydrae tot Van Til se *Festchrift* teenoor hom op: *Your use of the terms expresses accordingly a fundamental reformative (i.e., genuinely biblical) criticism of this philosophy.*

### 3.3.3.4 VAN TIL SE OPVATTING VAN DIE WOORD "VOORONDERSTELLING"

Om Van Til (1895-1987) se verstaan en gebruik van die woord "vooronderstelling(s)" aan die lig te bring, kan verwys word na twee ander filosofies-georiënteerde Christene, te wete Gordon H. Clark (1902-1985) en Francis A. Schaeffer (1912-1984). Hoewel daar groot ooreenkomste was tussen Van Til en hierdie twee gereformeerde Christene, was daar wat die hantering van die woord "vooronderstelling(s)" betref, betekenisvolle verskille; dit gee 'n skerper blik op Van Til se verstaan van die woord.

a. Vooronderstelling is nie 'n hipotese nie

In die handelsweergawe van sy proefskrif bespreek Bryan A. Follis (2006:108-116) die verskil tussen Van Til en Schaeffer met betrekking tot die gebruik en verstaan van die woord "vooronderstelling". Schaeffer, wat vir twee jaar lank onder Van Til studeer het, maak vrylik van die woord gebruik. Hy is ook daarvan oortuig dat in terme van vooronderstelling(s) na die werklikheid gekyk word. 'n Gesprek vandag het nie werklik waarde alvorens vooronderstelling(s) in berekening gebring word nie. Schaeffer was trouens van mening dat Princeton in vrysinnigheid verval het, juis omdat daar *te min gemaak is van die belang van vooronderstelling(s)*. Schaeffer was ook oortuig daarvan dat geen werklikheidsaspek as 'neutraal' gekarakteriseer mag word nie. Schaeffer was egter nie heeltemal gelukkig met Van Til se apologetiese metode nie. Hy sou Van Til daarvan verdink dat hy "in praktyk" sterk ooreenkoms vertoon met Karl Barth, as sou daar geen gemeenskaplike grond tussen 'geloof' en 'ongeloof' wees nie. Schaeffer het gemeen dat 'n wérklik diep en betekenisvolle gesprek deur Van Til se apologetiese metode nie effektief-moontlik is nie (vgl. in die verband Alister McGrath se soortgelyke ongemak, 1992:36-41). Daarom het hy tog teruggeval op die ou Princetoniaanse benadering, om met die huidige geslag gesprek te voer "in terms they can understand". Schaeffer het met "vooronderstelling" dus bedoel: die onderliggende kernoortuigings ('beliefs') van elke individu. Sodanig was vooronderstelling(s) vir Schaeffer 'n stuk gereedskap om iemand mee oop te maak ten opsigte van die waarheidsaansprake deur die Christelike geloof. Hy was daarvan oortuig dat Christelike vooronderstelling(s) ooreenstem ('match') met "real life experience". Diegene met wie hy in gesprek tree, stel Schaeffer voor 'n keuse; beradenes kan kies tussen verskillende stelle vooronderstelling(s). Barry Seagren, langtermyn-medewerker by L'Abri, wys egter uit dat Schaeffer eerder kwalifiseer as 'n "evidentialist of ideas" (vgl. Follis, 1996:111). Van Til sou inderdaad self ook kritiek uitoefen op Schaeffer.

Hoe 'feite', 'logika' en 'denke' by Schaeffer funksioneer, het aan Van Til gekrap: *By inviting the non-Christian to choose between Christian and non-Christian presuppositions on the basis of which of them best "fits the facts of what is", Van Til believed that Schaeffer treated presuppositions as though they are hypotheses* (Follis, 2006:112). Daarteen skop Van Til. Hy kon nie begryp hoe Schaeffer dit aan die ongelowige wil oorlaat om die waarheid van die Bybelse denkstelsel vir hom/haarself te ontdek nie. Volgens Van Til, sou Schaeffer nie die totale verdorwenheid van die mens genoegsaam verreken nie. Met 'n stukkie biografiese inligting getuig Van Til teenoor Schaeffer: *Hy was 'n sondaar totdat; God reached down to change my inmost disposition . . . Only now that I live do I understand something of the nature of the death from which I have been rescued* (vgl. Follis, 2006:113). Daarom kan, volgens Van Til, niemand in die regte verhouding met God tree, tensy so iemand deur die wederbarende en verligtende werk van die Heilige Gees, die woorde van die Heilige Skrif glo, waardeur God self spreek nie. Dit is dus duidelik dat Van Til nie met Schaeffer kan saamstem nie. Hoewel beide die woord "vooronderstelling(s)" gebruik, druk hulle tog verskillende betekenisse daarmee uit. Sonder om met Van Til in debat te tree, so merk Follis (2006:114) skerpsinnig op, het Schaeffer stilweg die beskrywingsfrase vir sy gespreksmetode weggelaat in sy uitgawe van *The Complete Works of Francis Schaeffer* (1982), waardeur Schaeffer publieke erkenning sou gee dat hy nie op dieselfde manier as Van Til met 'n "presuppositional apologetic" werk nie. Immers, Van Til beskou vooronderstelling(s) nie as hipotese(s) nie.

b. Vooronderstelling is nie 'n aksioma nie

Norman L. Geisler (1999:259-261; vgl. ook Clark *et al.*, 2004:19 e.v.) wys daarop dat fondasionalisme bewustelik 'n aantal heel basiese beginsels ('prinsipes') oftewel vertrekpunte, as basis vir alle denke daarstel. Alle kennis berus volgens hierdie benadering op basis van sodanige "eerste beginsels". Sulke eerste beginsels word as 'self-evident' beskou, ingevolge waarvan alle ander dinge duidelik gemaak kan word. Wil iemand nog selfs agter hierdie fondasie soek, dan beweeg jy op 'n terrein wat nie meer as **rede**gefundeerd – rasioneel – kan kwalifiseer nie. Om 'n epistemologiese openheid ('open mind') te hê wat breër, dieper, verder en wyer strek as sodanige eerste beginsels, is gewoon buite die kwessie: "One cannot even have a mind without them" (Geisler, 1999:260). Indien 'n mens vir Schaeffer as 'n ***praktiese*** presupposisionalis sou bestempel (Geisler, 1999:607), kwalifiseer Clark volgens Geisler (1999:150) as 'n ***rasionele*** presupposionalis. Clark (1952:24 e.v., 29, 89, 179) hanteer vooronderstelling(s) in terme van

eerste beginsel(s). God Drie-enig, geopenbaar in die Heilige Skrif, funksioneer vir Clark epistemologies, as so 'n fondasionele eerste beginsel oftewel begin-, vertrekpunt in sy presupposisionele denke. Bahnsen (1995²:Audioband; 1998:466;) gee aan hierdie soort hantering van vooronderstelling(s) die assosiasie 'aksioom' (vgl. ook Crampton, 1999:27; Frame, 1995:47, 132; Clark, 1993:59 e.v.). Met ander woorde: in terme van 'n logies-geometriese raamwerk is hier sprake van *'n gekose eerste beginsel (premis) wat nie bewysbaar is nie* (Clark, 1988:43). Dit kan ook bestempel word as 'n dogmatiese beginpunt, 'n *apriori*. Immers, meen Clark, *aposteriori* kennis – ervaringskennis, leer 'n mens niks nie (Frame, 1995:134; Crampton, 1999:20-23). Frame (1994:12 e.v.) wys daarop dat die *pre-* van presupposisie dan verstaan word as tydsaanduidend. Met ander woorde: iemand glo iets voordat jy in terme van tyd iets anders glo. Gesien die taalverklaring aan die begin van hierdie hoofstuk (3.3.2), word "voor-onderstel(-ling)" dus verstaan as dit wat *vooraf* gebeur. Die begrip druk die taalassosiasie uit in verband met dit *wat as waar aanvaar – aangeneem – word, 'n punt waarvandaan denke/redenering vertrek.* Van Til hanteer "vooronderstelling" hoofsaaklik nie in terme van so 'n aksiomatiese – tydsaanduidende – betekenis nie. Frame (1994:12; vgl ook 1987:128 e.v.) skryf dus: *I do not particularly like the term presuppositional as a description of Van Til's apologetics or my own, although it is often used in this way . . . [It's] . . . not an adequate description of Van Til's position or mine . . .*

c. Vooronderstelling is wel 'n 'verwysingspunt' van transendentale aard

Hoewel Geisler (1999:150) vir Van Til tereg as 'n **openbarings**presupposisionalis karakteriseer, is Van Til se hantering van die woord "vooronderstelling(s)" daarmee nog nie eensklaps helder en duidelik nie. Frame (1995:136 e.v.; vgl. ook Bahnsen, 1998:466, voetnoot no 5) as Van Til-kenner, erken dan ook heel eerlik: "I do not believe that he ever defines the term". Volgens Frame (1995:136 e.v.; vgl. ook 1987:125 e.v.), is daar die volgende moontlike gebruike deur Van Til te onderskei:

- Om iets te dink, sê of doen in teenstelling tot jou geneigdheid
- 'n Noodsaaklike voorwaarde ('condition') oftewel dit wat legitimeer
- Beginpunt ('n Platform - vgl. Oliphint, 1990:47)
- Verwysingspunt ('Reference point')
- Transendentale argument

In Frame se eie woorde meen hy om Van Til se gebruik oorkoepelend weer te gee as 'n "basic heart commitment". Bahnsen (1998:461), die ander Van Til-kenner by uitstek, praat soortgelyk van "basic convictions". Hy verbreed egter die spektrum van betekenis nog met:

- Fundamentele aannames
- Finale ('ultimate') standaarde vir interpretasie
- Regverdiging vir daardie – 'diepere' - oortuigings

Bahnsen (1998:466) meen dat 'n suiwerder blik verkry word deur te verduidelik: *In his view, a presupposition is more basic than a hypothesis, and yet is not beyond rational proof. Because presuppositions are the most fundamental and coordinated convictions that a person has regarding reality, knowing, and conduct, they are transcendentals by which (it is hoped) a person's experience can be made coherent, meaningful, and intelligible.* Bahnsen (1998:466 e.v.; vgl. ook Oliphint, 1990:36) substansieer hierdie standpunt met verwysing na wat Van Til leer in sy publikasie *A Survey of Christian Epistemology* ($1969^1$) - tweede uitgawe van sy publikasie uit 1932 met die toenmalige titel *The Metaphysics of Apologetics* (bl. 10 en 201): *A truly transcendental argument takes any fact of experience which it wishes to investigate, and tries to determine what the presuppositions of such fact must be, in order to make it what it is.* In die verband verklaar Bahnsen ook nog (vgl. ook $1995^2$:Audioband): *The presuppositions espoused or utilized by the believer (on the one hand) and the unbeliever (on the other hand) were considered by Van Til to be their "reference point" for interpreting any experience and guiding all reasoning. They are intended to be preconditions for making sense out of any thinking or experience. As Van Til wrote, they should be understood as "the conditions which make experience intelligible".* Tydens 'n akademiese uitwisseling tussen Don Collett (2003:299-305) en John M. Frame ($2003^2$:307-9) in die *Westminster Theological Journal*, word Van Til se woordgebruik ook nog nader omskryf, deur middel van die bydraes deur Peter Strawson en Bas van Fraassen in die veld van logika. Frame ($2003^2$:307-9) som op:

> *So, as Collett puts it, if, say, causality presupposes God, then either the affirmation or the denial of causality implies God's existence. This is the analogue to **modus ponens**. And, in the analogy to **modus tollens**, if God does not exist, then the existence of causality can*

*neither be affirmed or denied, for on that assumption causality is not an intelligible concept.*

In navolging van Bas van Fraassen kan presupposisionalisme, volgens Collett (2003:304) se voorstel, ook nog soos volg vorm gegee word:

| **Modus ponens (Analogie)** | **Modus tollens (Analogie)** |
|---|---|
| Kausaliteit vooronderstel God. | Kausaliteit vooronderstel God. |
| Daar is geen kausaliteit nie. | Daar is geen God nie. |
| God bestaan dus nie. | Kausaliteit is dus onbegryplik. ("unintelligible") |

Collett (2003:304) wys dan ook nadruklik daarop dat Van Til nie maar net tevrede was met 'n *reductio ad absurdum* nie. Van Til wou graag deurdring tot by die erkenning van God as noodsaaklike "pre-condition" vir die ongelowige se standpuntinname: *Rather, Van Til insisted on going further and making the* ***transcendental*** *claim that the very intelligibility of Non-Christian's claims, whether true or false,* ***necessarily*** *presupposes the truth of Christian theism* (Collett, 2003:304). Oliphint toon dat Van Til reeds tydens sy proefskrif van 1927 hierdie soort inslag gehad het toe Van Til sou skryf: *. . . that we can find no meaning in our human experience unless there be a self-sufficient God* (vgl. Oliphint, 1990:27). Sedert sy vroeë dae was dit vir Van Til (1930:369) krities belangrik *that there must be an ultimate rationality back of our experience.* Ja, selfs wat betref "the least bit of experience" en wel "complete rationality" (Van Til, 1930:383). Sterker nog (Van Til, 1930:371): *We have said that our experience 'presupposes' God. God has made the facts and therefore interprets them* (Van Til, 1930:383). Wie dit nie erken nie (soos die Pragmatisme), bevind sigself per slot van rekening met interpretasieprobleme, wat betref werklikheidservaring. Maar, by wie daarvan uitgaan dat die 'heelal', 'n konsep breër is as God, waarin God en mens as korrelatiewe optree met gelyke interpretasiemag (soos die Idealisme), ontstaan per slot van rekening eweneens interpretasieprobleme wat betref werklikheidservaring. Ten grondslag aan beide hierdie verskillende interpretasiebenaderings word Kant se kreatiewe denkteorie aangetref (Van Til, 1930:385). Kreatief-konstruktiewe interpretasie van werklikheidservaring deur outonome denke staan teenoor die reseptief-re-konstruktiewe interpretasie van Christelike denke waar – "we are to think God's thoughts after Him". Die deurslaggewende – uiteindelik finale – 'punt van verwysing' met die

oog op interpretasie van werklikheidservaring is dus ter sprake (Van Til, 1967:77; vgl. Bahnsen, 1998:467). Gesien hierdie uitgangspunt, is "vooronderstelling(s)" bepalend vir die vorming van lewens- en wêreldbeskouing (Bahnsen, 1998:465). Dit hou verband met metafisika, epistemologie en etiek. Dit is onder andere ook bepalend vir wetenskapsbeskouing, en iemand se konseptualisering van rasionaliteit en geldige bewyse. "Vooronderstelling(s)" funksioneer soos 'n bril met gekleurde lense waardeur na die werklikheid gekyk word om dit te interpreteer. In sy *An Introduction to Systematic Theology* (1974:62-158 in besonder 62-74) toon Van Til die omvattendheid van sy perspektief op die teologiese kategorie "openbaring" aan. Gegewe God wat skep en openbaar, tree die sondaar, volgens Van Til op soos 'n dogtertjie wat op haar pa se skoot sit. Aan Dooyeweerd merk Van Til ($1971^2$:98, vgl. $1971^3$:403) op dat hoewel sy die ondersteuning geniet van haar pa se knieë klap sy haar pa deur die gesig. Epistemologies kan nou wel gemeen word; sy het dit outonoom reggekry. Maar wie dieper besin kan die ondersteunende rol van haar pa nie ontwyk nie. Ortodoks-Christelike Teïsme erken egter *à la* Van Til, die transendentale 'verwysingspunt', dat soos wat sy haar pa kan raak klap, slegs uit hoofde daarvan dat sy op haar pa se skoot sit ('n mens sou ook nog daarop kon wys, dat sy uit haar pa voortkom[1]), so bewys haar sogenaamde outonome optrede haar totale afhanklikheid – haar "vooronderstelling(s)" m.b.t. haar pa, wat die dogtertjie by wyse van spreke – outonoom – deur die gesig klap. Die sondaar – hoewel in stryd met God – toon deur sy outonome optrede steeds God as die mees basiese omgewing van die heelal. God is met ander woorde, 'n konseptuele werklikheid veel breër as die heelal. Om dit uit te druk in die perspektief van Johan Herman Bavinck (1949:75):

> *Over de gehele linie wordt dus de inhoud van het religeus besef doorstraald vanuit dat éne moment van de betrokkenheid op een hogere macht. . . Alle betrekkingen, waarin de mens staat, verkrijgen iets van een ik-Gij-betrekking, het leven wordt gesprek, wordt woordenstrijd desnoods, worsteling desnoods, opstand desnoods, maar in alle geval, het wordt gesprek. De mens weet zich geplaatst tegenover die geheimsinnige Tegenspeler, tegenover de Ander, die zijn aangesicht omhuld houdt, maar die toch door ons getast wordt, met wie we dagelijks same zijn, aan wiens greep we ons nimmer onttrekken kunnen. Dat is de nimbus van het godsbesef die hangt om het menslijk zoeken en denken*

[1] Dankie aan prof. G.A. Lotter wat die verdere implikasies van hierdie metafoor uitgewys het.

Vern S. Poythress (2006:208-213) illustreer die eienaardigheid van Cornelius Van Til se soort benadering tot werklikheidshantering met betrekking tot vyf groot epistemologiese denkstrome, te wete: realisme, idealisme, empirisme, pragmatisme en postmoderne relativisme. Vooronderstellings is in die lig daarvan nie maar 'n bloot willekeurige verskynsel nie. Vooronderstellings is gebind aan God as "ultimate rationality in terms of which we understand anything at all" (Poythress, 2006:208). Realisme postuleer die metafisiese prioriteit van die eksterne wêreld voor die wêreld van denke. Idealisme doen presies die omgekeerde. Omdat gepostuleer word dat denkkategorieë reeds bestaan, kan werklikheidservaring slegs plaasvind binne die raamwerk van denke. Die vraag ontstaan dus; wat is wérklik eerste? Ortodoks-Christelike Teïsme hanteer die kwessie anders as ander epistemologiese skole. 'n "Presuppositional" verstaan gaan uit die staanspoor nie die Skepper/skepsel onderskeid uit die weg nie. Daarom is die wêreld metafisies wel vóór *menslike* denke. Aan die ander kant bestaan die *denke van God* metafisies weer vóór die geskape werklikheid wat ervaar word. Christelik-teologies, is die mens op grond van die Skrif geskape na die beeld van God. So ervaar die mens indirek iets van die voorrang van denke met betrekking tot gebeure. Beide realisme en idealisme is dus uit Ortodoks-Christelike oorweging reg én verkeerd. Nie een van hierdie denkskole hou streng gesproke rekening met die Skepper/skepsel-onderskeid as transendentale verwysingspunt nie. Daarom verval hierdie denkskole in reduksionisme van die werklikheid. So ook wat betref die ander denkskole. Empirisme gee epistemologiese voorrang aan menslike sintuigservaring. Pragmatisme gee op sy beurt weer voorrang aan die praktiese proses van voorspelling en manipulasie van die omgewing. Postmoderne relativisme wil voorrang verleen aan die eiesoortigheid van individue en groepe. "Waarheid" is so gesien spesifiek – oftewel persoons-, ons kan ook sê sosiaalgebonde, byvoorbeeld vir individu of groep. Ortodoks-Christelik beoordeel, is hier van deelaspekte sprake wat oorwoeker word, binne 'n werklikheidservaring wat "gebeurlikheid/moontlikheid" en "naakte feite" postuleer as meer basies dan God. Wie met God as Skepper rekening hou in onderskeid van die geskape werklikheid, poog om sulke reduksionismes te ontwyk, wat verband hou met deelaspekte van die werklikheid, deur in te sien dat dit neerkom op perspektiewe binne die één Raad van God, wat Christelik gesproke nie oorwoeker mag word nie. Teologie, en daaruit voortvloeiend diakoniologie (oftewel praktiese teologie) en pastoraat (berading) wat daarom as "gereformeerd" wil kwalifiseer, sal dus altyd die Skepper/skepsel onderskeid moet erken en verreken. Met betrekking tot die hantering van vooronderstellings by die beradene, beteken God as Skepper dat álle vooronderstellings van die beradene transendentaal verbandhou met God. Sodanige hantering van vooronderstellings verkry besondere betekenis wanneer later na die psigologie gekyk sal word.

#### 3.3.3.5 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT DIE TEOLOGIESE BEGRIPSVERHELDERING VAN DIE WOORD "VOORONDERSTELLING"

Van Til gebruik die woord "vooronderstelling" na aanleiding van die wysgerige erflating van Immanuel Kant. Die woord "vooronderstelling" is 'n punt van verwysing en wel van transendentale aard: sinsbetekenis in álle menslike ervaring is slegs moontlik omdat die Soewereine, Selfopenbarende, Drie-enige God bestaan en die inhoud van die religieuse besef deurstraal. "Vooronderstelling" by Van Til is nie 'n 'hipotese' (weerspieël pragmatisme) of 'n 'aksioma' (weerspieël rasionalistiese fondasionalisme) nie. "Vooronderstelling" druk by Van Til dus wel die taalassosiasie uit in verband met dit *wat as waar aanvaar – aangeneem – word, 'n punt waarvan denke/redenering vertrek*, maar dan altyd empiries van aard en transendentaal-toetsbaar, verwysend na God: *"Fundamental condition"* sê dus te weinig (vgl. terug by 3.3.1.1), *"Very ultimate condition"* is ter sprake.

### 3.3.4 BEGRIPSVERHELDERING AAN DIE HAND VAN DIE AAN-GRENSENDE WETENSKAP: PSIGOLOGIE

#### 3.3.4.1 "DIEPTELAAG" EN "SAMEHANG"

Hendrik G. Stoker (1971:36 e.v.) huldig die oortuiging dat Van Til in sy epistemologie 'n diepte (oftewel hoogte) bereik het, 'n kreatiewe oorspronklikheid, wat selfs Dooyeweerd in sy transendentale teorie oortref. Dit hou daarmee verband dat Van Til "the very ultimate conditions" van menslike kennis openbaringspressuposisionalisties ondersoek het in verhouding tot God en sy Raad. Ook hou dit daarmee verband dat Van Til tereg **toeval** ('chance') en die gedagte aan **naakte feite** ('brute facts') as "ultimate conditions" deur nie-Christelike filosofieë en empiriese wetenskappe kritiseer. Die "dieptelaag", "trans-dissiplinêre" geaardheid van die wetenskapsbedryf kom dus so aan die orde (Du Plessis, 2000:2, 4 e.v.; 2006:46 e.v.). Geloof en wetenskap is immers onskeibaar, hoewel onderskeibaar (Du Plessis, 2000:8; 2006:69). 'n Gereformeerde perspektief wil altyd in verband staan tot God se plan met alle dinge en die besondere rol van die kerk (diegene wat aan die Here behoort) in hierdie plan (De Wet, 2006[1]:80). Met betrekking tot 'n prakties-teologiese benadering beteken dit dat byvoorbeeld Zerfass (vgl. De Wet, 2006[1]:79,

83) en Heitink (1993:18-21, 162 e.v.) se *intradissiplinêre* benadering nog te kort skiet. Die "glo"-karakter van sowel die empiries-analitiese elemente, as die hermeneuties-bemiddelende elemente behoort deurlopend verreken te word. Iemand soos Getz (1986:32-46; Getz & Wall, 2002:23-34) moet erken dat sy sogenaamde "Skriflens", hoewel dit liniêr prioriteit geniet voor die sogenaamde "Geskiedenislens" en "Kultuurlens", reeds vooronderstelling-gebonde en paradigmaties van aard plaasvind. "Trans-dissiplinêr" hou immers ook verband met die interfakultêre samehang in die *Universitas Scientiarum* (Du Plessis, 2000:6; 2006:66, 69). Lotter (2007[1]:3-5) sal sterker verantwoording van die "dieptelaag" en "samehang" binne die *Universitas Scientiarum* moet aflê in sy voorgestelde prakties-teologiese model.

Die apologetiese inset weerhou Van Til nie daarvan om tog met nie-Christelike wetenskappers kontak te onderhou en selfs saam te werk nie (Stoker, 1971:49 e.v.). Van Til (1971[1]:71-73) formuleer byvoorbeeld:

> *For the construction of a Christian psychology we can no doubt gather many helpful suggestions from our enemies . . . Ministers of the gospel should have a knowledge of a sound psychological approach . . . We should always be thankful for any improvement in the technique of dealing with men that anyone offers us . . . A Minister of the gospel of Christ, if he would truly benefit by a study of psychology, should study psychology from a Christian point of view.*

Stoker meen die apologetiese inset van Cornelius Van Til te karakteriseer as 'n navolgingswaardige "vertikale benadering". Dit het egter nodig om 'aangevul' te word – wat Van Til (1971[4]:73) geredelik toegee - met 'n "horisontale" benadering. Martin Heidegger (vgl. Berkouwer, 1957:26) beskuldig Stoker ten onregte vir sy "horisontale" benadering as sou Stoker fenomenologie verwar met teologie. Re-formasie is dus nie die enigste verpligting van die Christelik-teïstiese wetenskapper nie, maar ook Skriftuurlike formasie (d.m.v. ***ekshaeretiese kritiek*** – vgl. Du Plessis, 2006:67 e.v.). Daar is steeds sprake van 'n finaal Ortodoks-Christelik Teïstiese punt van verwysing. 'Feite' geld in Ortodoks-Christelik Teïstiese sin steeds as "openbarings"-feite: "To be a fact at all it must be a revelational fact" (Van Til, 1967:9; Stoker, 1971:59). Blindheid oor **God** se waarheid deur nie-Christene, beteken egter nie dat hulle in álle opsigte blind is vir die fenomenologiese wêreld nie, wat deel vorm van God se "openbaringswaarheid" (Stoker, 1971:60): ***Non-Christians have brought to light many details we should gladly recognize and which indeed are true when considered apart from their false ultimate posulates.*** Die kennisverwerwing deur empiriese

wetenskappe is dus van groot waarde (Stoker, 1971:62) en behoort ook "horisontaal" in diens van Ortodoks-Christelike Teïsme gestel te word (Stoker, 1971:66-70; De Wet, 2006[1]:81 e.v.). So ontstaan, gesien Stoker se kommentaar op Van Til, vrymoedigheid in terme van Skrifgebonde berading, om "horisontaal" - met betrekking tot die aangrensende wetenskappe meer te leer van die navorsingstema onder bespreking, naamlik: *Vooronderstellings by die Beradene.* Die navorser ondersoek vervolgens die Psigologie as aangrensende wetenskap in die lig van die navorsingstema. Hierdie benadering sal egter wel moet verskil van iemand soos Steenkamp: *'n Kognitiewe benadering tot pastorale terapie vanuit die teologie van Paulus,* wat volgens Johan Janse Van Rensburg (2000:39-41, 54 e.v.) probeer om 'n "postmoderne epistemologie" te gebruik as basis vir die fundering van sy kognitief-pastorale strategie. Hierdie naïewe vorm van sinkretisme sein 'n waarskuwing in verband met hoe daar verder gewerk word.

### 3.3.4.2 'N ONDERSOEK BINNE DIE KOGNITIEWE STROMING

Funksionalisme, Gestaltpsigologie, Psigo-analise en Behaviorisme oorheers aanvanklik in die 20ste eeu. Met die koms van die eksistensialisme (o.a. Kiergegaard, Dilthey, Sartre, Jaspers) en fenomenologie (o.a. Husserl, Heidegger – eksistensialistiese verbreding, Binswanger) begin die terrein van psigiese ondersoek drasties te verander (Brennan, 2003:279, 299; Beck *et al.*, 1979:9). Kognitiewe en Neurobenaderings word gebore, omdat ondersoek plaasvind van spesifieke navorsingsaangeleenthede (Brennan, 2003:289; DeRubeis *et al.*, 2001:349; Mahoney & Gabriel, 1987:39-45; Beck *et al.*, 1979:Preface, 1 e.v.). Die navorsingsprobleem bepaal nou die navorsingstrategie. Onder andere word leer, motivering en geheue brandende ondersoekkwessies. Kognitiewe prosesse in die besonder groei tot 'n navorsingsarea. Die groot stelsels as sodanig (psigologiese skole tot 1960) bepaal nie meer die ondersoekstrategie nie. Beck *et al.* (1979:20; Dobson *et al.* 2001:13) fokus op die beradene se kognitiewe organisasie as – veel meer as – net 'n bloot wetenskaplike rewolusie (na aanleiding van Thomas Kuhn, *The Structure of Scientific Revolutions*, 1962). Fokus op kognitiewe organisasie by die beradene is "a previously neglected domain" (Beck *et al.*, 1979:20). Binne hierdie konteks ontvang "vooronderstellings" by die beradene besondere aandag. Kognitiewe oftewel "Cognitive-Behavioral" terapieë, so verduidelik Judith Beck (1995:1; vgl. ook by Wood, 2005:123 en Kuyken & Beck, 2007:15), is aanvanklik ontwikkel deur navorsers soos Albert Ellis (1962), Arnold Lazarus (1976) en Donald Meichenbaum (1977). Ouweneel (1984:326, vgl. Beck *et al.*, 1979:10) wys ook nog op Eric Berne (1964) en William Glasser (1965).

### 3.3.4.3 AARON T. BECK (1921-)

Die navorsingstema: *Vooronderstellings by die Beradene*, word belig deur nader in te gaan op die kognitief-terapeutiese bydrae van die psigiater Aaron Temkin – genoem "Tim" – Beck ('n Russiese Jood van afkoms, maar as eerste generasie gebore en getoë in die VSA). Biografiese inligting kan veral by Weishaar (1993), Padesky (2004) en Beck (2007) verkry word.

Beck vorm deel van die kognitiewe stroming in die psigologie wat in die 1960's momentum begin kry het. Die term "kognitief" is gebruik om Beck se benadering te beskryf, omdat dit een van die heel eerste psigoterapeutiese pogings was wat bewus aandag bestee het aan die impak van "denke" op die affektiewe, die biologiese, op gedrag en ervaring van die omgewing (Dattilio & Padesky, 1990:1). Uiteraard is hier sprake van 'n wetenskapsbydrae wat nie bo kritiek verhef staan nie (Jones & Butman, 1991:196-225; Weishaar, 1993:99-132; Peterson, 1994:13 e.v.; Young *et al.*, 2003:1-5; Sanders & Wills, 2005:xi-xiii). Die bedoeling van hierdie navorsingstuk is nie om die kognitiewe en in besonder 'kognisie' tot die een en al van mens-wees te verhef nie. Verder is dit ook nie die bedoeling om Beck se benadering as dié benadering te bestempel nie. Immers, Jay Edward Adams ($1979^2$:170 e.v.) waarsku tereg teen 'n intellektualistiese verskraling van die beradene tot slegs die kognitiewe (kognitiwisme dus), soos by die Griekse heidendom plaasgevind het. Inteendeel, hy wys tereg ook op berading in terme van "whole persons": "whole persons teach whole persons, acting as whole persons. They [counselors] do not merely pack (or repack) heads". Johan Janse van Rensburg (1998:65) wys op die gevaar om onder invloed van die modernisme eensydig in die kognitiewe benadering skuiling te soek en daarin te stagneer: *Die mens se totale menswees, geestelik en liggaamlik en dus ook sy totale breinvermoë, behoort in die pastorale proses betrek te word. . nie slegs die analitiese vermoë nie* – die *hele* mens impliseer om die *hele* brein te benut en aan te spreek (Johan Janse Van Rensburg, 1998:68 e.v.). Dit neem egter nie weg dat kognitiewe vaardighede erken word nie, selfs wanneer dit kom by 'n aktiwiteit soos hipnose nie (Johan Janse Van Rensburg, 1987:178-184) en pastorale terapie by hipnose nie (Johan Janse Van Rensburg, 1987:249-269): *Deur die negatiewe denke van spanning en bekommernis word die negatiewe denker vir emosionele siektes vatbaar . . . 'n Persoon wat negatiewe gedagtes en gevoelens oor homself het, sal sy lewe so inrig dat hy met die minste tevrede is, omdat hy glo dat hy nie beter verdien nie . . . Die herhaling van die kerngedagtes . . . is 'n nuttige bestanddeel van hipnotiese suggesties . . .* (Johan Van Rensburg, 1987:255-7). Dit kan selfs nodig wees om gebruik te maak van die kognitiewe benadering tot terapie (Jordaan & Janse van Rensburg, 2007:41). In terme van 'n "teologiese ontwerp" met

betrekking tot berading, om 'n uitdrukking te gebruik van Louw (2000:4) of soos Jay Edward Adams skryf, *A Theology of Christian Counseling,* is in terme van die begrip "vooronderstelling" slegs sprake van 'n enkele hoofstuk, of slegs 'n enkele paragraaf binne die teologiese antropologie (mensleer), met sy onmisbare implikasies vir berading. Hoewel met die nodige beskeidenheid dus, is dit tog die oortuiging dat 'n Christelik-teïstiese verwerking van Beck se bydrae vir pastorale berading, breër nog, vir Christelike berading in die multidissiplinêre span van Christelike beraders, waardevolle hulp kan bied (vgl. Tan & Johnson, 2005:80 e.v., 85 e.v.). Hierdie oortuiging word uitgespreek met inagneming van die kenmerke van die mens van die teenswoordige tyd, soos Johan Janse van Rensburg (2002:45-59) daarop wys, te wete; die *homo autonomous* het gedisintegreer, die *homo vitalis* staan voorop en die *homo scepticus* speel 'n sterk rol. Terwyl daar 'n beheptheid met relativering is en (seksuele) ongebondenheid, kan dit nie ontken word nie ("die kind met die badwater uitgooi") dat juis hierdie verrekening van die kognitiewe bydra tot dit wat "subjektief-outentiek" gereken word en beslis steeds 'n deel vorm van die "heelbrein-oriëntasie". Moreland (2001:14) wys op ten minste vier implikasies wat postmodernisme vir berading het: 1) Die self is 'n sosiale konstruk: verandering word derhalwe bevraagteken, 2) Die self is passief: doeloriëntasie raak irrelevant, 3) Magstryd tree op as hermeneutiese heuristiek: beradenes is suspisieus teenoor beraders en 4) Waarheid en die redelike is verlede-tyd: begeerte eis 'n grenslose legitimasie. George G. Hunter III (2001:22) stel hierdie geestesuitdaging treffend: *Where as a premodern person might say "I belong, therefore I am" and a modern person might say (with Descartes) "I think, therefore I am," postmodern people say "I feel, therefore I am," or "I shop, therefore I am," or "I look good, therefore I am," or "I am, so what?"* Die postmoderne tyd, die postmoderne mens en die postmodernisme se invloed op diegene wat die postmodernisme verwerp, vereis dus verantwoording. Voordat daaroor verantwoording afgelê word met betrekking tot kognitiewe terapie, word eers gekyk na dit wat Beck se benadering vir die huidige navorsing aantreklik maak. Die redes behels veral Beck se (a) empiriese benadering en (b) die verskeidenheid kliniese velde wat hanteer word.

**a) <u>Kognitiewe terapie is empiries-gesubstansieerd</u>**

Die teenswoordige neiging met betrekking tot terapie, verplig tot bewyslewering ("evidence-based") (Sanders & Wills, 2005:xi). Wetenskaplike aanvaarding strek dus veel verder as bloot woorde op papier. Freeman & Power (2007:Preface) verduidelik dat wetenskaplik gekontroleerde bewyslewering van terapeutiese effektiwiteit ("evidence-based psychotherapies") vandag 'n belangrike aspek uitmaak vir die

stryd om aanvaarding as terapeutiese benadering. Hierdie eis is te verstane binne 'n industrie waar dit wemel van modelle en terapeutiese benaminge. Daarom dat nie alleen die feit van bewyslewering vandag krities belangrik in ag geneem word nie, maar die sogenaamde "bewyslewering" as sodanig word vir geldigheid krities geëvalueer (Power & Freeman, 2007:3 e.v.; vgl. bl. 7 in besonder vir kriteria soos neergelê deur *The American Psychological Task Force*). Wedding (2005:489) wys daarop dat hierdie nadruk op empiriese substansiëring dit steeds moeiliker gaan maak met betrekking tot erkenning en aanvaarding as 'n geldige terapeutiese benadering. Die sogenaamde "innovative therapy", waaroor Corsini (2001) 'n handboek laat verskyn het, staan derhalwe onder baie groot druk. "Outcome studies" is van deurslaggewende belang. Young *et al.* (2003:viii) wys daarop dat 'n goed ontwerpte resultaatstudie ("outcome study") 'n baie duur en tydsame proses is. So 'n resultaatstudie hou in dat onder streng voorwaardes waarneming en evaluering plaasvind van die toepassing van 'n bepaalde terapeutiese benadering, om duidelikheid te verkry oor die resultate en effektiwiteit daarvan. 'n Eerste afbakeningsmerker tree hierdeur vir die huidige navorsingstuk aan die lig. Binne die veld van die psigologie word gesoek na 'n wetenskaplike, resultaat-erkende benadering. Soos Albert Ellis ('n kliniese sielkundige), het ook Beck ('n psigiater) wegbeweeg van die psigo-analitiese skool van Sigmund Freud (Masters *et al.*, 1987:384-443; Weishaar, 1993:18-23). Wat Beck se bydrae van Ellis onderskei – hoewel dit in 'n groot mate oorvleuel – hou in hoofsaak verband met sy sterk empiriese inslag (Masters *et al.*, 1987:417; Fennell, 1991:169-210; vgl. ook Weishaar, 1993:52-54, 119 e.v., 134 e.v.; Sacco & Beck, 1995: 329; en Beck & Bieling, 2004:15-17; Tan & Johnson, 2005:85). Dryden (2006:275) gee daaraan erkenning dat Beck 'n veel meer akademies-gerespekteerde model kon lewer as wat Ellis tot op hede kon regkry. Die denkskool van Ellis ly nog gebrek aan goed gekontrolleerde ondersoek (Dryden, 2006:278). Seligman (2006:285) wys daarop dat Beck se benadering tot stand gekom het deur gekontrolleerde navorsing, kliniese toepassing en publikasie. Mytton (2006:270) wys daarop dat Beck se benadering tot terapie een van die mees deeglik nagevorsde benaderings is. Beck hou vas aan 'n fenomenologiese benadering. 'n Gesamentlike proses van empiriese ondersoek deur berader en beradene is ter sprake, na aanleiding waarvan realiteitstoetsing en probleemoplossing plaasvind (Dattilo & Freeman, 1992:3; Kuehlwein, 1993:9 e.v.; Beck & Bieling, 2004:23-25; Kuyken & Beck, 2007:21). By Ellis is die neiging dat die berader deduktief te werk gaan en makliker gevolgtrekkings maak met betrekking tot die beradene se "gedagte-foute" (DeRubeis *et al.*, 2001:353; Seligman, 2006:285, 313). Hoewel nie so vinnig aanvaar soos Ellis nie, het Beck se meer konserwatiewe – gesofistikeerd-empiriese – benadering in belangrikheid toegeneem, soveel so, dat dit teenswoordig beskou

word as die belangrikste kognitiewe benadering (Hawton *et al.*, 1991: 11; Dattilo & Freeman, 1992:3 e.v.; Eysenck, 1994:71 e.v.; Dryden, 2006:275):

> *In 1999 the Accreditation Council of Graduate Medical Education mandated that psychiatry residency programs train residents to be competent in the practice of cognitive bahavior therapy* (Beck & Weishaar, 2005:244; vgl. in die verband ook Kuyken & Beck, 2007:29).

> *As of 2001, psychiatric residents in the United States are required to show competence in cognitive therapy* (Beck & Bieling, 2004:16; vgl. ook Kaplan & Sadock, 2003:956-960).

**b) <u>Kognitiewe terapie hanteer verskeie kliniese velde</u>**

Beck het aanvanklik slegs op depressie gekonsentreer. Deurbraakhantering van depressie deur middel van 'n kognitief-terapeutiese benadering, het daartoe aanleiding gegee dat op veel meer kliniese velde – steeds uitbreidend – teorievorming plaasvind. Nougesette empiriese substansiering het reeds plaasgevind, met meer as 350 sogenaamde "outcome studies" by 'n verskeidenheid geestelike versteurings (Freeman & Dattilio, 1992; Kuehlwein, 1993:16-18; Beck & Bieling, 2004:15 e.v.; Kuyken & Beck, 2007:30-35):

| | | |
|---|---|---|
| Paniek | Substans afhanklikheid | Bulimie |
| Algemene angsversteurings | Sosiale fobie | Depressie |
| Obsessiewe-kompulsiewe versteurings | Post-traumatiese stressversteurings | |

Tans vind toetsing plaas in verband met persoonlikheidsversteurings. Positiewe resultate is reeds bereik met versteurings soos bipolêre versteurings en skisofrenie. Kliniese hantering van kinders, adolessente, paartjies en gesinne vind ook reeds plaas. Selfs vir 'n aantal mediese versteurings is dit aangepas en effektief bevind, soos: hipertensie, fibromyalgie, kanker, diabetes, nonkardiale borspyn, migraine en post-myocardiale infarksie-depressie. Verder toon Reinecke en Clark (2004) en Laidlaw met medewerkers (2003) nog verskeie terreine waarop die kognitief-terapeutiese rigting toegespits raak. Alladin Assen (2007:146-155) wys daarop dat die kognitief-terapeutiese benadering met vrug gebruik kan word tydens hipnose. Tan en Johnson (2005:85) meen dus met groot meriete; *Currently, there is almost no disorder, type of*

*emotional distress, or type of client for which CBT interventions are considered inappropriate.* Die tweede afbakeningsmerker hou daarom verband met die gebruikswaarde van die model.

c) **Kognitiewe terapie werk binne die Kantiaanse raamwerk**

Immanuel Kant word onder meer (saam met George Kelly) aangemerk as kernbron van waaruit die kognitief-terapeutiese rigting van Beck sy teoretiese basis ontvang (Beck *et al.*, 1979:7; Mahoney & Gabriel, 1987:45; Beck & Weishaar, 1989[1]:290; Beck & Weishaar, 1989[2]:21; Ellis, 1989:6; Kuehlwein, 1993:9; Leahy, 1996:10 e.v., 14; Beck & Weishaar, 2005:242): . . . *In contrast to the early stages in physical sciences, the most significant data are subjective and intrapsychic rather than objective and external. Only the person who actually experiences the emotion, idea and image can make and report his introspective observations* (Beck, 1976:51; vgl. ook Beck & Weishaar, 2005:242; asook Kitcher oor Kant se "theory of the cognitive mind", 2006:181-185). Terry M. Pace (1988:150) wys dan ook daarop dat kognitiewe terapeute probeer voortbou op Kant se beskouing dat menslike waarneming en geheue resulteer as gevolg van ekstern-sensoriese ervaring, gemedieer en getransformeer deur intern-kognitiewe strukture. Pace wys verder daarop dat Karl Popper hierdie konstruktiewe benadering tot epistemologie deur middel van sy bydrae in die filosofie versterk het. Gesien die invloed van Kant op postmoderne skrywers, plaas kognitiewe terapeute geensins onnodige druk op hulleself, deur identifisering met Immanuel Kant nie. Denke, spesifiek disfunksionele denke, ('interpretasie') staan by die teoriste van die kognitief-terapeutiese rigting in die kollig (Beck, 1976:19-23, 51 e.v., 214; Beck *et al.*, 1979:10-15; Beck & Weishaar, 1989[2]:21 e.v.; Hawton *et al.*, 1991:11; Beck, 1996:4-8; Neenan & Dryden, 2006:2 e.v.; Kuyken & Beck, 2007:15 e.v.). Mahoney en Gabriel (1987:49-53; vgl. vir konstruktiwisme ook by Johan Janse van Rensburg, 2000:50-52) wys egter daarop dat konstruktiwisme eerder as rasionalisme die akademiese bedding van hierdie belangstelling in "denke" vorm. Sonder om alle detail uit te lig, kan die verskil byvoorbeeld soos volg aangetoon word:

| Beradingsaspek | Rasionalistiese Beskouing | Konstruktiwistiese Beskouing |
|---|---|---|
| Intervensiebeklemtoning | A-histories<br>Probleem-gefokus<br>Beheer-gefokus<br>Teleologies (doel-georiënteerd) | Histories<br>Proses-gefokus<br>Ontwikkeling-gefokus<br>Teleonomies (gerig, maar nie doelgespesifiseerd) |

Leahy (1996:11; vgl. Beck & Weishaar, 2005:242) gaan selfs verder. Hy meen dat kognitiewe terapie die empirisme en die meer subjektiewe, fenomenologiese tradisies as filosofiese hoeksteen vertoon, waarin ondersoek word hoe 'n individu die werklikheid skep en hoe subjektiewe belewenis 'n geldige ondersoekveld vorm. In navolging van Derrida formuleer Leahy (1996:12): *the cognitive therapist assists the patient in recognizing that the meaning of experience is in the perceiver.* Daar is, volgens Leahy, wel 'n verskil met die dekonstruksioniste. Kognitiewe terapeute is meer optimisties oor die kenbaarheid van die werklikheid. Kognitiewe terapeute is dus nie empiriese nihiliste nie, miskien eerder strukturele empiriste: *This implies that the structures of knowledge – the patient's schemas – may be tested in the real world* (Leahy, 1996:12).

**d) <u>Kognitiewe terapie en die postmodernistiese uitdaging</u>**

Keith Ward (2002:14, 106 e.v.) wys daarop dat rasionaliteit 'n drastiese verandering sedert die 16e eeu laat intree het. Intensiewe ondersoek van die skepping is aangespoor deur die gedagte dat God se skepping bedoel is om begryp te word deur rasionele geskapenes. Die skepping is dus verstaanbaar! Ward beweer dat die werklike rede waarom mense in God glo of nie glo nie, niks te doen het met wetenskap nie, maar met "highly personal factors that predispose people" (Ward, 2002:18). 'n Onbewysbare maar fundamentele dogma van die moderne wetenskap lui: "Daar is 'n verklaring vir alles!" Religieus gewortel, dui hierdie kerndogma op wat vooronderstel word (Ward, 2002:52). Relatiwisme en irrasionalisme is wetenskaplik (en trouens ook religieus) moeilik verteerbaar (Ward, 2002:52 e.v.). Wat "geglo" word, staan direk in verband met persoonlike ervaring en persoonlike verbintenis (Ward, 2002:67; 123-131, 142, 152, 166-169). Die "mees redelike" speel hierin 'n belangrike rol. Wright *et al.* (1996:28) verbind Beck sonder skroom met die positiwisme. Kuehlwein (1996:491-512) toon egter aan dat, hoewel kritiek vanuit post-modernistiese hoek

Beck se terapeutiese paradigma as modemisties en anti-konstruktiwisties wil bestempel, hierdie model nie streng gesproke binne die grense van 'n rasionalistiese stereotipering pas nie. Dit word wel toegegee dat Beck beradenes konfronteer met "objektiewe" werklikheidstoetsing. Erickson (2001:131; 234-237) meen so 'n soort benadering is nie uit pas met byvoorbeeld Jaques Derrida nie. Op die punt is ook vergelykings te tref met Richard Rorty (vgl. Erickson, 2001:166 veral punt 5) en selfs Stanley Fish (vgl. Erickson, 2001:169 e.v. – "there are severe constraints on the possible meaning"). Self skryf Erickson (2001, 237) so 'n soort benadering toe aan wat hy noem "a perennialist view" onderliggend aan sowel die premoderne, moderne en postmodeme tyd. Intussen erken byvoorbeeld Rosen (1996:38-41) dat postmodernisme self paradoksaal (modernisties) 'n onhoudbare metanarratief blyk te wees, omdat dit geen kriteria daarstel waarvolgens dit op eie terme geëvalueer wil word nie, maar vreemd genoeg, paradoksaal (modernisties) as universeel "waar" gereken wil word. Dit kom eintlik bloot neer op "blatante anti-redelikheid" sonder om dit werklik reg te kry, om wel van redelikheid te kan ontsnap:

> *It is as though postmodernists have concluded that if there are no grounds for absolute certitude about knowledge and reality, then there is no special value to rationality or reasonable grounds for thoughtful argumentation and conclusions. There is no apparent recognition given to the distinction that a belief need not be true to be rational. It seems not to be considered that the rationality of a belief is determined by the criteria for embracing it and by the grounds upon which it would be reliquished, rather than its truth value* (Rosen, 1996:40 e.v.).

Met publikasie van *Postmodemism: A Bibliography, 1926-1994*, deur Deborah L. Madsen (1995), en die *Encyclopedia of Postmodernism* (2001), deur Victor E. Taylor en Charles E. Winquist, het postmodernisme beslis vaagheid verloor, identifiseerbaar en lokaliseerbaar geword. Die *Journal of Cognitive Psychotherapy: An International Quarterly* (1997), het 'n hele nommer afgestaan aan die kontemporêre aktualiteit van "postmodemisme". Lyddon en Weill (1997:86; vgl. ook Ramsay, 1998:46-51 en Neimeyer, 1998:57-64 se reaksie op Ramsay) is van mening dat kognitiewe psigoterapie 'n uniek-toegeruste benadering is, om postmodeme sorge te hanteer. Clark (1997:92-4) wys op belangrike punte wat in ag geneem moet word, by 'n beoordeling van kognitiewe terapie in verhouding tot "postmodernisme":

(1) Beradenes se gedagtes en oortuigings word in terme van funksionaliteit hanteer en nie soseer rasionaliteit nie.

(2) Kognitiewe "foute en distorsies" vind plaas in verhouding tot gemoedsveranderinge, wat 'n disfunksionele kognitiewe skuif verteenwoordig, eerder as absolute akkurate objektiwiteit oor die self en die leefwêreld.

(3) Persoonlike betekenis kom na vore tydens terapie, in verhouding tot die sosiale omgewing van die beradene, en nie met betrekking tot die beradene as sodanig nie.

(4) Standaard protokol in kognitiewe terapie stimuleer juis samewerking en werk teen 'n magswanbalans tussen berader en beradene.

McNamee (1997:102 e.v.) wys egter daarop, dat hoewel sosiale uitwisseling 'n belangrike rol speel in die vorming van oortuigings en kognisies, "postmodernistiese" verrekening in kognitiewe terapie nie kan beteken dat die interne, kognitiewe prosesse van 'n individu uit beeld kan raak nie. Juis kognisie gee aanleiding tot gesprek en stimuleer, hoewel met "postmoderne" sensitiwiteit, steeds die onderskeid tussen "reg" en "verkeerd", asook die patologiese van menslike funksionering – wêreldrond ("global"), kultureel, sosiaal en persoonlik. Gonçalves (1997:107-11) sien wel 'n aantal uitdagings wat inderdaad hanteer moet word, met as metaforiese omskrywing om te groei vanaf 'n "*doctor of individual singularity*" tot 'n "*doctor of interpersonal diversity*". Lyddon (1997:122) wil hierdie ontwikkelingsrigting assosieer met 'n "psychology of the between – one that focuses on the ways in which personal identities are relationally and socially constituted". Die verryking van "post-modernistiese" invloed hou 'n "beide/en" soort omskrywing in, teenoor 'n modernistiese "of/of" benadering: ***With regard to the construction of the self, human selves may be understood as being both unique meaning-making beings and socially constituted. Similarly, a client's cognitions, disorders, problematic symptoms, etc. may be viewed as both the unique way he/she strives to develop a personal sense of coherence, self-organization, and meaning and the outcome of ongoing processes of social negotiation*** (Lyddon, 1997:122). Die uniekheid van Beck se benadering (Weishaaar, 1993:52-54; Kuehlwein, 1996:494; vgl. ook Beck & Weishaar, 2005:239 e.v.; Kuyken & Beck, 2007:16) hou egter juis relasioneel verband met die 'beradene' (as "practical scientist"), en wel die kognitiewe grondstruktuur van die beradene, wat betref die verwerking van inligting en vorming van kognitiewe en affektiewe vooroordele; aannames (vooronderstellings) verander deur middel van 'n proses – van binne-uit, in 'n samewerkingsverhouding tussen berader en beradene. Trouens, die menslike

persoonlikheid as 'beradene', hetsy as hulpgewer of hulpsoeker, word deur Beck aangeroer (Weishaar, 1993:22 e.v.).

**e) Kognitiewe terapie fokus spesifiek op die beradene**

By Ellis word sterk klem geplaas op die rede en vir die berader om te kan oortuig, terwyl Beck die klem daarop lê dat die *beradenes* hulle aannames – oortuigings ('assumptions' – 'beliefs') teenoor die eksterne werklikheid toets deur middel van gedragseksperimente; dit is, geleenthede waar beradenes hulle eie gedrag benut, om die akkuraatheid van hulle oortuigings te staaf (– van waarde, geldig, te maak) (Beck *et al.*, 1979:21, 61 e.v.; Masters *et al.*, 1987:417; Freeman *et al.*, 1990:20; Beck & Bieling, 2004:23-25; Beck & Weishaar, 2005:240; Neenan & Dryden, 2006:9 e.v.; Kuyken & Beck, 2007:20). Geldigheid van beradenes se gedagtes en oortuigings ('beliefs') word gesamentlik ontdek deur "co-constructing reality" (Kuehlwein, 1996:494). Die rol van die berader is nie om *a priori* reeds te weet of die beradene se kognisie totaal waar of totaal vals, of selfs deels waar en deels vals is nie. Die toetsingsproses bring aan die lig wat waar en wat nie waar is nie. Eksperimentering deur die beradene ontplooi die moontlikheid van denkstruktuurverandering. Teenoor die biologiese stroming, die streng behavioristiese benadering, asook die psigo-analitiese benadering, onderskei kognitiewe terapie hom daarin om op **bewuste** betekenis ('conscious meanings') in verhouding tot eksterne gebeurtenisse te fokus (Beck, 1976:48; Beck, 1999:411-429; Beck & Weishaar, 2005:240 e.v.). Persoonlike ervaring is teruggebring binne die raamwerk van legitieme wetenskaplike ondersoek (Weishaar, 1993:48). Hoe 'n individu sy/haar ervaring gestalte gee ('construct'), speel 'n deurslaggewende rol. Die beradene se oortuigings ('beliefs') word derhalwe as wetenskaplik toeganklik beskou. Hoewel bekend as "kognitiewe terapie", word wel rekening gehou met vyf basiselemente, te wete: omgewing (ingesluit ontwikkelingsgeskiedenis en kultuur), biologie, gevoel, gedrag en kognisie (Dattilio & Padesky, 1990:1 e.v.; Sanders & Wills, 2005:39). Hierdie benadering neem die *International Classification of Diseases* (ICD-10) ernstig (vgl. www.who.int/classifications/icd; Sanders & Wills, 2005:50), spesifiek die aksiologiese verdeling van die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* (DSM) (vgl. DSM-IV-TR, 2000:27-37; asook Morrison, 2001:4-7):

| | |
|---|---|
| Axis I | Kliniese/mentale versteurings |
| Axis II | Persoonlikheidversteurings en verstandelike gestremdheid |
| Axis III | Algemeen mediese/fisiese toestande |

| | |
|---|---|
| Axis IV | Psigososiale en omgewingsprobleme |
| Axis V | Algehele funksionering |

**f) Kognitiewe terapie fasiliteer bewuste inligtingsverwerking**

Postulering van die onbewuste, as verklaringsmeganisme met die oog op psigiese versteurings, is dus nie 'n noodwendige vereiste nie (Beck, 1976:19 e.v.; Beck & Weishaar, 2005:240 e.v.). Psigologiese probleme kan, volgens Beck, ook plaasvind vanweë bewuste denkprosesse – foutiewe leer, die maak van verkeerde afleidings op grond van gebrekkige of selfs verkeerde inligting, asook om nie genoegsame onderskeid te tref tussen verbeelding en die realiteit nie. Meer nog, denke kan gewoon net onrealisties wees vanweë valse premisse en 'n onredelike gesindheid. Opgeskerpte onderskeiding, korrigering van miskonsepsies en die aanleer van meer paslike gesindhede kan dus help met oorkoming van psigiese probleme. Vervorming van die werklikheid moet hanteer word en wel op die volgende manier:

- Identifiseer verdorwe denke
- Leer meer realistiese maniere om werklikheidservaring te formuleer

Foute oftewel verdraaiing by algemene inligtingsverwerking hou verband met (Neenan & Dryden, 2006:3; vgl. vir nog meer besonderhede Persons, 1989:99-118; Burns, 1980, 1989:3-11):

| | |
|---|---|
| ❖ Alles-of-niks denke | Of-of; daar is geen middelweg |
| ❖ Gedagte-lees | Ander se gedagtes 'lees' sonder bewys |
| ❖ Etikettering | In plaas van gedrag, word mense rigied beskou |
| ❖ Spring tot gevolgtrekkings | Gebrek aan genoegsame data |
| ❖ Emosionele redenering | Neem aan gevoel is feite |

**g) Kognitiewe terapie fokus spesifiek op vooronderstellings**

Vooronderstellings ontvang besondere aandag binne die sogenaamde kognitiewe benadering. Wright *et al.* (1996:21) vra in terme van die postmodernisme: "What is a belief?" Na aanleiding van Michel Foucault word dan geantwoord in terme van »*diskoers*«: . . . *the constellation of assumptions that underlies ways of*

*viewing the world at any given time.* Emosie speel inderdaad ook 'n rol (Wright *et al.*, 1996:22). 'n Hele aantal sinonieme word aangebied vir die woord/begrip "belief": *attitude, explanation, construct, premise, assumption, preference, values, anticipation, meaning and prejudice.* Bykomend tot biologiese en omgewingsfaktore, stel kognitiewe terapie dat die persoonlikheid gevorm word deur "central beliefs or superordinate schemas"/"cognitive structures"/ "personal paradigms" (Beck *et al.*, 1979:3 e.v., 12 e.v., 16, 20, 61 e.v.; Pace, 1988:150-3; Dattilio & Padesky, 1990:6; Leahy, 1996:24 e.v.; Beck *et al.*, 2004:27 e.v.; Beck & Weishaar, 2005:239, 245; Kuyken & Beck, 2007:16 e.v.): *a schema is a pattern imposed on reality or experience to help individuals explain it, to mediate perception, and to guide their responses . . . a schema can be thought of generally as any broad organizing principle for making sense of one's life experience* (Young *et al.*, 2003:6 e.v.; vgl. ook Dattilio, 2006:359). So word dit wat elke individu (en/of groep) *dink en glo* 'n belangrike beradingsaspek, asook hoe dit verband hou met die onderskeie emosies wat 'n rol speel. Kognitief-terapeuties word daarvan uitgegaan dat 'n mens "voel soos wat jy dink". Beck hanteer beradenes se "beliefs" as "hypotheses" (Wood, 2005:127; Beck & Weishaar, 2005:238; Kuyken & Beck, 2007:21). Dit hou verband met hoe 'n beradende "habitually" patroonmatighede ontwikkel om die werklikheid te hanteer (Leahy, 1996:25). Hierdie patroonmatighede weer, hou verband met die individu se "fundamental beliefs and assumptions" (Beck & Weishaar, 2005:245; Kuyken & Beck, 2007:18). Misverstand sou egter plaasvind indien die gevolgtrekking op hierdie punt gemaak word dat daarmee, soos by Albert Ellis gesê word, denke veroorsaak gevoel: *Cognitive therapy is based on a theory of personality which maintains that people respond to life events through a combination of cognitive, affective, motivational, and behavioral responses . . . Psychological distress is ultimately caused by many innate, biological, developmental, and environmental factors interacting with one another, and so there is no single "cause" of psychopathology* (Beck & Weishaar, 2005:238, 246). Kognitiewe terapie (A.T. Beck) moet dus nie met Ellis se eie variant op die gebied verwar word nie (Sanders & Wills, 2005:4 e.v.; Dattilio & Padesky, 1990:2; vgl. Freeman *et al.*, 1990:6, 20, 22; vgl. ook Beck 1976:214). Beck (1976:51 e.v.; vgl. Beck *et al.* 1979:18-20) formuleer funksioneel-kognitief: *The specific content of the interpretation of an event leads to a specific emotional response . . . The thesis that the special meaning of an event determines the emotional response forms the core of the cognitive model of emotions and emotional disorders: The meaning is encased in a cognition – a thought or an image.*

| STIMULUS → INTERPRETASIE ('Bewuste Betekenis') → EMOSIE |
|---|

Padesky en Greenberger (1995:5; vgl. ook Greenberger & Padesky 1995:15-25) wys op die interkonnektiewe geaardheid van gedagtes, gemoed, gedrag, liggaamlike reaksie, asook omgewing. Die model word voorgestel as 'n "hot cross bun" (Sanders & Wills, 2005:39; Greenberger & Padesky, 1995:4). Hiervan speel gedagtes 'n sleutelrol, hoewel verandering in menige geval nie slegs van gedagtehantering afhang nie. Neenan & Dryden (2006:1) probeer die rol van 'belief' by beradenes verduidelik deur middel van 'n praktiese voorbeeld: drie mense, op dieselfde vlak van senioriteit en salaris, van dieselfde maatskappy word terselfdertyd afgelê. Die eerste persoon is kwaad, want sy glo sy moes eerder 'n bevordering ontvang het, as om haar werk te verloor. Die tweede persoon word oorweldig met 'n ervaring van angs, want hy dink aan die finansiële swaarkry wat voorlê. Die derde persoon is vol hoop, want sy meen dat hierdie gebeurtenis heelwat goeie geleenthede vir haar inhou. Hier is dus sprake van drie totaal verskillende emosionele belewings. Tog is presies dieselfde gebeurtenis aan die orde. Die sleutel daarvan lê derhalwe opgesluit in dit wat in die gedagtewêreld van elke persoon aangaan. Die manier hoe 'n mens na 'n lewensgebeurtenis of die werklikheid 'kyk', het dus invloed op die emosies wat ervaar word. Trouens, selfs al gebeur dit dat aldrie die genoemde persone presies dieselfde emosie sou ervaar, sou hoogs waarskynlik elkeen se rede (kognitiewe verklaring) daarvoor anders wees, wat ook die belang van 'interpretasie' in verhouding tot aannames en die onderskeie gedagtewêrelde onderstreep. Mense 'kyk' nie presies dieselfde na die werklikheid nie. Selfs 'n blinde wat letterlik nie sien nie, neem waar en interpreteer. Kognitiewe terapie wil dus graag inskakel by die interne kommunikasie wat in elkeen van die onderskeie gevalle plaasvind. Teoreties word dit soos volg uiteengesit (vgl. ook Beck, 1995:18):

Vooronderstelling (Grondoortuiging)

↓

Brug na vooronderstelling

↪ Gesindheid

↪ Aanname(s)

↪ Leefreël(s)

↓

Situasie ➡ Spontane (Outomatiese) gedagte ➡ Reaksie i.t.v.

↪ Emosie

↪ Optrede

↪ Liggaam

Erkenning word gegee aan kognitiewe organisasie. Kognitiewe organisasie behels in terme van 'n hiërargie verskillende vlakke van gedagte- en/of beeldvorming. Vanaf die minste effek tot die mees beheersende, kan die volgende vlakke genoem word: 1) Spontane (Outomatiese) gedagtes 2) Aannames en waardes 3) *Schemas*. Spontane (outomatiese) gedagtes word geaktiveer deur eksterne en/of interne gebeure, of vind plaas in die vorm van beelde wat gevisualiseer word. Hierdie gedagtes/beelde is situasiegebonde, blitsig, meestal onbewus en kortstondig, maar wel empiries-identifiseerbaar, deur te let op verandering in gemoed. Identifisering van spontane gedagtes help om ervaarde emosies te begryp. Spontane gedagtes word ontbloot deur byvoorbeeld die vraag: Watter gedagte(s)/beeld(e) het nou net by jou opgekom? Gesindheid ontwikkel na gelang van spontane gedagtes, maar is wel verbind met die kognitiewe grondstruktuur, deur middel van onderliggende aannames en reëls. Onderliggende aannames kan byvoorbeeld geïdentifiseer word deur "as/indien . . . dan"-formuleringe. Aannames is bepalend vir reëlformulering en tree kruis-situasioneel op. Reëls hou verband met "sou/sal-", "moes/moet-" en "behoort"-stellings. As kognitiewe

grondstruktuur bevat "schemas" 'n netwerk van kern- oftewel grondoortuigings ('core beliefs'/'controlling beliefs'), geoperasionaliseer as vanselfsprekende interpretasiemeganisme oftewel koersgewende vooronderstelling(s), wat dien as begeleidingsgids by die interpretasie van inligting en probleemoplossing (Young *et al.*, 2003:6 e.v.). Hierdie strukture integreer en gee betekenis aan gebeure. Die vooronderstelling(s) geld as absolutes, wat in die kognitiewe dieptestruktuur funksioneer. Hierdie oortuigings word dikwels reeds tydens die kinderjare gevorm en funksioneer kognitief sluimerend, met betrekking tot verskillende psigologiese terreine soos kognisie, affek, motivering, instrumentasie en beheer (Beck *et al.*, 2004:28). Vooronderstellingsnetwerke/*schemas* word geaktiveer deur spesifieke lewensgebeure waar van toepassing. *Schemas* (vooronderstellingsnetwerke) vestig oor tyd, neem 'n karakteriologiese geaardheid aan, bestendig die persoonlikheid, bied geweldige weerstand teen verandering, en verg dus intense aandag tydens berading (Young *et al.*, 2003:2-5). Beck se dogter Judith (1995:169) identifiseer die volgende algemeen voorkomende "core beliefs" (Sien Tabel hierna):

| VOORONDERSTELLINGS I.V.M. HULPELOOSHEID | |
|---|---|
| Ek is hulpeloos. | Ek is onvoldoende. |
| Ek is magteloos. | Ek is oneffektief. |
| Ek is buite beheer. | Ek is onbekwaam. |
| Ek is swak. | Ek is 'n mislukking. |
| Ek is broos. | Ek is veragtelik. |
| Ek is behoeftig. | Ek skiet te kort. |
| Ek is vasgevang. | Ek is nie goed genoeg nie. |
| VOORONDERSTELLINGS I.V.M. ONBEMINLIKHEID | |
| Ek is onbeminlik. | Ek is onwaardig. |
| Ek is lelik. | Ek is anders. |

| | |
|---|---|
| Ek is onbegeerlik. | Ek is foutief (Ander hou nie van my nie) |
| Ek is onaantreklik. | Ek is ongelief. |
| Ek is ongewens. | Ek is bestem vir verwerping. |
| Ek is onversorg. | Ek is bestem vir weggooi. |
| Ek is sleg. | Ek is bestem vir eensaamheid. |

Dis interessant om op hierdie punt 'n vergelyking te tref met die sogenaamde "narratiewe benadering" wat vandag binne die gereformeerde poimeniek aandag ontvang. Alfred R. Brunsdon (2006:19-30; 167-188) gee 'n kursoriese oorsig in sy resente proefskrif. Die woord "verhaal" het deur die "narratiewe benadering" populêr geraak en tot 'n begrip gegroei. Nie dat die woord "verhaal" ("narative"/"story") totaal nuut binne de gereformeerde teologie is nie (vgl. bv. Van Til, 1946:301; 1967:15; 1971[1]:102; 1974:239; *The Works of Cornelius Van Til* CD lewer 202 keer op in 130 publikasies m.b.t. die trefwoord "narrative". Daar is ook veelvuldige trefmoontlikheid m.b.t. "The Christian Story"). Wat wel nuut is, is die postmoderne bagasie (vgl. Brunsdon, 2006:27). "Dekonstruksie" wil spesifiek "verbintenis" lokaliseer in terme van disfunksionele "waarhede" of "mites" (Brunsdon, 2006:22) oftewel die "plot" (Brunsdon, 2006:28), die "sosiale konstruk" (Brunston, 2006:169). "Dekonstruktiewe luister" wil veral dit wat nie deur beradenes gesê word nie, naspeur (Brunston, 2006:172). "Reframing" meen om nuwe "betekenisse" te genereer deur 'n proses van "herinterpretasie" (Brunsdon, 2006:22). "Dominante verhale" met "vormende krag" wat beradenes se lewens "beïnvloed", wil hanteer word (Brunsdon, 2006:26, 168). "Knelpunte" en die "beheer" van die disfunksionele verhaal in verband met probleme soos siekte of vrese wil getransformeer word (Brunsdon, 2006:26). Wanneer nou die vraag gestel word na die andersheid van die "narratiewe" benadering tot die "kognitiewe" benadering, kan dit soos volg geformuleer word. Brunsdon verduidelik sy "verhaal" met betrekking tot "die afgetrede egpaar wat deur kanker geaffekteer is". Hierdie "verhaal" ontvou op 'n wetenskaplik gedokumenteerde manier (Kyk oorsig op bl. 242). Brunsdon (2006:243) vat dit so saam:

> *Met die grondhouding van "not knowing" het ek myself ingelaat in Johan en Sukie se verhaal en met die "gereedskap" van die narratiewe benadering het ek probeer om na hulle verhaal te luister en dit te vertolk. In die proses het ons dominante diskoerse blootgelê, gedekonstrueer, unieke uitkomste geïdentifiseer en dit verdig. Aan die basis van*

***ons gesprek het hulle geloof in die Here gelê, wat gevoed is deur besinning vanuit die Skrif.***

Kort en vereenvoudigd (ter wille van illustrasie) kan daarnaas 'n kognitiefterapeutiese samevatting gegee word: Die vooronderstelling van Brunsdon se verhaal is: "Ek is 'n hoopgewer vir afgetrede kankergeaffekteerdes" (Brunsdon, 2006:37; 243-247). Hierdie vooronderstelling kan in die lig van Brunsdon se navorsingsverslag as funksioneel beskou word. "Narratiewe" terapie ontdek dus (postmodernisties) verhalenderwys die "beheersende disfunksionaliteit" binne die verhaalgegewenheid van die beradene. "Kognitiewe" terapie poog weer die "verhaal" van die beradene direk gefokus te kry in terme van die onderliggende brandpunt. In 'n sekere sin is daar oorvleueling wat die diagnostiese gerigtheid betref. Dis die metodologiese strategie wat verskil en natuurlik die filosofiese onderbou. "Narratiewe" terapie het natuurlik ook nog nie deur die empiriese smeltkroes gegaan waardeur wérklike verandering van blywende aard empiries gesubstansieer en gedokumenteer is volgens wetenskaplik-aanvaarde standaarde nie. Beck & Weishaar (2005:240) wys op drie belangrike aspekte van terapie, naamlik:

- Deaktiveer die disfunksionaliteit
- Wysig die inhoud en struktuur van die disfunksionaliteit
- Kontrueer meer passende maniere om die disfunksionaliteit uit te skakel

Tog meen Beck & Weishaar (2005:240), as die onderliggende "core beliefs" (vooronderstellings) nie gewysig is nie, is blywende verandering met die oog op die lang termyn nie bereik nie.

**h) Vooronderstellings vorm kategorieë en temas**

Beck (1987:14; Beck *et al.*, 1979:3) het vroeg reeds die rol van *schemas* gepostuleer. Aanvanklik is gebruik gemaak van Kelly se begrip "persoonlike konstruk(te)", maar toe is eerder gekies vir Bartlett se terminologie en dus "schemas" (Sanders & Wills, 2005:8). Navorsing, veral onder leiding van Jeffrey E. Young (2004), het die Beck-benadering tot kognitiewe terapie sodanig ontwikkel dat identifisering begin plaasvind het van verskeie psigologiese vooronderstellingskategorieë (*"Schema domains"*) en vooronderstellingsnetwerk-temas (*"schemas"*), wat by beradenes voorkom, met 'n disfunksionele effek (vgl. ook Wolters, 2005:3 wat ook praat van patroonmatighede van sg. "basic beliefs"). Young *et al.* (2003:7) omskryf sodanige

disfunksionele (*"Early Maladaptive Schemas"*) netwerktemas oftewel patroonmatighede wat vroeg reeds begin vorm aanneem as: 'n breed, deurdringende tema of patroon, bestaande uit herinneringe, emosies, kognisies en liggaamlike sensasies, met betrekking tot jouself of jou verhouding met ander, ontwikkel tydens kinderjare of adolessensie, uitgebrei in die loop van jou leeftyd en disfunksioneel tot 'n betekenisvolle mate. Drie prosesse is betrokke (vgl. Greenwald & Young, 1998:110): 1) Instandhouding (gee oor en tree op asof *schema* waar is) 2) Ontwyking (ontvlug, ontken, vermy, maak asof dit nie so ernstig is nie, staan afgetrokke daarteenoor) 3) Kompensasie (eksternaliseer en oorkorrigeer). Drie uitleefmaniere manifesteer (vgl. Greenwald & Young, 1998:111 e.v.) wat verband hou met die Transaksie-analise:

- Kind: broos, kwaad, impulsief/ongedissiplineerd, gelukkig
- "Coping" (volwasse): gee totaal oor aan *schema*, afgetrokke beskermer van *schema*, oorkompenseerder
- Ouer: straffend, veeleisend

Dit word gepostuleer dat 'n gebrek aan vyf basiese emosionele behoeftes meestal tydens die kinderjare ontstaan (Young *et al.*, 2003:10). Hierdie emosionele behoeftes word as die mees basiese (kern-) behoeftes beskou, wat mense nodig het, te wete: 1) Gesonde bande met ander (ingeslote aspekte soos veiligheid, stabiliteit, versorging en aanvaarding) 2) Selfstandigheid, bekwaamheid en 'n belewing van identiteit 3) Vrymoedigheid om geldige behoeftes en emosies uit te leef 4) Spontaneïteit en spel 4) Realistiese grense en selfbeheer. Vier soorte vroeë kindervarings gee aanleiding tot disfunksionele patroonvorming wat as vooronderstellings funksioneer (Young *et al.*, 2003:10 e.v.): 1) Toksiese frustrasie van behoeftes, 2) Traumatisering of viktimisering 3) Bedorwing (ontvang te veel van die goeie), 4) Selektiewe internalisering of identifisering met betekenisvolle ander. Groepering vind plaas van 18 vooronderstellingstemas/patrone, en wel in vyf kategorieë (Young *et al.*, 2003:12-22; ook Beck *et al.*, 2004:65 e.v. vir 'n evaluerende bespreking):

Kategorie no. 1 – Skeiding en verwerping

- Verlating/onstabiliteit
- Wantroue/mishandeling

- Emosionele armoede
- Gebrekkigheid/skande
- Sosiale isolasie/vervreemding

Kategorie no. 2 – Beskadigde selfstandigheid en prestasie

- Afhanklikheid /onbekwaamheid
- Broosheid met betrekking tot leed/siekte
- Verstriktheid/onderontwikkelde self
- Mislukking

Kategorie no. 3 – Beskadigde grense

- Meerderwaardigheid/grandiositeit
- Onvoldoende selfbeheer/selfdissipline

Kategorie no. 4 – Andergerigtheid

- Onderdrukking
- Selfopoffering
- Soek aanvaarding/erkenning

Kategorie no. 5 – Oorbeskerming en inhibisie

- Negatiwiteit/pessimisme
- Emosionele inhibisie
- Onbereikbare standaarde/hiperkrities
- Uitermatige bestraffing

Prakties kan hierdie kategorieë en netwerktemas soos volg geïllustreer word (Young *et al.*, 2003:22 e.v.) aan die hand van 'n voorbeeld: Sarie klop aan vir berading. In die loop van die terapie word ontdek dat

Sarie sukkel met die vooronderstellingstema van emosionele armoede. Haar disfunksionele vooronderstelling sê: "Ek is eensaam". Dit kom al 'n ver pad, sedert haar kinderdae. Haar ouers was koud teenoor haar. Sy was die enigste kind. Aan haar fisiese behoeftes is ruim voorsien, maar sy het nie voldoende vertroeteling, aandag en toegeneentheid ontvang nie. Wie en wat Sarie is, was nooit regtig belangrik nie. Hoewel uiterlik goed versorg, voel Sarie alleen. Sarie begin sukkel met depressie. Sy vertel aan haar terapeut dat sy haar lewe lank al sukkel met depressie. Terapie help egter nie. Hoewel by verskeie terapeute, bly die probleem hardnekkig aanhou. Toe Sarie na 'n lewensmaat soek, voel sy aangetrokke tot mans wat haar emosioneel armoedig hanteer. So gebeur dit dan ook dat sy met Hans trou. Hy pas hierdie temabeskrywing. Hans raak geïrriteerd as sy by hom 'n drukkie soek. Hy stoot haar sommer weg. Sarie voel dat haar emosionele behoeftes nie bevredig word nie. Haar vooronderstellingstema skop dus in en sy raak kwaad en tree dan onsmaaklik teenoor Hans op. Deels is hierdie emosie te verstane, maar deels is dit 'n oorreaksie, omdat haar man wel vir haar lief is, maar self sukkel om liefde te betoon. Sarie se ervaring van kwaadwees vervreem haar egter van Hans. Al hoe meer begin Hans hom van Sarie distansieer, omdat hy nie kan verstaan hoekom sy so kwaad moet word nie. Haar onsmaaklike optrede steek hom dwars in die krop. Emosioneel groei Sarie en Hans konstant verder uitmekaar uit. So intensiveer die krag en sterkte van haar disfunksionele vooronderstellingstema in Sarie se hantering van Hans. Die spreekwoordelike "huweliksboot", begin in onstuimige waters vaar. Die huwelik dreig om op die rotse te beland. Dit herbevestig oor en oor Sarie se disfunksionele vooronderstelling (grondoortuiging): "Ek is sielalleen!"

| | | |
|---|---|---|
| Kategorie: | Skeiding/verwerping | |
| *Schema*: | Emosionele armoede | |
| Vooronderstelling: | Ek is siel-alleen! | |
| Vooronderstellingsbrug: | 1. Gesindheid: | Dit is verskriklik om alleen te wees. |
| | 2. Aanname: | Postitief – As ek vertroeteling gee sal ek vertroeteling ontvang.<br>Negatief – As ek nie vertroeteling gee nie, dan sal ek nie vertroeteling ontvang nie. |
| | 3. Leefreël: | Ek moet vertroeteling gee, om vertroeteling te ontvang. |

| | |
|---|---|
| Spontane gedagtes wanneer depressief: | Ek word nie vertroetel nie.<br>Dis onregverdig.<br>Ek kan nie so aangaan nie. |

**i) 'n Struktuur van kognitiewe terapie met betrekking tot vooronderstellings**

Vroeër by 3.1 is reeds daarop gewys: Heitink (1993:187) behou verkenning van die hermeneutiese terrein uit teologiese, wysgerige en sosiaal-wetenskaplike gesigspunt as deel van die hermeneutiese perspektief. Hierdie metodologiese uitgangspunt is belangrik. Kennisname van terapeutiese aspekte binne die psigologie vorm dus deel van die hermeuetiese "begryp". Sanders en Wills (2005:76) bied 'n oorsig wat "begryp" hier nader bring:

| | |
|---|---|
| Evaluering | Ontmoetingsessie<br>Versamel inligting oor huidige probleme, wat sulke probleme laat voortduur en die nodige agtergrond. Begin met 'n eenvoudige formulering. Stel beradene bloot aan die kognitiewe benadering: Is persoon geskik vir terapie? Wys op samewerking. Eerste tuiswerkopdrag (Lees oor KT. Begin dagjoernaal.) |
| Sessie 1 | Formuleer intervensietaak. Betrek beradene by die werkswyse van KT.<br>Gee tuiswerkopdrag waarin gefokus word op inligtingversameling, deur byvoorbeeld gedagtejoernaal en gedragsjoernaal. |
| Sessie 2-4 | Gaan voort met formulering van intervensietaak, asook die bou van verhouding en samewerking met betrekking tot die terapeuriese werkswyse. Identifiseer negatiewe gedagtes en hoe om dit te verander; indien depressief, skeduleer aktiwiteite. |
| Sessie 5-7 | Gebruik kognitiewe en gedragsmetodes om verandering te kry – gedagte-evaluasie ("challenge"), begin gedragseksperimente. |

| | |
|---|---|
| Sessie 8-9 | Soos vorige keer, maar begin om aannames en reëls te identifiseer. Toets reëls verbaal en deur gedragseksperimente. |
| Sessie 10-11 | Soos vorige keer. Begin om die gedagte te oppper dat die terapie beïndig kan word. Kyk wat die beradene bemeester het en buite die sessie kan regkry. Bring vaardighede in verband met ander probleme en die beradene se lewe. |
| Sessie 12 | Beëindig terapie. Som op wat beradene geleer het en hoe toekomstige probleme hanteer kan word. |
| Sesmaande-opvolg | Hersien vorderinge. Gaan deur moeites. Kyk na ander probleme wat moontlik kan opduik. |
| Jaaropvolg | Net soos by vorige keer. Skenk aandag aan finale beëindiging van terapie. |

**j) <u>'n Basisstruktuur van terapiesessies</u>**

Sanders en Wills (2005:76; vgl. ook Beck, 1995:25-74) bied ook 'n oorsig insake die basisstruktuur vir terapiesessies: (1) Skenk aandag aan die beradene se gemoedstoestand (2) Stel die agenda vas vir die huidige sessie (3) Koppel terug na vorige sessie (4) Behandel tuisopdrag en metings wat plaasgevind het (5) Hanteer die hoofbesprekingspunte van die huidige sessie (6) Gee tuisopdrag na aanleiding van gevoerde bespreking (7) Skou terug, vat saam en ontvang terugvoer oor die huidige sessie

**k) <u>Basisgereedskap en -tegniek</u>**

Rasionele en emosionele verandering hou verband met spesifieke metodes (Sanders & Wills, 2005:100; asook Davel, 2002:42-53), wat metodes van ander terapieë insluit. Metodes word onder andere aangedui as: (1) Sokratiese bevraging/dialoog (2) Begeleidende ontdekking (3) Gedagte- en emosieregisters (4) Weeklikse aktiwiteitsprogram (5) Gedragseksperimente (6) Visualisering en metafoor (7) Rollespel en dialoog (8) Meditasie. Om emosies en gedagtes te identifiseer, word gereken tot die bakermat van hierdie

terapeutiese benadering (Sanders & Wills, 2005:101-107). 'n Eenvoudige dagboek van emosieverandering is daarom belangrik. Dit is egter makliker gesê as gedoen. In die eerste plek is dit nodig om so akkuraat as moontlik woordbeskrywing van ervaarde emosies te laat plaasvind. Vervolgens is dit nodig om goed te kan onderskei tussen emosie en gedagte. Dan is dit nodig om die ervaarde emosie en die rolspelende gedagte by daardie emosie met mekaar in verband te bring. Dit help ook om denkbeelde of mentale prente te benut, waardeur gedagtes duidelik word. Moeite kan ervaar word, soos om gedagtes en emosies met mekaar te verwar en om te sukkel om gedagtes in woorde uit te druk. Dit is egter nodig om hierdie onderskeid en verwoording te kan doen, alvorens gebruik gemaak word van emosie- en gedagtejoernale. Wanneer laasgenoemde bekendgestel word, is 'n geleidelike infasering nodig, sodat die beradene voortdurend ervaar dat bygehou word en bemeestering plaasvind. Dit kan dus skematies soos volg voorgestel word:

| | Wat is die situasie? | Hoe voel ek? | Wat gaan deur my gedagtes? | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Datum<br>Situasie | Emosie | Liggaamlike<br>gewaarwording | Gedagte | Herinnering | Gedrag |

Die beradene leer verder om 'n gewig toe te ken aan emosies en gedagtes. Hoe sterk die emosie en gedagte beleef word, kan tussen 1-100% aangedui word. 'n Of-of-benadering word so vermy, as sou emosies en gedagtes invloed uitoefen in terme van absoluutheid: waar of vals, swart of wit. Geskrewe rekords help beradenes daarin om so spesifiek moontlik te raak en om afstand te verkry van daardie bepaalde gedagte (met gepaardgaande emosie). Bedrewenheid in die identifisering van emosies en gedagtes kan die volgende fase 'n aanvang laat neem, te wete indentifisering van dit wat emosies en gedagtes vooronderstel.

**I) <u>Verandering van vooronderstellings</u>**

Waarom kan dit voordelig wees om oortuigings, aannames, vooronderstellings (grondoortuigings) en selfs *schemas* te verander, selfs al gaan dit stadig, kos dit harde werk, verg dit groot inspanning, durf en volharding? (1) Om die instandhouding van disfunksionaliteit te deurbreek (2) Om daadwerklike verandering te bevorder (3) Om agteruitgang en terugval teen te werk (4) Om vaardighede te ontwikkel wat kan help met probleme in die toekoms. Inligting in verband met oortuigings en aannames word verkry uit bronne soos (Sanders & Wills, 2005:138 e.v.): temas wat aan die lig kom tydens terapie, patroonmatighede van die

manier van dink, etikettering van die self of ander wat plaasvind, gemoedstoestande: hoog en laag, reaksie op terapie, meetinstrumente. Deur middel van 'n proses wat bekend staan as "downward arrow", kan vooronderstellings/*schemas* ook geïdentifiseer word. Onderskeidelik word dan gevra: Wat sê dit van my? Wat sê dit van die ander persoon? Wat sê dit van die wêreld waarin ons leef (hoe dit funksioneer)? Voorbeeld:

| | |
|---|---|
| Situasie: | Die ouderlinge maak 'n afspraak met Tom |
| Spontane gedagte by Tom: | Hier kom moeilikheid! |
| "Down arrow": | Wat sê dit van die ouderlinge? |

As ouderlinge 'n afspraak maak, dan beteken dit moeilikheid (= brug).

Wat sê dit van die ouderlinge?

Ouderlinge is moeilike mense (= vooronderstelling).

Padescky en Greenberger (1995:5) wys daarop dat spontane gedagtes die beste geëvalueer word deur middel van "gedagteregisters". Onderliggende aannames word gewoonlik getoets deur middel van gedrageksperimente. Om vooronderstellingsnetwerke ("*schemas*") te verander, is dit nodig om ervaring op 'n kontinuum te meet, asook om verskeie vooronderstellings/grondoortuigingsregisters ("logs") te gebruik.

**m) <u>Praktykgerigte materiaal</u>**

Binne die kognitiewe benadering is bruikbare praktykgerigte literatuur ontwikkel soos:

- Cognitive Therapy – An Introduction (Sanders, D & Wills, F.)
- Cognitive Therapy – Basics and Beyond (Beck, J.S.)
- Cognitive Therapy in Practice: A case formulation approach (Persons, J.B.)
- Mind over Mood – A Cognitive Therapy Treatment Manual for Clients (Greenberger, D. & Padesky, C.A.)
- Clinician's Guide to Mind over Mood (Padesky, C.A. & Greenberger, D.)
- Feeling good: The new mood therapy (Burns, M.D.)
- The Feeling Good Handbook. Using the New Mood Therapy in Everyday Life (Burns, M.D.)
- Reinventing your Life (Young, J.E. & Klosko, J.S.)

Demonstrasies is ook beskikbaar, byvoorbeeld:

- Demonstration of the Cognitive Therapy of Depression: First Interview. (Beck, 1977:Videoband) – Beskikbaar by die Universiteit van Pretoria.
- Treating Substance Abuse: A Clinical Demonstration of Cognitive Therapy. (Liese, Wright en Beck, 1994:Audioband) – Beskikbaar by UNISA.
- Padesky (2007) se webinligting bied 'n verskeidenheid oudio- en videomateriaal.

#### 3.3.4.4 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT BEGRIPSVERHELDERING AAN DIE HAND VAN DIE AANGRENSENDE WETENSKAP: PSIGOLOGIE

Die kognitiewe stroming het ontstaan vanweë 'n voorheen verwaarloosde ondersoekterrein in die psigologie. Aaron T. Beck ontvang erkenning vir die mees gerespekteerde akademiese terapeutiese model binne die kognitiewe benadering. Die benadering hanteer postmoderne sorge. Die model gee pertinent aandag aan en fokus op die beradene, en spesifiek vooronderstellings by die beradene. Vooronderstellings is dus klinies ondersoekbaar, asook binne berading verreken- en hanteerbaar.

## 3.4 BRUIKBAARHEID VAN DIE BEGRIP "VOORONDERSTELLING" VIR BERADING

### 3.4.1 WAT VERSTAAN ADAMS ONDER "VOORONDERSTELLING (S)"?

Jay Edward Adams het na sy beradingsmetode verwys as "pre-suppositional". Sowel die berader as die beradene het volgens Adams vooronderstellings. Dit val op dat Adams die woord "vooronderstelling" verbind aan beraders, beradingsteoretici, asook beradenes. Volgens Adams glo elkeen wat hy glo en doen wat hy doen, op basis van "vooronderstellings", ook Jan Alleman. Sy aanwysings kom voor in die geskrifte *Update on Christian Counseling* (1979[1]:35-37) en *The Christian Counselor's Wordbook* (1981:72; vgl. ook *The Christian Counselor's New Testament*, 1994:583; 2000:620). In sy oeuvre gee Adams egter slegs rekenskap van beradingsvooronderstellings. Hy praat nie in soveel woorde van die beradene nie. Dit is

onduidelik waarom hy die woordgebruik "vooronderstelling" nie uitwerk veral met betrekking tot die beradene nie. Waarskynlik kan meer duidelikheid verkry word as die navorsing nader ingaan op Adams se gebruik van die woord "vooronderstelling". By die bespreking van 3.3.2 is nie op Adams se spesifieke verstaan van die woord "vooronderstelling" ingegaan nie. Tot sover het die agtergrond van die woordgebruik by Cornelius Van Til en Immanuel Kant aan die orde gekom. Wat is "vooronderstellings" volgens Adams? *Presuppostions are basic beliefs on which one builds his life and activities; they do not admit of proof, but are accepted by faith* (Adams, 1981:72). Volgens Adams (1979[1]:35), is sprake van "basic ideas". Adams (1981:72) wys dan ook daarop dat "eerste beginsels" as wisselterm mag optree vir "vooronderstellings". Hier tree dus 'n belangrike verheldering aan die lig! Gesien hierdie verheldering, is daar verder nog 'n ander waarskynlike rede hoekom Adams nie die begrip "vooronderstelling" uitwerk met betrekking tot beradene nie. Dit sal by 3.6 nader aan die orde gestel word met betrekking tot die woord "judgement" wat Adams gebruik.

### 3.4.2 HOE VERGELYK J.E. ADAMS SE WOORDGEBRUIK MET VAN TIL?

Adams het nêrens eksplisiet rekenskap gegee van sy aansluiting by Cornelius Van Til nie. Sonder om deeglik daarvan rekenskap te gee, het Adams dus aansluiting gesoek by die apologetiek van Cornelius Van Til. Hoewel Adams hom uit die staanspoor bewustelik by Van Til aansluit, is dit 'n vraag of Adams vir Van Til werklik tot sy reg laat kom en of Adams hom werklik diepgrondig met Van Til se woordgebruik, asook met sy konseptuele raamwerk, gekonfronteer het. Vergelyk 'n mens die woordgebruik van Adams met dié van Cornelius Van Til, is die ooreenkoms nie volledig nie. Trouens, Adams druk nie presies dieselfde betekenis met die woord uit nie. Uiteindelik, in die lig van wat reeds vasgestel is in verband met sowel Gordon H. Clark as Van Til, bevind Adams hom op die rasionalistiese (aksiomatiese) spoor van Gordon Clark, eerder as op Cornelius Van Til se Ortodoks-Christelike Teïsme (i.e. transentale verwysingsgebruik). By Adams ontvang "vooronderstelling(s)" dus 'n nie-bewysbare aksiomatiese betekeniskleur. By Van Til daarenteen, tree "vooronderstelling(s)" aan die lig as verwysingspunt(e) en wel van transendentale aard. Dit is egter altyd 'n transendentaal-toetsbare vertrekpunt, in terme van verwysing na God en nie bloot 'n hipotese of aksioma nie. Vertrekpunte is ook wel bewysbaar, en dus empiries van aard. Hier is nie sprake van rasionalistiese fondasionalisme nie. Adams en Van Til se gebruik en verstaan van "vooronderstelling(s)" kan per slot van rekening nie met mekaar vereenselwig word nie. In sy nuut gepubliseerde beradersweergawe van die Nuwe Testament behou Adams (2000:620) wel die trefwoord

"presupposition" by Gal. 4:3, maar laat die woord geheel en al weg in *The Practical Encyclopedia of Christian Counseling* (2003[1]). Geen verduideliking vind meer plaas nie. In laasgenoemde publikasie behou Adams (2003[1]:27) slegs die woord "commitment" binne die semantiese skakering onder bespreking. Hy meen dat sodanige verbintenis wel "ken", "begeerte", asook "kennis en vaardigheid" bevat, volgens 'n "plan" wat "gehou" moet word. Sy verduideliking het egter minder seker begin raak: *There is much talk about commitment, but little explanation of what it involves.* Die vraag ontstaan dus by herhaling of Adams wérklik Van Til deeglik onder die knie gehad het in 1970, toe hy gewag gemaak het van Cornelius Van Til se presupposisionele denke.

### 3.4.3 OP DIE SPOOR: VAN TIL-STOKER

Merkwaardig genoeg, word in hierdie ryke teologiese tradisie van Adams, juis die woord vooronderstelling nie diepgaande met betrekking tot beradenes geaktualiseer nie. Dit is 'n vraag waarom nie. Dit wil lyk asof Adams die Ortodoks-Christelike bydrae van Cornelius Van Til se Teïsme nie noukeurig genoeg verreken het nie. Wil "vooronderstelling" as begrip vir (Skrifgebonde) berading bruikbaar wees, dan is dit wel nodig om Van Til-Stoker se woordgebruik na te volg en nie Adams-Clarks'n nie, die waarde van Adams se oeuvre vir berading ongeag. Die keuse hou verband met 'n spreekwoordelike wisselspoor; óf op die gang van openbaringspresupposisionalisme óf op die gang van rasionalistiese/fondasionalistiese presupposisionalisme. Een praktiese uitwerking van Adams se siening oor vooronderstelling(s) is dat hy totaal afwysend staan teenoor nie-Christelike beradingsmodelle. Skrifgebonde berading deur Adams verreken derhalwe nie sodanige wetenskaplike bydraes in sy geskrifte nie. Twee gevare word hierdeur tog in die hand gewerk: (1) "Wysheid" verloor sy kosbare "samehang" (volgens Du Plessis was dit aan die begin van sy loopbaan "waarheid" en "eenheid", 1955:107: Intussen praat Du Plessis eerder van "wysheid" en "samehang" – 2006:54 e.v., 59; 61). Pastorale beraders word gekweek wat te midde van die *Universitas Scientiarum* 'n teenswoordige krisisgebaseerde vervreemding in die hand help werk (Du Plessis, 1967:1-5, 44-9). (2) Die leefpraktyk ly gebrek aan geïntegreerdheid (Du Plessis, 1967:51-3), sterker nog "simbiose" (Du Plessis, 2006:61) en sodoende in terme van berading, ook aan gesofistikeerdheid, wat aanvanklik juis 'n massale wegbeweeg van pastoraat veroorsaak het: *The clergy's failure to provide any academic foundation for their practice with personal problems ultimately proved their undoing* (Abbott, 1988:286). Powlison (1994:60) stel dan ook tereg die konstante toekomsagenda-vraag: "Will biblical counseling continue to develop intellectually and practically?" Abbot (1988:75 e.v., 308-314) wys juis: *The*

***recent rise of 'clinical pastoral eduction' reasserts the clergy's right to interpret a patient's illness to the patient.*** Die bedoeling is nie om hiermee Adams te verwerp nie. Daar moet egter gekyk word na waar die Adams-tradisie vandaan kom. By Adams word slegs antiteties standpunt ingeneem (i.t.v. immanente en transendente kritiek – vgl. Du Plessis, 2006:66 e.v.), in aansluiting by die "vertikale perspektief" van Cornelius Van Til. As sodanig is hierdie perspektief geldig, mits daaraan openbaring ten grondslag lê en nie rasionalistiese fondasionalisme nie: *'n gekose eerste beginsel (premis) wat nie bewysbaar is nie*. Dit is die wins van Stoker om (met ekshaeretiese kritiek– vgl. Du Plessis, 2006:67 e.v.; Johan Janse van Rensburg, 2000:80) in aanvulling tot Van Til (se transendentale kritiek– vgl. Du Plessis, 2006:67), ook die fenomenologiese werklikheid binne die openbaringskarakter van God se skepping en voorsienigheid 'n plek te gee. Van Til het Stoker nie net toegegee nie, maar selfs aangemoedig, om hierdie "horisontale perspektief" te ontwikkel, met die oog op vrugvolle ontplooiing binne die vakwetenskappe. Die openbaringsbegronding van Cornelius Van Til se presupposisionele bydrae en Stoker se fenomenologiese bydrae ontsluit die Ortodoks-Christelike openheid, vir sowel die "vertikale" as die "horisontale", sonder om die Heilige Skrif as genademiddel te minag: *Uitgaande van die* ***ekstrinsieke eenheid*** *van die kosmos . . . is die wêreld vir die Skrifgelowige filosoof geen prinsipiële bedreiging nie . . . Die wêreld refereer of wys heen na sy Oorsprong, God die Skepper en Onderhouer daarvan . . . Die wêreld is 'n ope boek. . . Die wêreld en die mens moet in die lig van Gods Woord bestudeer word* (Du Plessis, 1965:165). Jay Edward Adams se epogmakende bydrae, met betrekking tot (pastorale) berading, kan in terme van Stoker se kommentaar op Van Til, hoofsaaklik as aansluiting by die "vertikale" beskou word. Stoker se noodsaaklike 'aanvulling' ten opsigte van Cornelius Van Til se epistemologie, kan egter paslik deur middel van 'n vakwetenskaplike perspektief uitgebou word. Adams (vgl. o.a. 1973: 33-35; 71-97) oefen in aansluiting by Cornelius Van Til se "vertikale perspektief" wel tereg felle kritiek uit, op die toenmalige sielkunde en psigiatriese insette met die oog op God-verheerlikende (Christelike) berading. Gesien egter Stoker se noodsaaklike 'aanvulling' oftewel uitbouing van Cornelius Van Til se presupposisionele benadering, in toepassing op berading, is daar nie net summier sprake van 'n óf-óf-"vertikale" benadering nie, maar ook van 'n "horisontale", dit is 'n én-én-benadering in Ortodoks-Christelike sin. Die Skrifte behoort deur beraders deeglik en teologies-grondig geken te word, maar "horisontale" verwerking van (ten minste die psigologiese oftewel) die fenomenologiese wêreld is eweneens nodig. Nie net wetenskappers en teoretiese kennis is direk te verbind met "vooronderstelling(s)" nie. Ook beradenes kom na die beradingsproses met vooronderstelling(s). Die vraag is egter in watter mate sulke vooronderstelling(s) bewuste en sistematiese verrekening ontvang. Adams (1979[2]:172) sal byvoorbeeld in

aansluiting by die "vertikale", met verwysing na Ellis, tereg besin oor hoe die sonde menslike denke affekteer;

> *That is why nouthetic counselors – in the spirit of the Scriptures – do not (like Albert Ellis, for instance) attempt to change people* **merely** *by attacking their beliefs and substituting new ones. They do not assume that new thinking will lead to new living. While they do attack falsehood, teach the facts about new biblical ways, and call counselees to faithful obedience to them (who has spent more time doing so?), nouthetic counselors at the same time grapple with problems that stand in the way of belief and/or action.* (Onderstreping en vetgedruk JB.)

Die "horisontale" perspektief (van Stoker) bly hier egter gewoon buite besinning. In dié sin ontvang die moontlike waarheidselemente van byvoorbeeld 'n Albert Ellis (kliniese sielkundige) weliswaar self-uitgesproke ateïs, se (rasioneel-emotiewe) bydrae insake oortuigings nie diepgaande beligting nie en ontbreek dit dan by Adams aan positiewe verwerking van die fenomenologies-geldige 'openbaringsfeite' (á la Van Til & Stoker) daarvan. Adams se soort antitese maak gewoon nie voorsiening vir 'n Skrifperspektief soos Rom. 2:14 e.v. nie. Adams (2003$^2$:33) skryf: *Psychology posesses no revealed Truth other than that which has been borrowed from the Bible.* Onder begeleiding van Stoker, formuleer Du Plessis (1955:107; vgl. ook 2006:68 e.v.) die gevaar van hierdie soort benadering met betrekking tot die veld van godsdiensfilosofie as volg:

> *Naas die tetiese sistematiek sal die godsdiensfilosofie ook ander godsdiensfilosofiese teorieë en strominge moet bestudeer, om die verkeerde aan te toon en die waarheidsmomente te erken en sodoende deur teenstelling die eie insigte krities beter te deurgrond. Daar moet egter onthou word dat geen wetenskap in isolasie kan bestaan nie – hierdie soewereiniteitswaan van die rasionalistiese wetenskapsopvatting is reeds gewreek deur verarming, stagnasie en eensydigheid soos blyk uit die geskiedenis van die filosofie.*

Adams se ongenuanseerde antitetiese opstelling - hoe verstaanbaar dit ook al is - laat Adams aan die rykdom van God se (algemene) openbaring te kort doen (vgl. vir Adams se volgehoue verweer o.a. sy

resente boekie (2003[2]): *Is All Truth God's Truth?*; vgl. ook Almy (2000), asook Adams, 2003[2]:24 e.v., 45). Almy skryf met Adams se instemming en goedkeuring oor ***The dangerous secular influences that keep us from caring for souls***). Lotter (2001:323 e.v.) wys daarop dat Adams se eensydigheid in die verband nie ongemerk by Skrifgebonde teoretici verby gegaan het nie.

Adams se ongenuanseerde eensydigheid kan te wyte wees aan 'n piëtistiese rasionalisme (vgl. by Van der Walt, 2001:13-21, 24-26). Combrink (1986:87) het by Adams al 'n gebrek aan reformatories-wysgerige insig opgemerk. Boonop sou 'n mens ook nog *teologies*-kritiese kommentaar kon lewer op Adams (1970:172) se stelling: ***They do not assume that new thinking will lead to new living.*** Hierdie sin is Skriftuurlik gesproke beslis vir misverstand vatbaar en as sodanig in terme van Van Til se teologiese nalatingskap oor vooronderstelling(s) aanvegbaar (vgl. Rom 12:1-3, asook Van der Walt se toepassing in dié verband – 2001:107-116). Soveel te meer onderstreep dit dus die gebrek aan 'n "horisontale" (vakwetenskaplike) perspektief, wat Adams juis in staat sou stel om sy teregte antitiese opstelling, reformatories-deurlopend te nuanseer. As Ortodoks-Christelike denker, kon Van Til dit dan regkry om die rasionalisme en die Idealisme van Kant te ontwyk. Maar, Van Til kon dit ook regkry om sy wins te doen met die grondverskuiwende – "Kopernikaanse" – aard van Kant se filosofie. Adams self, was aanvanklik bereid om by Van Til se "Kantiaanse" erfenis, naamlik vooronderstelling(s), aansluiting te vind. Intussen lewer die netto epistemologiese wins van Kant se bydrae by Van Til en Stoker ook ontologiese bestendigheid. God Drie-enig is gewoon relevant tot <u>álle</u> menslike ervaring, hetsy goed of sleg, hoewel menslik-subjektief. Vanweë die Skepper-skepsel onderskeid, in terme van openbaring, word in die Heilige Skrif en die natuur transendentale objektiwiteit verkry (met inagneming van die postmodernistiese beperkings op wat sg. "objektief" is) wat korrigerend diens doen ten opsigte van die gebrokenheid van 'n in-die-sonde-gevalle menslike gees. Vooronderstellings funksioneer derhalwe as ***transcendentals by which (it is hoped) a person's experience can be made coherent, meaningful, and intelligible.***

### 3.4.4 'N MEER GENUANSEERDE BENADERING IS MOONTLIK

David Powlison, in sy boek: *Seeing with New Eyes: Counseling and the Human Condition through the Lense of Scripture* (2003:225-238), evalueer onder andere die boek van Gary Chapman *Vyf tale van die Liefde* (1992; 2003 in Afrikaans vertaal). Uiteraard volgens die Westminster- (Van Til/Adams) tradisie kom die "vertikale" perspektief duidelik aan die lig. Kernkritiek is volgens Powlison (2003:230 e.v.) dat die boek van Chapman nie werklike begrip toon van die menslike psigologie in Christelike sin nie:

> *There is no call to really face yourself, to fear the Lord, and to come to repentance. There is no need for a substitute to take the death sentence for capital crimes you have committed. There is no need for living water and resurrection because you are dead in sins and because you worship lusts under the alias "emotional needs" . . . None of you have actually done anything that might cause a blow to your self-esteem or might necessitate Christ's bloodshed on your behalf.*

Uit die Westminster- (Van Til/Adams) tradisie in teologie en berading is sulke skerpsinnige evaluering te verwagte. Die verfrissende is egter dat die "horisontale" perspektief van Stoker ook aanwesig is, met ander woorde 'n erkenning van die positiewe, bruikbare kant – ons kan sê – die *openbarings*karakter met betrekking tot die sogenaamde "tale van liefde": *On the positive side, the book rings* <u>*true*</u> *when it describes how people typically come* <u>*wired*</u> (Powlison, 2003:225; onderstreping: JB). Teologies gesproke, so wys Powlison (2003:226 e.v.) daarop, hou Chapman hom reg besig met die verskille tussen mense, spesifiek getroudes, <u>as uitwerking van God se skepping en voorsienigheid</u>. Daarin is Chapman prakties-relevant en kan beslis "konstruktief" van hom geleer word. Powlison meen dat Chapman "akkurate beskrywings" gee van hoe die lewe *geleef* word en hoe mense in hul pogings om lief te hê die beoogde doelwit mis. Selfs sy advies is met tye opbouend vir die Skrifgelowige, meen Powlison. Die bydrae wat die boek *Vyf Tale van die Liefde* maak, is positief-bruikbaar, gesien algemene genade; *Common grace, even among tax collectors, does do some* <u>*genuine good*</u> *in this world* (Powlison, 2003:229; onderstreping: JB; vgl. Johan Janse Van Rensburg, 1987:201 e.v.). Hierin beweeg Powlison nader aan Van Til as sy voorganger Jay Edward Adams.

### 3.4.5 BRUIKBARE NAVORSINGSRESULTATE IN VERBAND MET "VOORONDERSTELLINGS"

Die Lutheraanse pastoor, William Backus, oprigter van die *Center for Christian Psychological Services* in Minnesota, VSA, wat homself in sowel die teologie as in die kliniese sielkunde gekwalifiseer het, was een van die vroegste bydraers (vgl. ook by Crabb, 1975:80; 1977:84-104) uit 'n Ortodoks-Christelike gesigspunt, wat bewus van die vrugte van die kognitiewe stroming begin pluk het. Backus en mederwerkers noem hulle benadering "Misbelief"-terapie (Backus & Chapian, 2000). Backus en sy medewerkers skryf al in 1980 daarvan. By Backus bestaan 'n oop oog vir die botsende waardes tussen sekulêre klinici en Christene. Backus (1985:63) gee ook aan Jay Edward Adams die nodige erkenning, dat uit 'n Christelike benadering gestreef moet word om pertinent Christelike kategorieë weer deel te laat vorm ("reinstated"), wanneer afwykende gedrag hanteer word. Maar, en hier is die belangrike winspunt van Backus se argument om die resultate van die kognitiewe terapie bewus te verwerk, as deel van 'n *pastorale* benadering, ongeag die waardes en teoretiese raamwerk van die sekulêre sielkunde: *there is nevertheless an increasingly large body of empirical knowledge which makes a difference in treatment* (Backus, 1985:10, vgl. p. 20-22). In die huidige navorsing val dit op dat die empiries-wetenskaplike bydrae van A.T. Beck en die navorsers wat in die breë raamwerk van sy denkoeuvre verder werk, bruikbare diens kan verrig met betrekking tot *vooronderstelling(s) by die beradene,* en wel as deel van 'n klassiek-gereformeerde ("Bybelse") benadering tot berading. Skrifgebonde ("Bybelse") berading hoef nie te ontspoor vanweë die naturalisme, ewolusionisme, materialisme en selfs Bhoeddhistiese besinningstrekke van (byvoorbeeld) die kognitiewe terapie nie. Ook die vooronderstellings van gelewerde empiriese data-aanbieding kan teïsties onderken word. Die empiries-fenomenologiese waarde van die kognitief-terapeutiese bevindinge (i.t.v. 'n Van Til-Stoker, Ortodoks-Christelike filosofies-teologiese begronding) kan nie ontken word nie. Skrifgebonde berading kan dus ruim gebruik maak van hierdie insigte, sonder om daardeur gebonde te wees aan die ontologiese en epistemologiese wortels van sodanige beskouings, of selfs sinkretisties 'n nuwe hibried te vorm (vgl. vir hierdie gevaar Siang-Yang Tan en W. Brad Johnson, 2005:77-103). Die begrip "vooronderstelling" het wel 'n meervoudige betekenis, wat verwarrend kan werk. Dit is beslis 'n nadeel. John M. Frame se reserveringe en huiwering in die verband is daarom te verstane. Miskien is dit beter om van "grondoortuiging" te praat. Maar, juis die begrip "vooronderstelling(s)" dwing die gebruiker om presies te omskryf waarmee hy besig is. Dit is beslis weer tot voordeel. So ontstaan aanleiding tot eerlikheid en nugterheid. Die gebruiksgeskiedenis verryk as agtergrond besinning in die huidige tyd. Ooreenkomstig

die Van Til-Stoker intellektuele tradisie, is (Skrifgebonde) berading Christelik verantwoord om "vooronderstelling(s)" te verstaan as transendentale verwysingspunte. Immers, geen feit/data-gegewene bestaan openbarings*neutraal* nie. 'n Ontologiese dualisme is gewoon onhoudbaar. Daar bestaan ook nie sogenaamde "naakte feite" nie (kontra 'n standpunt soos van Keith Ward, wat selfs van "ultimate brute facts" durf te praat - 2002:56). Formeel stem die Ortodoks-Christelike denke hierin ooreen met nie-Christelike denke. Álle data is geïnterpreteerde data. Nie-Christelike interpretasiedenke gaan egter nie ver genoeg nie. Trouens, dit kan ook nie vanweë die inherente – naturalisme – ongeloofsdenke. Gegewe die Christelike Skepper-skepsel onderskeid, in terme van openbaring, maak dit sin dat die mens as beeld van God interpreterend omgaan met sintuiglike data. Gegewe die Christelike belydenis van die sondeval, in ruimte en tyd en dus in die geskiedenis, kan disfunksionele vooronderstellings ("*core beliefs*") en vooronderstellingsnetwerke oftewel "*schemas*" wat tydens menslike inligtingsverwerking ontstaan, Christelik as begryplik beskou word en selfs erkenning ontvang. *Vooronderstellings by beradenes* is boonop nie bloot 'n psigologiese gegewene nie, maar het duidelik genoeg transendentale waarde – en is dus teologies-gelade.

### 3.4.6 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT DIE BRUIKBAARHEID VAN DIE WOORD "VOORONDERSTELLING" VIR BERADING

Vooronderstellings (of anders gestel: grondoortuigings) is 'n bruikbare woord vir berading, maar dan nie soos Jay Edward Adams die woord gebruik het nie (rasionalistiese-fondasionalisme). In vergelyking met die gangbare teologiese taalgebruik sal daar ook verskil moet wees (vgl. 3.3.3.5). Die woord "vooronderstelling" ontvang geldigheid binne 'n klassiek-gereformeerde benadering op spoor van Cornelius Van Til en H.G. Stoker. Vooronderstellings funksioneer dan as 'n openbaringsmerker – 'n punt van transendentale verwysing. Derhalwe is vooronderstellings empiries van aard, asook transendentaal toetsbaar in verhouding tot God. Met betrekking tot die hantering van vooronderstellings by die beradene, beteken God as Skepper immers dat alle vooronderstellings van die beradene transendentaal verband hou met God (vgl. 3.3.3.4.c). Binne hierdie verband kan gekyk word na die bevindinge van nie-Christelike modelle, soos A.T. Beck se kognitiewe terapie. Voortdurend sal wel teen sinkretisme gewaak moet word. Nuansering is wel aanduibaar: Powlison beweeg nader aan Van Til as Adams. Bruikbare navorsingsresultate, hoewel nie in terme van

"integrasie" nie maar wel "wysheid", kan (Ortodoks-Christelik) teïsties verwerk word tot groter gesofistikeerdheid en effektiwiteit van 'n klassiek-gereformeerde benadering tot berading.

## 3.5 DIE BELANG VAN "VOORONDERSTELLINGS" BY DIE BERADENE IN TERME VAN DIE HUIDIGE TYD

Die woord vooronderstelling ("presupposition") is vir die teologie selfs in die postmoderne era steeds 'n bruikbare noodsaaklikheid (Rietkerk, 2002:101): Die verstand beklee, wat die na-moderne tydperk betref, 'n baie meer beskeie plek in huidige mens-wees. Redelike argumente as sodanig – dit wil sê om die geloof te "fundeer", oortuig nie meer nie en daaruit kan die vraag volg: Is die verstand daarmee oorboord en oorbodig? Hoewel in 'n tyd van pluralisme en selfs irrasionalisme, word steeds onderskei tussen sin en onsin. Samehang word steeds gesien. Toetsing en analise vind steeds plaas. Steeds wil geweet word: Klop mý beeld met die werklikheid – met die 'feite'? Patroonmatigheid wil geïdentifiseer en wetmatighede ontdek word, sodat 'n beter "begryp" kan resulteer. Die verstand word dus nog al die pad voluit gebruik!

Die gesigspunt van Rietkerk tref 'n mens onder andere ook aan by Naugle (2002:173-186; 271 e.v.), Wolters, (2005:2 e.v. – "*commited* belief"); Goldsworthy (2006:39-44, 55 e.v.) en Frame (2006:331, wat in sy jongste poging eerder wil praat van *"justified, true belief"* – en in die verband vgl. Clark *et al.*, 2004:19); asook Du Plessis (2006:45).

Vir die berader en beradene is dit dus selfs in die lig van die huidige tyd raadsaam om deur te dring tot by *beradenes* se vooronderstelling(s) en motiewe. Sterker nog, Ouweneel (2006:101-6; vgl. ook 1994:3-7) gee in sy artikel *Hermeneutiek en de Postmoderne Uitdaging*, daartoe aanleiding om in terme van berading, "bewus" nie die "Christelikheid" wat deur 'n beradene na die (pastorale) beradingsessie gebring word, "outomaties", as "Christelik" te beskou en as sodanig te hanteer nie. Ook wat die beradene betref, is sprake van "magspel" en "agterliggende belange" wat op tafel moet kom, en dit juis te midde van die huidige tyd, wat daarop wys dat dit 'n rol speel, as deel van die *humana*.

## 3.6 DIE LEEMTE INSAKE "VOORONDERSTELLINGS" BINNE DIE BESTAANDE SKRIFGEBONDE BERADINGSMODEL OP VOETSPOOR VAN ADAMS

Oorweeg 'n mens Adams se vroeë boek *Competent to Counsel* (1970:148-153) en sy latere *More than Redemption* oftewel *A Theology of Christian Counseling* (1979²:160-173), dan kan wat Adams skryf oor "Habit" en "Preconditioning problem" in verband gebring word met die begrip "vooronderstelling" of wat in die kognitiewe psigoterapie bekend staan as "core belief" en selfs "schema". Die "preconditioning problem" is die *patroonmatigheid* waarvan die "preformance problem" volgens Adams, slegs 'n enkele voorval vorm. Adams fokus egter op gedrag en nie soseer op 'gedagtes', 'oortuigings' en 'grondoortuigings' met betrekking tot hierdie gevestigde patroonmatigheid oftewel "onderliggende disposisie" nie. Wanneer oor die "persoonlikheid" gepraat word, stel Adams (1970:75) wel: *Sinful response patterns are inevitable, but the particular patterns developed, the particular styles of sinful expression, are not; they are learned.* Adams sien raak dat as daar nie aan die "preconditioned" gewerk word nie, dan het daar nog nie werklike beradingsvooruitgang plaasgevind nie: *the client will leave counseling still programmed (preconditioned) to handle life's next crisis in the usual sinful way* (Adams, 1970:149). Hy erken: gewoonte-patroonmatighede verander moeilik (Adams, 1970:75). Volgens Adams, het die beradene hom/haarself oor 'n periode van tyd geprogrammeer deur middel van aktiwiteite: "to act in certain ways in response to given stimuli"; *The preconditioning problem is really a kind of computer problem* (Adams, 1970:149). Op hierdie punt word die kognitiewe nie eksplisiet in berekening gebring nie, hoewel dit nie beteken dat die kognitiewe by Adams hoegenaamd nie verreken word nie (vgl. 3.3.4.1 hierbo m.b.t. sy uitspraak oor "whole persons"; 1973:105 e.v.; sien ook *The Christian Counselor's Wordbook*, 1981:9 – "When speaking of behavoir, the cognitive element is not ignored . . ."). In die boekie *The language of Counseling*, spesifiseer Adams nader dit wat hy hierbo bedoel. Wanneer hy sy "vierde funksie" van taal aan die orde stel, naamlik "om te interpreteer", wys Adams (1981:23) daarop: *There is no other way to know the motives, desires and the internal thoughts of another person.* Optrede sonder 'interpretasie' en dus die gebruik van taal, laat alles vaag en onduidelik. Misverstaan is dan voor die hand liggend. Taal maak duidelik wat andersins nie duidelik sal word nie. Optrede alleen gee, volgens Adams, iets van die "Wat?", maar baie min van die werklike "Hoekom?", tensy die optrede plaasvind in 'n "previously language-conditioned setting". Taal help om mense en hulle optrede te begryp. Adams (1981:28-36) beskryf die pastorale geval van "Midge", 'n 23-jarige enkellopende dame, wat al self verdien. In aansluiting by die

"vertikale perspektief", kritiseer Adams die Maslow – Adler-benadering in die sielkunde tydens bespreking. In die proses verduidelik hy egter dat dit wel nodig is om aan Midge se denke aandag te bestee (Adams, 1981:32). Volgens Adams, is dit belangrik om die beradene ernstig op te neem, in haar uitlatings oor haarself. Verkeerde, onskriftuurlike interpretasie van feite, is volgens hom ter sprake. Wanneer dit kom by die verhouding: gevoel en denke, stel Adams (1981:33): *She feels **bad** because she has **judged** herself to be inferior and inadequate. The bad feelings she has were occasioned by her judgement about the facts.* Waar dus binne die kognitiewe terapie gepraat word van "core belief", verkies Adams om te praat van "judgement", wat dus verder duidelik maak waarom Adams nie die woord "vooronderstellings" spesifiek uitwerk met betrekking tot die beradene nie (vgl. terug by 3.4.1). Op die volgende bladsy (1981:34) gee hy dit dan ook aan in die kernsin: "I am inadequate". Hoe moet hierdie "oordeel" oftewel "kernoortuiging" hanteer word? Adams (1981:33; vgl. Mack, 1979:176-182) skryf: *. . . we can help her to reexamine and reassess the facts on which that judgment is based.* Adams wil hê dat sorgvuldige evaluering sal plaasvind van die "bewyse" ("evidence"). Dit is hierdie proses om deur te dring tot die kernoortuiging en dit vas te vat, wat uiteindelik inhoud gee aan die oproep tot bekering aan Midge. In sy vroeëre publikasie; *The Christian Counselor's Manual* (1973:110 e.v.), verduidelik Adams die verhouding gevoel en gedagte:

> *The emotion is triggered by (1) immediate conscious thought and / or action, or (2) unconscious habit patterns that automatically release emotional responses . . . If the emotional response resulted from a well-developed sinful response pattern no longer requiring conscious thought to set it in motion, then the solution lies in discovering the pattern and dehabituating the counselee through the sanctifying work of the Holy Spirit by means of His Word. The pattern must be broken and replaced by a biblical one.*

Schwab (2003:67-83) se artikel in *The Journal of Biblical Counseling* is in hierdie verband van groot waarde. Hy bespreek Adams se teorie in verband met "habituation". Schwab toon aan dat Adams nie vanuit 'n konsekwent-eksegetiese onderbou sy teorie poneer nie. Trouens, sekulêre teorievorming het Adams se Bybellees tog wel beïnvloed. Die gevolg daarvan was dat Adams, volgens Schwab, die sekulêre teorievorming by die Skrif "ingelees" en selfs "invertaal" het. Daarmee wil Schwab nie ontken dat "habituation" 'n plek het nie. Hy wil slegs daarop wys dat Adams nie soseer vanuit die orde Skrif → Teorievorming gewerk het nie. 'n Belangrike les is hier te leer (vgl. terug by die metodologiese bespreking van Getz – 3.3.4.1). Teorievorming kan suksesvolle implikasies hê; suksesvolheid beteken egter nie

noodwendig teologiese sukses nie: *Revelational faithfulness is a critical evaluation instrument which either proves or disproves theological success* (Bosman, 2004:2). Skrifgebonde beraders word egter opgelei om breedweg die volgende soort vrae – soos nodig, te ontplooi (Mack, 1994:227, 234; vgl. ook die vrae van Powlison, 2003:129-140):

*What do you see as your most pressing problem?*
*Do you have any idea why the problem has become so severe?*
*What do you think about the way you have been handling the problem?*
*What does all of this tell you about yourself?*
*Do you have any idea why criticism is so hard for you to handle?*
*If I had a tape recorder and could record your thoughts at this moment, what would I hear?*
*What happens inside your head when I give you a suggestion about handling a problem?*
*What do/did you want, desire, seek, aim for, pursue, hope for?*
*What are your goals, expectations, or intentions?*
*Where do you look for security, meaning, happiness, fulfillment, joy, or comfort?*
*What do you fear most? What do you tend to avoid?*
*What would make you happy?*
*What brings out the worst or best in you?*
*What or who rules or controls you in nitty gritty of life? To what or whom do you listen?*
*In what or whom do you place your functional trust? What drives you? In what or whom do you set your hope?*
*When you are pressured or tense, where do you turn? Where do you find relief? How do you escape?*

Skrifgebonde beraders word ook geleer om vrae te stel in verband met God en dan soos volg: *How do you think God would describe your problem? Would God say feelings of inferiority have made you impotent and generally sick as a person?* (Mack 1994:234) By hierdie soort vrae word 'n merkwaardige voetnota gemaak: *The reason for questioning Gus about what he thinks God would say is to encourage him subtly to think through his **presuppositions** . . .* (Vetgedruk – JB.) Maar, dis al. Verder word nie uitgebrei, verduidelik, gesubstansieer, prosesmatig geïntegreer of geoperasionaliseer nie. "Presupposition" verskyn ook nie in die indeks, agter in die boek van Mack, as 'n noemenswaardige naslaangids nie. Wanneer die volgende drie fasette van Bybelse berading bespreek word (Mack 1994:250-297), keer "presuppositions" nie weer terug nie, hoewel op bladsy 263 onder andere opgemerk word: *Questions: Counselor uses the **Socratic method** to lead counselees to a conclusion through their own responses.* (Vetgedruk – JB.) Dit kom voor asof vooronderstellings ("presuppositions") nie 'n behoorlik geïntegreerde plek verkry nie – nie basisteoreties nie, maar ook nie metodologies of terapeuties nie. 'n Verdere leemte hou verband met

McBride, Farvolden en Swallow (2007:19) se bevinding. Kognitiewe strukture en prosesse is implisiet van aard. Beradenes sal daarom nie noodwendig self met die eerste oogopslag sommer daarby uitkom, deur middel van vae en algemene vrae nie. Daar moet spesifiek gegrou word om vooronderstellings en *schemas* te identifiseer en bloot te lê. Powlison (2003:129-140) wat sterker profileer as Mack, bereik nie die nodige teoretiese gerigtheid nie. Skrifgebonde berading bied nie op die oomblik sulke metodologiese gesofistikeerdheid nie. Die kognitiewe terapie van A.T. Beck en sy skool (hoewel "sekulêr"), het op hierdie punt verder gevorder en verdien – uiteraard deur middel van 'n kritiese verrekening – welverdiende aandag binne die klassiek-gereformeerde raamwerk van berading.

## 3.7 "VOORONDERSTELLINGS" BINNE SKRIFGEBONDE BERADING NA AANLEIDING VAN KOGNITIEWE TERAPIE

Skrifgebonde filosofie, teologie en berading erken "vooronderstellings" lank reeds as deel van die *humana*. Adams bespreek die verrekening van "judgements" slegs terloops as deel van sy noutetiese beradingsbenadering. Onduidelikheid oor wat "vooronderstellings" is hou onder andere hiermee verband. Kognitiewe terapie het "vooronderstellings" egter tot 'n konkrete operasionele gegewenheid binne berading gemaak. Identifisering en verrekening van 'n kognitiewe brandpunt (vooronderstelling) soos "Ek is sielalleen!", is dus nie net moontlik nie maar selfs noodsaaklik. Daarsonder kan wérklike verandering nie gedien word nie. Die grondoortuiging (vooronderstelling) "Ek is sielalleen!" is ook nie bloot maar net 'n psigologiese aangeleentheid nie. Dat יהוה by Aaron Temkin Beck en sy medewerkers wetenskaplik-terapeuties nie bewustelik aangedui word nie, is waarskynlik te wyte aan die gespletenheid in lewensbeskouing ("Joodse Modernisme") waaraan Peter Ochs (3.3.2) herinner met betrekking tot die Joodse intellektueel van ná die *Aufklärung*. Vanweë hierdie gespletenheid is Beck en sy medewerkers **ontrou** aan Moses en die profete van die ou Verbond. Sterker nog, as dieptepunt van hierdie sinkretistiese (Joods-Modernistiese) ontrou figureer die ontkenning van die gekome Messias en daarmee die nuwe Verbond. Die "nimbus" van die religieuse besef by die mens is egter God Drie-enig (vir meeste mense die ervaring van 'n "Hoër Mag"). Onontkombaar deurstraal God Drie-enig die volle omvang van alle skepselmatigheid. Daardeur vertoon die "lewensgesprek" by die beradene religieus in verhouding tot "Die Ander" ("Hoër Mag") 'n onuitwisbare noodwendigheid (3.3.3.4c). Alle tyd-ruimtelike dimensies van die mens se skepselmatigheid is hierby ingeslote (vgl. verder 4.3.2). Skepping – Sondeval – Verlossing – Vernuwing vorm 'n onontkombare teosentriese samehang met betrekking tot vooronderstellings (2.5.1; 2.5.1.1).

Omgewing, liggaam, verstand, emosie en gedrag is interaktief betrokke by mekaar. Spontaan kan in die lig hiervan gevra word na die sogenaamde "geestelike" aspek. Volgens Van Til-Stoker is dit juis die punt. Alle binnekosmiese aspekte tree op as 'n transendentale punt van verwysing na God.

"Ek is sielalleen!" is 'n vooronderstelling wat transendentaal gelade is met disfunksionele teologie en 'n disfunksionele relasionaliteit jeens God Drie-enig. Die verskil kan soos volg weergegee word (vgl. die voorbeeld terug by 3.3.4.3.h):

KOGNITIEF-TERAPEUTIESE IDENTIFISERING VAN VOORONDERSTELLINGS

| | | |
|---|---|---|
| Situasie: | Hans vertroetel nie vir Sarie nie. | |
| Spontane gedagtes wanneer depressief: | | Ek word nie vertroetel nie.<br>Dis onregverdig.<br>Ek kan nie so aangaan nie. |
| Vooronderstellingsbrug: | 1. Gesindheid: | Dit is verskriklik om alleen te wees. |
| | 2. Aanname: | Postitief – As ek vertroeteling gee sal ek vertroeteling ontvang.<br>Negatief – As ek nie vertroeteling gee nie, dan sal ek nie vertroeteling ontvang nie. |
| | 3. Leefreël: | Ek moet vertroeteling gee, om vertroeteling te ontvang. |
| Vooronderstelling: | Ek is sielalleen! | |
| *Schema*: | Emosionele armoede | |
| Kategorie: | Skeiding/verwerping | |

SKRIFGEBONDE IDENTIFISERING VAN VOORONDERSTELLINGS

Hans vertroetel my nie.

(Wat is so sleg daaraan?)

↓

Hoewel ek vertroeteling gee, ontvang ek nie vertroeteling nie.

(Wat sê dit van my?)

↓

Ek sal nooit die aandag ontvang wat ek nodig het nie.

(Wat sê dit van my?)

↓

Ek is siel-alleen!

(Wat sê dit van my?)

↓

Ek is bestem vir eensaamheid

(Wat sê dit van God?)

↓

God het my gemaak om siel-alleen te bestaan.

(Wat sê dit van God?)

↓

God is die oorsaak van my eensaamheid

(Wat sê dit van God?)

↓

God is 'n gevoellose outeur/bedryfsingenieur

(Disfunksionele Godsbeskouing/-voorstelling)

## 3.8 HOOFSTUKSAMEVATTING

Die taalkundige begrip "vooronderstelling" gaan oor dit wat *vooraf* gebeur (3.3.1.1). Die begrip druk die taalassosiasie uit in verband met dit *wat as waar aanvaar – aangeneem – word, 'n punt waarvan denke/redenering vertrek*. Vooronderstelling vind plaas in die geestesverwerking van *vermoede*. Hier is sprake van *'n denkbeeld wat as basis dien*, op grond waarvan geredeneer, geglo en opgetree word (3.3.1.1). Jay Edward Adams se woordgebruik betreffende "vooronderstelling" is via Cornelius van Til terug te voer na die invloedryke figuur Immanuel Kant (3.3.2), sonder verrekening van wie daar in die huidige tyd nie geteologiseer kan word nie. Die woordgebruik "vooronderstelling" hou verband met 'n "Kopernikaanse" omkering in die epistemologie: menslike kennis handel nie oor denk-onafhanklike werklikhede nie (3.3.2.1). Kant se filosofiese keerpunt vind bevestiging deurdat onder andere sielkundiges al meer tot die besef groei dat gedrag nie ondersoek kan word sonder verrekening van die kognitiewe prosesse ten grondslag daaraan nie (3.3.2; 3.3.4.3.c) Die woordgebruik "vooronderstelling" hou direk verband met onder andere God as 'n transendentale werklikheid (3.3.2.1). Cornelius Van Til gebruik die woord "vooronderstelling" na aanleiding van die wysgerige erflating van Immanuel Kant (3.3.3.2). Verrekening van die Idealisme maak van Cornelius Van Til nie 'n Idealis nie (3.3.3.3). Die woord "vooronderstelling" is, volgens Van Til, 'n punt van verwysing en wel van transendentale aard: sinsbetekenis in álle menslike ervaring is slegs moontlik omdat die Soewereine, Selfopenbarende, Drie-enige God bestaan en die inhoud van die religieuse besef deurstraal (3.3.4.3.c; 3.3.4.5). "Vooronderstelling" by Van Til is nie 'n 'hipotese' (weerspieël pragmatisme) of 'n 'aksioma' (weerspieël rasionalistiese fondasionalisme) nie (3.3.4.3.a en b). "Vooronderstelling" druk by Van Til dus wel die taalassosiasie uit in verband met dit *wat as waar aanvaar – aangeneem – word, 'n punt waarvan denke/redenering vertrek*, maar dan altyd empiries van aard en transendentaal-toetsbaar, verwysend na God: *"Fundamental condition"* sê dus te weinig (vgl. 3.3.1.1), *"Very ultimate condition"* is ter sprake (3.3.4.5). Stoker vul Van Til se verstaan en gebruik van "vooronderstelling" aan (3.3.4.1). So tree "dieptelaag" en "samehang" aan die lig (3.3.4.1) met 'n gevolglike "simbiose" t.o.v. berading (3.4.3). Binne die ondersoekterrein het die kognitiewe stroming ontstaan vanweë 'n voorheen verwaarloosde aangeleentheid (3.3.4.2; 3.3.4.4). Aaron T. Beck ontvang erkenning vir die mees gerespekteerde akademiese model binne die kognitief-terapeutiese benadering (3.3.4.3.a en b; 3.3.4.4). Hierdie benadering hanteer postmoderne sorge (3.3.4.3.d; 3.3.4.4). Die sogenaamde "narratiewe benadering" lyk breedweg soortgelyke oogmerke na te streef as die kognitiewe benadering, maar sonder die akademiese aanvaarding en reputasie van die kognitiewe benadering (3.3.4.3.g). Die Beck model gee pertinent aandag aan en fokus

op die beradene (3.3.4.3.e) en wel bewuste inligtingsverwerking deur die beradene (3.3.4.3.f) teen onder andere die agtergrond van Immanuel Kant se bydrae in die filosofie (3.3.4.3.c). Vooronderstellings is dus klinies ondersoekbaar, asook binne berading verreken- en hanteerbaar (3.3.4.3.g). Vooronderstellings vorm kategorieë en temas (3.3.4.3.h). "Begryp" kan ook nadergebring word deur te let op die struktuur van kognitiewe terapie m.b.t. vooronderstellings (3.3.4.3.i), die basisstruktuur van terapiesessies (3.3.4.3.j) en basisgereedskap asook -tegniek (3.3.4.3.k). Dit kan beslis voordelig wees om vooronderstellings te verander (3.3.4.3.l). Praktykgerigte materiaal is ontwikkel om verandering mee te dien (3.3.4.3.m).

Vooronderstellings (miskien beter gesê: grondoortuigings) is 'n bruikbare woord vir berading, maar dan nie soos Jay Edward Adams die woord gebruik het nie (rasionalistiese fondasionalisme) (3.4; 3.4.1; 3.4.2). Nuansering is aanduibaar: Powlison beweeg nader aan Van Til as Adams (3.4.4). Die bruikbaarheid van die empiries-gesubstansieerde navorsingsresultate deur die kognitiewe terapie kan nie ontken word nie (3.4.5). In vergelyking met die gangbare teologiese taalgebruik sal daar egter verskil moet wees (3.3.3.5; 3.4.6). Die woord "vooronderstelling" ontvang geldigheid binne 'n klassiek-gereformeerde benadering op spoor van Cornelius Van Til en H.G. Stoker. Vooronderstellings funksioneer dan as 'n openbaringsmerker – 'n punt van transendentale verwysing (3.4.6). Derhalwe is vooronderstellings empiries van aard, asook transendentaal toetsbaar in verhouding tot God (3.4.6). Met betrekking tot die hantering van vooronderstellings by die beradene, beteken God as Skepper immers dat alle vooronderstellings van die beradene transendentaal-toetsbaar verband hou met God (3.3.3.4.c; 3.4.6). Binne hierdie verband kan gekyk word na die bevindinge van nie-Christelike modelle, soos A.T. Beck se kognitiewe terapie (3.4.6). Voortdurend sal wel teen sinkretisme gewaak moet word. Bruikbare navorsingsresultate, hoewel nie in terme van "integrasie" nie, kan wel in terme van "wysheid" (Ortodoks-Christelik) teïsties verwerk word tot groter gesofistikeerdheid en effektiwiteit van 'n klassiek-gereformeerde benadering. In terme van die postmodernisme is ook wat die beradene betref, sprake van "magspel" en "agterliggende belange" wat op tafel moet kom, en dit juis te midde van die huidige tyd, wat daarop wys dat dit 'n rol speel as deel van die *humana* (3.5). Skrifgebonde berading toon huidige leemtes met betrekking tot hantering van "vooronderstellings" (3.6). Die kognitiewe terapie van A.T. Beck en sy skool (hoewel "sekulêr"), het op hierdie punt verder gevorder en verdien – deur middel van 'n kritiese verrekening – welverdiende aandag binne die klassiek-gereformeerde raamwerk van berading (3.7).

# HOOFSTUK 4


BESPREKINGSOORSIG
Inleiding (1)
REGULATIEWE SIRKEL
Riglyne (5)
HERMENEUTIESE SIRKEL
Metateoretiese perspektiewe (3)
Skrifperspektiewe (2)
EMPIRIESE SIRKEL
Empiriese navorsing (4)
Slot: Samevatting (6)

## 4.1 INLEIDING

Hoofstuk 2 het perspektiewe uit die Skrif as teoretiese basis nagevors en daargestel. "Vooronderstellings" is ondersoek in terme van *a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another* (vgl. 1.1). So verstaan, het "vooronderstellings" ('waarom/waaroor') by die beradene ('wie') wat vir berading aanklop ('doen wat'), beslis Skrifbasis.

Hoofstuk 3 het metateoreties gewerk binne die hermeneutiese sirkel. Jay Edward Adams ag homself verwant aan die intellektuele erfenis van sy senior kollega, Cornelius Van Til. Sy woordgebruik "presupposition" kom egter nie ooreen met die woordgebruik deur Cornelius Van Til nie. 'n Keuse moes dus gemaak word tussen openbaringspresupposisionalisme (Van Til) en fondasionalistiese pressuposisionalisme (Adams). Openbaringspresupposisionalisme is dogmaties-eksegeties, asook filosofies-vakwetenskaplik die mees verantwoorde keuse vir berading in die klassiek-gereformeerde teologiese raamwerk. Fondasionalistiese presupposisionalisme herlei terug na 'n rede-gedrewe woordgebruik, met verenging in die wetenskaplike blikveld as gevolg. Openbaringspresupposisionalisme maak dit moontlik om vrugte te pluk van 'n aangrensende wetenskap soos die psigologie, in besonder die kognitiewe terapie, soos ontwikkel deur Aaron T. Beck en sy skool van psigoterapie. Die sekulêre geaardheid van hierdie wetenskapsvrug maan wel deurlopend tot deeglike verantwoording.

Met hierdie werk wat in die hermeneutiese sirkel afgehandel is, gaan die navorsing nou oor tot die volgende fase, naamlik die empiriese sirkel. Ingevolge die wetenskapsvrugte van die kognitiewe terapie, word die beradingspraktyk verken.

## 4.2 DOEL

Heitink se prakties-teologiese model laat die empiriese sirkel volg op die hermeneutiese sirkel. Vanaf 'verstaan' word nou oorbeweeg na 'verklaar'. "Waar en wanneer" (Heitink, 1993:158, 212) staan dus sentraal. Die navorsing lei nou tot beantwoording van die volgende subvraag: Speel "vooronderstellings" 'n rol by "beradenes" tydens beradingsgesprekke? Daarom is dit nodig om nou konkreet-empiries te kyk na die moontlikheid van vooronderstellings by die beradene. Hierdie hoofstuk doen dus verslag oor veldwerk. Die empiriese ondersoek het in Oktober 2007 plaasgevind, te Lydenburg, Mpumalanga, Republiek van

Suid-Afrika. Hierdie navorsingstuk wil veral *pastorale* berading dien. Die empiriese ondersoek vind daarom plaas in 'n pertinent kerklike omgewing. Die empiriese ondersoek behels twee afdelings, naamlik: (1) Enkele beradingsgevalle word beskryf. By hierdie beradingsgevalle, tree die navorser op as berader (vgl. 4.8). (2) Twee plaaslike kerke het deelgeneem, te wete: (1) die Afrikaanse Protestantse Kerk Lydenburg (vgl. 4.9) en (2) die Gereformeerde Kerk Lydenburg (vgl. 4.10). Allereers word daar gekyk na die stand van navorsing, met betrekking tot die navorsingstema: *Vooronderstelling(s) by die beradene*. Daarna word die navorsing van die huidige projek te Lydenburg aan die orde gestel.

KORRELASIE

| PROBLEEM | DOEL | NAVORSINGSMETODE |
|---|---|---|
| Speel "vooronderstellings" 'n rol by "beradenes"? | Om te bepaal of "vooronderstellings" 'n rol speel by "beradenes" . | Empiriese navorsing deur middel van 'n selfevaluerings-blad op sowel 'n kwantitatiewe as kwalitatiewe manier, asook literatuurstudie met behulp van rekenaarmatige soektogte oor die rol van "vooronderstellings" by "beradenes". |

## 4.3 STAND VAN NAVORSING

### 4.3.1 'N NAVORSINGSKAARSTE

Sowat 14 jaar gelede bevind Crystal L. Park en Lawrence H. Cohen (1993:562) dat empiriese en teoretiese literatuur met betrekking tot kognitiewe navorsing, skaars is wat betref die rol van godsdiens in mense se "coping"-proses. Die VSA het voor 1993, volgens hierdie navorsers, ironies genoeg, 'n uitermate hoë persentasie van gerigtheid op God en godsdienstige handelinge getoon. Deur empiriese navorsing het hulle gevind dat godsdiens wél 'n belangrike rol vertolk, en beskryf dit soos volg: *Doctrinal orthodoxy was associated with increased use of Religious Spiritual Coping, and was therefore predictive of less*

*event-related distress (IES). Here, fundamental beliefs seemed to serve a protective role. Religious Spiritual Support Coping involves relying on one's personal relationship with God* (Park & Cohen, 1993:574; vgl. ook by Koenig vir soortgelyke bevindinge, 1999; 2003: 1 e.v.; 2007:19 e.v., 73-76, 80 e.v. ). Siang-Yang Tan en W. Brad Johnson (2005:85) rapporteer van die empiriese studie deur Worthington, Kurusu, McCullough, & Sandage wat in 1996 plaasgevind het, asook van drie ander studies, onderskeidelik deur Propst (1984), Pecheur & Edwards (1984) en Propst *et al.* (1992). Tan & Johnson (2005:85 e.v.) getuig dat Christen-beradenes deur Beck se terapie met betrekking tot depressie betekenisvolle verbetering getoon het. Om aandag te bestee aan die beradenes se vooronderstellings, het twee voordele tot gevolg gehad: (1) emosionele verligting het plaasgevind en (2) spirituele welsyn is verbeter.

## 4.3.2 TWEE SUID-AFRIKAANSE STUDIES

Yolanda S. Vilakazi het in 1998 'n sielkunde-navorsingstuk ingelewer, waarin sy die rol van kognitiewe "*schemata*" in verhouding tot besluitneming in Soweto ondersoek het. Wat in haar studie noemenswaardig opval, is naamlik dit: geloof speel 'n aktiewe rol wanneer Afrikamense besluite moet neem tydens 'n tyd van siekte (1998:14-22, 25, 37-39). Vilakazi (1998:37) wys nadruklik daarop: *African religious beliefs form a core element of the interpretation of illness and health decisionmaking.* Wat sê die mense van Soweto: wie sal besoek word – 'n tradisionele Afrikageneesheer of 'n medikus, opgelei in moderne (sg. "Westerse") geneeskunde? Vilakazi het die navorsing gestratifiseer deur sogenaamde kulturele "moderniste", "transisioneles" en "tradisionaliste" te vra om deel te neem aan die ondersoek. Al diegene wat as "moderniste" verkies het om die moderne medisynepersoon te raadpleeg, kom – opvallend genoeg – uit 'n Christelike agtergrond (Vilakazi, 1998:95). Die sogenaamde "transisioneles" laat hulle klaarblyklik deur omstandighede lei, hoewel in tye van twyfel en onsekerheid, hulle meer waarskynlik 'n tradisionele geneesheer sal raadpleeg (Vilakazi, 1998:96). Die "tradisionaliste" laat hulle egter konsekwent deur hulle tradisionele godsdiensoortuigings lei om 'n tradisionele geneesheer te raadpleeg (Vilakazi, 1998:97). Merkwaardig van Vilakazi se navorsingsresultate as 'n geheel, hoewel sy dit self nie raakgesien het nie, omdat sy te ongenuanseerd met die begrip "Weste" werk, is juis dat in alle gevalle van haar studie, een ding soos 'n paal bo water staan: religieuse "*schemata*", geïnformeer deur die respondente se geloofsagtergrond, bepaal inderdaad die uitkoms van besluite!

Alhoewel J.C. Flower Davel (2002) se werk nie op die terrein van geloof en godsdiens is nie, kom sy tot belangwekkende gevolgtrekking oor kernoortuigings. Sy doen 'n magisterstudie by die Universiteit van Suid-Afrika, waarin Beck se kognitiewe terapie in verhouding tot sekondêre skoolleerders met subkliniese depressie ondersoek word. Empiries behels haar navorsing 'n kwalitatiewe ondersoek by ses leerlinge (vgl. 2002:103-140). Hierin word dit duidelik dat kernoortuigings wel 'n rol speel (Davel, 2002:115-121). Om aandag te bestee aan die gemanifesteerde kernoortuigings (vooronderstellings), maak beslis 'n verskil (Davel, 2002:139).

### 4.3.3 DIE SOGENAAMDE "GOD LOCUS"

'n Navorsingspan onder leiding van Kenneth A. Wallston, by die Vanderbilt Universiteit te Nashville, Tennessee, het in 1999 resultate gepubliseer oor die rol van 'n sogenaamde "God Locus" wat betref gesondheid. Ook met hierdie ondersoek word daaraan erkenning gegee dat "religion or 'Supreme Beings' such as God" nog nie voldoende aandag in kognitiewe navorsing ontvang nie (Wallston *et al.*, 1999:132). Gestandaardiseerde meetinstrumente is klaarblyklik 'n moeilike aangeleentheid. Die bevinding lui onder andere soos volg:

> *People who rated religion as more important or who reported being more active in their practice of religion scored higher on the GLHC [God Locus of Health Control] . . . The vast majority of adults, at least in the United States, endorse a belief in God. That fact, combined with the evidence provided here that belief about God's role in controlling health/illness may be important to adjusment, underscores the need to assess such beliefs in studies of people with chronic illness* (Wallston *et al.*, 1999:139 e.v.).

Hierdie gebrek aan verrekening van godsdiens/geloof by ("sekulêre") kognitiewe terapeute kan egter ook 'n meer diepsnydende verklaring vind. Murray J. Dyck (1987:167) laat die epistemologiese kortsigtigheid deurskemer. Sulke kognitiewe navorsers beskou geloof bloot as 'n subjektiewe projeksie. Hy gee, merkwaardig genoeg 'n rasionalistiese kleur aan wat hy noem "religious belief": *Because religious beliefs are not demonstrably true, they must be accepted either on the basis of faith (i.e., in the absence of evidence) or on the basis of personal (subjective) knowledge.*

### 4.3.4 RESULTATE VAN 'N VOLLEDIGE ENKELSTUDIE

Hoewel nie op die spesifieke terrein van die godsdiens nie, het Norma Morrison (2000:269-283) 'n volledige enkel-studie (behandeling van een kliënt) gepubliseer, wat gestrek het oor 'n tydperk van drie jaar en ses maande, met 73 beradingsessies. Daarin het sy empiries wel substansiëring gelewer dat "*schemas*" inderdaad 'n rol speel en juis tydens berading hanteer behoort te word.

### 4.3.5 DIE SOGENAAMDE "GOD-IMAGE"-NAVORSING

Glendon Moriarty (2007), die oprigter van die sogenaamde "God Image Institute", VSA, word deur Malony (2006:ix-xiii) beskou as een van die eerstes om binne die veld van die sielkunde, bewustelik teologiese refleksie te integreer met bestaande sielkundige navorsing. In Suid-Afrika het Van Jaarsveld & Johan Janse van Rensburg (2002:179-197) al 'n psigopastorale ondersoek gedoen met betrekking tot "Godskonsepte". Louw (1999:355-408) verwerk psigopastoraal "Godsvoorstellings". By Moriarty is daar nie sprake van empiriese navorsingsresultate nie, maar wel van die erkenning van die diensbaarheid van kognitiewe terapie in verhouding tot die "Godsbeeld" van beradenes. Kognitief-terapeutiese tegnieke word dan ook reeds geïntegreer by bestaande intervensieprogramme. So is byvoorbeeld ten behoewe van terapie 'n "God Image Automatic Thought Record" ontwerp (Moriarty, 2006:175). Onder andere word die resultate van die kognitiewe terapie onder leiding van Aaron T. Beck, deur Moriarty (2006:13-17, 165-200) verreken en 'n plek gegee. Sonder diepgaande bespreking word in die verband ook gewys op Rom. 12:2 en Fil. 4:8, om aan te toon dat die verband tussen verandering van denke en die verandering van gevoel al lank bestaan (Moriarty, 2006:165). Belangrike opmerkings met die oog op die huidige navorsingstema is wel die volgende:

- *Cognitive interventions change the way people feel about themselves and God by changing the way they* ***think*** *about themselves and God* (Moriarty, 2006:165).

- *Cognitive errors are the systematic or habitual ways people misinterpret their environment . . . Cognitive errors also influence the way that clients experience their God image. The way they evaluate themselves will also be the way that they experience God evaluating them* (Moriarty, 2006:176).

- *Schemas also influence the way clients experience God. The core beliefs they hold are often reflected in their God image* (Moriarty, 2006:181).

### 4.3.6 'N NOODSAAKLIKE WAARSKUWING

James (2001) meen egter wel dat die hantering van *schemas* 'n delikate aangeleentheid is. *Schema*-werk kan 'n destruktiewe effek hê indien dit nie goed hanteer word nie (James, 2001:403-6) en wys selfs op 'n praktiese voorbeeld van 'n opmerking deur 'n pasiënt: "Before coming into therapy, I didn't realize that I had so many problems . . . and that I was such a sh*t" (James, 2001:406). Daarom dat James 'n gesondheidsrisiko in die verband uitstuur. In 'n latere artikel wys James & Barton (2004:432; vgl. ook Schmidt *et al.*, 1995:296) dat werk op hierdie vlak verband hou met "long-term core constructs", en dus mense se "unconditional self-beliefs". Immers, hier is sprake van selfbeeld oftewel "self-concept" in die dieptestruktuur. Derhalwe gee James & Barton (2004:441) die advies van "Theory of Mind", met ander woorde; sien die impak van intervensies deur die oë van die beradene. Dattilio (2006:359 e.v.) wys boonop deur middel van twee gevallestudies dat *schemas* spesifiek verband hou met die verhouding self-ander, veral wat betref intieme verhoudings. Selfs by *transgenerasie-schemas* speel in paartjie-terapie 'n rol tydens berading (vgl. Dattilio, 2006:362). Kom dit by God, dan is die gevare nie minder nie. Moriarty (2006:201-4) wys daarop dat die grense tussen psigoterapie en godsdiens dreig om te vervaag en onduidelik te raak. Onderskeid tussen die *ware God* en *menslike persepsie van God* moet voortdurend duidelik wees. Ook moet dit duidelik wees dat "God" nie bloot 'n handige psigologiese konstruk is, om terapeutiese wins te verkry nie. Harold G. Koenig (2007:65 e.v.) spoor daarom tereg aan dat beradenes se geestelike ondersteuningsbronne (bv. die predikant) vroegtydig ingeskakel word wanneer beraders botsende religieuse oortuigings handhaaf. Duidelike grense en selfs hindernisse is derhalwe, ter sprake (Koenig, 2007:90-107).

## 4.4 BENADERING TOT EMPIRIESE ONDERSOEK TE LYDENBURG

Twee publikasies het veral as riglyn gedien met die oog op die empiriese ondersoek, naamlik:

- Neuman, W. Lawrence 2000. Social Research Methods: Qualitative and Quantitative Approaches. Fourth Edition.
- Babbie, Earl en Mouton, Johann (plus medewerkers) 2001. The Practice of Social Research. South African Edition.

Dit was moeilik om 'n geskikte benadering te kies met die oog op veldondersoek vir die huidige navorsingsprojek. Dit blyk asof kwantitatiewe navorsing teenswoordig geassosieer word met die tydperk van die modernisme (positiwistiese rasionalisme), terwyl kwalitatiewe navorsing binne die postmodernistiese milieu hoog geag word, in terme van 'n hermeneutiese benadering (Louw, 2003:39 e.v.; Johan Janse van Rensburg, 2007:6-10). 'n Kwantitatiewe benadering word gekritiseer as sou dit bloot "opinies van mense **tel**", terwyl kwalitatiewe navorsing by 'n oorpronklike, egte, betroubare verstaan van mense se **ervarings** wil uitkom (Steyn & Lotter, 2006:106-109). 'n Sekere mate van strakheid en onbeweeglikheid blyk ook aan die orde: "Working with a diaconiological epistemology, while more that 95% of research has a quantitative sociological character, shows inconsistency in epistemology" (Johan Janse van Rensburg, 2007:11). By kognitiewe terapie is juis die "opinie van **elke** individu van waarde". Wat beradenes "dink" van dit wat hulle ervaar is juis die kern van die saak, asook spesifiek die agterliggende "oortuigings". Bruikbare meetinstrumente is oor tyd saamgestel, juis op grond van individuele, van aangesig tot aangesig, indiepte, kontaksessies:

> *Patients began to change in dramatic ways . . . Unfortunately, as time went on, I built up a backlog of patients who were not responding at all or who showed only slight improvement. I decided to sit down and figure out what these patients had in common. I also asked colleagues of mine who were cognitive therapists to describe their resistant patients . . . Next I decided to make a list of the most common themes or patterns in these difficult patients* (Young, 1993:xiv e.v.).

Verder wys Young *et al.* (2003:64) daarop dat wanneer 'n bepaalde skema reg geïdentifiseer is, gebeur in ieder geval 'n merkwaardige ding, naamlik: *A correctly identified schema usually resonates emotionally for the patient.* In hierdie benadering is dus nie van kliniese afstandelikheid sprake nie. Dit wys net weer dat die kognitief-terapeutiese benadering nie werklik maatpas-rasionalisties (positiwisties) beskou kan word nie. Om hierdie saak behoorlik te onderstreep, word nog op die volgende gewys;

> *The therapist does not usually compute the patient's total score or mean score for each schema in order to interpret results. Rather, the therapist looks at the items for each schema separately, circling high scores (usually 5's and 6's) and drawing attention to patterns. The therapist reviews the complete questionnaire with the patient, asking questions about those items that the patient rated highly. We have observed clinically that, if a patient has three or more high scores (rated 5 or 6) on a particular schema, that schema is usually relevant to the patient and worthy of exploration* (Young *et al.*, 2003:75).

In die ondersoek te Lydenburg word dus 'n selfevalueringsblad (*questionnaire*) gebruik. Daardeur ontvang die ondersoek 'n kwantitatiewe karakter. Die selfevalueringsblad (*questionnaire*) vind sy plek binne persoonlike kontaksessies met die betrokke beradenes en geld as 'n "self-ontbloting". So ontvang die ondersoek weer 'n kwalitatiewe karakter. Die selfevalueringsblad is vervolgens uitgedeel aan en ingevul deur twee onderskeie studiepopulasies. Daardeur ontvang die ondersoek 'n versterkte kwantitatiewe karakter. Die eerste studiepopulasie betref die "beradingspraktyk" van die navorser. Die tweede studiepopulasie funksioneer ook as 'n "beradingspraktyk", maar wel ekstern tot die navorser se pastorale verantwoordelikheid. Beide hierdie studiepopulasies maak voortgaande terugvoer met betrekking tot die meetinstrument moontlik. Hierdie terugvoer deurbreek die grense van 'n suiwer kwantitatiewe benadering en beweeg weer nader aan 'n meer kwalitatiewe benadering. So kan 'n meetinstrument ontwikkel, wat tydens kontaksessies dieptegesprek vergemaklik en bespoedig.

Saamgevat: Die ondersoeksbenadering wil 'n beide-en-benadering wees. Sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe elemente speel 'n rol. Beck se terapeutiese benadering pas streng gesproke nie binne die grense van 'n rasionalistiese stereotipering (modernisties en anti-konstruktiwisties) nie (vgl. weer 3.3.4.2.d). Ook is daar nie uitsluitlik sprake van 'n postmodernistiese ingesteldheid nie. Die beradene (se oortuigings)

is van begin tot einde wel die kern van die saak. Dit beteken egter nie dat kontrole nou gewoon uit die wetenskapsblik verdwyn nie. Daardeur het Beck juis erkenning en aanvaarding verwerf (vgl. weer 3.3.4.a).

## 4.5 BESKRYWING VAN MEETINSTRUMENT

Die *Schema* Questionnaire (SQ) van Young dien hier as uitgangspunt. Jeffrey E. Young (vgl. 1990:7 e.v.; asook Sanders & Wills, 2005:146 e.v.) het teen die laat 1980's Beck se navorsingraamwerk uitgebrei, in terme van "vroeë wanaangepaste *schemas*" oftewel "early maladaptive *schemas*" (EMS). Ten nouste by die gebruik van die SQ van Young, is die volgende publikasies vervolgens belangrik:

- Young, J.E. 1990. Cognitive Therapy for Personality Disorders: A Schema Focused Approach.
- Young, J.E. & Klosko, J.S. 1993. Reinventing Your Life: How to Break Free From Negative Life Patterns.
- Young, J.E., Klosko, J.S., Weishaar, M.E. 2003. Schema Therapy. A Practitioner's Guide.

Young (1990:9) was ernstig op soek na riglyne vir skemahantering tydens berading. Met die oog daarop, was 'n geskikte kliniese heuristiek nodig. Veral aspekte soos werkbaarheid en verstaanbaarheid vir beradenes was 'n hoë prioriteit. Beradenes en beraders het nodig om te kan kommunikeer oor die dieperliggende verskynsels, wat tot nog toe nie deel gevorm het van terapie nie. *Schemas* oftewel EMS is nie maar net bloot oortuigings nie. Sterk affektiewe verweefdheid is boonop in geding; daarom dat dit ook veel meer weerstand bied teen verandering. 'n Selfrapporteringsmeetinstrument is saam met Gary Brown ontwikkel, met aanvanklik 123 items wat beantwoording vereis (Young, 1990:61-7). Pasiënte doen selfevaluering volgens 'n 6-punt Likertskaal (vgl. oor hierdie soort instrument Neuman, 2000:182-5; Babbie *et al.*, 2001:153 e.v.):

| Antwoordsleutel |
| --- |
| (1) Beskryf my glad nie |
| (2) Is meestal nie waar van my nie |
| (3) Is nie juis waar van my nie |
| (4) Is nogal waar van my |

| |
|---|
| (5) Is meestal waar van my |
| (6) Beskryf my geheel en al |

Hoe hoër die telling van selfevaluering, hoe sterker greep en invloed het die betrokke *schema* (vooronderstellingstema/patroon) op funksionaliteit/disfunksionaliteit. Ses blokkies is dus by elke stelling beskikbaar. Die deelnemer gee 'n aanduiding by een van die blokkies. Die aanduiding van die deelnemer weerspieël wat die deelnemer meen waar is van die deelnemer tydens die oomblik van selfevaluering. Byvoorbeeld:

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | X | |

Die aanduiding is gegee by blokkie 5. So sterk meen die invuller dus, het die stelling betrekking.

Hierdie aanvanklike SQ is toe later uitgebrei na 'n 205-item instrument (vgl. Young *et al.*, 2003:75). 'n Verkorte weergawe van die SQ met 75 items, is ook ontwikkel. Trouens, Young *et al.* (2003:24) wys daarop dat hoewel empiriese substansiëring slegs die 205-item instrument behels, studies ook plaasvind met die verkorte weergawe van die SQ. Schmidt en 'n aantal medewerkers, waaronder ook Jeffrey E. Young het die SQ psigometries getoets met 1 129 voorgraadse studente(vgl. 1995:295-321; asook Young *et al.*, 2003:24-6 vir verdere empiriese substansiëring). Drie ondersoekgroepe is gebruik. Ook is by geleentheid 187 buitepasiënte as ondersoekgroep gebruik en nog weer 'n ondersoekgroep van 181 voorgraadse studente.

- Dit is bevind dat, in ag genome die erkende beperkings, *schemas* genoegsaam onderskeibaar na vore getree het met betrekking tot die kliniese ondersoeksnit (vgl. Schmidt *et al.*, 1995:308).

- Verder is bevind dat die SQ 'n belowende instrument blyk te wees vir navorsing en kliniese gebruik (vgl. Schmidt *et al.*, 1995:308).

Katie Castille, Maurice Prout en 'n aantal medewerkers van die Widener University, Chester, Pennsylvania, het in 2007 kliniese resultate gepubliseer, waarin Young se SQ gebruik is. Betekenisvolle bevestiging van die SQ se meetkategorieë het plaasgevind (vgl. Castille *et al.*, 2007:65-7): "The findings of the present

study have clear relevance to clinical practice" (Castille *et al.*, 2007:67). Riso *et al.* (2007:5) wys daarop dat talle studies egter bevind het dat daar 'n verskil bestaan met betrekking tot die selfevaluering van beradenes besig met berading, en kontrolegroepe wat nie met berading besig is nie en byvoorbeeld nog nie aan depressie gely het nie. Beradenes tydens berading, gee veel hoër selfsevalueringsaanduidinge as diegene wat deelneem aan kontrolegroep-evaluasies. Young *et al.* (2003:64; vgl. ook 1993:35-41) dui aan dat wanneer beradenes inkonsekwente of teenstrydige inligting op die vraelyste deurgee, kan dit te wyte wees aan *schema*-ontwyking (probeer ontsnap van die pyn, wat die *schema* meebring) of *schema*-neutralisering (blameer ander). Sanders & Wills (2005:89) wys op 'n belangrike waarneming, sou 'n mens van Young se SQ gebruik wil maak:

> *We have noticed that some clients can become quite disturbed after filling out these long schema questionnaires, especially where they seem to have a number of underlying beliefs. Young and Klosko (1994) contains a much shorter version and this can often serve as a useful starting point for clients for whom schema-focused issues are evident. We stress that such measures of assumptions and beliefs may be more appropriate later on in therapy... In addition to using formal measures, simpler methods are invaluable...*

In die lig van die voorafgaande is besluit om in die huidige ondersoek gebruik te maak van Young se kortste beskikbare weergawe van die SQ. Hierdie "populêre" weergawe kan gevind word in die selfhelp-boek van Young & Klosko (1993:14-7) bedoel vir beradenes, met die titel *Reinventing Your Life: How to Break Free From Negative Life Patterns.* Die SQ wat populêr beskryf word as "The Lifetrap Questionnaire", kon egter nie net so gebruik word nie. Dit moes vir pastorale doeleindes aangepas en herformuleer word. Young & Klosko het 'n *psigologiese* doel nagestreef (vgl. terug by 3.3.4.3 – h). Met die oog op *pastorale* berading, word die kategorie self-ander, in die huidige navorsing spesifiek verruim, om ook op God te dui. Tydens ondersoeke was dit, interessant genoeg, vir sommige deelnemers 'n konfrontasie, omdat 'n skerp skeiding tussen God en tussenmenslike interaksie deur sulke deelnemers gemaak word. Sulke deelnemers het dan ook gekies om 'n beduidend laer telling aan te dui. In die huidige Afrikaanse formaat, is die selfevaluering dus nie die presiese weergawe van Young & Klosko nie. Tog is met dieselfde vooronderstellingstemas/patroonmatighede ten grondslag aan die stellingformulering rekening gehou, om maksimum voordeel te trek uit die psigometriese betroubaarheid en onderbouing van die "Lifetrap Questionnaire". Gesien die vyf kategorieë (vgl. terug by 3.3.4.3 – h) volgens Young en sy medewerkers se

jongste publikasie, *Schema Therapy* (2003:13-21), word elf onderskeie vooronderstellingstemas/patrone so getoets, in terme van hierdie vyf kategorieë, te wete:

**Kategorie no. 1 – Belewing van veiligheid (skeiding en verwerping)**

- Verlating/onstabiliteit (Die eerste twee stellings fokus hierop)

1. Ek leef gelowig, want ek is bang God sal ophou om by my betrokke te wees.
2. Ek bekommer my dat God ander mense eerder liefhet as vir my. Dit voel nie God het my uitverkies nie.

- Wantroue/mishandeling (Stellings 3 en 4 fokus hierop)

3. Ek wonder nogal waarom ander (selfs God) in my belangstel. Ek vind dit moeilik om ander (selfs God) te vertrou.
4. Ek is bang dat as ek nie is wie ander (selfs God) wil hê ek moet wees nie, ek sal seerkry. Ek is dus voortdurend versigtig en op my hoede vir ander.

- Emosionele armoede (Stellings 9 em 10 fokus hierop)

9. Ek ervaar nie dat ek iemand het wat werklik naby my is en vir my omgee nie.
10. God (en mense) verstaan my nie, luister nie na my nie, gee nie vir my leiding, raad en ondersteuning nie.

- Gebrekkigheid/skande (Stellings 13 en 14 fokus hierop)

13. God en mense van wie ek hou, kan my – met al my sonde, onvolmaaktheid en gebreke – nie liefhê nie.
14. Ek skaam my vir myself. Ek is nie ander se liefde, aandag en respek werd nie.

- Sosiale isolasie/vervreemding (Stellings 11 en 12 fokus hierop)

11. Ek voel nie regtig dat ek êrens inpas en tuishoort nie. Ek is gewoon net anders.
12. Ek is oninteressant. Ek weet nie waaroor om met God of ander mense te praat nie.

**Kategorie no. 2 – Beskadigde selfstandigheid en prestasie**

- Afhanklikheid /onbekwaamheid (Stellings 7 en 8 fokus hierop)

7. Ek voel op my eie, maak ek dit nie; ek voel ander se hulp is nodig om oor die weg te kom.
8. My ouers en ek is, wat ons lewens en probleme aanbetref, te veel by mekaar betrokke.

- Broosheid met betrekking tot leed/siekte (Stellings 5 en 6 fokus hierop)

5. Ek bekommer my meer as die gemiddelde Christen oor lewensgevaar, dat ek siek sal word of seer sal kry.
6. Ek bekommer my dat ek sal verarm, dat ek (of lede van my gesin) sal moet bedel vir oorlewing.

- Mislukking (Stellings 15 en 16 fokus hierop)

15. Ek is nie so intelligent en bekwaam soos meeste ander, as dit by werk of studie kom nie.
16. Ek voel dikwels onbekwaam, omdat ek nie soveel gawes, verstand en sukses soos ander het nie.

**Kategorie no. 3 – Beskadigde grense**

- Meerderwaardigheid/grandiositeit (Stellings 21 en 22 fokus hierop)

21. Om my te hou aan die "normale leefreëls", vind ek nie nodig nie.
22. Ek kry dit nie reg om myself te dissiplineer nie. Roetinedinge, soos Bybellees, gebed en erediensbywoning, is vir my moeilik. En, ek sukkel om my emosies te beheer.

**Kategorie no. 4 – Andergerigtheid**

- Onderworpenheid (Stellings 17 en 18 fokus hierop)

17. Ek voel ek het nie 'n keuse nie, as om aan ander (selfs God) se wense te voldoen; anders sal ek gestraf of verwerp word.
18. Ander meen ek doen te veel vir ander en te min vir myself.

**Kategorie no. 5 – Oorbeskerming en inhibisie**

- Onbereikbare standaarde/hiperkrities (Stellings 19 en 20 fokus hierop)

19. Ek probeer om my beste te doen; "goed genoeg" gebeur nie maklik by my nie. Ek wil die beste wees in dit wat ek doen.
20. Ek het soveel pligte. Daar is net nie tyd vir ontspan en om myself te kan geniet nie.

## 4.6 TOETSING VAN MEETINSTRUMENT

Nadat die "Lifetrap Questionnaire" (LQ) aangepas en herformuleer is vir die pastorale doel van hierdie navorsingstuk, het die navorser die aanvanklike formulering aan iemand (37 jaar oud) gegee om in te vul. Daarna is die oorspronklike LQ ook aan dieselfde persoon gegee om in te vul. Dit het verskille opgelewer, wat beteken het dat daar tog slaggate soos dubbelsinnigheid en onduidelikheid aanwesig was (vgl. Neuman, 2000:252-255; Babbie *et al.*, 2001:233-239, wat daaroor waarsku). In die lig van detailbespreking met die persoon, is verdere aanpassing gedoen. Daarop is die "selfevaluering" aan 'n tiener (12 jaar) gegee om in te vul. Toe het dit aan die lig gekom dat van die formuleringe nog nie eenvoudig genoeg is nie. In die lig van nog verdere aanpassings wat toe gemaak is, het iemand anders (45 jaar) die "selfevaluering" ingevul en as kontrole, die oorspronklike LQ. Behalwe vir minimale veranderinge met betrekkig tot hoe die antwoordsleutel aangebied is, om moontlike verwarring uit te skakel, het die "selfevaluering" konstant getoets. Nog 'n tiener (12 jaar) is gevra om die "selfevaluering" in te vul, en so is hierdie ekstra kontrole opnuut bevestig. Hierdie keer is voldoen aan die nodige vereistes, soos hierbo aangedui. In die lig van die voorafgaande, is die "selfevaluering" aan verdere toetsing blootgestel, tydens 'n pastorale sessie. Met die oog op die hoofondersoek, is hierdie persoon se resultate uitgesluit. Die persoon (35 jaar), 'n kroniese

depressielyer, het die "selfevaluering" met groot gemak ingevul. Dit het dan ook reeds die eerste insiggewende ontdekking vir die navorser opgelewer.

## 4.7 REIKWYDTE VAN ONDERSOEK

Die selfevaluering het in drie afdelings plaasgevind, in terme van wat genoem word: 'n "studiepopulasie" (Babie *et al.*, 2001:174), oftewel "doelwitpopulasie" (Neuman, 2000:201) Die studiepopulasie is begrens:

In die eerste plek is die selfevaluering ingevul deur 'n aantal persone met wie oor die afgelope 16 maande pastorale sessies plaasgevind het. So word aandag bestee aan die rol van vooronderstellings "tydens" pastorale gesprekke. Uit die aard van die saak, het die pastorale berading in hierdie tyd nie in terme van die selfevaluering en ander tegnieke, om vooronderstellings te kan blootlê, plaasgevind nie. Die navorsing was toe nog 'n ontdekkingsreis vir die navorser. Hoofvraag was: Het beradenes se "vooronderstellings" invloed in die beradingsproses?

Die ontdekkingsreis van die navorsing laat die navorser dus terugskou op die afgelope tyd, terwyl die vrug van die selfevalueringsresultate nou verwerk word.

In die tweede plek is die selfevaluering ingevul deur persone by wie pastorale sorg 'n verantwoordelikheid is. So vind kontrole plaas in verhouding tot diegene met wie pastorale berading plaasgevind het. Hier is dus potensiële berading wat sal plaasvind, hetsy in huisbesoek of in kontaksessies spesifiek met die doel van pastorale berading.

Derdens is besluit om die ondersoek uit te brei na 'n groep veel breër as met wie direkte kontaksessies plaasgevind het, hoewel nog binne 'n gereformeerd-kerklike sfeer. Ten slotte is die selfevaluering dus ingevul deur persone wat nie deel vorm van die eie pastorale verantwoordelikheid nie. So ontstaan verdere kontrole.

'n Klein populasie is ter sprake (Neuman, 2000:217). Die sogenaamde "rule of thumb"-metode is gevolg met die oog op die steekproef. Stratifikasie en sistematisering het nie plaasgevind nie. Gegewe die "rule of thumb", kan die ondersoek as "simple random sampling" beskou word (Babbie *et al.*, 2001:189 e.v.). Met

betrekking tot betroubaarheid en akkuraatheid, is 'n steekproefpersentasie van ongeveer 30% nagestreef. Die resultaat moet, met ander woorde, proporsioneel in verhouding tot die geheel plaasvind (Neuman, 2000:211 e.v.).

Die voltooide selfevaluasieblaaie is verwerk met inagneming van betroubaarheid en geldigheid onder leiding van prof. H.S. Steyn (jr) van die statistiese konsultasiedien te Noordwes-Univesiteit. Die FREQ-statistiese verwerkingsprogram (2003) gebruik by die kodering en analisering van data.

## 4.8 EMPIRIESE ONDERSOEK - AFDELING A

Hierdie selfevaluering is ingevul deur persone met wie die navorser reëlmatige kontaksessies het. Voordat bespreking plaasvind, word gewys op die volgende, wat die tabelle betref:

| X | Kategorie | Patroon/Tema | S | $E_m$ | $E_v$ | S | $E_m$ | $E_v$ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| | | |
|---|---|---|
| X | = | Word spesifiek gebruik wanneer die evaluasie (5) of (6) aandui |
| Kategorie | = | Temas groepeer om 'n kategorie te vorm |
| Patroon/tema | = | Vooronderstellings groepeer om 'n patroonmatigheid oftewel tema te vorm |
| S | = | Stelling |
| E | = | Selfevaluering |
| $E_m$ | = | Met betrekking tot paartjies: Evaluering deur man |
| $E_v$ | = | Met betrekking tot paartjies: Evaluering deur vrou |

### 4.8.1 'N GROOTOUER IN KRISIS

Hierdie persoon met die ouderdom van 69, het aangeklop vir berading. Die snellerprobleem (m.a.w. die probleem wat aanvanklik aanleiding gegee het om berading te ontvang) hou verband met kleinkinders. Die kleinkinders woon by die grootouers. Die biologiese vader en moeder van die kinders is geskei. Die vader van die kinders kom nie sy onderhoudspligte na nie. Die moeder is dus 'n enkelouer, maar verdien nie soveel om die versorging van die kinders te kan hanteer nie. Die kleinkinders is dus in die sorg van

grootouers, maar finansieel wil dit net nie meer nie. Die situasie skep groot innerlike spanning. Harde keuses moet eenvoudig ter wille van oorlewing gemaak word. Groot onsekerheid heers.

Die snellerprobleem ontbloot egter dieperliggende onsekerhede. Onsekerheid bestaan oor wedergeboorte. Onsekerheid bestaan ook oor die belewing van die werk van die Heilige Gees. Intussen is daar wel sprake van 'n Christelik-toegewyde lewenswandel.

Resultate van die selfevaluering:

| | Kategorie | Patroon/Tema | S | E | S | E |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belewing van veiligheid | Verlating/Onstabiliteit | 1 | 4 | 2 | 3 |
| X | | Wantroue/Mishandeling | 3 | 6 | 4 | 4 |
| | | Emosionele armoede | 9 | 4 | 10 | 4 |
| X | | Gebrekkigheid/Skande | 13 | 4 | 14 | 5 |
| X | | Sosiale isolasie/Vervreemding | 11 | 6 | 12 | 4 |
| X | Beskadigde self-standigheid en prestasie | Afhanklikheid /Onbekwaamheid | 7 | 4 | 8 | 5 |
| X | | Broosheid met betrekking tot leed/ Siekte | 5 | 6 | 6 | 6 |
| | | Mislukking | 15 | 3 | 16 | 4 |
| X | Beskadigde grense | Meerderwaardigheid/Grandiositeit | 21 | 3 | 22 | 6 |
| X | Andergerigtheid | Onderworpenheid | 17 | 6 | 18 | 4 |
| X | Oorbeskerming en inhibisie | Onbereikbare standaarde/ Hiperkrities | 19 | 6 | 20 | 3 |

Dieperliggende vooronderstellings word inderdaad duidelik. Prioritisering sal uiteindelik moet plaasvind tydens voortgaande behandeling. Slegs die mees opvallende word bespreek:

Die beradene se situasie het intussen verander. Daar word nie meer sorg gedra vir die kleinkinders nie. Tog ervaar die beradene kommer by stelling 6: "Ek bekommer my dat ek sal verarm, dat ek (of lede van my gesin) sal moet bedel vir oorlewing". Gekombineer met die selfevaluasie by stelling 5, ontstaan die vermoede van 'n *schema*: Broosheid met betrekking tot leed/siekte. Die vooronderstelling kan verband hou met die grondgedagte; "Ek is onversorg".

#### 4.8.1.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT HIERDIE GROOTOUER IN KRISIS:

Ingevolge stellings 5 en 6, is vermoedelik sprake van die vooronderstelling: "Ek is onversorg", wat selfs verbind met die *schema*: "Broosheid m.b.t. leed/siekte" .

### 4.8.2 'N UITSIGLOSE VERHOUDING

Tydens hierdie beradingsessies wil 'n paartjie berading ontvang, die vrou meer as die man. Die man het sy vrou en een dogter verloor in 'n motorongeluk. Die vrou kom uit 'n egskeiding waar sy mishandel is. In feite het haar lewe 'n droewige geskiedenisverloop. Die man (54) en die vrou (45) is al byna vier jaar in 'n verhouding met mekaar betrokke. Die verhouding blyk uitsigloos. Dit kom nie tot 'n huwelik nie. Onder druk van die vrou, het die man in 'n stadium sy moed bymekaargeskraap om verloof te raak, maar na 'n maand die verlowing verbreek. Hy kry dit net nie reg om genoegsaam vertroue in haar te hê, sodat 'n huwelik vrymoedig kan plaasvind nie. Verder is daar nog kompliserende aspekte. Die man se kinders het hulle ongelukkigheid uitgespreek daaroor dat hulle pa met sy nuutgevonde liefde wil trou. Die vrou het nog sporadiese kontak met haar vorige man. Kerklik begin die herderlike sorg in die rigting van die toepassing van die tug beweeg, aangesien die verhouding 'n ongesonde beeld vertoon. (Dit sou as saamwoon gereken kan word, hoewel daarteen verweer bestaan.)

In die stadium van die selfevaluering, het twee deurslaggewende gebeurtenisse pas plaasgevind: (1) Herderlik het 'n indringende gesprek plaasgevind met die man. (2) Die man het in die lig van die herderlike gesprek, besluit om tog die verhouding geheel en al te beëindig. Dit impliseer onder andere dat kontak in die toekoms tot die minimum beperk word. Trouens, die vrou verander heeltemal van omgewing. Merkwaardig is dat albei hulself as "wedergebore" beskou.

Resultate van selfevaluering:

| | Kategorie | Patroon/Tema | S | $E_m$ | $E_v$ | S | $E_m$ | $E_v$ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belewing van veiligheid | Verlating/Onstabiliteit | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 |
| | | Wantroue/Mishandeling | 3 | 1 | 1 | 4 | 2 | 1 |
| | | Emosionele armoede | 9 | 1 | 1 | 10 | 1 | 1 |
| | | Gebrekkigheid/Skande | 13 | 1 | 1 | 14 | 1 | 1 |
| | | Sosiale isolasie/Vervreemding | 11 | 1 | 1 | 12 | 1 | 1 |
| | Beskadigde selfstandigheid en prestasie | Afhanklikheid /Onbekwaamheid | 7 | 1 | 4 | 8 | 1 | 4 |
| | | Broosheid met betrekking tot leed/ Siekte | 5 | 1 | 4 | 6 | 1 | 1 |
| | | Mislukking | 15 | 3 | 3 | 16 | 1 | 2 |
| | Beskadigde grense | Meerderwaardigheid/Grandiositeit | 21 | 1 | 1 | 22 | 1 | 1 |
| | Andergerigtheid | Onderworpenheid | 17 | 1 | 1 | 18 | 1 | 1 |
| | Oorbeskerming en inhibisie | Onbereikbare standaarde/Hiperkrities | 19 | 2 | 2 | 20 | 3 | 1 |

By stelling 9 het die man aanvanklik 'n (6) aangedui; met ander woorde "Beskryf my geheel en al". Stelling 9 sê: "Ek ervaar nie dat ek iemand het wat werklik naby my is en vir my omgee nie". Nadat die beradene hom bedink het, is gekies vir opsie (1). By hierdie beradene val dit op dat daar van sy kant nie vertroue in die vrou kan kom nie. Tog word by stelling 3 aangemerk: "Beskryf my glad nie". Die verhouding verbrokkel, merkwaardig genoeg, juis oor die vertrouensaspek". Tydens berading het dit ook opgeval dat die erkenning plaasvind van seksuele intimiteit, tydens die periode dat die vrou onder dieselfde dak woon. Stelling 21 dui egter aan (1): "Beskryf my glad nie".

Dit kom voor asof by die man sprake is van *schema*-ontwyking/*schema*-neutralisering (vgl. 4.5 hierbo; Young *et al.*, 2003:34 e.v.). *Schema*-neutralisering kan veral moontlik wees. Tydens berading het dit telkens gebeur dat die man aan die vrou sê: "Maar jy is die oorsaak van my gebrek aan vertroue".

By die vrou val die kombinasie van stelling 5, 7 en 8 (kyk ook na 15) op. Die kombinasie van 7 en 8 dui op 'n *schema* van afhanklikheid, met die moontlike grondgedagte: "Ek is nie goed genoeg nie". Tydens berading stel sy dan ook aan die man: "Ek is verwerp – jy het my verwerp". Tydens 'n vroeëre sessie het sy gestel: "Jy verkies die kinders bo my"; Hulle is vir jou belangriker as ek."

### 4.8.2.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT DIE UITSIGLOSE VERHOUDING

*Schema*-neutralisering is ter sprake, asook die vooronderstelling: "Ek is nie goed genoeg nie".

## 4.8.3 'N PERSPEKTIEFLOSE LEWE

Hierdie beradingsessies spruit voort uit huisbesoek. 'n Hele gesin (pa – 43 jaar, ma – 38 jaar, seun – 16 jaar en dogter – 13 jaar) is betrokke. Heelwat kompleksiteite is dus aanwesig. Uiteraard val die fokus op wat genoem word die "hoofberadene". Hy tree op binne die verband van die gesin. Die hoofberadene is die seun. Hierdie beradene sukkel met (Becker se) spierdistrofie. Hy is besig om spierfunksie te verloor en moet reeds twee jaar lank 'n rolstoel gebruik. Op advies van 'n plaaslike mediese dokter, is die hoofberadene uit die skool gehaal, want dit sou gewoon "onnodige" druk meebring, volgens die medikus. Nadat aanvanklik getuisskool is, is ook daarmee opgehou. Die hoofberadene is dus gewoon by die huis – elke dag – meestal alleen. Pa en ma is baie betrokke by hulle eie besigheid (i.e. sakebedryf). Hulle is derhalwe, nie daar om deur die dag aan die seun aandag te bestee nie. Somtyds kom hulle selfs laat tuis. Oor 'n periode van 'n jaar, het depressie ingetree, is onder andere 'n selfmoordpoging deur die hoofberadene aangewend en het hy op 'n keer vermis geraak. Tydens die periode van vermiswees, het die hoofberadene sy ouma se motor wederregtelik geneem en daarmee gaan ry. By die geleentheid is 'n nota agtergelaat "in geval hy nie weer opdaag nie". Die navorser het die hulp ingeskakel van 'n kliniese sielkundige, asook twee psigiaters en 'n psigometris wat nou saam met die kliniese sielkundige werk. Hierdie professionele hulp het tot dusver nie noemenswaardige verandering gebring nie. Die hoofberadene voel steeds neerslagtig. Hy lei 'n perspektieflose lewe. Veral die moeder (die vader in 'n mindere mate) raak as gevolg daarvan moedeloos en moeg.

Resultate van die selfevaluering:

$E_h$ = Selfevaluasie deur hoofberadene

$E_p$ = Selfevaluasie deur die pa

$E_m$ = Selfevaluasie deur die ma

$E_d$ = Selfevaluasie deur die dogter

| | Kategorie | Patroon/Tema | S | $E_h$ | $E_p$ | $E_m$ | $E_d$ | S | $E_h$ | $E_p$ | $E_m$ | $E_d$ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | Belewing van veiligheid | Verlating/ Onstabiliteit | 1 | 6 | 6 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | | Wantroue/ Mishandeling | 3 | 4 | 1 | 1 | 1 | 4 | 2 | 1 | 1 | 1 |
| | | Emosionele armoede | 9 | 1 | 1 | 1 | 1 | 10 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | | Gebrekkigheid/ Skande | 13 | 1 | 2 | 1 | 1 | 14 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | | Sosiale isolasie/ Vervreemding | 11 | 1 | 1 | 1 | 1 | 12 | 1 | 2 | 4 | 1 |
| X | Beskadigde selfstandig-heid en prestasie | Afhanklikheid / Onbekwaamheid | 7 | 1 | 3 | 1 | 1 | 8 | 1 | 3 | 6 | 6 |
| X | | Broosheid met betrekking tot leed/ Siekte | 5 | 1 | 2 | 1 | 1 | 6 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| X | | Mislukking | 15 | 1 | 4 | 1 | 1 | 16 | 1 | 5 | 1 | 1 |
| X | Beskadigde grense | Meerder-waardigheid/ Grandiositeit | 21 | 4 | 5 | 1 | 1 | 22 | 1 | 5 | 1 | 1 |

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | Ander-gerigtheid | Onderworpenheid | 17 | 1 | 2 | 4 | 1 | 18 | 1 | 4 | 6 | 1 |
| X | Oorbe-skerming en inhibisie | Onbereikbare standaarde/Hiperkrities | 19 | 1 | 4 | 6 | 6 | 20 | 4 | 5 | 6 | 1 |

Stelling 1 kom die sterkste deur by die hoofberadene. Dit hou verband met die grondgedagte: "Ek is bestem vir verwerping/weggooi/eensaamheid". Met ander woorde: "Ek is onbeminlik". Verwaarlosing binne gesinsverband dien in so geval as een van die moontlike aanleidende faktore. Nou is dit so, sowel moeder en vader is baie besig. Die verhouding moeder en seun vra in hierdie verband gefokusde aandag. Tydens beradingsessies het dit ook uitgekom. Die hoofberadene se moeder erken dat haar broer op 'n relatief jong ouderdom (31) weens spierdistrofie gesterf het. Aanvanklike toetse het geen aanduidings getoon dat haar seun spierdistrofie sou hê nie. Pas ná geboorte, toe weer toetse gedoen is, is die siekte gediagnoseer. Sy is geïdentifiseer as die draer van die siekte. Dit was 'n groot teleurstelling! Tog het die hoofberadene al die beskuldiging geuiter jeens sy pa: "Pa is nooit daar nie. Pa gee nie aan ons aandag nie." Gesien die pastorale aanpassing en die bybring van God in hierdie stelling, verkry die "verwerping/weggooi/alleenheid" ook 'n religieuse betekenis. Dit is opvallend dat die hoofberadene nie baie spraaksaam is nie, ook nie met sy ouers nie. Hy kruip spreekwoordelik in sy dop en vermy intieme verhoudings.

#### 4.8.3.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT 'N PERSPEKTIEFLOSE LEWE

"Ek is bestem vir verwerping/weggooi/eensaamheid", lyk na die vooronderstelling ter sprake, binne die groter kompleksiteit van gesinsverhoudinge.

### 4.8.4 WERKOLISME

Die vrou (30) het aangeklop vir berading. Haar man (30) is so te sê dag en nag by die werk. Hy is 'n jong chemiese ingenieur, wat 'n bestuursposisie beklee. Die man woon eenkeer per kwartaal, somtyds minder, eredienste by. Op versoek het die man al beradingsessies bygewoon. Hy erken dat hy baie ure by die werk spandeer, selfs meer as wat die werkgewer vereis. Vir hom staan vas: "Werk kom eerste!" Hy streef daarna om eendag 'n besturende direkteur te mag wees. Sy moeder is oorlede toe hy nog op skool was en sy vader was tydens sy aktiewe beroepsjare onderwyser. Die beradene (m.a.w. die man) kan nie uitgepraat raak oor sy vader se prestasies as onderwyser nie. Sy vader (asook sy pas oorlede skoonvader, wat ook baie afwesig was vanweë werkverslawing) is vir hom 'n rolmodel.

Vanaf ouderlingekant is al 'n spesifieke besoek afgelê vanweë die man se werkverslawing, wat oor 'n periode van twee jaar erger begin raak het. Geringe verbetering het tot sover ingetree.

Dit val op dat die man homself beskou as onvolwasse in die geloof. Verder is hy onseker daaroor of hy die Heilige Gees as 'n werklikheid in sy daaglikse lewe ervaar. Skriflesing en gebed vind ten minste eenmaal per week plaas.

Resultate van selfevaluering:

| | Kategorie | Patroon/Tema | S | $E_m$ | $E_v$ | S | $E_m$ | $E_v$ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belewing van veiligheid | Verlating/Onstabiliteit | 1 | 1 | 4 | 2 | 3 | 2 |
| | | Wantroue/Mishandeling | 3 | 3 | 2 | 4 | 2 | 3 |
| X | | Emosionele armoede | 9 | 6 | 1 | 10 | 3 | 1 |
| | | Gebrekkigheid/Skande | 13 | 3 | 1 | 14 | 2 | 1 |
| | | Sosiale isolasie/Vervreemding | 11 | 1 | 1 | 12 | 3 | 3 |
| X | Beskadigde selfstandigheid en prestasie | Afhanklikheid /Onbekwaamheid | 7 | 1 | 5 | 8 | 3 | 5 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | | Broosheid met betrekking tot leed/ siekte | 5 | 3 | 5 | 6 | 1 | 2 |
| | | Mislukking | 15 | 3 | 3 | 16 | 2 | 2 |
| X | Beskadigde grense | Meerderwaardigheid/Grandiositeit | 21 | 2 | 2 | 22 | 3 | 5 |
| | Andergerigtheid | Onderworpenheid | 17 | 1 | 2 | 18 | 3 | 4 |
| X | Oorbeskerming en inhibisie | Onbereikbare standaarde/Hiperkrities | 19 | 5 | 2 | 20 | 6 | 1 |

By die man kom "onbereikbare standaarde/hiperkrities" as vooronderstellingstema/ patroonmatigheid die sterkste deur. Dit kombineer nogal met emosionele armoede. Tydens berading en ander kontaksessies het hy al erken: "Sy werk stel ongelooflike hoë eise"; "die druk om te presteer is baie erg". Hy profileer baie duidelik as prestasiegedrewe.

#### 4.8.4.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT WERKOLISME

Onbereikbare standaarde/hiperkrities as patroonmatigheid skemer die sterkste deur. Dit hou verband met die vooronderstelling: "Ek is nie goed genoeg nie".

### 4.8.5 ONTROU IN DIE HUWELIK

Die vrou (30) het aangeklop vir berading. Sy was ontrou aan haar man (34). Hoewel nie seksueel intiem met die derde party verkeer is nie, was die toenadering deur die derde party herhaaldelik baie sterk. Een middag het haar man vroeër as verwag tuisgekom en haar op heterdaad betrap, terwyl sy en die derde party op hulle bed hartstogtelik soen. Die ervaring was skokkend, bedreigend en diep teleurstellend. Sy het daarna probeer om selfmoord te pleeg. Dit val op dat sy haarself as "volwasse in die geloof" beskou en die Heilige Gees as 'n werklikheid in haar lewe ervaar. Bybellees vind ten minste eenmaal per week plaas.

Resultate van selfevaluering:

| | Kategorie | Patroon/Tema | S | $E_m$ | $E_v$ | S | $E_m$ | $E_v$ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | Belewing van veiligheid | Verlating/Onstabiliteit | 1 | 1 | 4 | 2 | 1 | 6 |
| X | | Wantroue/Mishandeling | 3 | 1 | 5 | 4 | 1 | 4 |
| X | | Emosionele armoede | 9 | 2 | 5 | 10 | 2 | 3 |
| X | | Gebrekkigheid/Skande | 13 | 1 | 6 | 14 | 1 | 6 |
| | | Sosiale isolasie/Vervreemding | 11 | 1 | 3 | 12 | 4 | 2 |
| X | Beskadigde selfstandigheid en prestasie | Afhanklikheid /Onbekwaamheid | 7 | 2 | 6 | 8 | 1 | 6 |
| X | | Broosheid met betrekking tot leed/ siekte | 5 | 1 | 5 | 6 | 3 | 4 |
| X | | Mislukking | 15 | 2 | 6 | 16 | 2 | 6 |
| X | Beskadigde grense | Meerderwaardigheid/Grandiositeit | 21 | 5 | 5 | 22 | 2 | 4 |
| X | Andergerigtheid | Onderworpenheid | 17 | 2 | 3 | 18 | 4 | 6 |
| X | Oorbeskerming en inhibisie | Onbereikbare standaarde/Hiperkrities | 19 | 4 | 1 | 20 | 3 | 6 |

'n Hele aantal kompleksiteite speel hier 'n rol. Gebrekkigheid/skande, afhanklikheid/onbekwaamheid en mislukking tree ewe sterk aan die lig. Die laaste twee hou beide verband met die kategorie: "Beskadigde selfstandigheid en prestasie". Dit is ook tekenend van 'n swak selfbeeld. Grondgedagtes soos "Ek is nutteloos"; "Ek is 'n mislukking"; "Ek maak dit nie op my eie nie", speel 'n rol.

Tydens berading het 'n aantal sake wat hiermee verband hou deurgeskemer. Die beradene (die vrou) se moeder het selfmoord gepleeg, terwyl sy ervaar het dat sy haar ma nog baie nodig het. Nou is haar ma net nie meer daar nie. Kort na haar moeder se oorlye, het sy emosioneel ineengestort en is sedertdien 'n kroniese depressielyer. Die medikasie het gewig as komplikasie gehad. Die beradene is oorgewig en haar man het haar voortdurend daarop gewys, met die versoek dat sy gewig moet verloor. Hyself erken dit. Dikwels ervaar die beradene dat sy misluk as tuisteskepper, huweliksmaat en moeder vir haar kinders. Toe

die derde party in haar belangstelling toon, haar waardevol laat voel, het sy meegesleur geraak in 'n verhouding waarvan sy erken dat dit nie reg was nie. Sy het in tussen alle kontak verbreek.

#### 4.8.5.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT ONTROU IN DIE HUWELIK

'n Hele aantal kompleksiteite speel 'n rol, waarvan onder andere vooronderstellings soos "Ek is nutteloos"; Ek is 'n mislukking"; "Ek maak dit nie op my eie nie".

### 4.8.6 MY BUITE-EGTELIKE LIEFDE HET OP MY UITGELOOP!

Die navorser ontvang 'n oproep van 'n besorgde lidmaat. So ontstaan pastorale sessies met die beradene (41). Haar lewe stort inmekaar. Toe die vrymoedigheid uiteindelik daar is, vertel sy dat die persoon met wie sy 'n buite-egtelike verhouding gehad het vir die afgelope nege jaar, sommer oornag verdwyn het, sonder om te sê waarheen hy gaan. Hulle het nog saam gewerk, toe hy summier van sy werk gedros het. Sy is diep teleurgestel en baie kwaad. Sy neem God kwalik dat hy so iets kon laat gebeur. Dit is opvallend dat die beradene haarself as "volwasse in die geloof" beskou en ervaar dat die Heilige Gees 'n werklikheid in haar lewe is.

Resultate van die selfevaluering:

| | Kategorie | Patroon/Tema | S | E | S | E |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belewing van veiligheid | Verlating/Onstabiliteit | 1 | 4 | 2 | 4 |
| | | Wantroue/Mishandeling | 3 | 4 | 4 | 3 |
| | | Emosionele armoede | 9 | 3 | 10 | 2 |
| | | Gebrekkigheid/Skande | 13 | 2 | 14 | 2 |
| | | Sosiale isolasie/Vervreemding | 11 | 3 | 12 | 2 |
| | Beskadigde selfstandigheid en prestasie | Afhanklikheid /Onbekwaamheid | 7 | 3 | 8 | 4 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Broosheid met betrekking tot leed/ Siekte | 5 | 2 | 6 | 3 |
| X | | Mislukking | 15 | 5 | 16 | 4 |
| | Beskadigde Grense | Meerderwaardigheid/Grandiositeit | 21 | 4 | 22 | 3 |
| X | Andergerigtheid | Onderworpenheid | 17 | 3 | 18 | 6 |
| X | Oorbeskerming en inhibisie | Onbereikbare standaarde/ Hiperkrities | 19 | 6 | 20 | 3 |

In sy geheel neig die selfevaluering na 'n profiel wat nog dieper aandag behoort te ontvang op 'n hele aantal punte. Die beradene het op talle plekke (3) en (4) aangedui. Die tema van onderworpenheid lyk prioriteit te geniet. Tydens berading het onder andere aan die lig gekom dat die beradene se vader 'n alkoholis was. Die beradene moes versorgingstake oorneem. Haar buite-egtelike liefde gaan ook gebuk onder alkoholisme, hoewel hy organisatories haar bestuurder was. Sy het hom egter meermale uit die gemors uit opgehelp as 'n soort "lewensredder", waarop sy baie trots is. Selfopoffering is aan die orde, tot verwaarlosing van haar eie huwelik en gesin. Verder is sy geneig tot dominansie en beheer ("rebels"). Sy voel dat juis op hierdie punt sy niks aan haar eie man (huweliksmaat) het nie. Sy is te "sterk" vir hom.

#### 4.8.6.1 GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT DIE BUITE-EGTELIKE LIEFDE WAT GEDROS HET

Meerdere sake moet aandag geniet. Die tema: "Onderworpenheid" lyk die sterkste aan die lig te tree, met die vooronderstelling: "Ek sal nie opgee nie".

### 4.8.7 ONBETROKKE

Beradingsessies met die beradene (24) spruit voort uit huisbesoeke, asook die sorg by ander lidmate. Sy woon eredienste swak by en skakel nie by gemeente-aktiwiteite in nie. Haar man wil nie alleen inskakel nie. Hy bly dus ook tuis. Hulle het twee klein kindertjies. Dit is merkwaardig dat die beradene haarself beskou as "onvolwasse in die geloof", hoewel sy daagliks lees en bid en die Heilige Gees as 'n werklikheid in haar lewe ervaar. Op die pertinente vraag; "Is jy wedergebore?", gee sy egter antwoord: "Nee. Ek weet nie wat dit is nie".

Resultate van die selfevaluering:

| | Kategorie | Patroon/Tema | S | E | S | E |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Belewing van veiligheid | Verlating/Onstabiliteit | 1 | 1 | 2 | 1 |
| | | Wantroue/Mishandeling | 3 | 1 | 4 | 4 |
| | | Emosionele armoede | 9 | 1 | 10 | 2 |
| | | Gebrekkigheid/Skande | 13 | 1 | 14 | 1 |
| X | | Sosiale isolasie/Vervreemding | 11 | 5 | 12 | 4 |
| | Beskadigde selfstandigheid en prestasie | Afhanklikheid /Onbekwaamheid | 7 | 2 | 8 | 1 |
| | | Broosheid m.b.t. leed/Siekte | 5 | 4 | 6 | 1 |
| | | Mislukking | 15 | 1 | 16 | 2 |
| | Beskadigde grense | Meerderwaardigheid/Grandiositeit | 21 | 3 | 22 | 2 |
| X | Andergerigtheid | Onderworpenheid | 17 | 4 | 18 | 6 |
| X | Oorbeskerming en inhibisie | Onbereikbare standaarde/ Hiperkrities | 19 | 6 | 20 | 4 |

Die kombinasie van sosiale isolasie/vervreemding, onderworpenheid en onbereikbare standaarde/hiperkrities val op. Haar gedrag hou inderdaad verband met die vooronderstelling: "Ek pas nie in nie". Haar biologiese moeder het op 'n jong leeftyd gesterf. Haar biologiese vader het weer in die huwelik getree. Sy ervaar intense verwerping van haar stiefmoeder. Groot konflikte het met haar vader begin ontstaan en duur steeds voort. Hulle kommunikeer deur "te baklei".

### 4.8.7.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT ONBETROKKENHEID

Die vooronderstelling: "Ek pas nie in nie", speel 'n rol. Hierdie vooronderstelling kombineer ook met ander *schemas.*

### 4.8.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT EMPIRIESE ONDERSOEK – AFDELING A

Reeds 3.3.4.2.g en h wys daarop dat vooronderstellings nie net bestaan nie. Vooronderstellings tree ook in samehang op. Kategorieë en breë deurdringende temas vorm. Young en Klosko (vgl. weer terug by 4.5) se kortste weergawe van die SQ is 'n populêre (vereenvoudigde) meting, wat steun op psigometriese onderbouing. Getuienis is deur die sogenaamde "LQ" reeds moontlik met die oog op vooronderstellings en die invloed daarvan. Inderdaad toon "Afdeling A" van die ondersoek dat patroonmatighede aangedui kan word, wat ernstig aandring op verrekening tydens berading. Selfs vooronderstellingsneutralisering kan plaasvind.

## 4.9 EMPIRIESE ONDERSOEK - AFDELING B

### 4.9.1 BEELD VAN EIE "BERADINGSPRAKTYK"

As eerste mate van kontrole vind hier perspektiefverruiming plaas deur proporsioneel (willekeurig) te kyk na die eie "beradingspraktyk". By hierdie deelnemers het daar nie soseer beradingsessies plaasgevind nie. Hulle vorm wel deel van die herderlike verantwoordelikheid van die navorser. Ongeveer 40% van die totale aantaal belydende lidmate het aan die ondersoek deelgeneem. Dit is sowat 10% bo die vereiste minimum volgens navorsingstandaarde (vgl. 4.7 hierbo). Daarrvan was 56% manlik en 44% vroulik; 81% lidmate en 19% ampsdraers. Wat opvoedkundige kwalifikasies betref, lyk die beeld soos volg: 26% beskik oor 'n minimum van graad 8, 37% oor matrikulasie, 30% oor 'n naskoolse diploma/sertifikaat, en 7% oor 'n nagraadse kwalifikasie. Een en vyftig persent reken hulle is wedergebore en 37% meen hulle is volwasse in die geloof. Honderd present glo dat God regtig bestaan. Behalwe een persoon glo almal dat God Hom bemoei met hulle daaglikse lewe. Sewe en negentig persent ervaar die Heilige Gees as 'n werklikheid in hulle lewe.

Die selfevaluering lyk soos volg

1. Ek leef gelowig, want ek is bang God sal ophou om by my betrokke te wees.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 39.13% | 7.25% | 14.49& | 18.84% | 8.7% | 11.59% |

<u>Voorlopige gevolgtrekking</u>: Die verdeling beloop 39/60. Ongeveer 39% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie, 40% dui wel 'n betrekking aan, 20% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is.

2. Ek bekommer my dat God ander mense eerder liefhet as vir my. Dit voel nie God het my uitverkies nie.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 72.46% | 10.14% | 2.90% | 7.25% | 1.45% | 5.80% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 72,5/27,5. Ongeveer 72,5% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie, 27,5% dui wel 'n betrekking aan, 7,25% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is.

3. Ek wonder nogal waarom ander (selfs God) in my belangstel. Ek vind dit moeilik om ander (selfs God) te vertrou.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 62.32% | 13.04% | 11.59% | 10.14% | 2.94% | |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 62/38. Ongeveer 62% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie, 38% dui wel 'n betrekking aan, 3% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 35% wel 'n mate van betrekking aandui.

4. Ek is bang dat as ek nie is wie ander (selfs God) wil hê ek moet wees nie, ek sal seerkry. Ek is dus voortdurend versigtig en op my hoede vir ander.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 58.82% | 14.71% | 7.35% | 8.82% | 4.41% | 5.88% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 59/41. Ongeveer 59% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 41% dui wel 'n betrekking aan. Skuins oor die 10% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk bo by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 31% wel 'n mate van betrekking aandui.

5. Ek bekommer my meer as die gemiddelde Christen oor lewensgevaar, dat ek siek sal word of seer sal kry.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 63.24% | 7.35% | 16.18% | 5.88% | 2.94% | 4.41% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 63/37. Ongeveer 63% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 37% dui wel 'n betrekking aan. Skuins oor die 7% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 30% wel 'n mate van betrekking aandui.

6. Ek bekommer my dat ek sal verarm, dat ek (of lede van my gesin) sal moet bedel vir oorlewing.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 63.77% | 11.59% | 7.25% | 10.14% | 1.45% | 5.80% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 64/36. Ongeveer 64% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 36% dui wel 'n betrekking aan. Skuins oor die 7% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen verdere verkenning is beslis noodsaaklik is. Meer as 25% dui wel 'n mate van betrekking aan.

7. Ek voel op my eie maak ek dit nie; ek voel ander se hulp is nodig om oor die weg te kom.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 50% | 20% | 11.43% | 12.86% | 4.29% | 1.43 |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 50/50. Ongeveer 50% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 50% dui wel 'n betrekking aan. Ses persent gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 44% wel 'n mate van betrekking aandui.

8. My ouers en ek is, wat ons lewens en probleme aanbetref, te veel by mekaar betrokke.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 56.72% | 11.94% | 11.94% | 10.45% | 2.99% | 5.97% |

<u>Voorlopige gevolgtrekking</u>: Die verdeling beloop 57/43. Ongeveer 57% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Ongeveer 43% dui wel 'n betrekking aan. Byna 9% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat sowat 34% wel 'n mate van betrekking aandui.

9. Ek ervaar nie dat ek iemand het wat werklik naby my is en vir my omgee nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 73.53% | 11.76% | 5.88% | 4.41 | - | 4.41% |

<u>Voorlopige gevolgtrekking</u>: Die verdeling beloop 74/26. Ongeveer 74% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Sowat 26% dui wel 'n betrekking aan. Meer as 4% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Twee en twintig persent dui 'n mate van betrekking aandui.

10. God (en mense) verstaan my nie, luister nie na my nie, gee nie vir my leiding, raad en ondersteuning nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 72.06% | 16.18% | 7.35% | 1.47% | 2.94% | - |

<u>Voorlopige gevolgtrekking</u>: Die verdeling beloop 72/28. Twee en sewentig persent meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Ongeveer 28% dui wel 'n betrekking aan. Ongeveer 3% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. 'n Kwart dui 'n mate van betrekking aan.

11. Ek voel nie regtig dat ek êrens inpas en tuishoort nie. Ek is gewoon net anders.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 70.59% | 14.71% | 10.29% | 2.94 | 1.47% | - |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 71/29. Ongeveer 71% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Byna 29% dui wel 'n betrekking aan. Minder as 2% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Meer as 25% dui 'n mate van betrekking aan.

12. Ek is oninteressant. Ek weet nie waaroor om met God of ander mense te praat nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 59.70% | 20.90% | 13.43% | 2.99% | 2.99% | - |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 60/40. Ongeveer 60% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 40% dui wel 'n betrekking aan. Drie persent gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 37% wel 'n mate van betrekking aandui.

13. God en mense waarvan ek hou, kan my – met al my sonde, onvolmaaktheid en gebreke – nie liefhê nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 80.60% | 10.45% | 4.48% | 2.99% | 1.49% | - |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 81/19. Ongeveer 60% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 40% dui wel 'n betrekking aan. Drie persent gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 37% wel 'n mate van betrekking aandui.

14. Ek skaam my vir myself. Ek is nie ander se liefde, aandag en respek werd nie.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 71.64% | 89.6% | 8.96% | 5.97% | 2.99% | 1.49% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 72/28. Ongeveer 72% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 28% dui wel 'n betrekking aan. Ongeveer 4,5% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Meer as 20% dui 'n mate van betrekking aan.

15. Ek is nie so intelligent en bekwaam soos meeste ander, as dit by werk of studie kom nie.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 58.21% | 14.93% | 10.45% | 13.43% | 1.49% | 1.49% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 58/42. Agt en vyftig persent meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Byna 42% dui wel 'n betrekking aan. Ongeveer 3% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat sowat 39% wel 'n mate van betrekking aandui.

16. Ek voel dikwels onbekwaam, omdat ek nie soveel gawes, verstand en sukses soos ander het nie.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 54.41% | 22.06% | 10.29% | 8.82% | 1.47% | 2.94% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 55/45. Byna 55% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 45% dui wel 'n betrekking aan. Ongeveer 4,5% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat sowat 41% wel 'n mate van betrekking aandui.

17. Ek voel ek het nie 'n keuse nie as om aan ander (selfs God) se wense te voldoen; anders sal ek gestraf of verwerp word.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 58.46% | 15.38% | 16.92% | 6.15% | 1.54% | 1.54% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 58/42. Byna 58,5% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Byna 42% dui wel 'n betrekking aan. Drie persent gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat sowat 39% wel 'n mate van betrekking aandui.

18. Ander meen ek doen te veel vir ander en te min vir myself.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 35.82% | 8.96% | 23.88% | 20.90% | 4.48% | 5.97% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 36/64. Byna 36 meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 64% dui wel 'n betrekking aan. Bykans 10,5% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen verdere verkenning beslis noodsaaklik is. 'n Beduidende getal van ongeveer 54% dui boonop 'n mate van betrekking aan.

19. Ek probeer om my beste te doen; "goed genoeg" gebeur nie maklik by my nie. Ek wil die beste wees in dit wat ek doen.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 25.37% | 10.45% | 7.46% | 17.91% | 19.40% | 19.40% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 25/75. Skuins oor 25% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Byna 75% dui wel 'n betrekking aan. Bykans 39% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Byna 36% dui boonop 'n mate van betrekking aandui. Hier is, in geheel gesien, sprake van 'n merkwaardige selfevaluering.

20. Ek het soveel pligte. Daar is net nie tyd vir ontspan en om myself te kan geniet nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 36.76% | 13.24% | 19.12% | 16.18% | 5.88% | 6% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 37/63. Bykans 37% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 63% dui wel 'n betrekking aan. Ongeveer 12% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Sowat 51% dui boonop 'n mate van betrekking aan.

21. Om my te hou aan die "normale leefreëls", vind ek nie nodig nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 57.35% | 11.76% | 16.18% | 4.41% | 7.35% | 2.94% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 57/43. Oor die 57% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Bykans 43% dui wel 'n betrekking aan. Tien persent gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat sowat 32% wel 'n mate van betrekking aandui.

22. Ek kry dit nie reg om myself te dissiplineer nie. Roetinedinge soos Bybellees, gebed en erediensbywoning is vir my moeilik. En, ek sukkel om my emosies te beheer.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 55.88% | 17.65% | 13.24% | 10.29% | 1.47% | 1.47 |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 56/44. Bykans 56% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 44% dui wel 'n betrekking aan. Ongeveer 3% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat sowat 41% wel 'n mate van betrekking aandui.

#### 4.9.1.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT EIE "BERADINGSPRAKTYK"

Die kontrole bevestig en onderstreep die aanwesigheid van voorstellings. Die bevinding van "Afdeling A" ontvang verdere aktualiteit. Die praktykbeeld is in 'n groot mate 'n samehangende beeld van manlik en vroulik. Oorwegend vertoon die praktykbeeld lidmate se selfevaluasie. Die oorwig van die deelnemers kan as geletterd beskou word; 37% is selfs hoër as matriek gekwalifiseer. Die getuienis word gelewer deur mense wat meen hulle is wedergebore tot selfs volwasse in die geloof. Al die deelnemers glo dat God regtig bestaan. Behalwe een persoon, glo almal dat God Hom bemoei met hulle daaglikse lewe. Sewe en negentig persent ervaar die Heilige Gees as 'n werklikheid in hulle lewe. Gegewe hierdie algemene beeld, val dit op dat die selfevaluering patroonmatighede met betrekking tot vooronderstellings aandui, vanaf 26% (Stelling no 9) tot selfs 75% (Stelling no. 19). By vyf van die stellings, dui die selfevaluering 50% en meer aan dat patroonmatighede betrekking het. Binne die totaal van 22 stellings, dui 13 stellings aan dat patroonmatighede vir 40+% betrekking het. In totaal is daar 16 stellings waarby 30+% betrekkingswaarde het. Nou moet besef word dat patroonmatighede 'n baie sterker vorm van vooronderstellingaanwesigheid behels. Hier is sprake van wat as "schemas" bekend staan.

### 4.9.2 BEELD VAN 'N EKSTERNE "BERADINGSPRAKTYK"

As tweede kontrole, vind hier perspektiefverruiming plaas deur proporsioneel (willekeurig) te kyk na 'n "beradingspraktyk" buite die navorser se verantwoordelikheid. By hierdie deelnemers het daar dus glad nie beradingsessies plaasgevind nie. Hulle vorm nie deel van die herderlike verantwoordelikheid van die navorser nie. In verhouding tot die totale aantal belydende lidmate is tydens die ondersoek sprake van ongeveer 31%-deelname. Dit voldoen aan navorsingstandaarde met betrekking tot betroubaarheid van bevindinge (vgl. 4.7 hierbo). Daarvan was 46.51% manlik en 53.49% vroulik, 84% lidmate en 13% ampsdraers, 9% met 'n minimum skoolopleiding van graad 8, 41% gematrikuleer, 28% met 'n naskoolse diploma/sertifikaat, 9% gegradueer en 7% met 'n nagraadse kwalifikasie. Een en dertig persent reken hulle is wedergebore en 61% meen hulle is volwasse in die geloof. Alle deelnemers glo dat God regtig bestaan, dat God Hom bemoei met hulle daaglikse lewe, en almal ervaar die Heilige Gees as 'n werklikheid in hulle lewe.

Die selfevaluering lyk soos volg

1. Ek leef gelowig, want ek is bang God sal ophou om by my betrokke te wees.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 36.59% | 10.98% | 9.76% | 17.07% | 14.63 | 10.98 |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 37/63. Ongeveer 37% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 63% dui wel 'n betrekking aan. Ongeveer 26% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Boonop dui 'n beduidende aantal van oor die 37% betrekking aan.

2. Ek bekommer my dat God ander mense eerder liefhet as vir my. Dit voel nie God het my uitverkies nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 66.67% | 11.11% | 7.41% | 9.88% | - | 4.94 |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 67/33. Ongeveer 67% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 33% dui wel 'n betrekking aan. Ongeveer 5% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Sowat 28% dui 'n mate van betrekking aan.

3. Ek wonder nogal waarom ander (selfs God) in my belangstel. Ek vind dit moeilik om ander (selfs God) te vertrou.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 53.75% | 21.25% | 8.75% | 6.25% | 2.50% | 7.50 |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 54/46. Ongeveer 54% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 46% dui wel 'n betrekking aan. Tien persent gee 'n aanduiding waarvan Young &

Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 36% wel 'n mate van betrekking aandui.

4. Ek is bang dat as ek nie is wie ander (selfs God) wil hê ek moet wees nie, ek sal seerkry. Ek is dus voortdurend versigtig en op my hoede vir ander.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 38.55% | 19.28% | 12.05% | 16.87% | 7.23% | 6.02% |

<u>Voorlopige gevolgtrekking</u>: Die verdeling beloop 39/61. Ongeveer 39% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 61% dui wel 'n betrekking aan. Skuins oor die 13% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is wel opvallend dat 'n beduidende aantal van 48% wel 'n mate van betrekking aan.

5. Ek bekommer my meer as die gemiddelde Christen oor lewensgevaar, dat ek siek sal word of seer sal kry.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 45.78% | 16.87% | 19.28% | 10.84% | 6.02% | 1.20% |

<u>Voorlopige gevolgtrekking</u>: Die verdeling beloop 46/53. Ongeveer 46% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 53% dui wel 'n betrekking aan. Skuins oor die 7% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 'n beduidende aantal van 46% wel 'n mate van betrekking aandui.

6. Ek bekommer my dat ek sal verarm, dat ek (of lede van my gesin) sal moet bedel vir oorlewing.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 53.66% | 13.41% | 12.20% | 13.41% | 4.88% | 2.44% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 54/46. Ongeveer 54% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 46% dui wel 'n betrekking aan. Skuins oor die 7% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 39% wel 'n mate van betrekking aandui.

7. Ek voel op my eie maak ek dit nie; ek voel ander se hulp is nodig om oor die weg te kom.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 40.24% | 19.51% | 13.41% | 13.41% | 9.76% | 3.66 |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 40/60. Veertig persent meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Byna 60% dui wel 'n betrekking aan. Meer as 13% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 'n beduidende aantal van sowat 47% wel 'n mate van betrekking aandui.

8. My ouers en ek is, wat ons lewens en probleme aanbetref, te veel by mekaar betrokke.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 53.04% | 24.05% | 13.92% | 11.39% | 5.06% | 2.53% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 53/47. Drie en vyftig persent meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Ongeveer 47% dui wel 'n betrekking aan. Byna 8% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat sowat 39% wel 'n mate van betrekking aandui.

9. Ek ervaar nie dat ek iemand het wat werklik naby my is en vir my omgee nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 69.51% | 9.76% | 9.76% | 3.66 | 1.22 | 6.10% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 70/30. Ongeveer 70% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Sowat 30% dui wel 'n betrekking aan. Oor 6% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Drie en twintig persent dui 'n mate van betrekking aandui.

10. God (en mense) verstaan my nie, luister nie na my nie, gee nie vir my leiding, raad en ondersteuning nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 69.51% | 17.07% | 8.54% | 1.22% | 1.22% | 2.44 |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 71/29. Ongeveer 70% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 29% dui wel 'n betrekking aan. Ongeveer 4% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. 'n Kwart (25%) dui 'n mate van betrekking aan.

11. Ek voel nie regtig dat ek êrens inpas en tuishoort nie. Ek is gewoon net anders.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 59.04% | 12.05% | 15.66% | 4.82 | 2.41% | 6.02 |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 59/41. Nege en vyftig persent meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Byna 41% dui wel 'n betrekking aan. Meer as 8% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit opvallend dat sowat 30% wel 'n mate van betrekking aandui.

12. Ek is oninteressant. Ek weet nie waaroor om met God of ander mense te praat nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 62.65% | 16.87% | 10.84% | 4.82% | 1.20% | 3.61 |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 63/37. Ongeveer 63% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 37% dui wel 'n betrekking aan. Byna 5% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 32% wel 'n mate van betrekking aandui.

13. God en mense waarvan ek hou, kan my – met al my sonde, onvolmaaktheid en gebreke – nie liefhê nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 63.10% | 17.86% | 14.29% | 2.38% | - | 2.38 |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 63/47. Drie en sestig persent meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Byna 47% dui wel 'n betrekking aan. Minder as 3% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 'n beduidende aantal van 44% wel 'n mate van betrekking aandui.

14. Ek skaam my vir myself. Ek is nie ander se liefde, aandag en respek werd nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 69.88% | 12.05% | 10.84% | 2.41% | - | 4.82% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 70/30. Ongeveer 70% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 30% dui wel 'n betrekking aan. Ongeveer 5% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. 'n Kwart (25%) dui 'n mate van betrekking aan.

15. Ek is nie so intelligent en bekwaam soos meeste ander, as dit by werk of studie kom nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 37.35% | 30.12% | 12.15% | 12.05% | 1.20% | 7.23% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 37/63. Sewe en dertig persent meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Byna 63% dui wel 'n betrekking aan. Ongeveer 9% gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 'n beduidende aantal van 54% wel 'n mate van betrekking aandui.

16. Ek voel dikwels onbekwaam, omdat ek nie soveel gawes, verstand en sukses soos ander het nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 37.35% | 28.92% | 13.25% | 14.46% | 2.41% | 3.61% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 37/63. Sewe en dertig persent meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Ongeveer 63% dui wel 'n betrekking aan. Ses persent gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 'n beduidende aantal van 57% wel 'n mate van betrekking aandui.

17. Ek voel ek het nie 'n keuse nie as om aan ander (selfs God) se wense te voldoen; anders sal ek gestraf of verwerp word.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 60.98% | 10.98% | 15.85% | 6.10% | 3.66% | 2.44% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 61/39. Byna 61% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 39% dui wel 'n betrekking aan. Ses persent gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat sowat 33% wel 'n mate van betrekking aandui.

18. Ander meen ek doen te veel vir ander en te min vir myself.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 24.39% | 17.07% | 17.07% | 18.29% | 10.98% | 12.28% |

<u>Voorlopige gevolgtrekking</u>: Die verdeling beloop 24/76. Vier en twintig persent meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Ongeveer 76% dui wel 'n betrekking aan. Drie en twintig persent gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. 'n Beduidende getal van ongeveer 53% dui boonop 'n mate van betrekking aan.

19. Ek probeer om my beste te doen; "goed genoeg" gebeur nie maklik by my nie. Ek wil die beste wees in dit wat ek doen.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 14.46% | 9.64% | 12.05% | 22.89% | 21.69% | 19.28% |

<u>Voorlopige gevolgtrekking</u>: Die verdeling beloop 14,5/85,5. Sowat 14,5% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 85,5% dui wel 'n betrekking aan. Een en veertig persent gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Verder dui 'n beduidende aantal van 44.5% 'n mate van betrekking aan. Hier is, in geheel gesien, sprake van 'n merkwaardige selfevaluering.

20. Ek het soveel pligte. Daar is net nie tyd vir ontspan en om myself te kan geniet nie.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 25.30% | 10.84% | 20.48% | 26.51% | 4.82% | 12.05% |

<u>Voorlopige gevolgtrekking</u>: Die verdeling beloop 25/75. 'n Kwart (25%) meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Byna 75% dui wel 'n betrekking aan. Sewentien persent gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Sowat 58% dui boonop 'n mate van betrekking aan. Hier is, in geheel gesien, ook sprake van 'n merkwaardige selfevaluering.

21. Om my te hou aan die "normale leefreëls", vind ek nie nodig nie.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 14.46% | 9.64% | 12.05% | 22.89% | 21.69% | 19.28% |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 14/86. Sowat 14.5% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie en 85,5% dui wel 'n betrekking aan. Een en veertig persent gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat sowat 44,5% wel 'n mate van betrekking aandui. Hier is, in die geheel gesien, ook sprake van 'n merkwaardige selfevaluering.

22. Ek kry dit nie reg om myself te dissiplineer nie. Roetinedinge soos Bybellees, gebed en erediensbywoning is vir my moeilik. En, ek sukkel om my emosies te beheer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 44.58% | 27.71% | 10.84% | 4.82% | 7.23% | 4.82 |

Voorlopige gevolgtrekking: Die verdeling beloop 45/55. Bykans 45% meen die stelling het glad nie op hulle betrekking nie. Sowat 45% dui wel 'n betrekking aan. Twaalf persent gee 'n aanduiding waarvan Young & Klosko (vergelyk by 4.4.) meen dat verdere verkenning beslis noodsaaklik is. Dit is opvallend dat 'n beduidende aantal van sowat 43% wel 'n mate van betrekking aandui.

#### 4.9.2.1 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT DIE EKSTERNE "BERADINGSPRAKTYK"

Hierdie kontrole bevestig en onderstreep nog sterker as die eie "beradingspraktyk" die aanwesigheid van voorstellings. Die bevinding van "Afdeling A" ontvang beslis aktualiteit. Die eksterne praktykbeeld is in 'n groot mate 'n samehangende beeld van manlik en vroulik. Oorwegend vertoon die eksterne praktykbeeld ook 'n selfevaluasie van lidmate en nie ampsdraers nie. Die oorwig van deelnemers kan selfs as hoogs geletterd beskou word: 41% beskik oor matriek, 18% is minimum gegradueerd en 28% beskik oor 'n

naskoolse kwalifikasie. Die getuienis word oorwegend gelewer deur mense wat meen dat hulle volwasse in die geloof is. Al die deelnemers glo dat God regtig bestaan, dat God Hom bemoei met hulle daaglikse lewe, en almal ervaar die Heilige Gees as 'n werklikheid in hulle lewe. Gegewe hierdie algemene beeld val dit werklik op dat die selfevaluering patroonmatighede met betrekking tot vooronderstellings aandui vanaf 29% (Stelling no. 10) tot selfs 86% (Stelling no. 21). By elf van die stellings, dui die selfevaluering 50% en meer aan dat patroonmatighede betrekking het. Binne die totaal van 22 stellings dui 16 stellings aan dat patroonmatighede vir 40+% betrekking het. In totaal is daar 21 stellings waarby 30+% betrekkingswaarde het. Nou moet nogmaals besef word dat patroonmatighede 'n baie sterker vorm van vooronderstellingaanwesigheid behels. Hier is sprake van wat as "schemas" bekend staan.

### 4.9.3 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING MET BETREKKING TOT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK VAN VOORONDERSTELLINGS

"Vooronderstellings" speel beslis 'n rol by kerklike "beradenes". Vooronderstellings oefen invloed uit op die beradingsproses. 'n Kwalitatief-georiënteerde ondersoek bring hierdie gevolgtrekking aan die lig. 'n Kwantitatief-georiënteerde ondersoek van twee verdere studiegroepe bevestig hierdie gevolgtrekking. Kerklike oftewel herderlike berading sal dringende aandag moet bestee aan vooronderstellings by beradenes.

## 4.10 HOOFSTUKSAMEVATTING

Sowat 14 jaar gelede is 'n empiriese navorsingskaarste aangedui met betrekking tot kognitief-terapeutiese ondersoek in verhouding tot die rol van godsdiens in mense se "coping"-proses (4.3.1). Intussen het 'n aantal empiriese studies aangetoon dat vooronderstellings wel empiries aantoonbaar is (4.3.2; 4.3.3; 4.3.4; 4.3.5). Kognitief-terapeuties, is selfs binne Christelike konteks ondersoek gedoen (4.3.1). Om aandag te bestee aan die beradenes se vooronderstellings, so is bevind, het twee voordele tot gevolg gehad: 1) Emosionele verligting het plaasgevind en 2) Spirituele welsyn is verbeter. In Suid-Afrika het nog weinig in die verband plaasgevind (4.3.2). Een studie maak wel duidelik: Religieuse "*schemata*", geïnformeer deur respondente se geloofsagtergrond, bepaal inderdaad die uitkoms van besluite! 'n Ander studie toon dat kernoortuigings wel 'n rol speel Om aandag te bestee aan die gemanifesteerde kernoortuigings (vooronderstellings), maak beslis 'n verskil.

Gestandaardiseerde meetinstrumente met betrekking tot godsdiens en geloof is klaarblyklik 'n moeilike aangeleentheid (4.3.3). Verder word daarop gewys dat die hantering van *schemas* 'n delikate aangeleentheid is (4.3.6). Onderskeid tussen die ware God en die menslike persepsie van God moet voortdurend duidelik wees (4.3.6). Ook moet dit duidelik wees dat "God" nie maar net 'n handige psigologiese konstruk is om terapeutiese wins te verkry nie. Daarom word beraders tereg aangespoor om beradenes se geestelike ondersteuningsbronne (bv. die predikant) vroegtydig in te skakel wanneer beraders botsende religieuse oortuigings handhaaf (4.3.6). Duidelike grense en selfs hindernisse is derhalwe, ter sprake.

Die ondersoekbenadering te Lydenburg kies om 'n beide-en-benadering te wees. Sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe elemente speel 'n rol (4.4). Beck se terapeutiese benadering pas streng gesproke, nie binne die grense van 'n rasionalistiese stereotipering (modernisties en anti-konstruktiwisties) nie (vgl. weer 3.3.4.2.d; 4.4). Ook is daar nie uitsluitlik sprake van 'n postmodernistiese ingesteldheid nie (4.4). Die beradene (se oortuigings) is van begin tot einde wel die kern van die saak. Maar dit beteken nie dat kontrole nou gewoon uit die wetenskapsblik verdwyn nie. Daardeur het Beck juis erkenning en aanvaarding verwerf (vgl. weer 3.3.4.a; 4.4). Reeds 3.3.4.2.g en h wys daarop dat vooronderstellings nie net bestaan nie. Vooronderstellings tree ook in samehang op. Kategorieë en breë deurdringende temas vorm. Young en Klosko (4.5) se kortste weergawe van die SQ is 'n populêre (vereenvoudigde) meting, wat steun op

psigometriese onderbouing. Getuienis is deur die sogenaamde "LQ" reeds moontlik met die oog op vooronderstellings en die invloed daarvan. Die meetinstrument ("LQ") van Young en Klosko is aangepas en getoets voor dit gebruik kon word (4.5; 4.6).

Die navorser het in Oktober 2007 'n empiriese ondersoek gedoen te Lydenburg, Mpumalanga, Republiek van Suid-Afrika (4.2). Die empiriese navorsing te Lydenburg het drie afdelings behels (4.7):
"Afdeling A" van die ondersoek is kwalitatief-geörienteerd en toon inderdaad dat patroonmatighede aangedui kan word, wat ernstig aandring op verrekening tydens berading (4.8.1). Vooronderstellingsneutralisering kan selfs plaasvind.

"Afdeling B" is kwantitatief-geörienteerd en het in die eerste plek kontrole behels deur die eie "beradingspraktyk" (4.9.1). Ondersoek by die eie "beradingspraktyk" bevestig en onderstreep die aanwesigheid van die bevindinge by "Afdeling A" (4.9.1.1). Die beeld is in 'n groot mate 'n samehangende beeld van manlik en vroulik. Verder vertoon die navorsingsbeeld lidmate se selfevaluering en nie ampsdraers nie. Die oorwig van die deelnemers kan as geletterd beskou word: 37% is selfs hoër as matriek gekwalifiseer. Die getuienis word gelewer deur mense wat meen hulle is wedergebore tot selfs volwasse in die geloof. Al die deelnemers glo dat God regtig bestaan. Behalwe een persoon glo almal dat God Hom bemoei met hulle daaglikse lewe. Sewe en negentig persent ervaar die Heilige Gees as 'n werklikheid in hulle lewe. Gegewe hierdie algemene beeld val dit op dat die selfevaluering patroonmatighede met betrekking tot vooronderstellings aandui vanaf 26% (Stelling no. 9) tot selfs 75% (Stelling no. 19). By vyf van die stellings, dui 50% en meer aan dat patroonmatighede betrekking het. Binne die totaal van 22 stellings, dui 13 stellings aan dat patroonmatighede vir 40+% betrekking het. In totaal is daar 16 stellings waarby 30+% betrekkingswaarde het. Nou moet besef word dat patroonmatighede 'n baie sterker vorm van vooronderstellingaanwesigheid behels. Hier is sprake van wat as "schemas" bekend staan.

Die eksterne "beradingsparktyk" as 'n verdere kontrole by "Afdeling A", bevestig en onderstreep nog sterker as die eie "beradingspraktyk" wat by "Afdeling A" aan die lig gekom het (4.9.2; 4.9.2.1). Die beeld is tot 'n groot mate ook 'n samehangende beeld van manlik en vroulik. Dit vertoon ook oorwegend die beeld van lidmate en nie ampsdraers nie. Die oorwig van die deelnemers kan selfs as hoogs geletterd beskou word: 41% beskik oor matriek, 18% is minimum gegradueerd en 28% beskik oor 'n naskoolse kwalifikasie. Die getuienis word oorwegend gelewer deur mense wat meen dat hulle volwasse in die geloof is. Al die

deelnemers glo dat God regtig bestaan, dat God Hom bemoei met hulle daaglikse lewe, en almal ervaar die Heilige Gees as 'n werklikheid in hulle lewe. Gegewe hierdie algemene navorsingsbeeld, val dit werklik op dat die selfevaluering patroonmatighede met betrekking tot vooronderstellings aandui vanaf 29% (Stelling no. 10) tot selfs 86% (Stelling no. 21). By elf van die stellings, dui 50% en meer aan dat patroonmatighede betrekking het. Binne die totaal van 22 stellings, dui 16 stellings aan dat patroonmatighede vir 40+% betrekking het. In totaal is daar 21 stellings waarby 30+% betrekkingswaarde het. Nou moet nogmaals besef word dat patroonmatighede 'n baie sterker vorm van vooronderstellingaanwesigheid behels. Hier is sprake van wat bekend staan as "schemas". Vooronderstellings, sterker nog *schemas,* speel dus 'n rol by (kerklike) beradenes – ingesluit wedergeborenes en diegene wat hulself as volwasse ag in die geloof (4.9.2.1).

Empiriese navorsing te Lydenburg, Mpumalanga, Republiek van Suid-Afrika, toon dat die beradingsproses beslis beïnvloed word deur vooronderstellings (4.9.3). Daarom is dit nodig dat kerklike oftewel herderlike berading dringende en diepgaande aandag skenk aan vooronderstellings.

# HOOFSTUK 5


BESPREKINGSOORSIG
Inleiding (1)
REGULATIEWE SIRKEL
Riglyne (5)
HERMENEUTIESE SIRKEL
Metateoretiese perspektiewe (3)
Skrifperspektiewe (2)
EMPIRIESE SIRKEL
Empiriese navorsing (4)
Slot: Samevatting (6)

## 5.1 INLEIDING

'n Punt van afronding word in hoofstuk 5 betree en hierna volg hoofstuk 6, wat 'n neerslag is van die hele navorsingsverslag. Volgens die prakties-teologiese model van Heitink, is tot sover gepoog om te "begryp" en te "verklaar". In die verslag het die vraag "Wie doen wat, waarom en waaroor?" (hermeneutiese sirkel), asook die vraag "Wie doen wat, waar en wanneer?" (empiriese sirkel) 'n rol gespeel.

Die navorsing het tot sover vasgestel dat hoewel die woord "vooronderstellings" nie in die Skrif voorkom nie, Skrifbasis wel bestaan met betrekking tot die saak. Basisteoreties en metateoreties is dit in (pastorale) berading binne die klassiek-gereformeerde raamwerk van teologiebeoefening nodig om te besin oor vooronderstellings en daaraan 'n duidelike en bewuste plek te gee. Naas hierdie bevinding van die hermeneutiese sirkel, is situasioneel te Lydenburg tydens die empiriese sirkel waargeneem dat vooronderstellings by die beradene inderdaad invloed uitoefen op die beradingsproses. Sterker nog, *schemas* blyk invloed uit te oefen. In die kerk (diegene wat aan die HERE behoort) moet berading met betrekking tot vooronderstellings by die beradene dringende aandag ontvang. Gegewe die hermeneutiese en empiriese navorsingsresultate, is dus voldoen aan die eerste deel van die studiedoelstelling (1.2.1): "Om aan te toon dat beradenes se "vooronderstelling(s) invloed het op die beradingsproses". Vervolgens is dit nodig om aan die laaste deel van die doelstelling aandag te gee: "hoe die berader vooronderstellings moet verreken". Heitink se derde sirkel, naamlik die "regulatiewe sirkel", stel die navorsing in staat om daaraan aandag te bestee, onderbou deur die dinamiek komende vanaf die vorige twee sirkels, naamlik die hermeneutiese en die empiriese.

## 5.2 DOEL

In terme van die regulatiewe sirkel, ontvang die vraag "Wie doen wat, hoe en waartoe?" in hoofstuk 5 aandag. Daar word nou gepoog om binne die klassiek-gereformeerde raamwerk van teologiebeoefening, voorlopige riglyne te formuleer vir die identifisering en verrekening van vooronderstellings by die beradene (1.2.2). Dit beteken dat beradenes deur die werking van die Heilige Gees, met die ondersteuning van beraders, disfunksionele vooronderstellings identifiseer en leer om die disfunksionele aard daarvan te deaktiveer, die inhoud en struktuur daarvan te wysig en om meer passende maniere te konstrueer om die disfunksionaliteit uit te skakel.

**SKEMATIESE VOORSTELLING**

| PROBLEEM | DOEL | NAVORSINGSMETODE |
|---|---|---|
| | STRATEGIES | |
| Watter riglyne kan met die oog op effektiewe berading geformuleer word vir die identifisering en verrekening van "vooronderstellings" by die beradene? | Om met die oog op effektiewe berading, riglyne te formuleer vir die identifisering en verrekening van "vooronderstellings" by die beradene. | Deur middel van terugkoppeling na die hermeneutiese en empiriese sirkels, riglyne te formuleer vir die identifisering en verrekening van "vooronderstellings" by die beradene. |

## 5.3 REFERENSIETERAPIE – 'N MOONTLIKE ONTWERP

Die woord "referensie" hou verband met die Cornelius Van Til-Hendrik Stoker-benadering tot vooronderstellings as 'n punt van verwysing met betrekking tot God, waarin alle skeppingsgegewes verwys (refereer) na God Drie-enig as Skepper – Verlosser – Herskepper (3.7). Hierdie "ontwerp" dien bloot as eerste moontlike verkenning deur die navorser van die kognitief-terapeutiese terrein, en gee nie voor om alreeds alle besonderhede volledig te verwerk nie. Wel is die navorser daarvan oortuig dat hier 'n navorsingstaak vir die gereformeerde poimeniek blootgelê is. Let wel, "integrasie" is nie soseer ter sprake nie. Dis ook nie wat bevorder wil word nie. Ortodoks-Christelike Teïsme funksioneer as grondslag van "Referensieterapie".

Vanuit hierdie eie grondslag wil hier beradingsontwikkeling plaasvind (3.3.3.3, 3.3.3.5). Ingevolge hierdie oogmerk lyk dit moontlik om te voldoen aan Douglas Bookman (1994:63-97) se uitdaging met die oog op Skrifgetrouheid in berading. Bookman (1994:66) vra in die eerste plek sy ontologiese vraag: "Is dit moontlik vir teologie en psigologie om te integreer?" Bookman bedoel dan **Skrifgebonde** teologie en **Sekulêre** psigologie. Hierop moet daar dan saam met Bookman gestem word: Nee! Skrifgebonde teologie en sekulêre psigologie kan nie integreer nie. Die onderskeie ontologiese en epistemologiese grondslae verhoed sulke integrasie by voorbaat en maak dit selfs 'n etiese onmoontlikheid. Wat Bookman in sy uitdaging egter nie vra nie (en dit is wel belangrik): "Is dit moontlik vir Skrifgebonde

teologie en Skrifgebonde psigologie om te integreer?" Daarop kan die antwoord nie anders wees nie as 'n hartlike "Ja!" (3.3.4.1, 3.4.3). Sy ander vrae is in die lig hiervan dan ook maklik te beantwoord. Sy etiese vraag lui: "Behoort teologie en psigologie te integreer?" Hierby verduidelik Bookman dat nie alle dinge wat moontlik is, eties uitvoerbaar is nie. Openbaring is egter 'n Christelike kategorie breër as die Heilige Skrif (2.3, 3.3.3.3.c, 3.3.3.5, NGB art. 2). Bookman (1994:68 e.v.) ken hierdie argument, maar noem dit die sogenaamde "tweeboek dwaling". Weereens is dit nodig om Bookman se ontologiese dilemma in ag te neem: **Skrifgebonde** teologie en **Sekulêre** psigologie. Binne Ortodoks-Christelike Teïsme, bestaan Bookman se dilemma nie. God se "algemene" openbaring en sy "besondere" openbaring stry nie met mekaar nie (3.3.3.2, 3.3.3.3). Anders gestel, tussen natuur en Skriftuur bestaan daar konfessioneel gesproke, in terme van die gereformeerde belydenis, nie spanning nie (Van Til, 1946:263-301). Hier hoef dus nie van 'n verskuilde epistemologiese "dwaalleer" sprake te wees nie. Alle Christelike arbeid is egter mensewerk, en dus voortdurend onderworpe aan reformasie.

Tot sover is die waterskeidende kwessies aan die orde gestel. Die vrae wat volg, is van 'n ander orde. Vervolgens vra Bookman (1994:66): "Hoe behoort teologie en psigologie geïntegreer te word?" Dit is dan die metodologiese kwessie. Sy klag is dat menige "integrasiemodelle" graag op die vlak van metodologie werk, sonder om ontologies en epistemologies verantwoordend te wees. In "referensieterapie" tree sowel grondslag as metodologie in noue verband met mekaar op (3.3.4.1, 3.7). Uiteindelik lui dus die hoofvraag: "Is getrouheid aan die Skrif en 'n verbintenis om mense te help, moontlik deur teologie en psigologie te integreer?" Nogmaals moet gestel word dat Bookman se basiese dilemma nie deel vorm van die huidige navorsingstuk se uitgangspunte nie. Die riglyne wat volg, wil graag in ooreenstemming wees met die voorgestelde ontwerp vir "Referensieterapie". Hierdie ontwerp verskil beduidend van Beck se "Kognitiewe terapie". Die ontologiese en epistemologiese grondslae maak juis daardie verskil. Niks in die skepping ontstaan en bestaan los van God Drie-enig nie (2.3, 2.5.1, 2.5.1.4). Alle skeppingsgegewes getuig van God, selfs daar waar God bewustelik ontken en misken word (2.5.3, 2.5.3.1, 3.3.3.4.c). Die skets hieronder beeld die moontlike ontwerp vir referensieterapie uit:




**Referensieterapie** vorm deel van 'n Skrifgebonde benadering tot berading en tree nie selfstandig naas eksponente van Skrifgebondenheid op as 'n sogenaamde "nuwe" benadering nie. Gegewe die Adams-tradisie met betrekking tot berading wil referensieterapie slegs 'n korreksie en 'n verdere verfyning wees op 'n enkele onderdeel. Sowel "vertikaal" as "horisontaal" word gepoog om binne die klassiek-gereformeerde raamwerk van teologiebeoefening, verbeterde hulpgewing te bevorder (3.3.4.1, 3.4.3, 3.4.4, 3.4.6). Binne die breë geheel van Skrifgebondenheid, wil hier slegs gewys word op die belang van vooronderstellings by die beradene (2.5.1.4, 2.5.2.1, 2.5.3.1, 2.5.4, 2.6.1, 2.7.2.1, 2.7.2.2, 2.7.2.3, 2.7.3.1, 2.7.3.2, 2.7.3.3, 2.7.4.1, 2.7.4.4, 2.7.5.1, 2.7.6), dat dit bewustelike verrekening verg (2.7.3.3,

2.7.4.1, 4.8.1.1, 4.8.2.1, 4.8.3.1, 4.8.4.1, 4.8.5.1, 4.8.6.1, 4.8.7.1, 4.8.1, 4.9.1.1, 4.9.2.1, 4.10) en wel tydens berading verrekenbaar is (2.7.3.1, 2.7.5.1, 3.3.4.4).

Om sake so eenvoudig as moontlik te hou, word die ontwerp om vooronderstellings tydens berading te verreken, tweedimensioneel in die vorm van 'n "roomys"-kegel voorgestel. Alle skeppingsgegewes voor-onder-stel God Drie-enig volgens hierdie ontwerp (2.7.2.3, 2.7.3.2, 2.7.5.1). Kognitief-terapeutiese aspekte word 'n plek gegee binne die kegel, waarvan alles vanuit God Drie-enig ontspring. Die kegelvormigheid daarvan word as noodsaaklik beskou, omdat die grondslae van kognitiewe terapie ten onregte onder meer naturalisties, ewolusionisties en materialisties van aard wil wees (3.4.5). Tipies Kantiaans, word God Drie-enig gerieflikheidshalwe buite beeld gelaat (3.3.4.3.c, 3.3.4.3.g). Daarom dat die kognitief-terapeutiese model gewoonlik net voorgestel word as 'n enkelvlakkige "hot cross bun" (3.3.4.3.g). Psigologie gee dus kognitief-terapeuties (ironies genoeg tog) voor om religieus "neutraal" te wees, terwyl sodanige neutraliteit nie bestaan nie. So gesien, pretendeer die psigologie om geen teologiese implikasies te hê nie. Beradenes se vooronderstellings word derhalwe ten onregte as blote "hipoteses" hanteer (3.3.4.3.g). Suiwer pragmaties, beoog kognitiewe terapie funksionaliteit sonder om daardie funksionaliteit in verband met Christus te bring. Bekering is daarom nie ter sprake nie. Die noodsaak van Christus se kruisdood en opstanding blyk daarvolgens irrelevant. Deurlopende afhanklikheid van die werking van die Heilige Gees kom nie in beeld nie. Daarteenoor figureer God Drie-enig as kernbelangrik in Ortodoks-Christelik-Teïstiese besinning. Openbaringspresupposisioneel is God Drie-enig onopgeefbaar. Hy is vooronderstelling van die mens ("beeld van God") en die werklikheid ("skepping") in sy ganse sintotaliteit (2.5.1; 3.3.3.5; 3.4.3). God Drie-enig is die deurslaggewende bepaler ("ultimate condition") van alle werklikheidsin (3.3.3.2, 3.3.3.5). Die werklikheid is nie opdeelbaar in allerlei vorme van dualismes nie (3.3.3.2). "Geestelik" is nie 'n sogenaamde "ekstra" wat êrens nog moet bykom nie. Die hele kosmos is "geestelik" van aard, met ander woorde staan in betrekking tot God Drie-enig. Elke lewensterrein en lewensaspek staan onder die koningskap van God Drie-enig. Ortodoks-Christelike-Teïsme wil alle werklikheidsgegewe met betrekking tot berading, binne die klassiek-gereformeerde raamwerk verwerk (3.3.4.1; 3.4.3). Dis 'n inklusiewe benadering (4.4; 3.3.4.3.g; 3.3.4.3.d). Inklusiwiteit beteken hier nie sinkretistiese integrasie van heidense en Christelike gedagtegoed nie. Inklusiwiteit beteken 'n verbintenis om aan die volheid van God se openbaring in sowel die natuur as die Skriftuur volle reg te doen, gegewe die verskeidenheid nuanses wat dit meebring. Nie net Christene ontvang gawes om God mee te dien nie (2.5.3, 2.5.3.1, 3.3.3.2, 3.3.4.1, 3.4.3). Christene streef deur die werking van die Heilige Gees wel daarna om Godverheerlikend om te gaan met die rykdom aan gawes wat God uit vrye guns gee. Godverheerliking vind slegs plaas op basis

van die persoon en werk van Jesus Christus, en wel deur die persoon en werk van die Heilige Gees tot eer en heerlikheid van die Vader – uit wie en deur wie alles is (2.5.1.2, 2.5.3, 2.5.3.1, 2.7.3.1, 2.7.3.3).

## 5.4 VOORLOPIGE RIGLYNE VIR BERADING NA AANLEIDING VAN DIE VOORGESTELDE ONTWERP

Riglyn no. 1: VOORONDERSTELLINGS VEREIS VERREKENING

Beraders het nodig om te besef dat beradenes vooronderstellings het wat Christelik-funksioneel/disfunksioneel invloed uitoefen op die beradingsproses (3.3.4.3.g, 4.8.1.1, 4.8.2.1, 4.8.3.1, 4.8.4.1, 4.8.5.1, 4.8.6.1, 4.8.7.1, 4.8.1, 4.9.1.1, 4.9.2.1, 4.10). Nie net beraders het vooronderstellings nie. Ook die beradene kom na beradingsessies met vooronderstellings. Jay Edward Adams het self al daarop gewys (3.4.1). Na aanleiding van die postmodernisme, is by die beradene ook sprake van "magspel" en "agterliggende belange" wat op tafel moet kom as deel van die *humana* (3.5). Die Skrif dui op 'n aantal plekke (wat tydens die navorsing ondersoek is) die gegewenheid van vooronderstellings aan (2.5.3.1, 2.6.1, 2.7.2.1; 2.7.2.2; 2.7.2.3; 2.7.3.1; 2.7.3.2; 2.7.3.3; 2.7.4.1; 2.7.4.4; 2.7.4.4, 2.7.5.1, 2.7.6). Na aanleiding van 3.3.4.3.g, word die raamwerk soos volg voorgestel:

Vooronderstelling (Grondoortuiging)
↓
Brug na vooronderstelling
↪ Gesindheid
↪ Aanname(s)
↪ Leefreël(s)

↓

Situasie ➡ Spontane (Outomatiese) gedagte ➡ Reaksie i.t.v.
↪ Emosie
↪ Optrede
↪ Liggaam

Voorbeeld (3.3.4.3.h):

> Sarie klop aan vir berading. Sy het huweliksprobleme met Hans. Hans raak geïrriteerd as sy byvoorbeeld by hom 'n drukkie soek. Hy stoot haar sommer weg. Sarie voel dat haar emosionele behoeftes nie bevredig word nie. Dit maak haar kwaad. Sarie se ervaring van kwaadwees vervreem haar egter van Hans. Al hoe meer begin Hans hom van Sarie distansieer. Sarie se onsmaaklike optrede steek Hans dwars in die krop. Emosioneel groei Sarie en Hans konstant verder uitmekaar uit. Die spreekwoordelike "huweliksboot", begin in onstuimige waters vaar. Die huwelik dreig om op die rotse te beland.

Die berader wat bloot na die "storielyn" van hierdie verhaal luister, gaan nie dieper grawe om bewustelik te soek na die vooronderstellings wat hier optree nie. Goed bedoelde luister kan plaasvind, selfs 'n behandeling van byvoorbeeld 1 Kor. 7:3 en 4, asook Ef. 5:22-31. Advies kan gegee word dat Sarie en Hans mekaar se "liefdestaal" begin praat. As die berading werklik effektief wil wees, sal die berading moet uitkom by onder andere Sarie se vooronderstelling, te wete: "Ek is sielalleen!"

Riglyn no. 2: VOORONDERSTELLINGS AS TRANSENDENTALE PUNT VAN VERWYSING WORD ONDERSKEI VAN AKSIOMAS EN HIPOTESES

Die berader het nodig om 'n duidelike perspektief met betrekking tot vooronderstellings by die beradene te vorm: Vooronderstellings oftewel "grondoortuigings" is *a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another.* Vooronderstellings is transendentale verwysingspunte (3.3.3.4.c). Alle werklikheidsgegewe tree transendentaal op as punt van verwysing. Alle werklikheidsgegewe verwys ('refereer' – ingevolge waarvan "Referensieterapie") na God Drie-enig. Vooronderstellings is derhalwe nie bloot pragmatiese "hipoteses" nie. Vooronderstellings is ook nie fondasionalistiese "aksiomas" nie. Vooronderstellings is koersbepalende grondoortuigings wat deurlopend transendentaal toetsbaar funksioneer. Vooronderstellings ontbloot mense se diepste hartsverbintenis (3.7).

Voorbeeld (3.3.4.3.h):

Beraders wat vir Sarie en Hans wil help, kan op een van drie maniere met vooronderstellings omgaan: (a) Vooronderstellings kan aksiomaties hanteer word. Hetsy Hans of Sarie of albei, moet dan bloot in

hulle (onskriftuurlike) "opvatting" verander. Hans of Sarie of albei, word derhalwe opgeroep om nie selfgesentreerd te wees nie, selfverloënend op te tree en mekaar in ag te neem. (b) Vooronderstellings kan hipoteties hanteer word. Hetsy Hans of Sarie of albei, kan 'n aantal werkbare opsies naas mekaar oorweeg. Die mees werkbare opsie wat die meeste bevrediging vir altwee betrokkenes mag meebring, triomfeer uiteindelik. Daar word gestreef na 'n wen-wen-opsie tussen die twee huweliksmaats. Ontdekkend-begeleidend kan bv. Sarie gehelp word om met betrekking tot Hans in te sien: "Ek is nie sielalleen nie!" (c) Vooronderstellings kan referensieel hanteer word. Hetsy Hans of Sarie of albei oorweeg moontlike opsies ter bevrediging in verhouding tot God Drie-enig. Die vooronderstelling: "Ek is sielalleen!" vertel dan nie net iets van Sarie, haar leefomgewing (waaronder Hans) en haar toekoms nie. "Ek is sielalleen!" vertel ook iets van Sarie in verhouding tot God Drie-enig. Na aanleiding van 3.7, word vooronderstellings referensieel soos volg duidelik gemaak:

REFERENSIE-TERAPEUTIESE IDENTIFISERING VAN VOORONDERSTELLINGS

Hans vertroetel my nie.
(Wat is so sleg daaraan?)

↓

Hoewel ek vertroeteling gee, ontvang ek nie vertroeteling nie.
(Wat sê dit van my?)

↓

Ek sal nooit die aandag ontvang wat ek nodig het nie.
(Wat sê dit van my?)

↓

Ek is sielalleen.
(Wat sê dit van my?)

↓

Ek is bestem vir eensaamheid
(Wat sê dit van God?)

↓

God het my gemaak om sielalleen te bestaan.
(Wat sê dit van God?)

↓

God is die oorsaak van my eensaamheid

(Wat sê dit van God?)

↓

God is 'n gevoellose outeur/bedryfsingenieur

(Disfunksionele Godsbeskouing/voorstelling)

Riglyn no. 3: VOORONDERSTELLINGS IS CHRISTELIK GESPROKE FUNKSIONEEL OF NIE

Beraders het nodig om 'n duidelike perspektief met betrekking tot die Christelike funksionaliteit en disfunksionaliteit van vooronderstellings by die beradene te vorm. Nie alle vooronderstellings is God-verheerlikend nie. Juis Godverheerliking is die hoofmotief vir die mens se bestaan op aarde (2.5.1.2, 2.5.3). Funksionaliteit hou (Ortodoks) Christelik gesproke verband met die eer van God. Vanweë die sondeval, is daar onvermydelik sprake van disfunksionaliteit (2.5.1.2, 2.5.3). Disfunksionaliteit in hierdie verband is 'n noëtiese begrip, en dus nie 'n rasioneel-pragmatiese begrip soos by die kognitiewe terapie van Aaron Temkin Beck nie. Met ander woorde: menslike ("denk-") funksionering is geaffekteer deur die sondeval: totaal verdorwe (2.4.1, 2.5.1.4, 2.5.1.2, 2.5.1.3, 2.5.1.4). Totale verdorwenheid bedoel nie dat die mens so sleg is as wat die mens maar kan wees nie, en kleur die skepselmatigheid van die mens nie tot 'n onsmaaklike en neerslagtige negatiwisme nie. Totale verdorwenheid dui wel daarop dat die mens in sy skepselmatige bestaan, geheel en al deur die sonde geaffekteer is. Geen lewensaspek van die mens het aan die sondeval ontkom nie. Trouens, selfs die geskape werklikheid is vanweë die mens aan die sondeval onderwerp. Die mens het dus ten diepste nood aan verlossing (Jesus Christus) en vernuwing (die werking van die Heilige Gees) oftewel "herstel" om dit te kan regkry om God te verheerlik. Klassiek-reformatories beteken hierdie sonde-erkenning positief-opbouend: "Ek kan anders!" Alle vooronderstellings (metafisies, epistemologies en moreel) is dus deurlopend onderhewig aan openbaringskritiek: "A reformed habit of mind is to invite criticism". Openbaring is 'n begrip breër as die Heilige Skrif. Daarmee word bedoel dat nie alle moontlike openbaringskritiek in die Skrif opgeteken staan nie. Wel vorm die Heilige Skrif, as besondere openbaring, 'n genoegsame "hermeneutiese bril" en die pneumatologiese rigtingwyser hoe gelowiges openbaringskrities te werk mag gaan. Heilswerk – funksionaliteitherstel – sowel Skriftotstandkomend as Skrifontsluitend, is werking van die Heilige Gees. So ontstaan, deur die sorg van God die Vader, in Christus, deur die werking van die Heilige Gees die interpretasiekader waarvolgens alle skeppingsmatige openbaringsgetuienis 'n heilskritiese gerigtheid

ontvang, tot onderlinge opbou in die KERK VAN CHRISTUS. Daar moet egter onthou word dat – Christelik gesproke – álle mense, ongeag geslag, taal, ras, volk en nasionaliteit kan baatvind by hierdie funksionaliteit in (Ortodoks) Christelik-teïstiese sin.

Voorbeeld (3.3.4.3.h):

Die vooronderstelling "Ek is sielalleen!", is nie 'n neutrale oftewel bloot "psigologiese" aangeleentheid nie. "Ek is sielalleen!" is teologies gelade. Daarin tree 'n punt van verwysing met betrekking tot God aan die lig. Hieroor kan die Skrif deur berader en beradene saam bestudeer word, byvoorbeeld in die lig van Gen. 2:18 (*Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie* – OAV). Die vooronderstelling "Ek is sielalleen!" vereis derhalwe "bekering", asook genadegroei in terme van heiligmaking (3.7). Let weer op die disfunksionele teologiese inhoud van "Ek is sielalleen":

Ek is bestem vir eensaamheid
(Wat sê dit van God?)
↓
God het my gemaak om sielalleen te bestaan.
(Wat sê dit van God?)
↓
God is die oorsaak van my eensaamheid
(Wat sê dit van God?)
↓
God is 'n gevoellose outeur/bedryfsingenieur
(Disfunksionele Godsbeskouing/voorstelling)

Riglyn no. 4: VOORONDERSTELLINGS TREE IN SAMEHANG EN TEMAS OP

Beraders het nodig om te besef dat vooronderstellings by die beradene in samehang en tematies optree (3.3.4.3.h, 4.5, 4.8.1, 4.9.1.1, 4.9.2.1). Verskeie kategorieë en temas is reeds geïdentifiseer wat in verband staan met disfunksionaliteit. So ontstaan begrip daarvoor dat sommige oortuigings baie moeilik verander. Berading is genoodsaak om hierdie samehange en temas te verken, ten einde

perspektiefverbredend met diagnose en terapie te kan omgaan. "Her-programmering" van die beradene is nie 'n simplistiese eenvoudigheid nie. Die volgende kategorieë en temas is al geïdentifiseer:

Kategorie no. 1 – Skeiding en verwerping

- Verlating/onstabiliteit
- Wantroue/mishandeling
- Emosionele armoede
- Gebrekkigheid/skande
- Sosiale isolasie/vervreemding

Kategorie no. 2 – Beskadigde selfstandigheid en prestasie

- Afhanklikheid /onbekwaamheid
- Broosheid met betrekking tot leed/siekte
- Verstriktheid/onderontwikkelde self
- Mislukking

Kategorie no. 3 – Beskadigde grense

- Meerderwaardigheid/grandiositeit
- Onvoldoende selfbeheer/selfdissipline

Kategorie no. 4 – Andergerigtheid

- Onderdrukking
- Selfopoffering
- Soek aanvaarding/erkenning

Kategorie no. 5 – Oorbeskerming en inhibisie

- Negatiwiteit/pessimisme
- Emosionele inhibisie

- Onbereikbare standaarde/hiperkrities
- Uitermatige bestraffing

Voorbeeld (3.3.4.3.h):

Die vooronderstelling "Ek is sielalleen!" vorm deel van die kategorie wat skeiding en verwerping behels. Beradenes in hierdie kategorie ly gewoonlik aan 'n vorm van trauma-belewing. Die terapeutiese verhouding is krities belangrik. Beradenes sukkel om 'n positief-opbouende verhouding te vestig. Die tema van emosionele armoede maak beraders gevoelig daarvoor dat beradenes beleef dat hulle nie voldoende aandag en diep-emosionele betrokkenheid sal ontvang nie. In kort kan dit as volg voorgestel word:

- Vooronderstelling: Ek is sielalleen!
- *Schema*: Emosionele Armoede
- Kategorie: Skeiding/verwerping

Riglyn no. 5: ALLE WERKLIKHEIDSERVARING VERWYS NA GOD

Beraders het nodig om te besef dat alle verbale en nie-verbale data in verband met uitsprake (segginge), beskouings en lewenservaring in die lewensgeskiedenis van die beradene, God vooronderstel. Die mens is immers *as* beeld van God geskape. Die is mens is *nèfèsj – Gänzlich* (2.5.1, 2.5.1.1). Verken vooronderstellings (holisties) by die beradene deur middel van 'n openbaringspresupposisionele oriëntasie in verhouding tot tyd-historiese, liggaamlike, omgewings-, emosionele, verstandelike en gedragtelike aspekte van die beradene (3.7). Die werklikheidsgegewenheid van die mens staan ten nouste in verband met God. Iemand hoef dus nie die woord "God" in 'n sin te gebruik om daadwerklik "God-getuigend" op te tree nie. Die beradene word dus deurlopend in verhouding tot die beradene se buite-kosmiese oriëntasiepunt beskou en hanteer. Tog is alle binne-kosmiese betrekkinge interaktief van belang (3.3.4.3.g) 'n Ope oog vir sodanige verbondenheid en betrokkenheid bied 'n skerper fokus op dit wat werklik as disfunksionaliteit Godverheerliking kortwiek.

Voorbeeld (3.3.4.3.h):

Sarie en Hans se verhouding met God is nie iets bykomstig of ekstra waaroor gepraat hoef te word nie. God is deurlopend aanwesig in die manier hoe Sarie en Hans hulleself uitdruk, hulle lewe leef en beleef (geleef en beleef het). Sarie se vooronderstelling "Ek is sielalleen", hou verband met God; "God is 'n gevoellose outeur/bedryfsingenieur". Vergelyk net weer:

Ek is sielalleen.
(Wat sê dit van my?)
↓
Ek is bestem vir eensaamheid
(Wat sê dit van God?)
↓
God het my gemaak om sielalleen te bestaan.
(Wat sê dit van God?)
↓
God is die oorsaak van my eensaamheid
(Wat sê dit van God?)
↓
God is 'n gevoellose outeur/bedryfsingenieur
(Disfunksionele Godsbeskouing/voorstelling)

<u>Riglyn no. 6</u>: DAAR MOET BEWUSTELIK NA VOORONDERSTELLINGS GELUISTER WORD.

Spesifieke vooronderstellingsmerkers tree op in die manier waarop beradenes praat (3.3.4.3.f, 3.3.4.3.m), bv:

Alles-of-niks-denke: (Wit/Swart) "As ek nie vandag wen nie, is ek sommer heeltemal hopeloos."
Oorveralgemening: (Altyd en Nooit) "Sy los altyd haar klere op die vloer."
Filtrering: Sonder 'n enkele negatiewe detail uit en fokus net daarop.
Verkleinering van die positiewe: Maak asof 'n prestasie of komplement nie soveel waarde het nie.

Spring tot gevolgtrekkings:

| | |
|---|---|
| Lees van gedagtes: | "Hy dink seker ek kan nie bestuur nie." |
| Voorspel die toekoms: | "Ek gaan nog 'n senuwee-ineenstorting kry." |
| Oordrywing: | "Ek sal enige iets doen om die pyn te verlig." |
| Gevoelsredenering: | "Ek voel soos 'n idioot net om in sy teenwoordigheid te wees" |
| "Moet-stellings": | "Apartheid moes eenvoudig nie gewees het nie" |
| Etikettering: | "Ag, man jy is 'n regte sot!" / "Wat 'n pateet!" |
| Verpersoonliking: | "Ek is 'n swak pa!" (Die pa se seun tree ongemanierd op by die kerk.) |
| Katastrofale: | "Hulle gaan my afdank as ek nie maak soos hulle sê nie." |
| Onlogiese afleidings: | "Omdat ek werkloos is, moet ek enige werk vat wat na my kant toe kom." |

<u>Riglyn no. 7</u>: 'N TERAPEUTIESE VERHOUDING VEREIS GESKIKTHEID VIR TERAPIE

Bepaal die geskiktheid van die beradene vir terapie (3.3.4.3.i):

- Krisisse behoort uitgestryk te wees.
- Beradenes moet nie psigoties wees nie.
- Akute kliniese/mentale versteurings moet eers behandel word.
- Chemiese afhanklikheid moet geminimaliseer word.
- Patologiese leefsituasies moet eers aandag ontvang.

Bied insig aan die beradene in verband met vooronderstellings en verkry 'n betroubare verbintenis by die beradene met betrekking tot die beradingweg in verhouding tot vooronderstellings.

<u>Riglyn no. 8</u>: DIE TERAPEUTIESE WEG IS 'N ONTDEKKINGSTOG

Beraders stap 'n ontdekkende, medewerkende en oorlegplegende pad saam met die beradene insake Christelik-disfunksionele vooronderstellings. Die pastorale grondhouding kan byvoorbeeld in Paulus se woorde vertolk word: "Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie" (OAV – Fil. 3:12).

<u>Riglyn no. 9</u>: DIE TERAPEUTIESE WEG BERUS OP SPANWERK

Beraders én beradenes identifiseer en lokaliseer gesamentlik vooronderstellings wat Christelik-disfunksioneel van aard is. Voorbeelde van disfunksionele vooronderstellings is as volg (3.3.4.3.g):

| VOORONDERSTELLINGS I.V.M. HULPELOOSHEID | |
|---|---|
| Ek is hulpeloos. | Ek is onvoldoende. |
| Ek is magteloos. | Ek is oneffektief. |
| Ek is buite beheer. | Ek is onbekwaam. |
| Ek is swak. | Ek is 'n mislukking. |
| Ek is broos. | Ek is veragtelik. |
| Ek is behoeftig. | Ek skiet te kort. |
| Ek is vasgevang. | Ek is nie goed genoeg nie. |

| VOORONDERSTELLINGS I.V.M. ONBEMINLIKHEID | |
|---|---|
| Ek is onbeminlik. | Ek is onwaardig. |
| Ek is lelik. | Ek is anders. |
| Ek is onbegeerlik. | Ek is foutief (Ander hou nie van my nie) |
| Ek is onaantreklik. | Ek is ongeliefd. |
| Ek is ongewens. | Ek is bestem vir verwerping. |
| Ek is onversorg. | Ek is bestem vir weggooi. |
| Ek is sleg. | Ek is bestem vir eensaamheid. |

Verder kan nog 'n aantal moontlikhede genoem word hoe om identifisering en lokalisering te laat plaasvind (3.3.4.3.k, l en m) :

- Maak 'n probleemlys.
- Let op verskuilde probleme (sake wat nie pertinent genoem word nie – waaroor die beradene miskien skaam voel, geïrriteerd raak, wat verband hou met lewensgeskiednis of betekenisvolle verhoudings).
- Let op moontlike verbande tussen die onderskeie probleme.
- Verskerp die beradene se waarneming met betrekking tot emosies en gedagtes. (Dis die bakermat van 'n benadering wat met vooronderstellings wil werk.)
- Leer die beradene onderskei tussen spontane gedagtes, die brug na die vooronderstelling en dan die grondoortuiging oftewel vooronderstelling self (Greenberger en Padesky se boek *Mind over Mood* is hier 'n nuttige instrument – www.padesky.com).
- Leer die beradene die verbandhoudende aard tussen liggaam en gedagtes; gedagtes en omgewing, die rol van gemoed, asook die verband tussen situasie, gemoed en gedagtes.
- Maak gebruik van gedagte-, emosie- en liggaamlike belewingsregisters.
- Maak gebruik van meetinstrumente.
- Maak gebruik van die "Down Arrow"-tegniek.
- Wys op gedagtevooroordele.
- Prioriseer en fokus op sterk funksionerende oortuiging wat disfunksioneel optree.

Riglyn no. 10: VERANDERING STEL GOD SENTRAAL.

Voordat beraders en beradenes aan bewuste verandering van disfunksionele vooronderstellings werk, word eers stilgestaan by die sentraliteit van God Drie-eenig in verhouding tot vooronderstellings (2.3, 2.7.2.2, 2.7.3., 2.7.3.1, 2.7.3.2, 2.7.5.1). Die Skrif is daaroor duidelik dat vooronderstellings nie bloot 'n binnekosmiese proposisie is nie. God as Vader, Jesus Christus as Seun en die Heilige Gees wat van die Vader en die Seun uitgaan, tree op as "vooronderstelling", koersbepaler, rigpunt in die lewe van die gelowige. Die Skrifgetuienis verskil insake vooronderstellings verskil juis op hierdie punt met die heidense filosowe. Beradenes het nodig om daaroor duidelikheid te hê. Daarin is ook die trialogiese verband geleë van pertinent Christelike berading.

Riglyn no. 11: PERSOONLIKE REFORMASIE BEHELS PRAKTIESE AKTIWITEITE

Beraders en beradenes werk gesamentlik, biddend-afhanklik om disfunksionele vooronderstellings te reformeer tot 'n God-verheerlikende funksionaliteit by die beradene. Onder andere kan aan die volgende aandag bestee word (3.3.4.3. 1 en m) –

- Toets disfunksionele vooronderstellings deur openbaringspresupposisioneel verskillende alternatiewe te oorweeg (waarby tersake Skrifstudie ingereken word).
- Evalueer die stawende bewyse wat dien as begronding vir disfunksionele oortuigings.
- Analiseer oortuigings in terme van 'n koste-voordeel-vergelyking.
- Gebruik rollespel om disfunksionele vooronderstellings te demonstreer en te evalueer.
- Maak gebruik van eksperimente.
- Maak gebruik van metafore.
- Maak gebruik van ekstreme kontras.
- Skenk aandag aan visuele beelde.
- Herstruktureer vroeë herinneringe.
- Ontwikkel flitskaarte.
- Werk van die evaluering van iemand anders se disfunksionele oortuiging na die eie disfunksionele oortuiging.
- Formuleer 'n funksionele oortuiging in kontras tot die disfunksionele oortuiging.
- Ontwikkel tuiswerkopdragte.

Riglyn no. 12: OM BERADENES OP TE VOLG, IS BELANGRIK

Beraders (3.3.4.3.i) volg beradenes op tydens huisbesoeke insake vooronderstellings wat na aanleiding van beradingsessies verandering moes ondergaan (in geval van predikante/pastore). Predikante het deur middel van huisbesoek sekerlik 'n voordeel ver bo ander beraders. Tydens huisbesoek, kan die predikant opvolg insake die volhardende proses van verandering. Die bedoeling is dus nie om *ad infinitum* besig te wees met terapie nie. Maar beradingsessies moet nou ook weer nie in die lug hang nie. Deur met tussenposes van ses maande 'n paar keer op te volg, bestendig die veranderingsproses en verseker dat die beradene selfstandig regkom. Indien nodig, kan weer pastorale sessies geskeduleer word om vorderinge in oënskou te neem, moontlike probleme te hanteer en rugsteun te bied. Om op te volg, stel ook in staat dat op ander sake voorkomend gewerk kan word, eerder as nasorglik.

<u>Riglyn no. 13</u>: DIE BERADER IS DEURLOPEND OOP VIR PERSOONLIKE REFORMASIE

Beraders hou tydens die hele proses in gedagte dat die berader se eie vooronderstellings deurlopend interaktief met die vooronderstellings by die beradene optree. Die wondergawe van berading is dat die proses nie alleen die beradene raak nie, maar ook die berader. Die berader is in 'n sekere sin self beradene tydens die beradingsproses, waardeur die vooronderstellings van die berader deurlopend 'n rol speel en selfs verandering kan ondergaan. Veral in die lig daarvan dat die pastorale berading trialogies van aard wil wees. God die Vader werk in Christus deur die Heilige Gees nie net met die beradene tydens beradingsessies nie, maar ook met die berader. Enersyds moet die berader waaksaam wees dat eie disfunksionele vooronderstellings ongemerk tydens die beradingsproses ingedra word. Andersyds is dit vir die berader raadsaam om daarvoor oop te wees dat eie vooronderstellings deur die Heilige Gees mag verander. Ten tyde van die "uitsiglose verhouding" het die navorser as berader byvoorbeeld so 'n gewaarwording beleef. Die spesifieke beradingsaangeleentheid, is voorlopig afgesluit. Daar is na 'n lang periode uiteindelik 'n oortuigde punt van duidelikheid bereik. Moreel het 'n veel suiwerder situasie ontstaan. Sowel na die gemeenskap van die plaaslike kerk as die omgewing, sein die leefomstandighede in hierdie stadium die heiligmakende werk van Christus deur die Heilige Gees, te midde van groot liefde en geduld. Tog het die navorser as berader gewaar dat hyself 'n intense gevoel van "mislukking" beleef. Die navorser voel hy kon meer gedoen het, kon dit anders gedoen het, kon dit beter gedoen het. Hy voel persoonlik verantwoordelik dat die saak nie spreekwoordelik 'n "gelukkige einde" ("happy ending" – "and they lived happily ever after") gehad het nie. Selfondersoek dui in die rigting van 'n disfunksionele vooronderstelling: "Ek is oneffektief". Deur te "leef wat die berader predik", bied elke beradingsgeleentheid in feite aan die berader die moontlikheid van volhardende heiligmaking. Indien Paulus se beginwoorde in Fil 3:12 betrekking het op die grondhouding met betrekking tot berading, net so goed die Skrifgedeelte in sy geheel:

> **Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar <u>ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek deur Christus Jesus gegryp is</u>** (OAV – Onderstreping JB)

> **Nie dat ek dit alles al bereik het, of al klaar volmaak is nie. Maar <u>ek hou aan jaag om dit myne te maak omdat Christus Jesus my Sýne gemaak het!</u>** (NLV – Onderstreping JB)

## 5.5. HOOFSTUKSAMEVATTING

Met hoofstuk 5 is aan die laaste deel van die navorsingsdoel aandag bestee: "hoe die berader vooronderstellings moet verreken". Daarvoor is gepoog om 'n terapeutiese ontwerp daar te stel, te wete "Referensieterapie" (5.3). Die woord "referensie" hou verband met die Cornelius Van Til-Hendrik Stoker-benadering tot vooronderstellings as 'n punt van verwysing met betrekking tot God, waarin alle skeppingsgegewes verwys (refereer) na God Drie-enig as Skepper – Verlosser – Herskepper. Vanuit hierdie eie grondslag wil hier beradingsontwikkeling plaasvind. Ingevolge hierdie oogmerk lyk dit moontlik om te voldoen aan Douglas Bookman se uitdaging met die oog op Skrifgetrouheid in berading. **Referensieterapie** vorm dus deel van 'n Skrifgebonde benadering tot berading en tree nie selfstandig naas eksponente van Skrifgebondenheid op as 'n sogenaamde "nuwe" benadering nie. Gegewe die Adams-tradisie met betrekking tot berading wil referensieterapie slegs 'n korreksie en 'n verdere verfyning wees op 'n enkele onderdeel. Sowel "vertikaal" as "horisontaal" word gepoog om binne die klassiek-gereformeerde raamwerk van teologiebeoefening verbeterde hulpgewing te bevorder betreffende "vooronderstellings". Ingevolge hierdie ontwerp word 'n aantal riglyne voorgestel as raamwerk vir terapie (5.4):

1) Vooronderstellings vereis verrekening.
2) Vooronderstellings as transendentale punt van verwysing word onderskei van aksiomas en hipoteses.
3) Vooronderstellings is Christelik gesproke funksioneel of nie.
4) Vooronderstellings tree in samehang en temas op.
5) Álle werklikheidservaring verwys na God.
6) Daar moet bewustelik na vooronderstellings geluister word.
7) 'n Terapeutiese verhouding vereis geskiktheid.
8) Die terapeutiese weg is 'n ontdekkingstog.
9) Die terapeutiese weg berus op spanwerk.
10) Verandering stel God sentraal.
11) Persoonlike reformasie behels praktiese aktiwiteite.
12) Om beradenes op te volg, is belangrik.
13) Die berader is deurlopend oop vir persoonlike reformasie.

Hoofstuk 6 vat die geheel van die navorsingsverslag saam.

# HOOFSTUK 6


BESPREKINGSOORSIG
Inleiding (1)
REGULATIEWE SIRKEL
Riglyne (5)
HERMENEUTIESE SIRKEL
Metateoretiese perspektiewe (3)
Skrifperspektiewe (2)
EMPIRIESE SIRKEL
Empiriese navorsing (4)
Slot: Samevatting (6)

## 6.1 TERUGBLIK

Die navorsingsverslag kan nou saamgevat word. In hierdie verslag is die volgende sentrale teoretiese argument ondersoek:

> *Begrip oor die identifisering en verrekening van vooronderstellings by beradenes kan die pastorale beradingsproses se effektiwiteit verhoog* (1.3).

Agtergrond vir hierdie argument word gevind in die beradingstradisie van Jay Edward Adams met daaruit voortspruitende die sogenaamde "Skrifgebonde berading" (1.1). Adams oefen steeds invloed uit met betrekking tot Christelike berading. Hy wou die klassiek-gereformeerde teologie dien met sy "presuppositional method" van Christelike berading. Die woord "presuppositional" is gebruik in aansluiting by Cornelius Van Til. Frame definieer "presupposition" in terme van Cornelius Van Til se teologiese nalatingskap as: <u>a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another</u>. Spesifiek vanuit gereformeerde standpunt is die begrip "vooronderstellings" nog nie diepgaande nagevors met betrekking tot die beradene nie. Dit kom voor asof in Skrifgebonde berading eensydig klem geplaas word op die berader. Die sentrale navorsingsvraag vir die huidige verslag het daarom as volg gelui:

> *Het beradenes se "vooronderstellings" invloed op die beradingsproses en hoe moet die berader dit verreken?*

Die prakties-teologiese model van Heitink is gebruik om hierdie navorsingsvraag te beantwoord (1.4), waartydens drie navorsingsaspekte 'n rol speel, te wete: "Begryp", wat handel oor die hermeneutiese vraag; "Verklaar", wat handel oor die empiriese vraag; en "Verander", wat handel oor die strategiese vraag.

## 6.2 DIE EERSTE HERMENEUTIESE VRAAG

In die eerste plek is, volgens Heitink se model, die hermeneutiese vraag gestel, en wel basisteoreties, naamlik:

> *Watter perspektief bied die Skrif as basis op die navorsingsbegrip "vooronderstelling" met die oog op die beradene?*

Hoofstuk 2 het hierdie vraag probeer beantwoord. Die bydrae van hoofstuk 2 kan soos volg saamgevat word:

"Begryp" staan volgens Heitink se model basisteoreties voorop. Aandag is bestee aan "Wie doen wat", "waarom/waaroor". Basis-teoreties staan die "beradene" - ('wie'), wat vir berading ('doen wat') aanklop in die kollig, by wie "vooronderstellings" ('waarom/waaroor') verreken wil word, uit die perspektief wat die Skrif as navorsingsbasis bied.

Om oor beradenes se vooronderstelling(s) te werk, is 'n teoretiese toespitsing, in terme van basisbegrippe in die poimeniek soos "mensbeskouing", "waarneming" en "lewens- en wêredlbeskouing", waarbinne beradenes se vooronderstelling(s) as skepselmatige (on/)geloofsaktiwiteit funksioneer (2.5.4). Eksplisiete Skrifgetuienis oor die verband tussen waarneming en die vorming van oortuigings spoor daartoe aan om meer toegespitste ondersoek te doen. Daarvoor dien die basisteoretiese raamwerk van Wayne A. Mack as besinningsafbakening. Mack trek in die breë wel geldige lyne (2.7.1.1). Basisteoreties speel die begrip vooronderstelling(s) egter nie 'n rol nie. Vooronderstelling(s) ontvang ook nie pertinente verduideliking nie, hoewel die saak tydens bespreking wel implisiet aanwesig is (2.7.1.1). Hier ontstaan dus 'n leemte om te vul.

Jay Edward Adams kan wel toegegee word dat met 'n groot mate van geldigheid in Gal. 4:3,9 sprake is van vooronderstellings (2.7.2.1). In Heb. 5:12 is sprake van 'n indirekte verwysing na vooronderstelling(s): »στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ« is veronderstel om die nodige koersbepaling, regulering te laat geld, maar dit gebeur nie (2.7.2.2). By wyse van 'n bytende ironie blyk dit daarom dat onderrig opnuut moet

plaasvind in die sogenaamde "eerste beginsels van die woorde van God" oftewel basisonderwys van die geloof (2.7.2.2). Wat natuurlik wel aan die lig tree, is dat die »στοιχεῖα τῆς ἀρχῆς τῶν λογίων τοῦ θεοῦ« koersgewend, rigtingwysend, behoort te wees en dus te funksioneer as vooronderstelling (2.7.2.2). »στοιχεω« funksioneer in terme van vooronderstelling (2.7.2.3). By Gal. 5:25, 6:16 hou »στοιχεω« wel die persoon van die Heilige Gees in, wat koersbepalend optree as "vooronderstelling". Hier is nie sprake van 'n blote proposisie soos by die hellenistiese filosowe nie (2.7.2.3). »στοιχεω« hou in Galasiërs en Filippense as heenwysing na "vooronderstelling(s)" ook verband met die sosiaal-korporatiewe aspek van Christenwees (2.7.2.3).

Paulus se paranetiese appèl in Rom. 12:1 en 2, in terme van lewens*visie* oftewel "beliefs that we *live*", behels bewuste verandering (her-programmering) deur die werking van die Heilige Gees. »σχημα« en »μορφή« vertolk hier 'n belangrike rol. Die Heilige Gees verander »*schema(s)*« as beheersende en koersgewende oortuigings, verweef in die sosiale gedagtenetwerk, waarbinne beradenes leef, en dus van beradenes se sosiaal-gevormde vooronderstelling(s) (2.7.3.1). »*Schema(s)*« as beherende en koersgewende patroonmatigheid waarvolgens die lewe ingerig word, figureer by Petrus (1 Pet. 1:14) meer persoonlik as by Paulus, en wel in die spanningsveld: Selfgesentreerdheid – Heiligheid van God te midde van aanvegting en lyding (2.7.3.2). Vooronderstelling(s) hou hier nie bloot verband met 'n proposisie nie, maar met die Lewende God as heiligingsmodel. Daarin ontvou die karakter van die vooronderstelling (2.7.3.2). Jesus Christus is "μορφή"-bepalend in die daaglikse handel en wandel van gelowiges in die lig van Gal. 4:19. Soos 'n bepalende »μορφή« in jou vorm aangeneem het, as deel van die "νους"-dinamika, sal jy dus lewe (2.7.3.3) »μορφή« funksioneer in die lig van 2 Kor. 3:18 op 'n nog dieper vlak binne die "νους"-dinamika, as wat met »σχημα« die geval is (2.7.3.3). Verder sou 'n mens na aanleiding van 2 Kor. 3:18 kon sê, »μορφή« hou verband met die patroonmatigheid in sy konkreet-eksistensiële "νους"-manifestasie, wat van "binne-uit" aan die lig tree, as ontboeseming van die wérklike innerlike (2.7.3.3). In term van vooronderstelling kan dus geformuleer word: by »μορφή« is sprake van eienaarskap, sélfonderwerping en –identifikasie met die gekonformeerde "belief", maar wel as werk van die Heilige Gees (2.7.3.3). In die lig van Rom. 8:29 verbind »μορφή« met die antropologiese sleutelwoord wat vir die pastoraat kernbelangrik is, naamlik "beeld van God" (2.7.3.3). In die lig van 2 Tim. 3:5 is onderskeiding van belang, om jou deeglik te vergewis van die werklike dryfkrag agter iemand se sogenaamde "beeld van Christelikheid" as weerspieëling van die toegeëiende "oortuigings" (beliefs), waarvoor eienaarskap bestaan

(2.7.3.3). Vooronderstelling(s) kom ook na vore in 2 Kor. 10:4 en 5 (2.7.4.1). Keuses, emosies en optredes te midde van konflik hou verband met beheersende "gedagtes" en "denke" (2.7.4.1). Die intellektuele funksie in verband met beherende gedagtes, kan sodanig belemmer word dat die vermoë ontbreek om op te merk hoe dit aan jouself te wyte is dat die gevolge van die sonde 'n verblindende impak het op jou waarneming (2.7.4.1). Ten diepste behoort beraders hulleself dus af te vra: Watter – beherende – "gedagtes" (vooronderstellings) verhinder beradenes om Christus deur hulle lewe te verkondig? (2.7.4.1)

Vooronderstelling is ook in Markus 7:14-23 ter sprake (2.7.4.3). Dié vooronderstelling hou ten diepste verband met Messiasbeskouing: Is Jesus van Nasaret (gebore te Betlehem) die goddelike wetgewer in Israel? (2.7.4.3) Die vooronderstelling onthul die identiteit en gesag van DIE VERLOSSENDE GOD. Juis dit maak die merkbaar praktiese verskil van hoe jy wil lewe en jou lewe inrig, al verskil dit van duidelike voorskrifte in die O.T. (2.7.4.3) Na aanleiding van die vooronderstelling, Jesus as die Gesalfde (Messiaans), gesagvolle wetgewer, val die funksionering van onder andere "οἱ διαλογισμοὶ" ("gedagtes" – v. 21) binne hierdie konteks op (2.7.4.3).

Die »νους« aspek van die Griekse literatuurwêreld, het egter nie so in die Ou Testament voorgekom nie (2.7.4.4). Begrensing van die ondersoek in hierdie verband is daarom 'n noodsaaklikheid, maar hou nie in dat 'n ondersoek na vooronderstelling(s) in die Ou Testament oorbodig of selfs onmoontlik is nie, soos wat 1 Sam. 17:47 dan ook aan die lig bring (2.7.4.4).

As laaste Skrifgedeelte word 1 Pet. 3:15 hanteer. Daarin kom aan die lig dat vooronderstelling(s) beslis verband hou met "hart" as antropologiese sleutelwoord, waarin heelwat rykdom opgesluit lê met die oog op pastorale berading. Frame is reg. 1 Pet. 3:15 hou verband met vooronderstelling(s) (2.7.5.1). Vooronderstelling is nie maar net 'n klinies-neutrale "gedagte/idee" waaraan jy moet vashou nie. Dit is die lewende, opgestane Messias! (2.7.5.1). Ingevolge 1 Pet. 3:15 kan met reg geformuleer word: Jou waardeleer begin dus by God as Normgewer – na aanleiding waarvan die mens normatiwiteit (normes/beginsels) ontwikkel – waarvolgens waardes (die praktiese uitleef/nie uitleef van norme) realiseer (2.7.5.1). Terapeutiese aspekte soos omgewing, emosie/gemoed, gedrag/optrede, asook gedagtes tree ook nog na aanleiding van 1 Pet. 3:15 duidelik aan die lig. Dit voer beslis ook nie te ver om die aspek van liggaamlike reaksie hierby in te sluit nie. Ook "geheue" speel 'n rol (2.7.5.1). Waar van konflik en lyding

sprake is, dien ingevolge 1 Pet. 3:15 en 4:1, die opgestane Messias as grondoortuiging oftewel voorondersteling van die hart, selfs die doel van "bewapening" vir Christelike funksionaliteit (2.7.5.1).

Gegewe die verstaan van voorondersteling as *a belief that takes precedence over another and therefore serves as a criterion for another,* kan inderdaad op Skrifperspektiewe gewys word as verdere toespitsing van die basisbegrippe "mensbeskouing", "waarneming" en lewens- en wêreldbeskouing, wat daarop dui dat voorondersteling(s) by beradenes verdiskonteer behoort te word (2.7.6).

## 6.3 DIE TWEEDE HERMENEUTIESE VRAAG

In die tweede plek is, volgens Heitink se model, die hermeneutiese vraag opnuut gestel, maar hierdie keer metateoreties, naamlikl:

> *Watter metateoretiese perspektiewe word gebied deur die Filosofie en die Psigologie as aangrensende wetenskappe met betrekking tot die navorsingsbegrip "vooronderstellings" met die oog op die beradene?*

Hoofstuk 3 het hierdie vraag probeer beantwoord. Die bydrae van hoofstuk 3 kan soos volg saamgevat word:

Die taalkundige begrip "voorondersteling" gaan oor dit wat *vooraf* gebeur (3.3.1.1). Die begrip druk die taalassosiasie uit in verband met dit *wat as waar aanvaar – aangeneem – word, 'n punt waarvan denke/redenering vertrek.* Voorondersteling vind plaas in die geestesverwerking van *vermoede.* Hier is sprake van *'n denkbeeld wat as basis dien*, op grond waarvan geredeneer, geglo en opgetree word (3.3.1.1). Jay Edward Adams se woordgebruik betreffende "voorondersteling" is via Cornelius van Til terug te voer na die invloedryke figuur Immanuel Kant (3.3.2), sonder verrekening van wie daar in die huidige tyd nie geteologiseer kan word nie. Die woordgebruik "voorondersteling" hou verband met 'n "Kopernikaanse" omkering in die epistemologie: menslike kennis handel nie oor denk-onafhanklike werklikhede nie (3.3.2.1). Kant se filosofiese keerpunt vind bevestiging deurdat onder andere sielkundiges al meer tot die besef groei dat gedrag nie ondersoek kan word sonder verrekening van die kognitiewe prosesse ten grondslag daaraan

nie (3.3.2; 3.3.4.3.c) Die woordgebruik "vooronderstelling" hou direk verband met onder andere God as 'n transendentale werklikheid (3.3.2.1). Cornelius Van Til gebruik die woord "vooronderstelling" na aanleiding van die wysgerige erflating van Immanuel Kant (3.3.3.2). Verrekening van die Idealisme maak van Cornelius Van Til nie 'n Idealis nie (3.3.3.3). Die woord "vooronderstelling" is, volgens Van Til, 'n punt van verwysing en wel van transendentale aard: sinsbetekenis in álle menslike ervaring is slegs moontlik omdat die Soewereine, Selfopenbarende, Drie-enige God bestaan en die inhoud van die religieuse besef deurstraal (3.3.4.3.c; 3.3.4.5). "Vooronderstelling" by Van Til is nie 'n 'hipotese' (weerspieël pragmatisme) of 'n 'aksioma' (weerspieël rasionalistiese fondasionalisme) nie (3.3.4.3.a en b). "Vooronderstelling" druk by Van Til dus wel die taalassosiasie uit in verband met dit *wat as waar aanvaar – aangeneem – word, 'n punt waarvan denke/redenering vertrek*, maar dan altyd empiries van aard en transendentaal-toetsbaar, verwysend na God: *"Fundamental condition"* sê dus te weinig (vgl. 3.3.1.1), *"Very ultimate condition"* is ter sprake (3.3.4.5). Stoker vul Van Til se verstaan en gebruik van "vooronderstelling" aan (3.3.4.1). So tree "dieptelaag" en "samehang" aan aan die lig (3.3.4.1) met 'n gevolglike "simbiose" t.o.v. berading (3.4.3). Binne die ondersoekterrein het die kognitiewe stroming ontstaan vanweë 'n voorheen verwaarloosde aangeleentheid (3.3.4.2; 3.3.4.4). Aaron T. Beck ontvang erkenning vir die mees gerespekteerde akademiese model binne die kognitief-terapeutiese benadering (3.3.4.3.a en b; 3.3.4.4). Hierdie benadering hanteer postmoderne sorge (3.3.4.3.d; 3.3.4.4). Die sogenaamde "narratiewe benadering" lyk breedweg soortgelyke oogmerke na te streef as die kognitiewe benadering, maar sonder die akademiese aanvaarding en reputasie van die kognitiewe benadering (3.3.4.3.g). Die Beck model gee pertinent aandag aan en fokus op die beradene (3.3.4.3.e) en wel op bewuste inligtingsverwerking deur die beradene (3.3.4.3.f) teen onder andere die agtergrond van Immanuel Kant se bydrae in die filosofie (3.3.4.3.c). Vooronderstellings is dus klinies ondersoekbaar, asook binne berading verreken- en hanteerbaar (3.3.4.3.g). Vooronderstellings vorm kategorië en temas (3.3.4.3.h). "Begryp" kan ook nadergebring word deur te let op die struktuur van kognitiewe terapie met betrekking tot vooronderstellings (3.3.4.3.i), die basisstruktuur van terapiesessies (3.3.4.3.j) en basisgereedskap asook -tegniek (3.3.4.3.k). Dit kan beslis voordelig wees om vooronderstellings te verander (3.3.4.3.l). Praktykgerigte materiaal is ontwikkel om verandering te dien (3.3.4.3.m).

Vooronderstellings (miskien beter gesê: grondoortuigings) is 'n bruikbare woord vir berading, maar dan nie soos Jay Edward Adams die woord gebruik het nie (rasionalistiese fondasionalisme) (3.4; 3.4.1; 3.4.2). Nuansering is aanduibaar: Powlison beweeg nader aan Van Til as Adams (3.4.4). Die bruikbaarheid van die

empiries-gesubstansieerde navorsingsresultate deur die kognitiewe terapie kan nie ontken word nie (3.4.5). In vergelyking met die gangbare teologiese taalgebruik, sal daar egter verskil moet wees (3.3.3.5; 3.4.6). Die woord "vooronderstelling" ontvang geldigheid binne 'n klassiek-gereformeerde benadering op spoor van Cornelius Van Til en H.G. Stoker. Vooronderstellings funksioneer dan as 'n openbaringsmerker – 'n punt van transendentale verwysing (3.4.6). Derhalwe is vooronderstellings empiries van aard, asook transendentaal toetsbaar in verhouding tot God (3.4.6). Met betrekking tot die hantering van vooronderstellings by die beradene, beteken God as Skepper immers dat alle vooronderstellings van die beradene transendentaal-toetsbaar verband hou met God (3.3.3.4.c; 3.4.6). Binne hierdie verband kan gekyk word na die bevindinge van nie-Christelike modelle, soos A.T. Beck se kognitiewe terapie (3.4.6). Voortdurend sal wel teen sinkretisme gewaak moet word. Bruikbare navorsingsresultate, hoewel nie in terme van "integrasie" nie, kan wel in terme van "wysheid" (Ortodoks-Christelik) teïsties verwerk word tot groter gesofisikeerdheid en effektiwiteit van 'n klassiek-gereformeerde benadering. In terme van die postmodernisme is ook wat die beradene betref, sprake van "magspel" en "agterliggende belange" wat op tafel moet kom, en dit juis te midde van die huidige tyd, wat daarop wys dat dit 'n rol speel as deel van die *humana* (3.5). Skrifgebonde berading toon huidige leemtes met betrekking tot hantering van "vooronderstellings" (3.6). Die kognitiewe terapie van A.T. Beck en sy skool (hoewel "sekulêr"), het op hierdie punt verder gevorder en verdien – deur middel van 'n kritiese verrekening – welverdiende aandag binne die klassiek-gereformeerde raamwerk van berading (3.7).

## 6.4 DIE EMPIRIESE VRAAG

Heitink se prakties-teologiese model laat die empiriese sirkel volg op die hermeneutiese sirkel. Nadat 'n afgebakende ondersoek in die hermeneutiese sirkel afgehandel is, word volgens Heitink se model, die empiriese vraag gestel met die oog op "Verklaar", naamlik:

*Speel "vooronderstellings" 'n rol by die "beradene"?*

"Waar en wanneer" staan dus sentraal. Daarom is dit nodig om konkreet-empiries te kyk na die moontlikheid van vooronderstellings by die beradene.

Hoofstuk 4 het dus hierdie vraag probeer beantwoord. Die bydrae van hoofstuk 4 kan soos volg saamgevat word:

Allereers is die stand van navorsing verdiskonteer. Sowat 14 jaar gelede is 'n empiriese navorsingskaarste aangedui met betrekking tot kognitief-terapeutiese ondersoek in verhouding tot die rol van godsdiens in mense se "coping"-proses (4.3.1). Intussen het 'n aantal empiriese studies aangetoon dat vooronderstellings wel empiries aantoonbaar is (4.3.2; 4.3.3; 4.3.4; 4.3.5). Kognitief-terapeuties is selfs binne Christelike konteks ondersoek gedoen (4.3.1). Om aandag te bestee aan die beradenes se vooronderstellings, so is bevind, het twee voordele tot gevolg gehad: 1) Emosionele verligting het plaasgevind en 2) Spirituele welsyn is verbeter. In Suid-Afrika het nog weinig in die verband plaasgevind (4.3.2). Een studie maak wel duidelik: religieuse "*schemata*", geïnformeer deur respondente se geloofsagtergrond, bepaal inderdaad die uitkoms van besluite! 'n Ander studie toon dat kernoortuigings wel 'n rol speel. Om aandag te bestee aan die gemanifesteerde kernoortuigings (vooronderstellings), maak beslis 'n verskil.

Gestandaardiseerde meetinstrumente met betrekking tot godsdiens en geloof is klaarblyklik 'n moeilike aangeleentheid (4.3.3). Verder word daarop gewys dat die hantering van *schemas* 'n delikate aangeleentheid is (4.3.6). Onderskeid tussen die ware God en die menslike persepsie van God moet voortdurend duidelik wees (4.3.6). Ook moet dit duidelik wees dat "God" nie bloot 'n handige psigologiese konstruk is, om terapeutiese wins te verkry nie. Daarom word beraders tereg aangespoor om beradenes se geestelike ondersteuningsbronne (bv. die predikant) vroegtydig in te skakel wanneer beraders botsende religieuse oortuigings handhaaf (4.3.6). Duidelike grense en selfs hindernisse is derhalwe ter sprake.

Die navorser het in Oktober 2007 'n empiriese ondersoek gedoen te Lydenburg, Mpumalanga, Republiek van Suid-Afrika (4.2). Die empiriese ondersoek het plaasgevind in 'n kerklike omgewing. Dit behels twee afdelings, naamlik: (1) Beskrywing van enkele beradingsgevalle. By hierdie beradingsgevalle, tree die navorser op as berader (4.8). (2) Deelname van twee plaaslike kerke, te wete: (1) die Afrikaanse Protestantse Kerk Lydenburg (4.9) en (2) die Gereformeerde Kerk Lydenburg (4.10). Die ondersoekbenadering te Lydenburg kies om 'n beide-en-benadering te wees. Sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe elemente speel 'n rol (4.4). Beck se terapeutiese benadering pas streng gesproke nie binne die grense van 'n rasionalistiese stereotipering (modernisties en anti-konstruktiwisties) nie (vgl. weer 3.3.4.2.d;

